# SELEKSIE VAN PRAKTYKGERIGTE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS

Gerhard Jacob Storm, B. Admin., B. Ed., H.N.O.D.

Verhandeling voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Departement Didaktiese Wetenskappe aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

LEIER: Prof. I.N. Steyn

HULPLEIER: Prof. P. Lucouw

VANDERBIJLPARK

1995

**VOORWOORD**

Hiermee wil ek graag vir professor I. N. Steyn bedank vir sy bekwame leiding en bystand tydens hierdie navorsingsprojek asook vir professor P. Lucouw vir sy bydrae op vakkundige gebied.

Ek wil ook my dank betuig aan die volgende persone:

- Mnr J.A. de Jager, Uitvoerende Direkteur van die Onderwys- en Kultuurdiens: Ex Administrasie Volksraad, vir toestemming om amptelike dokumentasie van die Onderwys- en Kultuurdiens vir die navorsing te gebruik asook vir die persoonlike ondertekening van alle skrywes wat die vraelyste aan respondente vergesel het.

- Helene Basson vir die taalversorging

- My vrou Elsie asook Chané en Theodor vir hulle aanmoediging en opoffering gedurende my studietydperk.

# Selection of practice-directed learning content for Accounting N1 to N3 at colleges for vocational education


## ABSTRACT

The need for an investigation into the identification of more practice-directed learning content for Accounting N1 to N3 that could be offered at colleges for vocational education was recognized as early as 1988 when educational research recommended that investigation be undertaken into the relevance of the present system of vocational education offered by colleges for vocational education.

This research was focused on the selection of more practice-directed learning content for a subject curriculum for Accounting N1 to N3 that could be offered at colleges for vocational education.

To meet these requirements, the following objectives were laid down for the research:

* To determine the correlation between the mission of colleges for vocational education and the general and particular training objectives for Accounting N1 to N3

* To indicate the place of colleges for vocational education in the system of education of the RSA and to determine the implications of this and the nature and direction of Accounting in the school and the college for vocational education

* To determine the place that Accounting holds within the total programme structure or curriculum for business studies

* To indicate the curricular theoretical context for the selection of practice-directed learning content for Accounting N1 to N3

* To identify and systematise the demands for knowledge, skills and attitudes that the Accounting vocational milieu places on the newcomer from a college for vocational education

* To use the identified needs of commerce and industry and the requirements of generally accepted accounting practice (GAAP) as a guideline in determining objectives and learning content for the respective subject curricula for Accounting N1 to N3.

Since research into the practice-directed offering of the subject in its totality is an extensive task, it was decided to concentrate on the proposals from commerce and industry in relation to the required accounting knowledge and skills that a college-leaver at N1 to N3 level should have to enter the world of work successfully. The way in which these demands could be taken into account curriculum-wise in the learning content of the subject curriculum for Accounting N1 to N3 also formed part of the research.

To carry out the research, a literature study was undertaken to obtain a curricular theoretical context for the selection of practice-directed learning content for Accounting N1 to N3. This was followed by an empirical investigation among lecturers of colleges for vocational education, small to medium-sized businesses and accounting firms to determine practice-directed learning content for these subject curricula.

The results of the research indicate that the current subject curriculum for Accounting N1 to N3 does not satisfy the practice-directed demands set by the business sector for a college-leaver who wants to enter directly upon an accounting career. It was found, in particular, that the objectives at present incorporated in the subject curriculum for Accounting N1 to N3, had to be appreciably adjusted to satisfy the practice-directed demands of the business sector. Such an adjustment should also mean that the subject curriculum for Accounting N1 to N3 will be more directly focused on the mission of vocational education.

As a result of the empirical research, which took the form of questionnaires to college lecturers, small to medium-sized enterprises and accounting firms, proposals were made to adjust the general and particular objectives in the present subject curriculum of Accounting N1 to N3.

Proposals for new learning content for the present subject curriculum for Accounting N1 to N3 were also made, which could mean that the particular subject curriculum will satisfy the accounting knowledge and skills requirements of commerce and industry. The proposals include learning content that places the emphasis on the application of theoretical knowledge, which will be realised mainly through the use of practice-directed applications such as the completion of source and supplementary documents, the completion of exercises from source documents and the simulation of situations directly related to accounting practice. The inclusion of relevant computer applications through which students are enabled, on conclusion of the N3 instructional offering, to apply both the manual and the computer system in practice can be seen as an important recommendation arising from the research.

The proposed new learning content that resulted from this research was included in an experimental subject curriculum for Accounting and has already been implemented on an experimental basis at some colleges for vocational education in South Africa.

In conclusion, the results indicate that the selection of learning content for a subject curriculum that can be offered at colleges for vocational education can only be successful if there is sufficient co-operation between subject curriculum developers and the sectors for which the curricula are being developed. It was also obvious from the research that inputs from accountants and businesses are indispensable for determining practice-directed learning content for Accounting N1 to N3.

# INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i

**ABSTRACT** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . ii

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING, ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING** . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.2 Begripsverklaring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.2.1 Beroepsrelevansie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.2.2 Loopbaanonderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.2.3 Beroepsgerigte onderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6

1.2.4 Beroepsonderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

1.2.5 Naskoolse onderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.2.6 Kolleges vir beroepsonderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

1.2.7 Kurrikulum . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 12

1.2.8 Vakkurrikulum . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

1.2.9 Leerinhoud . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

1.2.10 Praktykgerigte leerinhoud .............................. 19

1.2.11 Rekeningkunde .............................. 20

1.3 Probleemberedenering en probleemstelling .............................. 22

1.3.1 Konteks van die probleem .............................. 22

1.3.2 Aktualiteit van die probleem .............................. 24

1.3.3 Probleemstelling .............................. 25

1.4 Doel van die navorsing .............................. 26

1.5 Terrein van die navorsing .............................. 27

1.6 Metode en program van navorsing .............................. 27

1.6.1 Literatuurstudie .............................. 27

1.6.2 Vraelysondersoek by lektore wat Rekeningkunde by kolleges vir beroepsonderwys aanbied .............................. 28

1.6.3 Veldwerk .............................. 28

1.6.4 Werkseminaar .............................. 29

1.6.5 Evaluering van voorstelle .............................. 29

1.7 Samevatting .............................. 29

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

HOOFSTUK 2
DIE PLEK VAN REKENINGKUNDE IN DIE TOTALE PROGRAMSTRUKTUUR VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS EN HOE DIE HUIDIGE DOELSTELLINGS EN LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 UITVOERING KAN GEE AAN DIE MISSIE VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS . . . . 31

2.1 Inleiding . . . . 31

2.2 Die missie van kolleges vir beroepsonderwys en die wyse waarop die doelstellings vir Rekeningkunde daardeur gerig word . . . . 32

2.3 Die plek van kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel van die RSA en die wyse waarop Rekeningkunde op skool en by kolleges vir beroepsonderwys daardeur geraak word . . . . 33

2.3.1 Inleidend . . . . 34

2.3.2 Die plek van Kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel van die RSA . . . . 34

2.3.3 Die verband tussen sekondêre skole en kolleges vir beroepsonderwys . . 36

2.3.3.1 Die skool . . . . 36

2.3.3.2 Kolleges vir beroepsonderwys . . . . 39

2.3.4 Studierigtings en kursusstrukture wat tans by kolleges vir beroepsonderwys bestaan . . . . 42

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

2.4 Die plek wat Rekeningkunde in die totale onderrigprogram aan kolleges vir beroepsonderwys inneem . . . . . 44

2.4.1 Inleiding . . . . . 44

2.4.2 Die verband tussen die rekeningkundige leerinhoud vir sekondêreskoolonderwys en die leerinhoud wat by kolleges vir beroepsonderwys aangebied word . . . . . 44

2.4.3 Die plek van Rekeningkunde in die programstruktuur van kolleges vir beroepsonderwys . . . . . 46

2.4.4 Samevatting van die probleme wat met die vakkurrikulum vir Rekeningkunde ten opsigte van die huidige leerinhoud ondervind word . . . . 47

2.5 Samevatting . . . . . 47

**HOOFSTUK 3**
**DIE BESTUDERING VAN DIE KURRIKULUMTEORETIESE KONTEKS VIR DIE SELEKSIE VAN PRAKTYKGERIGTE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3** . . . . . 50

3.1 Inleiding . . . . . 50

3.2 Modelle vir kurrikulumontwikkeling . . . . . 51

3.2.1 Die model van Tyler . . . . . 51

3.2.2 Die model van Taba . . . . . 53

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

3.2.3 Die model van Wheeler ........ 54

3.2.4 Die model van Nicholls en Nicholls ........ 55

3.2.5 Die model van Jansen ........ 56

3.2.6 Die model van Malan en Du Toit ........ 58

3.2.7 Die model van Steyn ........ 60

3.2.8 Gevolgtrekking ........ 61

3.3 'n Situasie-analise vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........ 62

3.3.1 Inleiding ........ 62

3.3.2 Omskrywing en belangrikheid van die situasie-analise ........ 62

3.3.3 Determinante van die situasie-analise ........ 63

3.3.3.1 Die leerder as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........ 64

i) Teikengroepontleding ........ 64

a) Oriënterend ........ 64

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

b) Kenmerke van studente wat in 'n Sakestudierigting aan 'n kollege vir beroepsonderwys studeer . . . . . 65

c) Vereistes wat werkgewers in die RSA by beroepstoetrede aan 'n leerder stel met betrekking tot werksvaardighede en gesindhede . . . . 69

d) Gevolgtrekkings . . . . . 73

3.3.3.2 Die vakwetenskap/makroleerinhoud as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3 . . . . . 74

i) Inleiding . . . . . 74

ii) Die plek wat Rekeningkunde in die bestaande kurrikulums vir beroepsonderwysinstellings inneem . . . . . 75

a) Kurrikulum vir Rekeningkunde in die VSA . . . . . 76

b) Kurrikulum vir Rekeningkunde in Skotland . . . . . 77

c) Kurrikulum vir Rekeningkunde in die Federale Republiek van Duitsland . . . . . 79

d) Kurrikulum vir Rekeningkunde in die Republiek van China (Taiwan) . . 80

e) Enkele nuwe standpunte oor rekeningkundige temas . . . . . 85

f) Gevolgtrekking . . . . . 86

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**


3.3.3.3 Die gemeenskap/sakesektor as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........................ 87

i) Inleiding ........................................ 87

ii) Die aanwending van die DACUM-stelsel vir die bepaling van leerinhoud vir 'n vakkurrikulum ........................... 90

iii) Gevolgtrekking ................................. 93

3.4 Die formulering van doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ................................ 95

3.4.1 Inleiding ...................................... 95

3.4.2 Doelstellings vir 'n vakkurrikulum ...................... 95

3.4.3 'n Raamwerk vir die daarstelling van doelstellings en doelwitte ..... 98

3.4.4 Gevolgtrekking ................................. 100

3.4.5 Die voorlopige formulering van doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 ......................................... 101

3.4.5.1 Inleiding ...................................... 101

3.4.5.2 Doelstellings geformuleer uit nasionale beleid vir kolleges vir beroepsonderwys ................................. 102

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**


3.4.5.3 Doelstellings geformuleer uit die missie vir kolleges vir beroepsonderwys . . . . . 103

3.4.5.4 Doelstellings geformuleer uit die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 . . . . . 104

3.4.5.5 Besondere doelstellings met betrekking tot vereistes van werkgewers en die sakesektor wat uit die literatuurstudie na vore kom . . . . . 107

3.4.5.6 Gevolgtrekking . . . . . 110

3.5 Samevatting . . . . . 114

**HOOFSTUK 4**

**DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** . . . . . 114

4.1 Inleiding . . . . . 114

4.2 Ondersoek aan kolleges vir beroepsonderwys oor die relevansie van die huidige leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 . . . . . 115

4.2.1 Doel van die ondersoek . . . . . 115

4.2.2 Metode van ondersoek . . . . . 116

4.2.2.1 Opstel van 'n vraelys aan kollegelektore . . . . . 116

4.2.2.2 Populasie . . . . . 117

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

4.2.2.3 Gevolgtrekkings, wenke en voorstelle verkry uit die ondersoek by kollegelektore ..... 117

4.3 Werkseminaar wat deur rekenmeesters en verteenwoordigers van beroepsinstellings bygewoon is ..... 118

4.3.1 Doel en beplanning van die werkseminaar ..... 118

4.3.2 Gevolgtrekkings, wenke en voorstelle wat uit die werkseminaar voortgespruit het ..... 120

4.4 Ondersoek by kleinsakeondernemings en rekenmeestersfirmas ..... 120

4.4.1 Doel van die ondersoek ..... 120

4.4.2 Metode van ondersoek ..... 121

4.4.2.1 Opstel van vraelys ..... 121

4.4.2.2 Onderwerpe wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is ..... 122

4.4.2.3 Onderwerpe geïdentifiseer op grond van die ondersoek by kollegelektore ..... 125

4.4.2.4 Onderwerpe wat uit die literatuurstudie geïdentifiseer is ..... 126

4.4.3 Populasie ..... 127

4.4.4 Steekproef ..... 127

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

4.4.5 Loodsondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128

4.4.6 Vraelysondersoek en terugsendings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128

4.5 Resultaat van die vraelysondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129

4.5.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129

4.5.2 Algemene besonderhede van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129

4.5.2.1 Soort onderneming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 130

4.5.2.2 Ondernemingsvorm . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 131

4.5.2.3 Akademiese besonderhede van rekeningkundige werknemers . . . . . . . 132

4.5.3 Die aard van die rekeningkundige stelsels deur respondente gebruik . . 133

4.5.3.1 Wie die rekeningkundige stelsel in die onderneming hanteer . . . . . . . . 133

4.5.3.2 In watter mate rekeningkundige funksies binne die onderneming hanteer word . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

4.5.3.4 Soort hulpboeke/hulpjoernale in gebruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136

4.5.3.5 Gebruik van rekenaars vir die byhou van rekeningkundige stelsels . . . . 140

4.5.3.6 Tipe rekenaarprogramme in gebruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 143

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

4.5.4 Geïdentifiseerde kennis en vaardighede waaroor 'n persoon wat tot 'n rekeningkundige beroep toetree, moet beskik . . . . . . . . . . . . . . . . 144

4.5.4.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144

4.5.4.2 Evalueringskaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144

4.5.4.3 Mening van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

4.5.5 Resultaat van die terugvoering oor die huidige en verwagte kennis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

4.5.5.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

4.5.5.2 Diagrammatiese voorstellings van huidige en verwagte kennis en vaardighede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

4.5.5.3 Huidige kennis/vaardighede gerangskik in volgorde van belangrikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158

4.5.5.4 Verwagte kennis en vaardighede gerangskik in volgorde van belangrikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 160

4.6 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 163

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

HOOFSTUK 5

DIE EISE WAT OP GROND VAN DIE NAVORSING GEÏDENTIFISEER IS MET BETREKKING TOT DIE SELEKSIE VAN PRAKTYKGERIGTE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS: RESULTATE VAN DIE LITERATUUR- EN EMPIRIESE ONDERSOEK EN GEVOLGTREKKINGS DAARUIT . . . . . 165

5.1 Inleiding . . . . . 165

5.2 Uitbreiding van geformuleerde besondere doelstellings op grond van inligting wat uit die empiriese navorsing verkry is . . . . . 165

5.3 Die keuse van leerinhoud om aan die doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 te voldoen . . . . . 173

5.3.1 Bestaande inhoud wat behou behoort te word . . . . . 173

5.3.2 Leerinhoud wat bygevoeg behoort te word . . . . . 179

5.3.3 Praktykgerigtheid van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 . . . . . 181

5.3.4 Praktykgerigte rekenaartoepassings . . . . . 183

5.4 Evaluering van die voorstelle . . . . . 186

5.4.1 Evaluering van voorstelle uit inligting beskikbaar uit die literatuur . . 186

5.4.2 Evaluering van die voorstelle op grond van inligting verkry uit die empiriese ondersoek . . . . . 186

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

5.4.3 Evaluering van die voorstelle deur rekenmeestersfirmas .......... 187

5.4.4 Evaluering van die voorstelle deur lektore aan kolleges vir beroepsonderwys .......... 187

5.5 Samevatting .......... 189

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .......... 191

6.1 Inleiding .......... 191

6.2 Samevatting .......... 191

6.2.1 Die doel en beplanning van die ondersoek .......... 191

6.2.2 Die plek van Rekeningkunde in die totale programstruktuur van kolleges vir beroepsonderwys en hoe die huidige doelstellings en leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 uitvoering kan gee aan die missie van kolleges vir beroepsonderwys .......... 193

6.2.3 Die bestudering van die kurrikulumteoretiese konteks vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 .... 194

6.2.3.1 Modelle vir kurrikulumontwikkeling .......... 195

6.2.3.2 'n Situasie-analise vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 .......... 195

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

6.2.3.3 Die formulering van doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 .......... 197

6.2.4 Die empiriese ondersoek .......... 198

6.2.5 Die eise wat op grond van die navorsing geïdentifiseer is met betrekking tot die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 aan kolleges vir beroepsonderwys: resultate van die literatuur- en empiriese ondersoek en gevolgtrekkings daaruit ...... 199

6.2.6 Evaluering van die voorstelle .......... 200

6.3 Gevolgtrekkings .......... 200

6.4 Aanbevelings .......... 203

6.5 Moontlike leemtes in die ondersoek .......... 205

6.6 Aanbevelings vir verdere navorsing .......... 206

6.7 Slotwoord .......... 206

BRONNELYS .......... 208

BYLAES .......... 220

BYLAE A: Rekenvaardighede van skoolverlaters gemeet aan werkgewers se vereistes .......... 220

BYLAE B: Voorbeeld van 'n DACUM-kaart .......... 221

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

BYLAE C: Vraelys om die onderskeie onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1 tot N3 te evalueer en moontlike probleme te identifiseer .......... 222

BYLAE D: Vraelys om die huidige leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 tydens die werkseminaar met werkgewers te evalueer en moontlike probleme te identifiseer .......... 239

BYLAE E: Vraelys om die praktykgerigtheid van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 aan kolleges vir beroepsonderwys te bepaal .......... 245

BYLAE F: Doelstellings van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 .......... 252

BYLAE G: Hoofonderwerpe van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 .......... 254

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1.1: Die plek van kolleges vir beroepsonderwys binne die huidige onderwysstelsel .......... 35

FIGUUR 3.1: Die Tyler-Rasionaal .......... 53

FIGUUR 3.2: Kurrikulummodel van Wheeler .......... 55

FIGUUR 3.3: Kurrikulummodel van Nicholls en Nicholls .......... 56

FIGUUR 3.4: Kurrikulummodel van Jansen .......... 57

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

FIGUUR 3.5: Skematiese voorstelling van doelverwesenliking . . . . . . . . . . . . 100

LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1: Soort onderneming wat deur respondente bedryf word . . . . . . . 130

TABEL 4.2: Ondernemingsvorm waarvan respondente gebruik maak . . . . . . 131

TABEL 4.3: Kwalifikasies van rekeningkundige personeel in diens van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 132

TABEL 4.4: Interne of eksterne rekeningkundige personeel betrokke by respondente se rekeningkundige stelsels . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134

TABEL 4.5: Rekeningkundige funksies wat binne die onderneming hanteer word . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

TABEL 4.6: Reaksie van respondente op die gebruik van hulpjoernale . . . . . 137

TABEL 4.7: Reaksie van kollegelektore op die gebruik van hulpjoernale . . . . 137

TABEL 4.8: Reaksie van lede van die werkseminaar op die gebruik van hulpjoernale . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138

TABEL 4.9: Reaksie van lektore op die belangrikheid van die gebruik van die ontledingkasboek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 140

TABEL 4.10: Uitvoering van rekeningkundige funksies per hand of per rekenaar . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

TABEL 4.11: Tipe rekenaarprogramme in gebruik .................... 143

TABEL 4.12: Berekening van bedrae sonder hulp van 'n sakrekenaar ....... 147

TABEL 4.13: Berekening van bedrae met behulp van 'n sakrekenaar ....... 147

TABEL 4.14: Interpretering van gegewens op brondokumente ............ 147

TABEL 4.15: Rangskikking van brondokumente ...................... 148

TABEL 4.16: Opskryf van brondokumente in hulpjoernale ............... 148

TABEL 4.17: Oorboeking van hulpjoernale na die grootboek ............. 148

TABEL 4.18: Opstel van 'n proefbalans ............................ 149

TABEL 4.19: Opstel van finale rekeninge en state ................... 149

TABEL 4.20: Opstel van finansiële state van 'n maatskappy ............ 149

TABEL 4.21: Waarneming van tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting ................. 150

TABEL 4.22: Ontleding en vertolking van rekeningkundige gegewens ....... 150

TABEL 4.23: Skryf van finansiële verslae .......................... 150

TABEL 4.24: Hantering van 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid ..... 151

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

TABEL 4.25: Die opskryf van rekeningkundige transaksies vir lone en salarisse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151

TABEL 4.26: Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die deurlopende voorraadstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151

TABEL 4.27: Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die periodieke voorraadstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152

TABEL 4.28: Opstel van vervaardigingsrekeninge en 'n produksiekostestaat . . 152

TABEL 4.29: Regstelling van foutiewe inskrywings en beginselfoute . . . . . . . 152

TABEL 4.30: Opstel van departementele rekeninge . . . . . . . . . . . . . . . . . . 153

TABEL 4.31: Hulpverlening by die opstel van die onderneming se begroting . . 153

TABEL 4.32: Opstel van 'n kontantvloeistaat . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 153

TABEL 4.33: Hantering van 'n rekenaarstelsel sonder spesifieke kennis van rekeningkundige pakkette . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

TABEL 4.34: Hantering van 'n rekenaarstelsel met spesifieke kennis van 'n rekenaarstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

TABEL 4.35: Hantering van 'n rekenaarsleutelbord teen 'n redelike tempo . . . 154

TABEL 4.36: Die doen van rekeningkundige berekeninge soos kosprys, wins en rente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155

**INHOUDSOPGAWE (vervolg)**

TABEL 4.37: Hantering van 'n groot aantal transaksies op een slag ....... 155

TABEL 4.38: Insameling en verwerking van statistiese gegewens ......... 155

TABEL 4.39: Die maak van grafiese voorstellings sonder die hulp van 'n rekenaar ................................... 156

TABEL 4.40: Die maak van grafiese voorstellings met behulp van 'n rekenaar ...................................... 156

TABEL 4.41: Hulpverlening by die berekening van ondernemingsbelasting ... 156

TABEL 4.42: Huidige kennis en vaardighede waaroor rekeningkundige werknemers beskik ............................. 159

TABEL 4.43: Verwagte kennis en vaardighede waaroor rekeningkundige werknemers behoort te beskik ....................... 161

TABEL 5.1: Uitgebreide besondere doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........................... 168

TABEL 5.2: Uitgebreide besondere doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........................... 169

TABEL 5.3: Uitgebreide besondere doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ........................... 170

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Die voormalige Superintendent-generaal van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (DOK (AV)), het in 1988 opdrag gegee dat ondersoek ingestel word na die relevansie van die huidige stelsel van beroepsonderwys wat deur kolleges vir beroepsonderwys (ook bekend as tegniese kolleges) in die RSA aangebied word.

Die behoefte aan sodanige ondersoek het ontstaan nadat daar by verskeie geleenthede uit gesprekke tussen verteenwoordigers van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad en die georganiseerde handel en nywerheid geblyk het dat daar in sekere onderrigprogramme 'n behoefte aan meer praktykgerigte leerinhoud bestaan. Die stelling is gemaak dat sodanige programme aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied behoort te word (DOK (AV), 1989:1). Hierdie standpunt word ook in 'n besprekingsdokument oor die onderwysvernuwingstrategie vir die RSA (DNO, 1991a:46) onderskryf waarin onder meer gemeld word dat die kurrikulering van meer beroepspesifieke vakke in die veld van beroepsgerigte onderwys en beroepsonderwys aandag moet geniet. Van die voorstelle wat deur die handel en nywerheid aan die hand gedoen is, was dat navorsing gedoen moes word om te bepaal hoe kursusse wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, by die praktyk kon aansluit en watter rol werkgewers en die handel en nywerheid in die algemeen kon speel om onderrigprogramme aan kolleges vir beroepsonderwys meer beroepsrelevant te maak (DOK (AV), 1989:16).

In 'n onlangse ondersoek na die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys in die RSA is bedenkinge uitgespreek oor die doeltreffendheid en gehalte van loopbaanvoorbereiding aan onder meer kolleges vir beroepsonderwys as gevolg van die toenemende "verskoling" van sommige onderrigprogramme. Die gedagte van werkgewerbetrokkenheid by beroepsonderwys word sterk ondersteun (DOK (AV), 1990b:5).

Op die terrein van die onderrigprogramme vir sakestudies wat binne naskoolse verband aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, is daar ook in die verlede leemtes geïdentifiseer, juis omdat die N1- tot N6- sakestudiekursusse in 1984 by kolleges vir beroepsonderwys geïmplementeer is sonder dat enige betekenisvolle navorsing in hierdie verband onderneem is. Standaardgraad-skoolsillabusse is vir die N1- tot N3-sakestudiekursusse geïmplementeer sonder dat enige aanpassings gedoen is om dit meer relevant vir beroepsonderwys te maak (Vereniging van Tegniese Kolleges (VTK), 1990:3).

Op 3 Maart 1988 het die toenmalige Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, mnr P J Clase, goedkeuring verleen dat 'n oorsese sending, bestaande uit beamptes van die Departement en verteenwoordigers van kolleges vir beroepsonderwys, onderneem word om aan genoemde opdrag van die Superintendent-generaal uitvoering te gee (DOK (AV), 1989:16).

In 1989 is 'n verslag gepubliseer waarin die resultate en aanbevelings van die studiegroep vervat is. Die navorsing wat onderneem is, het aan die lig gebring dat daar groot leemtes in die huidige beroepskursusse binne tegniese, handels- en algemene onderwysverband bestaan en dat hierdie leemtes alleenlik reggestel sal kan word deur navorsing te onderneem waarby die handel en nywerheid, wat deel is van die kliëntekorps van naskoolse onderwysinrigtings, ook inspraak kan hê. Slegs op hierdie wyse kan verseker word dat die basiese vaardighede wat binne werksverband vereis word, in die kurrikulum as geheel maar ook binne die onderskeie kurrikulums van vakke wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, ingesluit word (DOK (AV), 1989:222).

Hierdie navorsing is die resultaat van die gedeeltelike uitvoering van genoemde opdrag, naamlik om in samewerking met die handel en nywerheid ondersoek in te stel na die aanbieding van Rekeningkunde as praktykgerigte vak aan kolleges vir beroepsonderwys, en in besonder na die seleksie van leerinhoud vir N1 tot N3.

Kolleges vir beroepsonderwys is in die lewe geroep met die doel om aan studente

beroepsonderwys te verskaf op grond van hulle aanleg en belangstelling, maar ook om in die opleidingsbehoeftes van die handel en nywerheid te voorsien. As naskoolse onderwysinrigtings toon kolleges vir beroepsonderwys dus 'n besondere vervlegtheid met die ekonomiese aktiwiteite van die land. Dit is daarom noodsaaklik dat dié ekonomiese instellings aan wie kolleges vir beroepsonderwys 'n onderrig- en opleidingsdiens verskaf, betrokke moet wees by die navorsing oor en kurrikulering van kursusse wat aan hulle behoeftes sal voldoen.

Die vak Rekeningkunde vorm 'n belangrike komponent van die kurrikulum wat deur die sakesektor vir 'n beroep in die sakewêreld vereis word. Leemtes is dan ook in die verlede deur die sakesektor in die RSA sowel as in die buiteland geïdentifiseer in die huidige leerinhoud van die vak soos dit aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word (Nilsen, 1980:110; Donald, 1990:13; Pelletier & Burton, 1990:14). Omdat kolleges vir beroepsonderwys bloot die standerd 8-, 9- en 10-standaardgraadsillabusse vir Rekeningkunde, soos dit in provinsiale skole aangebied word, oorgeneem het en dit tans onveranderd aanbied, is daar 'n sterk akademiese en teoretiese in plaas van 'n sterk beroepsrelevante aanslag in die vakkurrikulum en onderrigleerpraktyk. Die studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys kwalifiseer, kan dus nie daarop aanspraak maak dat hulle met hul rekeningkundige kwalifikasie direk en effektief tot die wêreld van werk kan toetree nie, omdat hulle slegs met 'n breë rekeningkundige agtergrond toegerus is en te min praktykgerigte en praktiese kennis gedurende hul studietydperk opgedoen het (kyk Hoofstuk 3).

Volgens Whitehead (1989:33) is een van die vereistes wat aan 'n beroepsrelevante vakkurrikulum gestel word dat die kliënt (in hierdie geval die handel en nywerheid), by die kurrikuleringsproses betrokke moet raak sodat daar deur hul insette verseker kan word dat beroepsrelevante leerinhoud in die vakkurrikulum opgeneem word. Norton (1985:3) wys byvoorbeeld daarop dat dit algemene praktyk in die VSA en Kanada is om 'n noue, gevestigde en baie suksesvolle vennootskapsverhouding tussen onderwysowerhede, onderwyskundiges en die handel en nywerheid te handhaaf ten einde te verseker dat daar op 'n "saamdinkgrondslag" gekyk word na leerinhoud wat in die vakkurrikulum opgeneem behoort te word. Hierdie benadering word ook deur skrywers soos Aucamp

(1986:77) en Neuman en Ziderman (1989:160) ondersteun.

Op grond van navorsing wat tydens hierdie studie onderneem word, is dit moontlik om meer beroepsrelevante leerinhoud vir die N1- tot N3-sillabusse vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word, te identifiseer. Die geleentheid word ook geskep om, in samewerking met die handel en nywerheid, sekere bevoegdhede en vaardighede te bepaal wat nodig sal wees om 'n suksesvolle rekeningkundige assistent op te lei wat direk tot die wêreld van werk kan toetree.

## 1.2 BEGRIPSVERKLARING

### 1.2.1 Beroepsrelevansie

Met **beroepsrelevansie** word bedoel dít wat relevant of van betekenis is vir die beroep waarvoor die student of leerder hom bekwaam.

Om duidelikheid oor die verklaring te kry, moet daar na elk van die twee dele van die samestelling gekyk word.

Die **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** (HAT, 1988:82) omskryf **beroep** as 'n werkkring, vak of betrekking. Die vertaling hiervan word in die Tweetalige Woordeboek (Bosman *et al.*, 1988:59) aangegee as "occupation", "trade" of "vocation".

Die tweede deel van die begrip, naamlik **relevansie**, word omskryf as "dit wat van betekenis is" of "iets wat ter sake is" (HAT, 1988:894).

### 1.2.2 Loopbaanonderwys

In die DOK (AV)-Hoofverslag wat handel oor die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys (1990a:18) word hierdie soort onderwys beskryf as die leer van en voorbereiding vir die wêreld van werk. Die voorbereiding wat hier ter sprake is, bestaan uit minstens twee aspekte. Ten eerste behels dit die bewuswording, oriënte-

ring en verkenning met betrekking tot die wêreld van werk, en in die tweede plek persoonlike voorbereiding om suksesvol in 'n beroepsloopbaan te funksioneer. Kennis van en perspektief op verskillende loopbaansektore van die land se mannekragbehoeftes is dus van kardinale belang, terwyl die belangrikheid van produktiwiteit en ondernemerskap, asook eie moontlikhede en persoonlike belangstellings ook in ag geneem behoort te word. Die verwerwing van bepaalde houdings, waardes, vaardighede, kundighede en die aanvaarding van verantwoordelikhede as voorbereiding om 'n (enige) beroep uit te oefen, is eweneens belangrik.

Verder word aangetoon dat, benewens bogenoemde aspekte, naamlik voorbereiding vir 'n sinvolle loopbaankeuse en loopbaanonderwys as opvoeding vir loopbaanverrigting, voorbereiding vir die wêreld van werk ook voorbereiding vir verdere opleiding beteken, hetsy direkte beroepsopleiding in die werksituasie (informele onderwys) of opleiding aan 'n kollege, technikon of universiteit.

In Subverslag 1 (DOK (AV), 1990b:8), word **loopbaanonderwys** soos volg gedefinieer:

> "Loopbaanonderwys is die totaliteit van ervarings en aktiwiteite waardeur 'n leerling/student leer van en voorberei word vir werk as deel van sy/haar leefwêreld".

**Loopbaanonderwys** word eweneens deur baie navorsers as 'n sinoniem vir **beroepsonderwys** gebruik. In die RGN-ondersoek na tegniese en beroepsonderwys (1981b:1) word aangetoon dat die twee begrippe wel as sinonieme gebruik kan word maar dat die begrip **loopbaanonderwys** in sekere kringe verkies word omdat daar 'n negatiewe konnotasie aan die begrip **beroepsonderwys** kleef.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal die standpunt van die Werkkomitee insake die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys (DOK (AV), 1990b) onderskryf word. Loopbaanonderwys word dus gesien as onderwys wat ten doel het om die student/leerling voor te berei met betrekking tot daardie aspekte van die wêreld van werk wat algemeen vormend is. Hierdie standpunt bring mee dat loopbaanonderwys

dus nie gelykgestel kan word met beroepsonderwys nie, omdat laasgenoemde ten doel het om loopbaanvoorbereiding vir 'n bepaalde beroep of beroepsgroep te doen (kyk par. 1.2.4).

### 1.2.3 Beroepsgerigte onderwys

In Subverslag 2 van die dokument oor die evaluering en bevordering van loopbaan-onderwys (DOK (AV), 1990c:1) word beroepsgerigte onderwys omskryf as dié deel van algemeen vormende onderwys wat 'n leerling/student vir 'n breë beroepsveld, asook vir die wêreld van werk in die algemeen voorberei. Beroepsgerigte onderwys word in die senior sekondêre skoolfase aangebied.

In 'n besprekingsdokument oor 'n kurrikulummodel vir onderwys in Suid-Afrika (DNO, 1991b:52) word beroepsgerigte onderwys omskryf as "onderwys wat in die laaste drie skooljare aangebied word en waarin die klem val op die ontsluiting van kennis, die inskerping van waardes en gesindhede, asook die oordra van vaardighede wat meer direkte gebruikswaarde in een of meer breë beroepsrigting(s) het." Die doel hiermee is om te verseker dat die leerder by skoolverlating gereed sal wees vir verdere opleiding met die oog op die uitoefening van 'n beroep (DNO, 1991b:18).

Uit bogenoemde omskrywings van loopbaanonderwys en beroepsgerigte onderwys word dit duidelik dat daar 'n groot mate van oorvleueling in hierdie twee onderwysvorme voorkom en dat daar nie altyd 'n duidelike onderskeid tussen hulle getref kan word nie. In genoemde Subverslag (DOK (AV), 1990c:28) word aangetoon dat die enigste onderskeid wat soms duidelik tussen die twee begrippe waarneembaar is, is dat daar by loopbaanonderwys groter klem gelê word op algemeen vormende voorbereiding binne breë beroepsvelde, terwyl die fokus by beroepsgerigte onderwys op die ontwikkeling van beroepsvaardighede binne spesifieke beroepsvelde geplaas word. Evans en Herr (1978:49) dui ook twee tipes kennisgebiede vir die onderwyservaringsgebiede aan, naamlik algemeen vormende onderwys en beroepsonderwys wat met 'n bepaalde beroep of verwante beroepe verband hou, en toon aan dat daar altyd 'n oorvleueling tussen hierdie gebiede waarneembaar is.

Hulle volgende opmerking (1978:49) beklemtoon die oorvleueling tussen algemeen vormende onderwys en beroepsonderwys:

> "There is no sharp line dividing general and vocational education, and able educators cannot agree on exactly where such a line should be drawn; the content of vocational education covers a wide range of generalizability, from content which is usable in every type of work to content which is applicable in only a few situations".

As na bogenoemde omskrywings gekyk word, word dit duidelik dat beroepsgerigte onderwys ooreenkomstig die aanleg en belangstelling van die leerlinge by <u>skole</u> saam met algemeen vormende onderwys aangebied word. Dit is gerig op die beroepsoriëntering van die leerling in 'n breë beroepsrigting en geskied as <u>voorbereiding</u> vir verdere intensiewe beroepsopleiding. Waardes en gesindhede wat 'n gebruikswaarde in meer as een beroepsrigting het, word ingeskerp (Bredenkamp en Booyse, 1984:26).

Vir die doel van hierdie studie word die standpunt gehuldig dat beroepsgerigte onderwys daarop gerig is om die leerling/student vir die wêreld van werk voor te berei deur te konsentreer op die aanleer van algemene beroepsvaardighede, en dat die klem daarin val op die ontsluiting van kennis en die inskerping van waardes en gesindhede wat op een of meer breë beroepsrigtings van toepassing kan wees. Dit behels dus die ontwikkeling van beroepsvaardighede binne die senior sêkondere skoolfase wat deel uitmaak van algemeen vormende onderwys binne die huidige onderwysstelsel.

### 1.2.4 Beroepsonderwys

Beroepsonderwys kan beskryf word as daardie deel van die onderwys wat 'n persoon vir 'n produktiewe loopbaan in 'n bepaalde veld asook vir die lewe in die algemeen voorberei (RGN, 1981b:1). In die RGN-ondersoek na die onderwys word gemeld dat beroepsonderwys regstreeks verantwoordelik is vir die verskaffing van geskoolde mannekrag tydens loopbaanontwikkeling en dat beroepsonderwys die logiese eindpunt

van die hele onderwysproses is (RGN, 1981b:1).

In die Hoofverslag oor die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys (DOK (AV), 1990a:27) word beroepsonderwys aangedui as onderwys wat 'n persoon vir 'n bepaalde beroep of beroepsveld voorberei. Beroepsonderwys word in naskoolse en tersiêre (formele) onderwysinrigtings aangebied.

In die besprekingsdokument oor 'n kurrikulummodel vir onderwys in Suid-Afrika (DNO, 1991b:52) word beroepsonderwys omskryf as "onderwys wat aangebied word ooreenkomstig kurrikulums waarin die klem val op die ontwikkeling van beroepsbekwaamheid en ekonomiese selfstandigheid by die leerder; die skoling van die leerder in die toepassing van die handelinge, reëls, tegnieke en prosedures wat vir bepaalde beroepe vereis word; en ook die leiding van die leerder tot die verwerwing van gesindhede wat vir bepaalde beroepe vereis word." Daar word ook gemeld dat die eise van die spesifieke praktyk waarvoor daar voorberei word, met inagneming van die behoeftes van die leerder, in beroepsonderwys voorrang moet geniet (DNO, 1991b:9).

In Subverslag 2 oor die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys (DOK (AV), 1990c:1) word verklaar dat beroepsonderwys begin waar beroepsgerigte onderwys eindig maar dat daar nie 'n duidelike skeidslyn tussen die twee getrek kan word nie.

Beroepsonderwys is derhalwe daarop afgestem om die student sodanig toe te rus dat hy by voltooiing van sy kursus reeds as toegeruste persoon tot 'n beroep kan toetree. Beroepsonderwys is ook gebaseer op die beroepsopleidingsvereistes van die praktyk en toon 'n besondere vervlegtheid met die ekonomiese aktiwiteite van die land omdat onderwysvoorsiening hier spesifiek plaasvind om werksgeleenthede, soos deur behoeftebepalings in die handel en nywerheid vasgestel, daar te stel (DOK (AV), 1989:2).

Alhoewel beroepsonderwys daarop afgestem is om die student beroepsgereed te maak, vorm dit steeds deel van die opvoedingswerklikheid. Volgens Van der Walt (1983:15) is die "opvoedingswerklikheid 'n instrument wat God aan mense gegee het om ander

mense mee toe te rus" en moet daar gewaak word teen "skeefgetrokke opvoeding" wat nie ware opvoeding kan wees nie. Die Christenopvoeder behoort dus ook in die aanbieding van beroepsonderwys 'n Godgerigte lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.

Daar moet egter beklemtoon word dat daar met betrekking tot al drie die vermelde begrippe, naamlik loopbaanonderwys, beroepsgerigte onderwys en beroepsonderwys, 'n "duidelik opvoedkundige aksentverskil" waarneembaar is, maar dat elkeen van hierdie onderwyservaringsgebiede steeds vormend van aard is en die opvoedingswerklikheid dus implisiet by elkeen teenwoordig is (DNO, 1991a:48).

Daar kan vir die doel van hierdie navorsing daarmee volstaan word dat beroepsonderwys onderwys is wat ten doel het om die student toe te rus met spesifieke beroepsvaardighede en gesindhede wat in samewerking met die handel en nywerheid geïdentifiseer is en waarin die klem op voorbereiding vir 'n spesifieke beroep of beroepsveld geplaas word.

### 1.2.5 Naskoolse onderwys

Kragtens die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981) is **naskoolse onderwys** "onderrig en opleiding

(a) wat verskaf word met die oog op die uitoefening van 'n beroep of die ontwikkeling van 'n sosiale of ontspanningsvaardigheid; en

(b) wat hoofsaaklik bedoel is vir persone wat nie ingevolge 'n bepaling van die een of ander wet aan skoolplig onderworpe is nie of wat van so 'n bepaling vrygestel is."

Naskoolse onderwys word verder in die **Handleiding vir die Hantering van Naskoolse Onderwys by Tegniese Kolleges** (DOK (AV), 1987:21) omskryf as onderwys wat daarop afgestem is om die student sodanig toe te rus dat hy by voltooiing van sy kursus

werkgereed sal wees en produktief tot die arbeidsmark kan toetree in ooreenstemming met die behoeftes wat deur die handel en nywerheid gestel is. Die klem word in die onderrig geplaas op die uitbouing van vaardighede en gesindhede wat deur 'n bepaalde beroep vereis word.

Naskoolse onderwys verskil van tersiêre onderwys in dié sin dat daar nie 'n Senior Sertifikaat vir toelating tot naskoolse onderwysinrigtings vereis word nie (DOK (AV), 1987:22).

In die huidige onderwysbedeling word naskoolse onderwys hoofsaaklik met tegniese kolleges of kolleges vir beroepsonderwys geassosieer omdat formele sowel as nie-formele beroepsonderwys hoofsaaklik aan hierdie onderwysinrigtings verskaf word (DOK (AV), 1990a:59). Volgens die Hoofverslag insake die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys (DOK (AV), 1990a:59-60) bestaan daar dus 'n duidelike verband tussen beroepsonderwys en naskoolse onderwys soos wat dit tans aan naskoolse inrigtings soos kolleges vir beroepsonderwys aangebied word.

Daar kan vir die doel van hierdie navorsing volstaan word met die omskrywing van naskoolse onderwys soos uiteengesit in die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981), maar daar kan bygevoeg word dat naskoolse onderwys, net soos beroepsonderwys, ten doel het om die student werkgereed te maak en toe te rus om produktief binne 'n spesifieke beroep of beroepsveld te kan funksioneer.

### 1.2.6 Kolleges vir beroepsonderwys

Aangesien daar in hierdie navorsing gekonsentreer word op die aanbieding van Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys, soos ingestel kragtens die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981), is dit nodig om duidelikheid te verkry oor wat 'n staatsondersteunde kollege vir beroepsonderwys presies is en hoe beroepsonderwys van die gewone skoolonderwys sowel as van onderwys aan tersiêre instellings verskil.

Kragtens artikel 3 van die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981) behels die werk-

saamhede van kolleges vir beroepsonderwys die verskaffing van naskoolse onderwys ooreenkomstig die voorskrifte van die Minister. Die Minister hier ter sprake is die voormalige Minister van die Onderwys- en Kultuurdiens (Ex Administrasie: Volksraad).

In die **Handleiding vir die Hantering van Naskoolse Onderwys by Tegniese Kolleges** (DOK (AV), 1987:9) word 'n tegniese kollege omskryf as 'n kollege wat naskoolse onderwys verskaf en ten nouste betrokke is by die gemeenskap (omgewing) wat dit bedien.

Voor 1989 is beroepsonderwys hoofsaaklik deur instellings wat as tegniese kolleges bekend gestaan het, verskaf. Met die promulgering van die wysiging op die Wet op Tegniese Kolleges in 1990, is die bevoegdheid vir die keuse van 'n naam vir staatsondersteunde kolleges aan die kollegerade gedelegeer. Kolleges kon dus op grond van die aankondiging van 'n kollegenaam in die Staatskoerant, beroepsonderwys verskaf onder 'n ander naam as "tegniese kollege" (Artikel 2 van die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981 soos gewysig)). Sedertdien het 'n hele aantal kolleges beroepsonderwys begin verskaf onder die naam "Kolleges vir Beroepsonderwys". Hulle funksioneer egter steeds as staatsondersteunde instellings.

Waar daar derhalwe in hierdie navorsing van kolleges vir beroepsonderwys melding gemaak word, word verwys na staatsondersteunde kolleges vir beroepsonderwys wat kragtens die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981) ingestel is, asook na enige ander kolleges vir beroepsonderwys wat onderrig verskaf wat gebaseer is op nasionale beroepsonderwyssillabusse wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur is.

In die genoemde Handleiding vir Tegniese Kolleges (DOK (AV), 1987:22) word die kursusse wat aan hierdie kolleges aangebied kan word, soos volg onderskei:

FORMELE ONDERWYS

Formele onderwys kan omskryf word as "onderwys wat volgens 'n goedgekeurde kurrikulum by 'n skool, kollege, technikon, universiteit of ander onderwysinrigting voorsien

word met die oog op die verwerwing van 'n opvoedkundige graad, sertifikaat of diploma" (DNO, 1991a:27). Formele onderwys word tans by kolleges vir beroepsonderwys gestruktureer volgens 'n viervak Nasionale Sertifikaat wat van N1 tot N6 strek. Indien die twee amptelike tale daarmee saam geslaag word, kan 'n Nasionale Senior Sertifikaat aan 'n kandidaat uitgereik word (DOK (AV), 1987:22).

NIE-FORMELE BEROEPSKURSUSSE

Volgens die De Lange-verslag (RGN, 1981a:93) is nie-formele onderwys onderwys "wat bepland en hoogsaanpasbaar verloop en wat buite die formele en informele onderwysvoorsiening val."

Terwyl die formele onderwysstelsel voorsiening maak vir 'n kwalifikasiestruktuur wat met een of ander onderwysinrigting verband hou, kan die nie-formele onderwyssektor ook voorsiening maak vir beroepskwalifikasies wat meer direk met spesifieke beroepsopleiding verband hou; daarom word dit ook met 'n beroepsopleidingstelsel vereenselwig (DNO, 1991a:27-28).

In die **Handleiding vir die Hantering van Naskoolse Onderwys by Tegniese Kolleges** (DOK (AV), 1987:25) word nie-formele onderwys gedefinieer as "onderwys wat volgens 'n beplande program aangebied word, maar nie lei tot die verwerwing van 'n erkende Nasionale Sertifikaat nie."

Klem word verder gelê op die feit dat die formele sowel as nie-formele kursusse wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, sterk beroepsgeoriënteerd is en dat kolleges vir beroepsonderwys hul uitstekend daartoe leen om formele sowel as nieformele kursusse met mekaar te sinchroniseer, dit wil sê die "raakvlakke" wat tussen die twee bestaan, te benut (Landman, 1990:6).

### 1.2.7 Kurrikulum

Die woord **kurrikulum** is afgelei van die Latyn <u>currere</u> wat beteken om te hardloop,

asook van die Latynse woord curriculum wat resiesbaan beteken (Calitz *et al.*, 1982:1).

Die algemeenste omskrywing van 'n kurrikulum is moontlik dié van Wheeler, naamlik dat dit beplande leerervarings is wat aan die leerder onder leiding van die skool aangebied word (Wheeler, 1983:11).

Steyn (1983:3) doen 'n kritiese ontleding van Tanner en Tanner se omskrywings van die begrip "kurrikulum" en dui aan dat die kurrikulum binne die volgende raamwerk gedefinieer moet word:

> "Georganiseerde kennis (resultaat van 'n kumulatiewe tradisie)
>
> Kultuurervaring
> Beplande leeraktiwiteite en leerervarings
> 'n Onderrigleerplan
> Onderrig-leerresultate
> 'n Tegnologiese produksiesisteem
> Leerinhoud."

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die omskrywings wat Tanner en Tanner van die begrip "kurrikulum" aanbied as 'n oorsigtelike klassifikasie van die onderskeie kategorieë van die kurrikulum beskou kan word.

In die bestudering van die algemene kurrikulumteorie, waaronder die ontleding van Tanner en Tanner, kom Steyn (1983:15) ook tot die gevolgtrekking dat 'n kurrikulum slegs 'n kurrikulum is wanneer die volgende samehangende grondtrekke aanwesig is:

> "Kennis ('n geheel van kennis - ook op afgebakende terrein)
>
> Beplan vir
> - formele

- doelbepaalde
- gestruktureerde onderwys (opvoedend en/of vormend)
- gerigtheid op en ontwikkel uit die behoeftes en eise van 'n kultuurmilieu (groep of volk)."

Volgens Steyn (1988:6) het die mens vir die realisering van sy funksies kennis van die werklikheid nodig. Onderwys het as deel van die opvoedingshandeling die taak om die nodige kennis, vaardighede en gesindhede aan leerders oor te dra om hulle vir hulle lewenstaak toe te rus. Steyn (1988:7) noem ook dat 'n kurrikulum uit alle skoolvakke bestaan en definieer 'n kurrikulum as "die geheel van gesistematiseerde kennis wat deur die leerder(s) bemeester moet word op die weg na die bereiking van voorafgestelde doelstellings."

As die voorafgaande omskrywings van die kurrikulum krities beskou word uit die oogpunt van die beroepsgerigte missie waaraan die totale kurrikulum van kolleges vir beroepsonderwys moet voldoen, kan bogenoemde siening van Steyn oor wat 'n kurrikulum behels, ondersteun word. Hierdie standpunt is daarop gegrond dat die kurrikulum vir kolleges vir beroepsonderwys gerig is op die oordrag van gesistematiseerde kennis wat uit praktykgerigte of beroepsrelevante doelstellings geïdentifiseer is. Dit sluit derhalwe goed aan by Steyn se omskrywing dat die kurrikulum die "geheel van gesistematiseerde kennis" uitmaak wat "bemeester moet word op die weg na voorafgestelde doelstellings." Mostert (1986:41) huldig in haar omskrywing van die kurrikulum ook in 'n groot mate die standpunt van Steyn oor die kurrikulum en omskryf op haar beurt die kurrikulum as 'n "plan of program vir onderrig-leer wat gekonseptualiseer is in die lig van sekere doelstellings en waarin minstens geselekteerde en geordende inhoude opgeneem is."

Dié afleiding is verder ook gegrond op die funksie wat kolleges vir beroepsonderwys op die formele sowel as die nie-formele onderwysterrein vervul en wat, soos Steyn dit stel, gerig is op "gestruktureerde onderwys (opvoedend en/of vormend)" en wat ook gerig is op 'n bepaalde "kultuurmilieu (groep of volk). In hierdie geval kan die "groep

of volk" gesien word as die nywerheids- en sakegemeenskap waarvoor formele programme saamgestel word, asook die gemeenskap waarvoor nie-formele programme gekurrikuleer word.

Aangesien hierdie navorsing spesifiek daarop gerig is om leerinhoud vir 'n Rekeningkundevakkurrikulum wat aan kolleges vir beroepsonderwys geneem kan word, te identifiseer, en daar in die navorsingsproses sterk op die identifisering van doelstellings vir 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde gesteun sal word, pas Steyn (1983:15) en Mostert (1986:41) se omskrywings van die kurrikulum baie goed in by die doel van hierdie navorsing en kan derhalwe daarmee volstaan word.

### 1.2.8 Vakkurrikulum

Hill (1975:62) het tydens 'n ondersoek na die kurrikulum en kurrikulumpraktyk tot die gevolgtrekking gekom dat die samestelling van 'n kurrikulum gereduseer kan word tot doelstellings, seleksie, ordening en evaluering. In dié konteks verwys doelstellings na opvoedings- of vormingsdoelstellings. Seleksie verwys na die keuse van vakke (leerervarings) wat kan lei tot die verwerkliking van die opvoedingsdoelstellings, terwyl evaluering die wyses van evaluering en eksaminering, en ordening "metodiese rangskikking" beteken (Hill, 1975:6).

Hill (1980:6) omskryf die vakkurrikulum soos volg:

> "Met die kurrikulum van die vak word dan bedoel die totale inhoud van 'n vak vir 'n bepaalde fase, kursus of studierigting soos opgebou om, en as uitgebreide interpretasie van die groep relevante sillabusse. So sal die kurrikulum van die vak Wiskunde vir die senior sekondêre fase (gewone kursus) bestaan uit sillabusse vir standerd 8, 9 en 10 asook alle bykomstige verfynings van doelstellings en inhoud asook bypassende studiegidse, handleidings en riglyne".

In aansluiting hierby kom Mostert (1986:54) tot die gevolgtrekking dat die term **vakkurrikulum** "die totale pakket van gedetailleerde inhoude en moontlike onderwyshulpmiddels van 'n vak vir 'n bepaalde skoolfase, kursus of studierigting is wat opgebou word rondom die relevante sillabusse, riglyne, voorskrifte, suggesties, interpretasies en verduidelikings met betrekking tot die leerinhoud en die onderrig daarvan."

Steyn (1988:7) se definisie van die vakkurrikulum vloei voort uit sy omskrywing van 'n kurrikulum. Hy definieer 'n vakkurrikulum as "die geheel van gesistematiseerde kennis op een afgebakende kennisterrein wat deur 'n leerder(s) bemeester moet word op die weg na die bereiking van voorafgestelde doelstellings".

Alhoewel die begrip **kernsillabus** soms as sinoniem vir **vakkurrikulum** gebruik word, wys Hill (1980:6) daarop dat die kurrikulum van 'n vak meer as bloot net die sillabus omvat. Hierdie standpunt word ook in die besprekingsdokument wat oor 'n vernuwingstrategie in die onderwys handel, gehuldig. In hierdie dokument word aangetoon dat die kernsillabus as raamwerk vir bepaalde leerinhoude dien en dat die sillabusse vir die verskillende onderwysowerhede vanuit hierdie raamwerke uitgebrei behoort te word om voorsiening te maak vir bepaalde behoeftes en aksentverskille (DNO, 1991a:51).

Opsommenderwys kan gesê word dat 'n vakkurrikulum die geheel van alle (gesistematiseerde) kennis (vakinhoud) is wat aan die leerder(s) in 'n bepaalde kennis- of vakterrein oorgedra moet word. Die vakkurrikulum behoort uit 'n raamwerkdokument (kernsillabus) saamgestel te word en kan voorsiening maak vir bepaalde behoeftes en aksentverskille wat vir 'n bepaalde leerder of groep leerders geld.

Omdat daar in hierdie navorsing hoofsaaklik 'n studie gemaak word van die seleksie van leerinhoud vanuit 'n praktykgerigte oogpunt, moet in hierdie stadium daarop gewys word dat die onderskeie vakkurrikulums wat aan kolleges vir beroepsonderwys voorgeskryf word, nie noodwendig met die kernsillabusse wat as grondslag vir onderwys aan sekondêre skole dien, verband hoef te hou nie. Daar moet juis gepoog word om in die konteks van beroepsonderwys die kurrikulum van elke beroepsvak op 'n relevante wyse by die behoeftes van die handel en nywerheid te laat aanpas en daar moet op 'n deur-

lopende grondslag aanpassings aan die kurrikulum van elke individuele vak gedoen word indien dit nodig blyk te wees.

### 1.2.9 Leerinhoud

Soos hierbo aangetoon, word die fokus in hierdie navorsing hoofsaaklik geplaas op die seleksie van leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3. Dit is derhalwe noodsaaklik dat aandag aan die omskrywing van die term **leerinhoud** gegee word.

Coetzee *et al.* (1985:36) is die mening toegedaan dat geen onderrig sinvol kan wees "as dit nie aan die hand van iets (inhoud) geskied nie." Omdat onderrig altyd op leer deur iemand anders (in hierdie geval 'n kind/ers) ingestel is, noem ons die inhoude wat daarby betrokke is en dus bemeester moet word, leerinhoud. Coetzee *et al.* (1985:36) beweer ook dat leerinhoud een van die drie elemente of punte van 'n didakties-opvoedkundige driehoek vorm waarvan die ander twee elemente die onderriggewer en leerder is. Hy is verder van mening dat inhoud een of meer van die komponente kennis, vaardighede en gesindhede kan insluit en dat die "opleidingsbehoefte reeds 'n aanduiding gee van die soort en vlak inhoud wat aangebied moet word".

Vanuit die beskikbare literatuur oor kurrikulumnavorsing blyk dit duidelik dat die leerinhoud as middel dien om die geïdentifiseerde doelstellings van die kurrikulum te bereik. In hierdie verband kan verwys word na die definisie van De Corte *et al.* (1974: *Beknopte didaxologie* soos aangehaal deur Steyn, 1985:66) wat leerinhoud beskou as "deel van de aanwezige cultuurgoederen, meer bepaald de z.g. vormsystemen, dat aan de leerlingen aangeboden wordt met de oog op het verwezenlijken van de onderwijsdoelstellingen." Hieruit lei Steyn af dat leerinhoud "in die breedste sin dui op al die vakke ('sisteme') wat in 'n studierigting aangebied word, die inhoude van die bepaalde vak, en in die smalste sin op die inhoude wat tydens 'n spesifieke les in die vak geleer moet word."

Volgens Niebuhr (1986:107) is dit die besondere taak van die kurrikuleerder om leer-

inhoud te selekteer sodat die geïdentifiseerde doelstellings van die kurrikulum effektief tot uitvoer gebring kan word. Hy merk verder op dat daar altyd 'n balans gehandhaaf moet word tussen die "algemeen-vormende en die gespesialiseerde aspekte" van die inhoud en dat "inhoud immers nie slegs teoretiese inligting behels nie, maar ook vaardighede."

Ook Kelly (1989:111) beklemtoon die belangrikheid van die identifisering van kurrikulumdoelstellings voor die selektering van leerinhoud. Hy verklaar onder andere dat die "criteria for selecting content should be in the aims and objectives which the school sets for itself." Verder beweer hy: "Content should be chosen because it is a necessary ingredient of the areas of learning and experience or because it has an important contribution to make to the development of concepts, skills and attitudes proposed."

Mostert (1986:70) is van mening dat "die vakwetenskap/leerinhoud as determinant wat in 'n situasie-analise as voorwaarde tot doelformulering in aanmerking geneem moet word". Mostert (1986:123) noem ook dat die kurrikulum "in die didaktiese situasie in funksie gaan" en dat dit in die didaktiese situasie gaan "oor onderrig en leer aan die hand van leerinhoud." Volgens haar vorm seleksie en ordening van leerinhoud 'n sentrale handeling tydens kurrikulumontwikkeling en vernuwing en sy beskou 'n kurrikulum waarvan die inhoude nie op die een of ander wyse geselekteer en georden is nie, as onaanvaarbaar.

Hieruit behoort egter nie afgelei te word dat die seleksie van leerinhoud deel van die situasie-analise behoort te vorm nie, aangesien die seleksie van leerinhoud eers, volgens Steyn (1992:15), gedoen behoort te word ná die identifisering en formulering van doelstellings vir die bepaalde vakkurrikulum.

Malan en Du Toit (1991:15) sien dit as die taak van die kurrikuleerder om hom op die mesovlak toe te spits "op die vraag na watter sillabustemas (leertemas) studente moet bestudeer." Noukeurige seleksie van sillabustemas, wat breë temas vir onderrigleer vir elke sillabustemadoelstelling is, is van besondere belang. Dit kom derhalwe daarop

neer dat doelstellings binne die sillabus duidelik geformuleer moet wees sodat sillabustemas of leerinhoud daarvolgens geselekteer kan word.

Uit bogenoemde menings blyk dit dat die aangehaalde kurrikulumnavorsers dit eens is dat leerinhoud dié inhoud is waarvolgens die onderrig van 'n bepaalde vakkurrikulum moet plaasvind. Dit blyk ook dat vermelde persone dit eens is dat leerinhoud só geselekteer behoort te word dat dit voldoen aan die doelstellings wat vir die betrokke kurrikulum gestel is. Die afleiding wat derhalwe uit die voorgaande paragrawe gemaak kan word, is dat leerinhoud daardie sillabusonderwerpe en subtemas is wat geselekteer word om uitvoering te gee aan die doelstellings van die vakkurrikulum.

### 1.2.10 Praktykgerigte leerinhoud

Volgens die **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** (HAT, 1988:854) word die begrip **praktyk** of **praktykgerig** omskryf as "toepassing, uitoefening van voorskrifte (en) teoretiese reëls", en word **toepassing** omskryf as "iets in die praktyk bring, dit toepas". Loots (1987:20) beskou praktykgerigte leerinhoud as leerinhoud waarvan die teoretiese en praktiese komponente geïntegreerd is. Hy noem ook dat dit beteken dat heelwat klem op praktiese opdragte gelê word, veral waar dit op die toepassing van teorie betrekking het. Volgens 'n besprekingsdokument van die Komitee vir Onderwysdepartementshoofde (DNO, 1991a:9) word riglyne verskaf vir die seleksie van leerinhoud vir beroepsonderwys. Daarin word gestel dat die seleksie van leerinhoud vir hierdie onderwyskomponent volgens die eise van die *praktyk* waarvoor daar voorberei word, aandag moet geniet.

Volgens Lochhead (1988:14) kan rekeningkundige leerinhoud slegs praktykgerig aangebied word wanneer die rekeningkundige beginsels wat daarin vervat is, relevant tot die werklike wêreld *(real world)* is. Ook Hawkins (1989:9) beskou praktykgerigte rekeningkundige leerinhoud as "leerinhoud gerig op praktiese voorbeelde en minder op handboekinhoude". Volgens haar bring dit mee dat leerinhoud aangebied moet word deur middel van "modeling or guided practice".

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat **praktykgerigte** leerinhoud gerig is op die toepassing van geselekteerde leerinhoud om uitvoering te gee aan die direkte eise van die beroep of praktyk waarop die vakkurrikulum betrekking het. Dit bring ook mee dat leerders tydens die onderrigproses bepaalde kennis opbou en vaardighede bemeester wat direk met hul toekomstige beroep verband hou.

### 1.2.11 Rekeningkunde

Volgens Prinsloo (1977:4) beteken die woord **Rekeningkunde** letterlik die "kunde van rekeninge." Met behulp van die kennis van rekeninge word inligting oorgedra wat daarop dui dat dit 'n proses van kommunikasie of 'n "taal" is waarmee gespesialiseerde inligting oorgedra word (Faul *et al.*, 1981:5).

Die volgende meer resente omskrywing gee volgens Faul *et al.* (1985:5) 'n meer tiperende interpretasie van die bestek van die rekeningkunde:

> "Rekeningkunde is 'n diensaktiwiteit en sy funksie is om kwantitatiewe inligting van 'n hoofsaaklik finansiële aard omtrent ekonomiese entiteite te voorsien. Sodanige inligting moet in die ekonomiese besluitnemingsproses bruikbaar wees".

Die kennisveld van die rekeningkunde wat van toepassing is op sake wat binne 'n onderneming bedryf word, kan soos volg saamgevat word:

* Eerstens is daar rekeningkundige teorie, dit wil sê die vakdissiplinêre raamwerk waarna soms ook verwys word as algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels of praktyk (AARP).

* Tweedens is daar die teorie van winsbepaling, aangesien dit 'n kernelement is by die bepaling van die waarde van 'n onderneming.

* Die derde aspek is die toepassing van voorafgaande beginsels in die rekeningkundige inligtingsproses ten einde die sentrale doelwit van goeie inligting te bereik (Faul *et al.*, 1985:14).

Omdat daar in hierdie navorsing gepoog word om aansluiting te vind by die eise van die handel en nywerheid met betrekking tot die aanbieding van Rekeningkunde by beroepsinrigtings soos kolleges vir beroepsonderwys, kan die indruk moontlik geskep word dat daar meer klem gelê word op die "meganiese" deel van die vak as op dié dele wat insig vereis. Gesprekke wat reeds met werkgewers gevoer is, toon dat studente wat Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys neem, moet konsentreer op vaardighede wat prakties binne 'n onderneming toegepas kan word. Dieselfde werkgewers het egter aangedui dat die intellektuele en teoretiese aspekte van die vak nie agterweë gelaat kan word nie (vergelyk paragraaf 4.5.4 van die empiriese ondersoek).

Dit is derhalwe nodig om kortliks na die verwantskap tussen Rekeningkunde en Boekhou te kyk om enige onduidelikheid oor die navorsingsterrein uit die weg te ruim.

Volgens Janse van Rensburg (1988:10) word die terme Boekhou en Rekeningkunde heel dikwels as sinonieme gebruik. Faul *et al.* (1985:6) beskou Boekhou egter as die boekstawingsgedeelte van Rekeningkunde wat saam met die verslagdoeningsfunksie die "hoekstene" van die rekeningkundige proses vorm.

Uit die voorafgaande wil dit voorkom asof alle boekhouding deel van die rekeningkundige prosesse is en dat Boekhou dus deur Rekeningkunde ingesluit word. Janse van Rensburg (1988:11) konstateer dat Rekeningkunde meer omvangryk as Boekhou is deurdat die rekeningkundige bedrywighede wat daarin vervat is, ook lei tot verslagdoening en interpretering van die onderneming se finansiële resultate.

Samevattend kan gestel word dat **Rekeningkunde** die wetenskap is waarin alle deelelemente, naamlik identifisering, meting, boekstawing, verwerking, ontleding en vertolking van 'n onderneming se finansiële resultate binne die navorsingsterrein bestudeer word.

## 1.3 PROBLEEMBEREDENERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Konteks van die probleem

Soos reeds in paragraaf 1.1 gemeld is, het onderwyskundiges van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad in 'n navorsingsverslag aanbeveel dat daar in die toekomstige beplanning van beroepsonderwys in die RSA navorsing onderneem word om te bepaal in watter mate die totale kurrikulum wat aan naskoolse onderwysinrigtings soos kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, beroepsrelevant is en aan die huidige eise van die handel en nywerheid voldoen (DOK (AV), 1989:222). Een van die probleme wat tydens 'n oorsese navorsingsbesoek (1989) geïdentifiseer is, is dat daar juis 'n leemte bestaan in die kurrikulering van beroepskursusse in tegniese, handels- en algemene verband, ten einde die balans tussen teorie en praktyk te verseker en basiese vaardighede wat binne werksverband vereis word, in die kurrikulum te verreken (DOK (AV), 1989:2). Dit is daarom noodsaaklik dat onderrig en opleiding aan die eise wat werkgewers stel, moet voldoen. Studente moet nie net teoretiese kennis opdoen nie, maar gedurende hul opleiding reeds met die praktyktoepassing van die onderskeie vakke in aanraking kom.

Indien die vakkurrikulum vir Rekeningkunde, waarop die fokus in hierdie navorsing geplaas word, bestudeer word, is leemtes reeds in verskeie navorsings- en ander publikasies met betrekking tot die beroepsrelevansie en praktykgerigtheid van die vakkurrikulum uitgewys. Al hoe meer vrae word deur werkgewers gestel met betrekking tot die vermoë van studente om hul rekeningkundige kennis direk en praktykeffektief binne die werksituasie toe te pas (vgl. paragraaf 2.7.1 en en 3.3.3.2). Lochhead (1988:14) toon aan dat verskeie oorsese navorsers reeds bevestig het dat daar in die onderrig van Rekeningkunde op skool of kollege min skakeling met die praktyk plaasvind en die onderrig van die vak dus grotendeels op 'n teoretiese onderbou gebaseer is, sonder dat die teorie na die praktiese toepassing daarvan deurgetrek word. Nilsen (1980:113) ag dit noodsaaklik dat die beginsels, metodes en prosedures vir die aanbieding van Rekeningkude op skool gegrond moet wees op dít wat in die praktyk van toepassing is. Om hiermee tred te hou, het die onderwys nie net

die sakewêreld se samewerking nodig nie, maar by uitstek ook die kennis en hulp wat gesamentlike kurrikulering deur die sake- en onderwyssektor kan laat realiseer.

Met die implementering van nuwe kernsillabusse in Rekeningkunde in provinsiale skole vanaf 1982 tot 1985, is die aspek van praktykgerigtheid wel in aanmerking geneem, maar terselfdertyd is die vak gekurrikuleer om ook in 'n groot mate algemeen vormend te wees. Janse van Rensburg (1988:32) stel dit dat die leerinhoud van die skoolkurrikulum vir Rekeningkunde saamgestel is om by te dra tot die "ontsluiting van die volwassewordende in sy op-wegwees na volwassenheid." Hy beweer dat die skoolkurrikulum verder daarop gemik is om die kind te laat kennis maak met die ekonomiese werklikheid en hom te lei in die rigting van selfstandigheid en selfaktiwiteit.

Daar is met bogenoemde stellings met betrekking tot die skoolkurrikulum vir Rekeningkunde as sodanig geen fout te vind nie, aangesien dit die taak van die skool is om die mens in sy totaliteit na volwassenheid te lei. Prinsloo (1977:84) meld egter dat beroepsopleiding nie die taak van die skool is nie en dat die beroepswaarde van Rekeningkunde op skool daarin lê dat die leerling agtergrondkennis opdoen om verantwoordelike besluite in die sakewêreld te kan neem. Aangesien dit egter hoofsaaklik die taak van beroepskolleges is om beroepspesifieke onderrig en opleiding aan te bied, behoort hierdie kolleges meer te doen as bloot om die student met 'n breë perspektief op die vak toe te rus. Sinvolle afronding in beroepspesifieke rigtings behoort reeds daar plaas te vind.

Die feit dat daar steeds binne vakverband 'n oorbeklemtoning is van die teoretiese aspekte van die beroepsvakke wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, terwyl daar slegs oppervlakkig na die behoeftes van die praktyk gekyk word (DNO, 1991a:46), het die navorser genoop om hierdie navorsing te onderneem.

Omdat kolleges vir beroepsonderwys op die terrein van die Rekeningkunde ook nie aan die beroepsgerigtheidsvereistes voldoen nie, word in hierdie navorsing spesifiek die identifisering van beroepsrelevante leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 bestudeer, juis omdat daar tans van die standaardgraad-skoolsillabusse gebruik gemaak word en

daar nog geen navorsing gedoen is om die vakinhoudelike komponent van die N1- tot N3-sillabusse meer beroepsrelevant vir kolleges vir beroepsonderwys te maak nie.

Kolleges vir beroepsonderwys kan in hierdie stadium, wat Rekeningkunde betref, dus nie daarop aanspraak maak dat 'n beroepsrelevante vakkurrikulum gebruik word nie omdat die werkgewers wat studente op rekeningkundige gebied in diens moet neem, ook nog nie by die kurrikuleringsproses vir beroepsonderwyssillabusse betrek is nie. Daar is derhalwe ook nog nie duidelikheid oor watter rekeningkundige inhoud deur die handel en nywerheid as beroepsrelevant geag word nie en in watter opsigte die inhoud van dié van skoolsillabusse behoort te verskil nie.

### 1.3.2 Aktualiteit van die probleem

In navorsing wat reeds onderneem is, word besondere klem gelê op skakeling met die handel en nywerheid tydens die kurrikulering van beroepsvakke om te verseker dat die vakkurrikulums beroepsrelevant en aanvaarbaar vir die sakesektor sal wees. Landman (1990:4) wys byvoorbeeld daarop dat die private sektor 'n betekenisvolle bydrae kan lewer met betrekking tot die identifisering van inhoud vir 'n bepaalde vakkurrikulum.

Volgens die RGN-ondersoek (1981b:47) behoort indringende aandag aan gepaste kurrikulums vir loopbaanonderwys, (onderwys binne tegniesekollege- en technikonverband) gegee te word omdat daar reeds 'n groot getal studente aan beroepsonderwysinstellings is wat met kwalifikasies wat aan hierdie instellings verwerf is, direk tot die arbeidsmark toetree. Rossouw (1989:2) meld dat dit net redelik is om te verwag dat die kurrikulum van 'n vak wat vir beroepsdoeleindes aangebied word, in 'n groot mate relevant moet wees vir die maatskappy en dat daar in die proses van kurrikulumontwikkeling aandag gegee word aan die behoeftes en eise van die maatskappy ten opsigte van die betrokke vakkurrikulum. Dit is derhalwe nodig om in die navorsing wat in hierdie studie onderneem word met werkgewers van rekeningkundige werknemers, asook met rekenmeesters- en ouditeursfirmas te skakel om hul insette met betrekking tot meer beroepsrelevante vakinhoud te verkry. Norton (1985:3) wys daarop dat daar in die kurrikuleringsproses in die VSA en Kanada byna sonder uitsondering met die

handel en nywerheid geskakel word en dat daar reeds 'n baie suksesvolle vennootskapsverhouding tussen onderwysowerhede, onderwyskundiges en die handel en nywerheid met betrekking tot kurrikulumontwikkeling gehandhaaf word.

Uit gesprekvoering tussen vakkundiges van die Departement van Onderwys en Kultuur, Ex Administrasie: Volksraad en die georganiseerde handel en nywerheid, is die behoefte ook duidelik geïdentifiseer dat 'n meer beroepsrelevante vakkurrikulum vir die onderskeie sakestudierigtings wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, daargestel word. Die wens is ook uitgespreek dat daar in die toekoms indringend en op 'n deurlopende grondslag met werkgewers gesprek gevoer moet word om te verseker dat dít wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, steeds relevant sal wees (kyk Hoofstuk 3 in hierdie verband).

### 1.3.3 Probleemstelling

In hierdie navorsing sal ondersoek ingestel word na die leemtes wat in die leerinhoud van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 bestaan. Aandag sal gegee word aan die vereistes wat die handel en nywerheid stel aan 'n vakkurrikulum wat as deel van 'n praktykgerigte onderrigprogram aangebied word aan studente wat ná die verwerwing van 'n N3-sertifikaat tot 'n rekeningkundige beroep gaan toetree. Die wyse waarop die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, meer relevant gemaak kan word en die leerinhoud van dié vakkurrikulum meer praktykgerig saamgestel kan word, sal ook bestudeer word.

Die volgende probleemvrae kan uit voorgaande beredenering en stellings geformuleer word:

- Wat is die missie van kolleges vir beroepsonderwys en op watter wyse word die doelstellings vir Rekeningkunde hierdeur gerig?

- Wat is die plek van kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel

van die RSA en op watter wyses word die aard en gerigtheid van Rekeningkunde op skool en aan 'n kollege vir beroepsonderwys hierdeur geraak?

* Watter plek neem Rekeningkunde binne die totale programstruktuur of kurrikulum vir sakestudies van kolleges vir beroepsonderwys in?

* Binne watter kurrikulumteoretiese konteks kan die seleksie van praktykgerigte rekeningkundige leerinhoud geplaas word?

* Wat is die eise met betrekking tot kennis, vaardighede en gesindhede wat die rekeningkundige beroepsmilieu aan dié leerder stel wat vanuit die kollege vir beroepsonderwys tot die wêreld van werk wil toetree?

* Op watter wyse kan dié eise kurrikulêr in die doelstellings en leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, verreken word?

## 1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die volgende doelstellings is vir die navorsing gestel:

* Om die samehang tussen die missie van kolleges vir beroepsonderwys en die algemene en besondere opleidingsdoelstellings vir Rekeningkunde van dié instellings te bepaal

* Om die plek van kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel van die RSA aan te toon en die implikasies hiervan vir die aard en gerigtheid van Rekeningkunde in die skool en kollege vir beroepsonderwys te bepaal

* Om die plek wat Rekeningkunde binne die totale programstruktuur of kurrikulum vir sakestudies inneem, te bepaal

* Om die kurrikulumteoretiese konteks vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 aan te dui

* Om die eise wat die rekeningkundige beroepsmilieu met betrekking tot kennis, vaardighede en gesindhede aan die toetreder vanuit 'n kollege vir beroepsonderwys stel, te identifiseer en te sistematiseer

* Om die geïdentifiseerde behoeftes van die handel en nywerheid en die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP) as riglyn te gebruik vir die bepaling van doelstellings en die seleksie van leerinhoud vir die onderskeie kurrikula vir Rekeningkunde N1 tot N3.

## 1.5 TERREIN VAN DIE NAVORSING

Om die praktykgerigte aanbieding van die vak in sy geheel te ondersoek, is 'n omvangryke taak en daarom is besluit om te konsentreer op die voorstelle uit die handel en nywerheid in verband met die rekeningkundige kennis en vaardighede waaroor 'n kollegeverlater op N3-vlak behoort te beskik om suksesvol tot die wêreld van werk toe te tree. Die wyse waarop dié eise kurrikulêr in die leerinhoud (temas) vir Rekeningkunde N1- tot N3-sillabusse verreken kan word, sal dus ook bestudeer word.

Daar moet egter beklemtoon word dat die navorsing ook van nut kan wees om rekeningkundige kennis en vaardighede te bepaal wat aangewend kan word vir die opgradering van hierdie leerinhoud (temas) vir Rekeningkunde N4 tot N6.

## 1.6 METODE EN PROGRAM VAN NAVORSING

### 1.6.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie sal onderneem word om die plek wat Rekeningkunde in die totale onderrigprogram aan kolleges vir beroepsonderwys inneem, na te vors.

Die literatuurstudie sal verder daarop toegespits wees om te bepaal hoe die vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys in 'n aantal oorsese lande daar uitsien.

Daar sal ook vanuit die literatuur bepaal word watter bydrae die handel en nywerheid reeds gelewer het tot die identifisering van praktykgerigte leerinhoud wat in die onderskeie vakkurrikulums vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit behoort te word.

### 1.6.2 Vraelysondersoek by lektore wat Rekeningkunde by kolleges vir beroepsonderwys aanbied

'n Vraelysondersoek sal onderneem word om die huidige leerinhoud van die onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1 tot N3 te evalueer. Hierdie vraelys sal aan ervare kollegelektore verskaf word om vas te stel watter leerinhoud hulle steeds as relevant en as voldoende praktykgerig beskou en wat hulle mening is oor die weglating van temas uit die bestaande leerinhoud of die byvoeging van nuwe temas tot die leerinhoud.

### 1.6.3 Veldwerk

'n Empiriese ondersoek sal onderneem word om vas te stel watter rekeningkundige kennis en vaardighede die handel en nywerheid van 'n student wat sy/haar opleiding aan 'n kollege vir beroepsonderwys voltooi het, vereis.

'n Vraelys wat opgestel is om empiriese gegewens oor die huidige en verwagte rekeningkundige kennis en vaardighede van werkgewers in die sakesektor te verkry, sal aan sakeondernemings in Pretoria en omgewing as teikengebied gestuur word. Die ondernemings aan wie die vraelyste gestuur sal word, sal op 'n ewekansige steekproefgrondslag gekies word. Hierby sal ook ouditeurs- en rekenmeestersfirmas ingesluit word.

### 1.6.4 Werkseminaar

'n Werkseminaar sal met werkgewers en werknemers van verskeie sakeondernemings gehou word met die doel om beskrywings van die rekeningkundige take wat daagliks verrig word, te verkry, asook om te bepaal watter leerinhoud as relevant vir Rekeningkunde N1- tot N3-sillabusse beskou word.

Deur die aanbieding van hierdie werkseminaar kan die relevansie van die versamelde inligting geoptimaliseer word.

### 1.6.5 Evaluering van voorstelle

Die voorstelle wat uit die navorsing voortspruit, sal aan lektore van kolleges vir beroepsonderwys, asook aan rekenmeesters en kundiges oor rekeningkundige praktyk voorgelê word vir kommentaar en evaluering om vas te stel of dit aan die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk voldoen.

## 1.7 SAMEVATTING

Die ontwikkeling wat op die gebied van beroepsonderwys in die vooruitsig gestel word, bring mee dat die kurrikulum vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, aangepas behoort te word om aan die behoeftes en beroepspesifieke eise van die handel en nywerheid te voldoen.

Die fokus sal geplaas word op die bestudering van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3, wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word. Daar word derhalwe in die navorsing gekonsentreer op die verwagte rekeningkundige kennis en vaardighede waaroor 'n kollegeverlater op N3-vlak behoort te beskik om suksesvol tot die wêreld van werk toe te tree en op die wyse waarop dié eise wat die beroepsmilieu aan 'n beroepskurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 stel, kurrikulêr as deel van die leerinhoude (temas) vir Rekeningkunde N1- tot N3-sillabusse verreken kan word.

In Hoofstuk 2 sal aandag gegee word aan die missie van kolleges vir beroepsonderwys en aan die wyse waarop die doelstellings vir Rekeningkunde daardeur gerig word. Daar sal ook aandag gegee word aan die ooreenkomste en verskille tussen skole en kolleges vir beroepsonderwys met betrekking tot die aard en gerigtheid van elk binne kurrikulumteoretiese konteks. Verder sal ondersoek ingestel word na die huidige stand van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde en hoe dié kurrikulum tans in die totale onderrigprogram van kolleges vir beroepsonderwys inpas.

# HOOFSTUK 2

## DIE PLEK VAN REKENINGKUNDE IN DIE TOTALE PROGRAMSTRUKTUUR VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS EN HOE DIE HUIDIGE DOELSTELLINGS EN LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 UITVOERING KAN GEE AAN DIE MISSIE VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS

### 2.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is aangetoon dat een van die probleme wat ervaar word met die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, die feit is dat dit hoofsaaklik vir sekondêre onderwys gekurrikuleer is en nie direk op die vereistes wat tans vir beroepsonderwys gestel word, gerig is nie. Voordat daar egter ondersoek ingestel kan word na die probleme wat met die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde ervaar word, is dit belangrik om duidelikheid te kry oor die wyse waarop onderwysinstellings vir beroepsonderwys, soos omskryf in die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981), van die sekondêre skool verskil. Daar moet ook gelet word op die plek wat hierdie kolleges as beroepsonderwysinstellings in die totale onderwysstruktuur van die RSA inneem.

In hierdie Hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die benaming **kolleges vir beroepsonderwys** en aan hoe 'n kollege vir beroepsonderwys van 'n sekondêre skool verskil. Die missie van kolleges vir beroepsonderwys sal ondersoek word en die plek wat kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstruktuur van die land inneem of behoort in te neem, sal op grond daarvan bepaal word. Daar sal ook gekyk word na die onderskeie studierigtings en kursusstrukture wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word en na die plek wat Rekeningkunde in die totale programstruktuur van kolleges vir beroepsonderwys inneem. Om die probleem met betrekking tot die huidige nie-praktykgerigte leerinhoud van Rekeningkunde N1 tot N3 te belig, sal die verband tussen die leerinhoud in die vakkurrikulum vir sekondêre skole en die leerinhoud wat

uit dié kurrikulum na die kurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 oorgedra is, bestudeer word. Ten slotte sal die probleme wat in die huidige vakkurrikulum voorkom en gelei het tot die aanbieding van nie-praktykgerigte leerinhoud, saamgevat word.

## 2.2 DIE MISSIE VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS EN DIE WYSE WAAROP DIE DOELSTELLINGS VIR REKENINGKUNDE DAARDEUR GERIG WORD

Die missie van kolleges vir beroepsonderwys word wesenlik deur twee sake beïnvloed, naamlik die behoeftes van die breë Suid-Afrikaanse samelewing en die spesifieke beroepsbehoeftes van die Suid-Afrikaanse handel en nywerheid, gesien teen die agtergrond van die skaarste aan geskoolde mannekrag (DOK (AV), 1989:16).

Terblanche (1990:14) meld dat beroepsonderwys wat by kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, in ooreenstemming is met die De Lange-verslag se aanbeveling oor die onderwys, en dat daar in die lig van die mannekragbehoeftes van die land na 'n balans tussen "algemeen vormende voorbereidende akademiese onderwys" en "algemeen vormende voorbereidende loopbaanonderwys" gestreef moet word.

Op grond hiervan word daarna gestreef om formele beroepsonderwys aan hoofsaaklik drie groepe studente te verskaf:

* Persone wat op grond van hul aanleg en belangstelling reeds ná voltooiing van st 7 beroepsonderwys wil neem

* Studente wat ná st 10 'n beroepskursus wil volg in die ingenieurstudierigting, die sakestudierigting of die algemene studierigting

* Die volwasse werknemer wat deur indiensopleiding 'n kursus wil volg wat op sy huidige beroep of die beroep waarin hy hom verder wil kwalifiseer, afgespits is.

Met inagneming van bogenoemde word die missie vir kolleges vir beroepsonderwys soos volg in die **Handleiding vir die Hantering van Naskoolse Onderwys by Tegniese Kolleges** (DOK, 1987:3) geformuleer (kyk ook par. 1.2 6):

> "Die missie van tegniese kolleges is om relevante beroepsonderwys van gehalte op naskoolse vlak aan die breë massa van die ekonomies bedrywige bevolking te verskaf, wat 'n positiewe verskil aan die beroepsprestasies, vordering en persoonlike ontwikkeling van studente maak."

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die doelstellings vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, derhalwe ook op die aanbieding van relevante (praktykgerigte) beroepsonderwys gerig moet wees. Indien die doelstellings vir Rekeningkunde op die praktykgerigte aanbieding van die vak gerig is, behoort die seleksie van leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 derhalwe ook op praktykgerigte leerinhoud gerig te wees.

## 2.3 DIE PLEK VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS IN DIE ONDERWYSSTELSEL VAN DIE RSA EN DIE WYSE WAAROP REKENINGKUNDE OP SKOOL EN BY KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS DAARDEUR GERAAK WORD

### 2.3.1 Inleidend

Uit die missie wat in paragraaf 2.2 geformuleer is, blyk dit dat kolleges vir beroepsonderwys as beroepsonderwysinstellings 'n eiesoortige plek in die totale onderwysstelsel van die land inneem. As onderwysinstelling wat spesialiseer in die aanbieding van beroepsrelevante naskoolse onderwys, is daar enersyds wel raakpunte met beroepsgerigte onderwys wat aan sekondêre skole aangebied word, en andersyds met beroeps- en tersiêre onderwys soos aangebied aan technikons en universiteite. Hierdie raakpunte moet geensins as oorvleueling met die onderwys wat aan genoemde instellings aangebied word, gesien word nie, omdat die doelstellings wat in die onderskeie

beroepskurrikulums daargestel word, gerig is op die beantwoording aan spesifieke beroepsonderwysbehoeftes van die gemeenskap wat deur kolleges vir beroepsonderwys bedien word.


### 2.3.2 Die plek van kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel van die RSA

Landman (1990:2) wys daarop dat kolleges vir beroepsonderwys ook by uitstek geskik is om in die mannekragbehoeftes van 'n snelgroeiende tegnologiese land te voorsien, juis omdat formele sowel as nie-formele kurrikulummeganismes voortdurend geëvalueer en herstruktureer kan word.

In die volgende skematiese voorstelling word aangetoon waar kolleges vir beroepsonderwys in die totale onderwysstelsel van die RSA inpas (Van Graan & Joubert, 1992:3):

**Figuur 1.1**

**DIE PLEK VAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS BINNE DIE HUIDIGE ONDERWYSSTELSEL**




Uit hierdie grafiese voorstelling blyk dat studente met 'n st 7-kwalifikasie tot 'n kollege vir beroepsonderwys toegelaat word en dus met formele beroepsonderwys op die N1-vlak kan begin. Vir toelating tot die N4- tot N6-kursusse word 'n toepaslike senior sertifikaat of 'n N3-sertifikaat vereis (DOK (AV), 1987:36).

Op grond van aanbevelings van die **Komitee insake die Evaluering en Bevordering van Loopbaanonderwys** (DOK (AV), 1990a:150) word voorsien dat kolleges vir beroepsonderwys, benewens hul funksie as naskoolse inrigtings, in die toekoms bykomend 'n rol sal moet speel in die aanbieding van 'n senior sekondêre beroepsvoorbereidende kursus. Dit sal meehelp om studente beroepsgereed te maak. Daar word ook voorgestel dat voorsiening gemaak moet word vir horisontale beweging tussen akademiese en beroepskursusse sodat studente makliker na beroepsopleiding gekanaliseer kan word. Horisontale oorgang kan moontlik een addisionele studiejaar tot die kursus toevoeg (DOK (AV), 1990a:152).

### 2.3.3 Die verband tussen sekondêre skole en kolleges vir beroepsonderwys

Om 'n duidelike beeld te verkry van die plek wat skole en kolleges vir beroepsonderwys in die totale onderwysstruktuur van die RSA inneem, moet dié twee instansies teenoor mekaar gestel word sodat ooreenkomste en verskille duidelik waargeneem kan word.

#### 2.3.3.1 Die skool

Volgens Van der Stoep en Louw (1984:243) is die begrip **skool** afgelei van die Latynse woord "schola" wat 'n "geleerde ondersoek" van 'n verskynsel beteken. Die woord **skool** kan volgens Van der Stoep en Louw ook teruggevoer word na die Griekse "scholé", wat 'n begripsverklarende woord vir wetenskapsbeoefening "ter wille van kennis alleen" is (Van der Stoep & Louw, 1984:243).

In die literatuur word aangetoon dat die skool ontstaan het met die doel om die ouer by te staan in die opvoedings- en onderrigbehoeftes van sy kind. Stone (1981:11) wys byvoorbeeld daarop dat die skool "as 'n hulp vir die ouers ontstaan het toe die beskawing sodanig gedifferensieerd geraak het dat die ouers nie meer in alle opvoedings- en onderrigbehoeftes tuis kon voorsien nie". Hierdie standpunt word ook deur Van der Stoep en Louw (1984:147) ondersteun, wat noem dat die skool ontstaan het omdat die ouer, wat in die eerste instansie vir die primêre opvoeding van die kind verantwoordelik is, in baie gevalle nie toegerus was "om die kind tot verantwoordbare volwassen-

heid te bring nie".

Van der Walt *et al.* (1985:262) noem egter dat die skool op 'n "fondament van kultuurvorming" rus, maar ook die taak het om opvoedende onderwys aan die kind te verskaf "met die oog op sy leerlinge se behoorlike vordering op weg tot volwassenheid".

In aansluiting hierby meld Van der Walt *et al.* (1985:262) dat die Christelike skool "in die eerste instansie 'n eiesoortige samelewingsverband van nie-institutêre aard" is, wat gestig is "met die doel om uitvoering aan die godgegewe kultuuropdrag van die mens te gee". Hy toon verder aan (1985:265) dat die doel van die Christelike skool is om deur middel van 'n Christelike onderwyskorps die kind in 'n Christelike rigting op te voed. Hierdeur word geïmpliseer dat die skool deur middel van mense wat in die Christelike wetenskap gevorm en in die Christelike wetenskap gefundeer is, in staat moet wees om ook Christelike vakonderwys te gee.

Uit navorsing oor die ware doel en missie van die skool word dit duidelik dat twee begrippe, naamlik "opvoeding" en "onderrig" (onderwys), bestudeer moet word.

Stone (1981:30) sien die "normatiewe taak" van die skool as "primêr 'didakskaleion' (onderrigplek)" en sien dit derhalwe as die "primêre struktuurbeginsel" van die skool. In aansluiting by Stone wys Niebuhr (1986:135) daarop dat die skool in die tyd van die vroeë Christendom "bloot as 'n instruksieplek beskou is en nie met opvoeding in verband gebring is nie".

Wanneer die opvoedingstaak met die skool in verband gebring word, is Niebuhr (1986:135) van mening dat die funksie van die skool, om onderrig te gee, verder gekwalifiseer moet word. Schoeman (1979:173) brei uit op die funksie van die skool en meld dat daar by die kind sluimerende vermoëns is wat eers ontsluit moet word voordat sy potensiaal om die vyftien werklikheidsaspekte of modaliteite, naamlik die geloofs-, etiese, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale, linguale, historiese, analitiese, psigiese, organiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese aspekte te beheers, tot volle wasdom kan kom. Volgens Niebuhr (1986:50) word hierdie sluimerende potensies deur

opvoeding ontsluit. Van der Walt *et al.* (1985:264) noem ook dat die skool as 'n samelewingsverband deel het aan "al die bestaanswyses van die mens" en dat die skool, net soos die huisgesin, opvoeding in al vyftien bestaanswyses moet verskaf.

Venter (1969: *Die gelowige in die samelewing* soos aangehaal deur Van der Walt *et al.*, 1985:262) beweer dat opvoedende onderwys in die skool primêr daarop gerig moet wees om beskawingsmondige jongmense te help vorm bloot deur (logiese) kennis vir die kind te ontsluit. Hierdeur kan die kind in (etiese) verantwoordelikheid op sy goddelike roeping antwoord. Van der Walt *et al.* (1985:262) sluit ook hierby aan deur te verklaar dat kinders skool toe gaan "om te leer", met ander woorde om onderrigtend besig te wees, maar ook om opvoedende onderwys te ontvang met die oog op "behoorlike vordering na volwassenheid". Daarenteen is "onderwys" volgens Van der Walt *et al.* (1985:260) meer gerig op "onderrig" en moet die skool onderrigtend besig wees om die logiese funksie van die kind te ontsluit en te vorm. Die leidende bestemmingsfunksie van die skool is dus die etiese sowel as die logiese.

Volgens Janse van Rensburg (1988:36) kan daar wel tussen opvoeding en onderwys onderskei word, maar staan die twee begrippe nie onafhanklik van mekaar nie en vind opvoedende onderwys juis plaas omdat daar 'n vervlegting tussen opvoeding en onderwys is.

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat die taak van die skool is om te onderrig, maar ook om opvoeding tot beskawingsmondigheid aan die opvoedeling te bied. Bekker (1975:24) kom tot die gevolgtrekking dat die Christelike skool as opvoedingsideaal die volgende doelstellings moet nastrewe:

- Om die kind basiese vaardighede te leer
- Om die kind kultureel aanvaarbaar te maak
- Om die kind voor te berei vir 'n harmoniese gesinslewe
- Om die kind voor te berei vir 'n toekomstige beroepslewe
- Om nuttige vryetydsbesteding by die kind te bevorder
- Om die kind tot 'n nuttige staatsburger te ontwikkel.

Stone (1981:17-21) sluit hierby aan wanneer hy die funksies van die skool soos volg opsom:

- Onderrig
- Voorbereiding vir selfhandhawing in die samelewing
- Bewaring en oordrag van 'n kulturele erfenis
- Begeleiding tot beskawingsmondigheid
- Voorbereiding vir die geantisipeerde eise van 'n nuwe toekomstige samelewing.

Vanweë die besondere struktuur van die skool kom Van der Walt *et al.* (1985:263) tot die gevolgtrekking dat beroepsopleiding nie die primêre taak van die skool is nie, maar dat die missie van die skool daarin te vind is dat die kind vir die breë beroepsveld waarin hy eendag gaan staan, voorberei moet word.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die breë missie van die skool, en uiteraard ook die Christelike skool, hoofsaaklik daarin geleë is om die kind vir die breë beroepsveld waarin hy eendag gaan staan, voor te berei en vir sy roeping toe te rus. Die afleiding kan dus gemaak word dat die skool hom primêr ten doel stel om die kind vir die samelewing as geheel voor te berei en dat opvoeding van die mens in totaliteit binne skoolverband behoort plaas te vind. Beroepspesifieke onderrig en opleiding speel dus binne skoolverband 'n sekondêre rol.

### 2.3.3.2 Kolleges vir beroepsonderwys

Volgens 'n verslag wat in 1987 deur die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK (AV), 1987:10) gepubliseer is, kan die ontstaan van kolleges vir beroepsonderwys tot 1925 teruggevoer word. Beroeps- of "naskoolse" onderwys is vir die eerste keer as 'n prioriteit geïdentifiseer met die ontdekking van diamante en die bou en instandhouding van spoorlyne in die binneland. Hierna het beroepsonderwys stelselmatig gegroei van suiwer tegniese beroepsonderwysinstansies vir vakleerlinge tot tegniese institute wat sedert 1 April 1968 as suiwer naskoolse onderwysinrigtings erken is. Die volgende

funksies is op daardie tydstip vir kolleges vir beroepsonderwys, op daardie stadium bekend as tegniese kolleges, geïdentifiseer:

* "Aanbieding van vakleerlingonderrig
* Aanbieding van deeltydse klasse op Senior Sertifikaatvlak
* Aanbieding van tersiêre beroepsonderwys (handel en tegnies) indien daar nie 'n nabygeleë kollege vir gevorderde tegniese onderwys is nie
* Aanbieding van taalkursusse vir immigrante
* Aanbieding van kultuurverrykings- en stokperdjiekursusse (nie-formele kursusse) volgens die gemeenskap se behoeftes" (DOK (AV), 1987:10).

Ten einde in die behoefte aan handelsopleiding in beroepsonderwys te voorsien, is in 1978 met voltydse intensiewe handelskursusse by kolleges vir beroepsonderwys begin. Met die promulgering van die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981), is die beheer oor die bestuur en besluitneming na kollegerade oorgedra om sodoende die hantering van finansiële en kursusaangeleenthede te vergemaklik. Hierdie stap was noodsaaklik, aangesien kolleges vir beroepsonderwys tred moes hou met die onderwysbehoeftes van die handel en nywerheid. Hierdeur kon die kurrikulum ook makliker vir die behoeftes van die handel en nywerheid aangepas word (DOK (AV), 1987:12).

Uit hierdie kort agtergrondinligting blyk dit dat, hoewel daar heelwat raakpunte tussen sekondêre onderwys en naskoolse of beroepsonderwys bestaan, naskoolse onderwys wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, spesifiek op formele onderrig en onderwys met die oog op die uitoefening van 'n beroep gerig is, asook op nie-formele onderwys met die oog op die ontwikkeling van sosiale en ontspanningsvaardighede.

Daardeur word nie geïmpliseer dat kolleges vir beroepsonderwys slegs ten doel het om "opleiding" te verskaf nie, met ander woorde om slegs 'n aantal noodsaaklike beroepsvaardighede aan die student oor te dra nie. As naskoolse beroepsinstelling verskaf kolleges vir beroepsonderwys steeds algemeen vormende onderwys aan die student en nie net opleiding nie. Dit beteken dat die individu ook voorberei word om 'n produktiewe lewe binne sy sosiale en fisiese omgewing te voer, en dat die totale kurrikulum

so saamgestel word dat die student voldoende begrip en sensitiwiteit vir die religieuse, morele, sosiale, ekonomiese, politieke, wetenskaplike en tegnologiese waardes kan ontwikkel.

Om hierdie stelling te verduidelik, is dit nodig om kortliks aandag te gee aan die verskil tussen naskoolse beroepsonderwys soos dit aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word en beroepsopleiding soos dit aan ander tersiêre beroepsonderwysinstellings of instellings vir voortgesette volwasse onderwys aangebied word.

Volgens die RGN-verslag (1981b:1) is beroepsopleiding "'n meer beperkte begrip", wat dui op die verwerwing van bepaalde vaardighede wat benodig word om 'n persoon in staat te stel om 'n goed gedefinieerde werksituasie te hanteer. Daarenteen dui beroepsonderwys, en in hierdie sin ook naskoolse onderwys, op algemeen vormende onderwys waarin daar net meer spesialisasie binne die veld van onderrig plaasvind (RGN, 1981b:2). Aucamp (1986:22) dui ook in sy definisie van tegniese loopbaanonderwys aan dat beroeps- of loopbaanonderwys "voorsiening maak vir die onderrig in en praktiese beoefening van relevante kennis wat eie is aan 'n gespesialiseerde studierigting of studierigtings". Hierby kan ook gevoeg word dat daar 'n strewe in die geledere van naskoolse onderwys is om, naas die teoretiese onderrig in die klaskamer, ook sterk praktykgerigte onderrig aan te bied en om die werkgewer en die student in die onderrigproses by mekaar te laat uitkom.

In die lig van bogenoemde kan die volgende onderwysdoelstellings vir kolleges vir beroepsonderwys geformuleer word:

* Die aanbieding van formele en nie-formele onderwys aan nie-skoolpligtige en skoolpligtige persone - ook aan nie-skoolpligtige persone wat nog leerpligtig is

* Die gebruikmaking van 'n wetenskaplik verantwoordbare kurrikulum waarin met die eise en behoeftes van die handel en nywerheid rekening gehou word en wat kan lei tot betekenisvolle leerervarings waarin 'n

balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf word

* Die aanbieding van onderwys met die klem op gesindhede en vaardighede wat vir spesifieke beroepe of beroepsgroepe vereis word, maar op so 'n wyse oorgedra word dat die student hom steeds op alle terreine binne sy sosiale en fisiese omgewing sal kan handhaaf.

### 2.3.4 Studierigtings en kursusstrukture wat tans by kolleges vir beroepsonderwys bestaan

Aangesien hierdie navorsing handel oor die vak Rekeningkunde, wat deel uitmaak van die onderrigprogram vir Sakestudies, sal daar kortliks na die onderskeie kursusstrukture gekyk word. Daarna sal 'n kort oorsig van die ontstaan en aanbieding van die Sakestudiekursusse gegee word.

Volgens die **Handleiding vir die Hantering van Naskoolse Onderwys** (DOK (AV), 1987:23-26) bied kolleges vir beroepsonderwys kursusse in drie hoofstudierigtings aan, naamlik Ingenieurstudies, Algemene studies en Sakestudies.

In die **Ingenieurstudierigting** kan 'n student in een van die volgende rigtings studeer: Elektries, Meganies, Siviel en Bedryfs. Na verwerwing van die N6-kwalifikasie en met genoegsame praktiese ondervinding, kan sodanige student ook 'n nasionale N-diploma verwerf.

Die **Algemene studierigting** maak voorsiening vir 'n verskeidenheid formele en nieformele kursusse wat onder meer Educare, Grafiese Ontwerp, Klereproduksie, Voedseldienstoesighouding, Promosiepraktyk, Binneversiering, Kuns, Musiek en Ballet insluit.

In die **Sakestudierigting** word tans 'n algemene sakestudiekursus op die N1- tot N3-vlak aangebied, wat vakke soos Rekenaarpraktyk, Rekeningkunde, Handelsrekene, Kantoorpraktyk, Tik, Onthaalkuns, Ekonomie en Handelsreg insluit. Die student wat die N4- tot N6-onderrigprogram volg, kan uit die volgende rigtings kies:

* Sekretarieel (Skakelwese, Hotelontvangs en Toerisme, Mediese Praktyk)
* Bestuur (Personeel of Bemarking)
* Rekeningkunde
* Rekeningkunde en Rekenaarpraktyk.

Bogenoemde Sakestudiekursusse word op die formele vlak op 'n voltydse sowel as 'n deeltydse basis aangebied. Kort **indiensopleidingskursusse** word ook op die nie-formele vlak op 'n deeltydse basis aangebied.

Kolleges vir beroepsonderwys maak ook voorsiening vir die verwerwing van 'n **Senior Sertifikaat**, wat as toelating tot verdere studie aan 'n kollege vir beroepsonderwys of technikon dien. Om 'n Senior Sertifikaat te verwerf, moet die student vier N3-vakke plus die twee amptelike tale slaag.

Verder word voorsiening vir **volwassene-opleiding** gemaak vir **volwassenes** wat die skool ná st 6 of 7 verlaat het en om die een of ander rede nie in staat is om by die formele onderwysprogram in te skakel nie. Hierdie opleiding vind in die meeste gevalle op spesiale versoek van die handel en nywerheid plaas. Vakke soos Rekeningkunde, Rekenaargeletterdheid, Kommunikasie, Engels, of enige ander vak waaraan daar 'n behoefte geïdentifiseer is, word hierby ingesluit.

Die laaste groep wat in die onderwysprogram van kolleges vir beroepsonderwys ingesluit is, is kursusse in **kultuurverryking**. Hierdie kursusse word spesifiek gerig op die behoeftes van die betrokke gemeenskap en sluit Blommerangskikking, Kuns, Gimnastiek en Fotografie in. Die duur van hierdie kursusse verskil en by voltooiing daarvan word geen formele eksamen afgelê nie.

## 2.4 DIE PLEK WAT REKENINGKUNDE IN DIE TOTALE ONDERRIGPROGRAM AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS INNEEM

### 2.4.1 Inleiding

Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui is, vorm die vak Rekeningkunde feitlik deurgaans 'n belangrike komponent van die kurrikulum wat deur die sakesektor vir 'n beroep in die sakewêreld vereis word. Uit die bestudering van die huidige vakkurrikulums vir Rekeningkunde het geblyk dat die dominerende skoolgerigtheid daarvan die beroepsrelevansie van die kurrikulum nadelig beïnvloed. Goodsen (1983:202) beskou die soms abstrakte teoretiese kennis wat in die skoolkurrikulum opgeneem is, as totaal verwyderd van die wêreld van werk. Hy meld ook in hierdie verband dat "...school subject groups tend to move progressively away from concerns with 'utilitarian' or 'relevant' knowledge".

Leemtes met betrekking tot die totale inhoud van die Rekeningkunde, soos dit aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, is dan ook in die verlede deur die sakesektor uitgewys. Omdat kolleges vir beroepsonderwys sedert 1983 die standaardgraadsillabusse vir Rekeningkunde van provinsiale skole oorgeneem het, en slegs met enkele klemverskuiwings aanbied, is kritiek deur die handel en nywerheid oor die praktykgerigtheid van die huidige vakkurrikulum uitgespreek. Die Staande Komitee: Sakestudies (Formeel) van die Vereniging van Tegniese Kolleges (VTK, 1990:1) het reeds ernstige knelpunte in verband met die huidige vakkurrikulums vir sakestudievakke in die algemeen geïdentifiseer. Tans vorm lektore wat op vakkomitees dien, deel van 'n navorsingspan wat in samewerking met vakkundiges van die Departement van Onderwys en Kultuur en geïdentifiseerde persone uit die handel en nywerheid, die kursusse wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, meer beroepsrelevant maak.

### 2.4.2 Die verband tussen die rekeningkundige leerinhoud vir sekondêreskoolonderwys en die leerinhoud wat by kolleges vir beroepsonderwys aangebied word

Uit die voorafgaande paragraaf kan die afleiding moontlik gemaak word dat die vak-

kurrikulum wat tans vir sekondêreskoolonderwys geld, nie voldoen aan die vereistes waarvoor dit gekurrikuleer is nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die relevansie van die leerinhoud van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, in hierdie navorsing ondersoek word en dat die navorsing nie ten doel het om die Rekeningkundekurrikulum vir die sekondêre skool te ondersoek of te kritiseer nie.

Volgens Bekker (1975:10) is dit geregverdig dat die klem in Rekeningkunde op sekondêre skoolvlak op die opvoedingsdoelstellings van die vak behoort te val en dat die beroepswaarde daarvan vir spesifieke beroepe minder beklemtoon behoort te word. Rossouw (1989:24) beklemtoon ook die feit dat 'n vakkurikulum wat vir sekondêre skole gekurrikuleer is, slegs 'n breë oriëntering aan leerlinge moet bied en nie op 'n spesifieke beroep afgespits behoort te wees nie.

In die bestudering van die besondere en algemene doelstellings, soos in die onderskeie skoolsillabusse vir Rekeningkunde vervat, word dit duidelik gestel dat daar meer klem op die ontwikkeling van logiese denkprosesse en die ontwikkeling van analitiese vermoëns in die leerinhoud gelê behoort te word om die student daardeur toe te rus met basiese rekeningkundige kennis en vaardighede. Dit behoort die student in staat te stel om 'n beter oriëntering in die rekeningkundige werklikheid te verkry (TOD, 1985:1-3).

Hieruit blyk dit dat die leerinhoud van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat tans vir sekondêre skole voorgeskryf is, steeds relevant vir skoolonderwys kan wees, maar in wese nie geskik is vir aanwending in die vakkurrikulum by kolleges vir beroepsonderwys nie. By dié kolleges val die klem op beroepsonderwys en -opleiding vir studente wat regstreeks tot die arbeidsmark wil toetree.

Daarby moet in ag geneem word dat die leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan sekondêre skole gekies is om voorsiening te maak vir 'n bepaalde teoretiese onderbou en kennis wat ook vir graadstudie aan universiteite vereis word (Janse van Rensburg, 1988:25). Die leerinhoud en kennis wat vir hierdie doel vereis word, sal

dus nie noodwendig vir beroepsonderwys relevant wees nie.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die beroepsrelevansie waarna in 'n kurrikulum vir kolleges vir beroepsonderwys verwys word, beteken dat meer klem op beroepspesifieke en praktykgerigte rekeningkundige kennis en vaardighede gelê behoort te word, terwyl sommige teoretiese en akademiese aspekte wat vir intensiewe akademiese studie aan 'n universiteit vereis word, nie so sterk in die leerinhoud hoef te figureer nie (Gray, 1991:437).

### 2.4.3 Die plek van Rekeningkunde in die programstruktuur van kolleges vir beroepsonderwys

Tans word Rekeningkunde soos volg in die onderrigprogram vir die onderskeie sakestudierigtings voorgeskryf (DOK (AV), 1984b:1-2):

* Studente word tot die N1-handelskursus toegelaat met 'n standerd 7-kwalifikasie, wat Rekeningkunde kan in- of uitsluit.

* Gedurende die N1-semester, wat voltyds oor 17 weke strek, moet studente Rekeningkunde op N1-vlak (wat in 'n groot mate met die standerd 6- tot 8-standaardgraadsillabus ooreenstem) in die geheel voltooi. Die tyd wat hiervoor afgesonder is, is in totaal 6 uur 40 minute per week, effektief oor 15 weke aangebied as die twee weke vir eksamendoeleindes uitgesluit word. Dit bring mee dat 'n totaal van 100 uur vir onderrigdoeleindes beskikbaar is.

* Bogenoemde geld ook vir die N2- en N3-sillabusse vir Rekeningkunde wat in 'n groot mate met die standerd 9- en 10-standaardgraadsillabusse van die sekondêre skool ooreenstem.

* Op die N4- tot N6-vlak word van dieselfde tydsindeling as hierbo gebruik gemaak, maar in hierdie geval word 'n kurrikulum gevolg wat meer be-

roepsrelevant is, alhoewel dit ook saamgestel is sonder voldoende insette van die kant van die handel en nywerheid.

### 2.4.4 Samevatting van die probleme wat met die vakkurrikulum vir Rekeningkunde ten opsigte van die huidige leerinhoud ondervind word

Ten slotte kan die probleme wat tot dusver in die navorsing geïdentifiseer is, asook ander tekortkominge ten opsigte van relevante leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 soos volg saamgevat word:

* Die skoolkurrikulum vir Rekeningkunde is feitlik onveranderd op die N1- tot N3-vlak by kolleges vir beroepsonderwys geïmplementeer en daarom kan die stelling gemaak word dat dieselfde leerinhoud vir die aanbieding van Rekeningkunde vir akademiesgerigte, beroepsgerigte en beroepsonderwys tans in die onderskeie vakkurrikulums by sekondêre skole en kolleges vir beroepsonderwys gebruik word.

* Die leerinhoud wat in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorgeskryf word, moet binne 'n totale tydperk van 100 uur voltooi word, terwyl dieselfde leerinhoud saamgestel is om in 'n tydsbestek van ongeveer 200 uur by sekondêre skole aangebied te word (TOD, 1985:2).

* Daar is nie voldoende insette van die kant van die handel en nywerheid verkry om beroepsrelevante leerinhoud vir die Rekeningkundekurrikulum vir beroepsonderwys te bepaal nie.

* Die teoretiese leerinhoud van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, word oorbeklemtoon terwyl te min klem op beroepsvaardighede en praktykgerigte kennis gelê word.

* Daar is te min kontak tussen studente en hul toekomstige werkgewers gedurende hul tydperk van studie aan kolleges vir beroepsonderwys, wat meebring dat min of geen praktiese toepassing van die leerinhoud wat aangebied word, plaasvind nie.

## 2.5 SAMEVATTING

As naskoolse beroepsonderwysinstellings is kolleges vir beroepsonderwys daarop ingestel om die student vir toetrede tot 'n beroep voor te berei en word hy daar met die nodige teoretiese kennis en praktiese vaardighede toegerus om direk ná verwerwing van sy kwalifikasie as 'n produktiewe werknemer tot die wêreld van werk te kan toetree.

Omdat kolleges vir beroepsonderwys dus 'n bepaalde plek in die onderwysstelsel van die RSA inneem en 'n eie fokus met betrekking tot beroepsonderwys gehandhaaf word, moet die leerinhoud wat in die kurrikulum opgeneem word, ook hierby aanpas.

In hierdie Hoofstuk is daar gekyk na die besondere plek wat kolleges vir beroepsonderwys in die totale onderwysstelsel van die land inneem, en hoe daaraan uitvoering gegee word. Daar is ook gewys op die verskil in fokus van algemeen vormende onderwys wat in sekondêre skole aangebied word en beroepsonderwys wat in kolleges vir beroepsonderwys aangebied word.

Die ontstaan van die onderskeie onderrigprogramme vir sakestudies wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word en die plek wat Rekeningkunde as vak in die sakestudierigting inneem, is ondersoek.

Ten slotte is die probleme wat ontstaan deur die gebruik van die leerinhoud van die standaardgraadvakkurrikulum vir Rekeningkunde sonder enige beduidende wysigings in die onderrig van Rekeningkunde op die N1- tot N3-vlak by kolleges vir beroepsonderwys, in oënskou geneem.

In Hoofstuk 3 sal die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3, ondersoek word.

# HOOFSTUK 3

## DIE BESTUDERING VAN DIE KURRIKULUMTEORETIESE KONTEKS VIR DIE SELEKSIE VAN PRAKTYKGERIGTE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3

### 3.1 INLEIDING

Voordat oorgegaan kan word tot die selektering van leerinhoud vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3, is dit nodig om aandag te skenk aan die wyse waarop verseker kan word dat die gekose leerinhoud wel aan die eise van die beroepsmilieu voldoen. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat hierdie navorsing hoofsaaklik toegespits is op die selektering van beroepsrelevante leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied behoort te word. Dit gaan dus nie soseer om die ontwerp van vakkurrikulums vir die genoemde onderrigaanbiedinge in die geheel nie.

Om duidelikheid te verkry oor die agtergrond waarteen leerinhoud vir 'n vakkurrikulum geïdentifiseer behoort te word, sal prominente en relevante modelle vir die ontwikkeling van 'n vakkurrikulum vir beroepsonderwys oorsigtelik beskryf word. Daar sal ook deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek ingestel word na die huidige samestelling van beroepsrelevante onderrigprogramme vir Rekeningkunde, plaaslik en in 'n paar oorsese lande. Daarna sal aandag gegee word aan die kriteria wat gestel moet word vir die identifisering van leerinhoud vir die betrokke vakkurrikulums, met betrekking tot 'n situasie-analise, doelstellings vir die vak, en die profiel van die leerder wat die vak aan kolleges vir beroepsonderwys neem.

Volgens Wheeler (1983:199) kan enige kurrikuleringsproses vir beroepsonderwys alleenlik suksesvol deurgevoer word as die kurrikuleerder in staat gestel word om op 'n doeltreffende wyse die inhoude vir die kurrikulum te identifiseer en te verifieer. Krüger (1980:65) wys ook daarop dat die vakinhoud in baie gevalle bepalend is vir die

relevansie van die kurrikulum. Hy noem dat "geen kurrikulum van enige betekenis kan wees, sonder dat daar op verantwoordelike wyse omgesien is na die seleksie en ordening van kurrikuluminhoude nie."

Voordat daar egter oorgegaan kan word tot seleksie van leerinhoud, sal dit nodig wees om 'n paar prominente modelle vir kurrikulumontwikkeling te ondersoek. Hieruit sal die nodige agtergrond en kennis verkry word vir die daarstelling van 'n situasie-analise en die bepaling van doelstellings wat die identifisering van leerinhoud vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde sal voorafgaan.

## 3.2 MODELLE VIR KURRIKULUMONTWIKKELING

Die noodsaaklikheid van die gebruik van 'n bepaalde model waarvolgens 'n kurrikulum ontwerp en opgestel kan word, word deur Niebuhr (1986:62) beklemtoon, wat meld dat 'n model die voordeel inhou dat dit 'n "raamwerk daarstel waarin verskillende teorieë en opvattings oor die kurrikulumaangeleentheid geakkommodeer kan word". Dit neem gewoonlik die vorm van 'n skematiese uiteensetting aan waardeur die hoofelemente op 'n eenvoudige wyse uitgelig word (Niebuhr, 1986:67).

Vervolgens word enkele prominente kurrikulummodelle kortliks uiteengesit.

### 3.2.1 Die model van Tyler (1949)

Steyn (1992:12) beskou Tyler as die "vader" van kurrikulumstudies in die internasionale literatuur, aangesien sy uitsprake oor kurrikulumontwikkeling sy volgelinge soos Taba, Wheeler en Nicholls gestimuleer het om die teoretiese basis vir die kurrikulumteorie te lê.

Tyler se model, wat ook as die Tyler-rasionaal bekend staan, sentreer rondom die volgende kernvrae (Tyler, 1949:1):

- "What educational purposes should the school seek to attain?
- What educational experiences can be provided that are likely to attain these purposes?
- How can these educational experiences be effectively organized?
- How can we determine whether these purposes are being attained?"

Volgens Steyn (1992:13) kan vier opeenvolgende stappe vir kurrikulumontwerp op grond van Tyler se kernvrae onderskei word:

i) Identifisering van doelwitte
ii) Seleksie van leerervarings om hierdie doelwitte te bereik
iii) Strukturering van die leerervarings
iv) Evaluering van die kurrikulumuitkomste.

Tyler (1949:37) is ook van mening dat kurrikulumdata tydens die situasie-analise van die volgende bronne ingewin moet word:


* Leerders
* Gemeenskap
* Vakwetenskap

Hy wys verder daarop dat daar uit die spektrum van moontlike doelstellings wat ná 'n analise van die bovermelde drie bronne geïdentifiseer is, 'n seleksie gedoen moet word deur gebruik te maak van skerms waardeur die belangrike doelstellings kan filtreer, terwyl minder belangrike doelstellings uitgeskakel kan word. Tyler sien die onderwysfilosofie as eerste skerm terwyl 'n tweede skerm - die leerpsigologie - as finale filter moet dien.

Figuur 3.1 is 'n skematiese voorstelling van Tyler se kurrikulummodel, soos deur Popham en Baker gekonstrueer, ten opsigte van die determinante wat in die situasie-analise in aanmerking geneem moet word (Mostert, 1986:67).

**Figuur 3.1**

**DIE TYLER-RASIONAAL**




Volgens Mostert (1986:67) vorm die determinante wat Tyler in sy model geïdentifiseer het, feitlik deurgaans die grondslag van die kurrikulumliteratuur. In aansluiting hierby dui Jansen (1984:122) aan dat die model van Tyler veral nuttig is weens die lineêre volgorde waarin die kurrikulumhandelinge aangedui word.

Ook Beauchamp (1981:70) beskou Tyler se model as van groot waarde, veral omdat die vier kernvrae wat daarin geformuleer is, dié betrokke model as die gewildste in die kurrikulumteorie gevestig het.

### 3.2.2 Die model van Taba (1962)

Taba se kurrikulummodel berus net soos dié van Tyler op 'n lineêre grondslag, maar sy brei die kurrikuleringshandelinge na sewe uit. Hierdie sewe handelinge, wat sy as die *ontwerpfase* beskou, is die volgende (Taba, 1962:12):

"Step 1: Diagnosis of needs
Step 2: Formulation of objectives
Step 3: Selection of content
Step 4: Organization of content
Step 5: Selection of learning experiences
Step 6: Organization of learning experiences
Step 7: Determination of what to evaluate and of the ways and means of doing it."

Taba (1962:458) kom tot die gevolgtrekking dat die ontwerpstadium opgevolg moet word deur verdere stappe, wat sy as 'n globale kurrikulummodel beskou. Hierdie globale model sien soos volg daar uit:

"1. Pilot teaching-learning units
2. Testing experimental units
3. Revising and consolidating
4. Developing a framework
5. Installing and disseminating units."

### 3.2.3 Die model van Wheeler (1967)

Wheeler (1983:30) stel in 1967 'n kurrikulummodel wat uit vyf fases bestaan, bekend:


1. "The selection of aims, goals and objectives
2. The selection of learning experiences calculated to help in the attainment of these aims, goals and objectives
3. The selection of content (subject matter) through which certain types of experience may be offered
4. The organization and integration of learning experiences and content with respect to the teaching-learning process within school and classroom
5. Evaluation of the effectiveness of all aspects of phase 2, 3 and 4 in

attaining the goals detailed in phase 1."

Wheeler beskou bogenoemde fases ook as lineêr opeenvolgend, maar noem dat dit ook siklies voorgestel kan word omdat die finale fase, naamlik die evalueringsfase, weer 'n invloed op die eerste fase uitoefen (Jansen, 1984:124). In figuur 3.1 word sy sikliese kurrikulummodel voorgestel:

**Figuur 3.2**

**DIE MODEL VAN WHEELER**




### 3.2.4 Die model van Nicholls en Nicholls (1972)


Soos Wheeler, sien Nicholls en Nicholls (1978:21) kurrikulumontwerp as 'n sikliese proses wat uit vyf fases bestaan:

1. "Situation analysis
2. Selection of aims and objectives
3. Selection and classification of content
4. Design of learning opportunities and experiences

5. Evaluation."

**Figuur 3.3**

**DIE MODEL VAN NICHOLLS EN NICHOLLS**




Alhoewel hierdie model soos dié van Wheeler ook siklies is, toon Jansen (1984:125) die volgende twee belangrike en unieke verskille aan:

1. Die fase van "behoeftebepaling" (situation analysis) word as 'n baie belangrike stap in die kurrikuleringsproses ingevoeg.
2. Die stappe van *selektering van leerervaringe* en *selektering van leerinhoud*, soos in Wheeler se model vervat, word in die Nicholls-model in omgekeerde volgorde hanteer. Jansen (1984:125) noem ook dat *leerervaringe* deur Nicholls as "metodes" geïnterpreteer word en derhalwe die "didakties-vormlike" aspekte van die kurrikulum in hierdie stap verteenwoordig.

### 3.2.5 Die model van Jansen (1984)

Jansen (1984:210) ontwikkel in 1984 'n kurrikulummodel ná 'n omvattende studie van

die bekendste modelle. Alhoewel sy model hoofsaaklik ontwikkel is vir gebruik in 'n nasionale kurrikulumsentrum, kan dit tog van groot waarde wees om dit kortliks te bestudeer.


Jansen se model onderskei ses fases in kurrikulumontwikkeling:

1. "Inisiëring
2. Beplanning
3. Ontwikkeling van nuwe materiaal
4. Uittoetsing
5. Implementering
6. Summatiewe evaluering".

Sy kurrikulumonwikkelingsmodel sien skematies soos volg daaruit:

**Figuur 3.4**

**KURRIKULUMMODEL VAN JANSEN**



Na Mostert (1986:69) se omvattende bestudering van die kurrikulumliteratuur, kom sy tot die gevolgtrekking dat

* "die situasie-analise die belangrikste eerste stap in die ontwerp van 'n kurrikulum vorm;
* kurrikulumontwerp 'n sikliese proses is wat by enige punt in die siklus kan begin en weer eindig na voltooiing van die siklus;
* kurrikulumontwikkeling nie 'n eenmalige handeling is nie, maar dat veranderlikes voortdurend gemonitor moet word;
* daar in die situasie-analise aan drie determinante aandag gegee moet word, naamlik die leerder, die vakwetenskap en die gemeenskap;
* die bogenoemde determinante interafhanklik van mekaar is en nie in isolasie bestudeer moet word nie; en
* alle kurrikuleringshandelinge deur 'opvoedkundige filosofie/teorie en die eise van die opvoeding onderlê word'."

### 3.2.6 Die model van Malan en Du Toit

Malan en Du Toit (1991:6) verdeel kurrikuleringsaktiwiteite in drie afdelings of vlakke, naamlik **makrovlak, mesovlak** en **mikrovlak.** Die aktiwiteite op elke vlak word deur hierdie skrywers soos volg saamgevat:

MAKROVLAKAKTIWITEITE

Op hierdie vlak word daar hoofsaaklik aan die ontwikkeling van die kursuskurrikulum aandag gegee: Dit bestaan uit die volgende fases:

* Behoeftebepaling
* Formulering van kursusdoelwitte
* Seleksie van vakkursusse
* Ordening van vakkursusse
* Vasstelling van die opleidingstydperk
* Toedeling van tyd vir onderrig-leergeleenthede
* Bepaling van akademiese vereistes soos toelatings- en bevorderingsvereistes
* Evaluering van die tersaaklike kursuskurrikulum

MESOVLAKAKTIWITEITE

Malan en Du Toit (1991:6) beskryf hierdie vlak as dié vlak waarop daar met die ontwikkeling van die onderskeie vakurrikulums van 'n bepaalde kursusprogram begin word. Die stappe op hierdie vlak kom grootliks ooreen met die stappe wat in ander kurrikulummodelle gevolg word en word ook as 'n siklushandeling hanteer.
Dié vlak bestaan uit:

* "Kennisname van die inhoud van die kursuskurrikulum
* Formulering van die vakkursusdoel
* Formulering van sillabustemadoelstellings
* Ordening van sillabustemadoelstellings
* Seleksie van sillabustemas
* Ordening van sillabustemas
* Evaluering van die tersaaklikheid van die sillabus"

MIKROVLAKAKTIWITEITE

Volgens Malan en Du Toit (1991:17) lê die ontwikkelingstaak van die kurrikulum op mikrovlak hoofsaaklik by die "individuele dosent en behels dit die verantwoordbare seleksie van spesifieke leerinhoud vir die geselekteerde voorgeskrewe sillabustemas, asook die beplanning van onderrigleergeleenthede".

Omdat hierdie vlak buite die veld van die navorsing val, sal daar nie in detail daarop ingegaan word nie.

### 3.2.7 Die model van Steyn

Ná die bestudering van literatuur oor kurrikulummodelle, kom Steyn (1992:14) tot die gevolgtrekking dat daar hoofsaaklik twee verwysingsraamwerke in die onderskeie kurrikulummodelle is. Hy meld dat die eerste groep skrywers wat 'n verwysingsraamwerk daarstel nie 'n duidelike onderskeid maak tussen "kurrikulumontwerp" en "onderrigontwerp" nie. Volgens Steyn beskou hierdie groep die skryf van doelwitte vir lesse, asook die stel van voorskrifte oor leerervarings en evaluering van leerinhoud, as deel van kurrikulumontwerp. Hierdie groep beweeg dus reeds na 'n "mikrovlak" in kurrikulumontwerp, wat baie wyer as die werklike ontwerp van 'n kurrikulum strek en derhalwe vervleg raak met "onderrigontwerp". Steyn kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen kurrikulumontwerp en onderrigontwerp. Hy huldig ook die sienswyse dat daar nie tydens die ontwikkeling van die kurrikulum voorskriftelik te werk gegaan behoort te word met betrekking tot onderrigontwerp nie.

Steyn (1992:15) beklemtoon ook dat daar by die ontwerp van 'n vakkurrikulum nie enige onderrig-leerontwerp ingebou kan word nie aangesien die onderwyser as opgeleide en professionele persoon sélf die vakkurrikulum ooreenkomstig die bepaalde karaktertrekke van studente en die behoeftes van die gemeenskap behoort te interpreteer. Enkele eksemplare van lesse kan egter wel in 'n gids vir die implementeerders uitgewerk word om die bedoeling van die kurrikuleerder te illustreer.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die sogenaamde "siklus" by kurrikulumontwerp nie te wyd gesien behoort te word nie. Dit moet daarom nie lei tot voorskrifte oor die onderrig-leersituasie nie, aangesien die ontwerp van 'n kurrikulum duidelik van die leeraktiwiteite binne die klaskamer onderskei moet word.

Steyn (1992:15) stel die volgende stappe voor vir die ontwerp van 'n vakkurrikulum:

1. "Situasie-analise
2. Formulering van doelstellings
3. Seleksie en klassifikasie van leerinhoud
4. Voorstelling van riglyne vir die seleksie van onderrigmetodes en evalueringstrategieë."

Alhoewel die stappe wat Steyn hierbo noem, in 'n groot mate ooreenkom met dié van die modelle wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is, word daar van onderrigontwerp af wegbeweeg en val die klem dus streng op die kurrikulum vir 'n vak en die gepaardgaande identifisering van leerinhoud.

### 3.2.8 Gevolgtrekking

Uit die modelle wat in par. 3.2.7 beskryf is, word dit duidelik dat kurrikulumontwerpers 'n bepaalde rasionaal volg om uiteindelik tot die daarstelling van 'n vakkurrikulum te kom. Die modelle wat hier beskryf is, dui almal daarop dat die ontwerp van die vakkurrikulum en daarmee saam ook die identifisering van leerinhoud, nie na behore gedoen kan word tensy die volgende stappe gevolg word nie:

- **Situasie-analise**
- **Formulering van doelstellings**
- **Seleksie en klassifikasie van leerinhoud**
- **Beskikbaarstelling van riglyne vir aanbieding van leerinhoud en strategieë vir evaluering.**

Daar kan dus met reg aanvaar word dat, deur gebruik te maak van 'n kurrikulummodel waarin die genoemde stappe gevolg word, 'n sinvolle seleksie van leerinhoud vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 gedoen sal kan word. Dit sal derhalwe nodig wees om eers die stappe soos hierbo geïdentifiseer en wat die seleksie van leerinhoud voorafgaan, te ontleed voordat daar tot die seleksie van

leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 oorgegaan word.

In die afdelings wat hierop volg, sal daar dus gekyk word na relevante literatuur wat 'n bydrae kan lewer tot 'n situasie-analise vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3. Die bestudering van literatuur kan ook lei tot die bepaling van doelstellings vir dié vakkurrikulum.

## 3.3 'N SITUASIE-ANALISE VIR 'N BEROEPSRELEVANTE VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3

### 3.3.1 Inleiding

Alhoewel die situasie-analise nie prominente aandag in die minder resente kurrikulum-modelle geniet nie, neem dit 'n baie belangrike plek in die hedendaagse ontwerp van 'n kurrikulum in. In die literatuur van Nicholls en Nicholls (1978:21), Mostert (1986:60) en Steyn (1992:16) word beklemtoon dat 'n situasie-analise as belangrikste eerste stap in kurrikulumontwerp gesien moet word.

### 3.3.2 Omskrywing en belangrikheid van die situasie-analise

Die belangrikheid van die situasie-analise word weerspieël in die stelling van Mostert (1986:60) dat die situasie-analise as "voorwaarde tot doelformulering dien en daarom nie as 'n eng diagnosering van leerlingbehoeftes gesien [moet] word nie, maar as 'n omvattende diagnosering waarin alle faktore wat die totale situasie mag beïnvloed, verreken word."

Op sy beurt omskryf Krüger (1980:35) 'n situasie-analise soos volg:

> "Situasie-analise behels die geheeloorsig oor die terrein wat gedek word in 'n bepaalde onderrigsekwens en die daaruitontspringende doelstellings of voorneme met die onderrig. Die vertrekpunt by alle kurrikulumontwerp be-

> hoort 'n haarfyn analise van die determinante van die onderhawige sowel as die te bereikte situasie te wees."

Steyn (1992:15) toon aan dat die situasie-analise 'n direkte en indirekte funksie vervul. Hy sit hierdie tweërlei funksie soos volg uiteen:

> "The **direct** purpose is to analyze all relevant information about the learner, society (in general and vocational), logistics of the institutional environment and the educational goals and aims of the school that may influence the goals of the curriculum and subject curricula. The **indirect** purpose of a situation analysis is to apply the rationale for the curriculum or subject curricula."

### 3.3.3 Determinante van die situasie-analise

Net soos in die Tyler-rasionaal, beskou Mostert (1986:68) die situasie-analise as bestaande uit drie determinante, te wete

* die leerder
* die vakwetenskap
* die gemeenskap.

Mostert dui aan dat dié drie determinante interafhanklik van mekaar is en tydens 'n situasie-analise nooit in isolasie bestudeer moet word nie. Hy beklemtoon dat die totale situasie uiteindelik in die doelformulering opgeneem moet word. Mostert (1986 :70) beklemtoon die interafhanklikheid van die determinante en toon aan dat dit in die didaktiese situasie gaan om "onderrig en leer aan die hand van leerinhoud. Die kind moet die leerinhoud leer. Volgens Louw (1982:13) "kan daar dus nie 'n analise gemaak word sonder dat die gereedheidsniveau en die leerwyses van die kind in aanmerking geneem word nie."

Louw (1982:13) verwys ook na die verband tussen die drie determinante en wys daarop dat

> "... leerinhoud (maatskaplik-sosiaal genormeerd en beteken) in die skool deur middel van die onderrig in funksie gestel [word] sodat die kind uiteindelik op grond van die volwaardige onvoorwaardelike toe-eiening daarvan die maatskaplik-sosiaal bepaalde verwagting in die kwaliteit van sy handelinge, houdings, gesindhede kan openbaar."

Ook Steyn (1992:16) beskou bogenoemde determinante as die kern van die situasie-analise en meld dat 'n analisering hiervan tot die volgende stap, naamlik die bepaling van doelstellings vir die kurrikulum, sal lei.

In die identifisering van leerinhoud vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3, sal daar derhalwe aan die bestudering van bovermelde determinante aandag gegee moet word.

#### 3.3.3.1 Die leerder as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3

Vir die doel van hierdie navorsing kan die teikenpopulasie geïdentifiseer word as studente (leerders) wat aan kolleges vir beroepsonderwys vir studieprogramme inskryf waarby Rekeningkunde as vak ingesluit is. In hierdie afdeling sal 'n ontleding van hierdie teikenpopulasie gedoen word en sal daar as deel van die situasie-analise ook gekyk word na hoe dié studente verskil van leerlinge wat aan sekondêre skole studeer. Die bekwaamhede van die leerlinge wat van skole na die kolleges vir beroepsonderwys gekanaliseer word, is daarom ook ter sprake en sal verdere aandag geniet.

i) **Teikengroepontleding**

a) **Oriënterend**

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat studente aan kolleges vir beroepsonderwys studeer met die oog daarop om hul vir 'n bepaalde beroep voor te berei (kyk par. 2.2). Daar is ook gemeld dat die handelstudierigting wat tans aan sekondêre skole aangebied word, meer gerig is op die ontwikkeling van basiese beroepsvaardighede en -gesindhede by die leerling sodat hy makliker en vinniger vir 'n bepaalde beroep opgelei kan word ná toetrede tot die wêreld van werk (kyk paragraaf 2.3.3.1).

Beroepsonderwys, soos in die Sakestudieprogramme vir N1 tot N3 aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied, behels egter die onderrig van studente wat reeds hul sekondêreskoolloopbaan voltooi het en ten minste 'n standerd 7-kwalifikasie behaal het. Derhalwe sal die persoonsprofiel van die student wat aan 'n kollege vir beroepsonderwys studeer nie noodwendig ooreenstem met dié van leerlinge van die sekondêre skool nie. Daar sal egter 'n aantal raakpunte wees tussen die student en skoolleerling. Kolleges vir beroepsonderwys bied nie net beroepsonderwys aan volwassenes nie, maar kan ooreenkomstig artikel 37 van die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981) ook onderrig aan skoolpligtiges bied om hulle beroepsgereed te maak.

b) **Kenmerke van studente wat in 'n Sakestudierigting aan 'n kollege vir beroepsonderwys studeer**

In die literatuur is beperkte navorsingsresultate oor hierdie aangeleentheid gerapporteer. In die RSA is daar ook min navorsing onderneem oor die persoonsprofiel van die studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys studeer. Weens die feit dat hierdie inligting egter van wesenlike belang is in die kurrikulering van kursusse aan kolleges vir beroepsonderwys, is enkele vrae in die vraelys wat vir die verkryging van empiriese data aan sakeondernemings en rekenmeestersfirmas gestuur is, ingesluit om te bepaal wat die siening van werkgewers tans is met betrekking tot werknemers wat in 'n rekeningkundige rigting in die werksituasie aangewend word. Die data wat op hierdie wyse

verkry is, sal in Hoofstuk 4 bespreek word.

Evans en Herr (1978:213) doen 'n teikengroepontleding van studente wat aan Amerikaanse beroepsonderwysinstellings studeer vanuit drie perspektiewe, naamlik geslag, akademiese agtergrond en vereistes waaraan die studente moet voldoen om tot 'n beroepsonderwysinstelling toegelaat te word. Darkenwald en Merriam (1982:87) beskou ook aanleg en belangstelling as 'n kategorie wat in aanmerking geneem behoort te word om 'n leerder vir die wêreld van werk gereed te maak. Kelly (1989:100) noem dat leerinhoude in die kurrikulum op die belangstelling van die leerder gerig moet wees. Hierdie siening word ook deur Olivia (1992:221) ondersteun wat melding maak van die feit dat enige kurrikulummodel die individuele belangstellingsvelde van leerders in ag moet neem.

In die bestudering van die teikengroep wat aan kolleges vir beroepsonderwys in die RSA studeer, sal daar derhalwe aan die volgende kategorieë aandag geskenk word:

* Geslag
* Akademiese agtergrond
* Voldoening aan toelatingsvereistes

**Geslag**

Alhoewel die persepsie in die VSA bestaan dat die meederheid beroepsonderwysstudente manlik is, toon 'n vroeëre opname by kolleges in die VSA dat ongeveer 60 % studente vroulik is (Evans & Herr, 1978:214). Damestudente wat gedurende die tweede helfte van 1987 by "community colleges" in die VSA studeer het, het ongeveer 53 % van die inskrywings verteenwoordig (DOK (AV), 1989:50). Jallade (1989:105) meld dat die persentasie damestudente jaarliks in verhouding tot mans vir beroepsrigtings in Sakestudies aan onderwysinstellings in die VSA en Wes-Europese state toeneem. Statistiek vir kolleges vir beroepsonderwys in die RSA toon dat 38 % van die amptelike telling ("koppetelling") van 92 964 studente (koppetelling) wat op die eerste Dinsdag in Junie 1992 geregistreer was, vroulik is (DNO, 1992:8). Vir die Sakestudierigtings,

waaronder alle rekeningkundige onderrigaanbiedinge ressorteer, was 74,8 % van die totale populasie vroulik (DNO, 1992:10).

**Akademiese agtergrond**

Ten opsigte van akademiese agtergrond en kognitiewe vermoëns van studente wat aan beroepsonderwysinstellings studeer, is bevind dat beroepsonderwysstudente in die VSA swakker presteer in werkopdragte wat oorwegend kognitiewe eise stel as studente wat aan ander akademiese onderwysinstellings studeer (DNO, 1983:219). Daar is ook bevind dat hierdie studente voorkeur gee aan tegniese en praktiese onderwysprogramme. Die oorsese sending van die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK (AV), 1989:51) se bevinding in hierdie verband was dat studente aan "community colleges" in die VSA hul studies aanpak met laer vlakke van akademiese prestasie as studente aan vierjaarkolleges en universiteite. Hierdie kolleges het 'n oop toelatingsbeleid, alhoewel plasingstoetse afgeneem word. In teenstelling hiermee noem Rudolph (1989:96) dat die meerderheid leerlinge in die Demokratiese Republiek van Duitsland (ongeveer 80 %) ná voltooiing van hul sekondêre onderwysloopbaan vir twee jaar of meer 'n beroepskool bywoon. Dit bring mee dat die akademiese standaard van studente aan beroepskole in Duitsland baie hoog is. Derhalwe kan aanvaar word dat daar nie in Duitsland 'n wesenlike verskil in die akademiese standaarde van studente aan sekondêre akademiese instellings en beroepskole is nie.

Wat beroepsonderwys aan kolleges vir beroepsonderwys in die RSA betref, word studente wat aan dié kolleges inskryf, normaalweg nie uit die "akademiese onderwysstroom" (DOK (AV), 1990a:54) getrek nie en het in baie gevalle reeds iewers langs die akademiese pad misluk. Uit 'n peiling wat onder kommunikasielektore verbonde aan kolleges vir beroepsonderwys gehou is, wil dit voorkom of die akademiese prestasie van 'n groot aantal studente wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys inskryf sterker op konkrete (nie-verbale) as op abstrakte (verbale) vermoëns berus.

**Toetree-ouderdom en toelatingsvereistes**

Uit die literatuur wat bestudeer is, is dit duidelik dat studente op grond van wyd uiteenlopende vereistes tot beroepsonderwysinstellings in die VSA en ander oorsese lande toegelaat word. Sommige kan nie by die hoofsaaklik akademiesgerigte skoolstelsel inpas nie; ander se akademiese prestasie is swakker as dié van die gemiddelde leerling in hul ouderdomsgroep en 'n derde groep verkies die meer volwasse onderrigbenadering wat aan beroepsonderwysinstellings gevolg word (DOK (AV), 1989:68). Alhoewel baie kolleges 'n oopdeurbeleid met betrekking tot toelatingsvereistes volg, moet studente wat tot tersiêre kursusse toegelaat word, 'n toelatingseksamen aflê. Studente van sekondêre skole in die VSA kan in hulle twaalfde skooljaar, met die toestemming van die hoof, vir sekere gevorderde kursusse by 'n "community college" inskryf. Studente wat tot 'n tweejarige graadkursus aan 'n "community college" toegelaat wil word, moet oor 'n sekondêre diploma of die "high school diploma equivalency certificate (GED)" beskik (DOK (AV), 1989:69).

In België word studente reeds vanaf 15-jarige ouderdom tot die Sentrum vir Middenstandonderwys, wat beroepsonderwys aanbied, toegelaat. Hierdie studente moes egter reeds die primêreskoolfase sowel as minstens twee jaar aan 'n sekondêre skool voltooi het (Van Graan & Joubert, 1992:35). In die Bondsrepubliek van Duitsland is die bywoning van beroepskole vir alle studente tot die ouderdom van 18 jaar wat nie 'n ander sekondêre skool bywoon nie, verpligtend. Dit bring mee dat ongeveer 68 % van alle Duitse skoolpligtiges tussen die ouderdomme van 16 en 18 jaar by beroepskole ingeskryf is (DOK (AV), 1989:117).

In die RSA kan skoolpligtiges, voordat hulle die ouderdom van 16 jaar bereik het, tot kolleges vir beroepsonderwys toegelaat word met die skriftelike toestemming van die hoof van die sekondêre skool waar hulle ingeskryf was (DOK (AV), 1984a:1). Ander toelatingsvereistes vir studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys wil inskryf, word soos volg in Eksameninstruksie 56 van 1984 (DOK (AV), 1984c) uiteengesit:

"Vir toelating tot die pretersiêre Nasionale N1-sertifikaat:

* 'n Standerd 7-sertifikaat waarin daar vir sommige N1-kursusse ook 'n slaagpunt vir Wiskunde en Wetenskap op die gewonegraadvlak vereis word.

Vir toelating tot die pretersiêre Nasionale N2-sertifikaat:

* 'n N1-sertifikaat, of die kandidaat moes minstens 3 toepaslike vakke in standerd 8 op hoër- of standaardgraadvlak geslaag het.

Vir toelating tot die pretersiêre Nasionale N3-sertifikaat:

* 'n N2-sertifikaat of die kandidaat moes minstens 3 vakke in standerd 9 op hoër- of standaardgraadvlak geslaag het.

* Kandidate wat die meerderheid van vakke op die laer graad in hulle sekondêre skoolkursus gevolg het, mag toegelaat word tot die vlak wat vergelykbaar is met die standerd wat hulle op skool geslaag het, d.w.s. 'n kandidaat wat reeds 'n standerd 8-sertifikaat op die laer graad verwerf het, mag tot die N2-sertifikaat-kursus toegelaat word."

Uit die voorgaande blyk dit dat daar 'n streng toelatingsbeleid neergelê is vir studente wat 'n beroepstudierigting aan kolleges vir beroepsonderwys in die RSA wil volg. Al word daar in sommige bronne aangetoon dat 'n aantal studente wat op pretersiêre vlak aan kolleges vir beroepsonderwys studeer, swakker presteerders in die sekondêre skool was as dié leerlinge wat met 'n akademiese loopbaan voortgaan, ís dit tog duidelik dat daar nie 'n sogenaamde oopdeurbeleid gevolg word waardeur kandidate summier tot beroepstudie aan kolleges vir beroepsonderwys toegelaat word nie. Vir die kurrikuleerder is hierdie gegewens belangrik, veral om te verseker dat die moeilikheidsgraad van leerinhoud vir die verskillende kurrikula van vakke wat aangebied word, binne die kognitiewe vermoë van die studente val. Terselfdertyd moet die kurrikuleerder verseker dat die kurrikulum nie in so 'n mate eensydig by die kenmerke van die student

aangepas word dat die belangrikheid van beroepsrelevansie van die kurrikulum uit die oog verloor word en die vereistes wat die beroepsgemeenskap aan die onderrigleerproses stel, nie bevredig word nie.

**c) Vereistes wat werkgewers in die RSA by beroepstoetrede aan 'n leerder stel met betrekking tot werksvaardighede en gesindhede**

Kolleges vir beroepsonderwys is in die lewe geroep met die doel om beroepsonderwys aan studente te verskaf waardeur in opleidingsbehoeftes van die handel en nywerheid voorsien word (kyk paragraaf 1.2.4). Dit is daarom noodsaaklik dat die ekonomiese instellings aan wie kolleges vir beroepsonderwys 'n onderrig- en opleidingsdiens verskaf, betrokke moet wees by die identifisering van die eise met betrekking tot die werksvaardighede en gesindhede wat by beroepstoetrede aan die afgestudeerde student gestel word.

In hierdie afdeling word daar, as deel van die ontleding van die leerder as determinant van die situasie-analise, aandag geskenk aan navorsingsresultate oor die vereistes wat werkgewers stel aan skoolverlaters wat tot 'n beroep toetree. Die inligting wat deur die empiriese ondersoek in hierdie navorsing verkry word, sal later in die lig hiervan geïnterpreteer word (kyk paragraaf 4.5.5.5).

In hierdie verband kan daar kortliks gekyk word na die bevindinge van Subverslag 4 (DOK (AV), 1990d), wat deel gevorm het van 'n omvattende verslag oor die toekoms van onderwys in Suid-Afrika. Dié bepaalde ondersoek is geloods met die doel om werksvaardighede en -gesindhede van skoolverlaters in besit van 'n standerd 7-, 8- of 10-sertifikaat te bepaal (DOK (AV), 1990d:1).

Alhoewel hierdie Subverslag gerig is op skoolverlaters, terwyl die ondersoek wat vir die doel van hierdie navorsing gedoen is op kollegeverlaters in besit van die N-sertifikaat van toepassing is, kan die resultate van hierdie Subverslag tog van waarde wees aangesien vereistes wat werkgewers aan skool- en kollegeverlaters stel wat ná standerd 10- of N3-vlak tot 'n beroep toetree, grootliks ooreen behoort te stem.

In die steekproef vir bogenoemde navorsing is gebruik gemaak van werkgewers uit die private sowel as die openbare sektore. Respondente het, in terme van primêre aktiwiteite van die onderneming, 'n breë spektrum van aktiwiteite verteenwoordig, naamlik uit die diens- sowel as die finansiële sektor (DOK (AV), 1990d:1).

'n Vraelys is aan respondente gestuur waarin hulle versoek is om die belangrikheid van elke afleier op 'n vierpuntskaal te beoordeel in terme van

a) die noodsaaklikheid daarvan as vereiste, en

b) die mate waarin skoolverlaters aan die vereiste voldoen (kyk Bylae A).

Respondente moes ook ten opsigte van elke afleier die vyf vereistes wat hulle as die belangrikste ag vir 'n skoolverlater wat tot die beroepswêreld toetree, selekteer en 'n prioriteitsorde daaraan toeken. Hulle het ook geleentheid gehad om aan te dui in welke mate vereistes wat aan skoolverlaters in besit van 'n standerd 10-sertifikaat gestel word, verskil van dié van skoolverlaters wat slegs in besit van 'n standerd 7- of 8-sertifikaat was. Vanweë die klein aantal werkgewers wat aangedui het dat werknemers hoogstens oor standerd 7- of 8-kwalifikasies beskik, word slegs die resultate van die ondersoek met betrekking tot standerd 10-skoolverlaters in hierdie afdeling vervat.

In totaal is 303 vraelyste aan werkgewers gestuur wat deur die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) in oorleg met die RGN geïdentifiseer is. Hierdie werkgewers het 'n breë spektrum van organisasies in die handel en nywerheid sowel as in die openbare sektor verteenwoordig. Die nywerheidsklassifikasie van die Departement van Mannekrag is gebruik vir die seleksie van die werkgewers aan wie die vraelyste gestuur is. Weens die tempo waarteen die ondersoek afgehandel moes word, kon daar nie van 'n verteenwoordigende steekproef gebruik gemaak word nie en is die nywerheidsklassifikasie van die Departement van Mannekrag as riglyn gebruik vir die uitstuur van die vraelyste.

Daar word derhalwe beklemtoon dat die bevindinge van die ondersoek nie as verteenwoordigend van alle werkgewers in die RSA beskou kan word nie, maar dat dit tog as 'n goeie aanduiding kan dien van die vereistes wat werkgewers aan skoolverlaters stel (DOK (AV), 1990d:1).

Aangesien die situasie-analise se rigtinggewende waarde vir die identifisering van leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde in hierdie Hoofstuk as fokus geneem word, word daar slegs op die resultate met betrekking tot reken- en veral die syfervaardighede van die departementele studie gekonsentreer omdat dit direk met rekeningkundige vaardighede vergelykbaar is.

Die navorsing met betrekking tot rekenvaardighede, soos in die verslag uiteengesit (kyk Bylae A), dui aan dat rekenvaardighede deur werkgewers as minder belangrik geag word. Volgens respondente beskik skoolverlaters in 'n hoë mate oor die rekenvaardighede wat vereis word, met die moontlike uitsondering van die vermoë om eenvoudige berekeninge te doen. Hierdie afleiding is egter in teenstelling met navorsing wat deur Hirschowitz *et al.* (1989) gedoen is oor kennis en vaardighede wat nodig is vir die bedryf van 'n sakeonderneming. In die verslag waarin navorsingsbevindinge uiteengesit is (Hirschowitz *et al.*, 1989:66), is gevind dat rekenvaardighede met betrekking tot die bepaling van koste, rekeningkundige aangeleenthede en die opstel van finansiële state van die laagste vaardighede is waaroor respondente beskik het. Daar is ook aangedui dat die behoefte aan opleiding in rekenkundige en rekeningkundige aangeleenthede van klein sakeondernemings, baie groot is. Vaardighede in die hantering van 'n onderneming se rekeningkundige stelsel is derde op 'n prioriteitslys van 14 noodsaaklike vaardighede wat van belang is vir die opening en bedryf van 'n klein sakeonderneming (Hirschowitz *et al.*, 1989:59). Daar is verder in dié verslag (1989:134) aangedui dat entrepreneursvaardighede met betrekking tot kosteberekening, finansiële rekordhouding, die bestudering van beleggingsmoontlikhede en finansiering kortkom en dat dit derhalwe in 'n kurrikulum vir entrepreneurskap ingesluit behoort te word. Dit dui daarop dat heelwat respondente in hierdie RGN-ondersoek ook oor 'n swak rekenvaardigheid beskik.

In hierdie verband kan egter gemeld word dat daar in die vraelys vir standerd 10-skoolverlaters net op afleiers met betrekking tot rekenvaardighede gekonsentreer is en dat daar geen vrae ingesluit is wat ook die rekeningkundige en kosteberekeningsvaardighede van skoolverlaters kon bepaal nie.

**d) Gevolgtrekkings**

Die gevolgtrekkings wat uit die literatuurstudie oor die teikengroepkenmerke van die leerder gemaak kan word, is die volgende:

* Leerders wat aan kolleges vir beroepsonderwys in 'n rekeningkundige rigting op die N1- tot N3-vlak studeer, het reeds die eerste fase van hul sekondêreskoolloopbaan voltooi en ten minste 'n standerd 7-kwalifikasie behaal.

* Alhoewel 'n groot aantal van die leerders aan kolleges vir beroepsonderwys in dieselfde ouderdomsgroep as leerlinge in sekondêre skole val en daar ook 'n aantal raakpunte tussen hulle is, is die persoonsprofiel van studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys studeer nie noodwendig dieselfde as dié van leerlinge aan sekondêre skole nie.

* Tans skryf meer dame- as manstudente vir die sakestudierigtings in en derhalwe word daar meer op die sekretariële onderrigprogramme gekonsentreer. Die verband tussen kennis en vaardighede wat studente dus in hierdie verband benodig, en rekeningkundige kennis en vaardighede wat vir die bedryf van 'n sakeonderneming as geheel benodig word, sal dus in oënskou geneem moet word.

* Soos reeds genoem, is die toelatingsvereiste vir die N1-studierigtings aan kolleges vir beroepsonderwys 'n standerd 7-sertifikaat. Die toelatingsvereistes wat gestel word, bring mee dat daar binne die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorsiening gemaak behoort te word vir die aanbieding van die vak vanaf 'n aanvangsvlak en grondbeginsels.

* Ten slotte blyk dit uit Subverslag 4 (DOK (AV), 1990d) dat leerders op die N1- tot N3-vlak in die algemeen nie aan die vereistes wat werkgewers aan hulle stel, voldoen nie. Dit bring mee dat 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde meer op die toepassing van teoretiese kennis sal moet konsentreer en dat daar minder klem op die blote memorisering van kennis moet wees.

### 3.3.3.2 Die vakwetenskap/makroleerinhoud as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3

#### i) Inleiding

Pieters (1987:4) wys daarop dat Rekeningkunde 'n "toegepaste wetenskap" is en daarom ingestel is op die wetenskaplike bestudering van rekeningkundige praktyke wat tot gevolg het dat die vakgebied die behoeftes van die belanghebbendes die beste kan dien.

Om te verseker dat hieraan voldoen word, is 'n omvattende vraelysstudie onder alle lektore van kolleges vir beroepsonderwys onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur (Ex Administrasie: Volksraad) onderneem waarin terugvoering oor elke tema in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 verkry is. Dié navorsing, wat ook deel van hierdie determinant van die situasie-analise vorm, word in Hoofstuk 4 behandel. Daar sal dus nie in hierdie Hoofstuk verder daaraan aandag gegee word nie, maar wel aan dié deel van die situasie-analise wat die empiriese ondersoek voorafgegaan het en op grond van die literatuurstudie 'n bydrae tot die vakwetenskap as determinant kan lewer.

Malan en Du Toit (1991:8) meld dat daar by die situasie-analise vir die hersiening van 'n vakkurrikulum, die "aard van die kundighede, vaardighede en gesindhede wat van die afgestudeerde verlang word," in oënskou geneem moet word deur die volgende eksterne bronne te raadpleeg:

* Professionele beroepsrade
* Professionele beroepsverenigings

* Beroepsbeoefenaars
* Beroepstydskrifte en verwante literatuur
* Taak- en funksie-analise
* Kenners op die gebied van mensekragbehoeftes

Soos reeds genoem, word sekere van bogenoemde aspekte as deel van die empiriese ondersoek opgeneem. In Hoofstuk 4 sal daar aandag gegee word aan die insette van beroepsrade en beroepsbeoefenaars wat deel gevorm het van 'n werkswinkel waarin daar 'n taakanalise gedoen is. As tweede determinant van die situasie-analise is daar tydens die literatuurstudie ondersoek ingestel na bestaande kurrikulums en verwante literatuur oor die vakgebied, veral met betrekking tot vakke verwant aan Rekeningkunde N1 tot N3.

**ii) Die plek wat Rekeningkunde in die bestaande kurrikulums vir beroepsonderwysinstellings inneem**

Steyn (1992:17) verklaar dat dit selde nodig is om 'n kurrikulum in sy geheel te ontwikkel aangesien daar normaalweg vanuit 'n bestaande kurrikulum verdere ontwikkelingswerk gedoen kan word. Hierdie standpunt word ook ondersteun deur Beauchamp (1981:165), wat daarop wys dat die sterk en swak punte in 'n bestaande kurrikulum as uitgangspunt behoort te dien vir die vernuwing van die betrokke kurrikulum.

'n Literatuurstudie is vervolgens onderneem om ondersoek in te stel na die samestelling van onderrigprogramme vir Sakestudies wat aan 'n aantal beroepsonderwysinstellings aangebied word, sodat dit as vergelykingsbasis vir die samestelling van 'n relevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 vir kolleges vir beroepsonderwys in die RSA kan dien. Daar is in die literatuurstudie veral aandag geskenk aan die samestelling van die kurrikulum vir Sakestudies met die doel om die plek wat die onderskeie onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde in die totale kurrikulum vir Sakestudies inneem, te bepaal.

Volgens die literatuur wat geraadpleeg is, vorm Rekeningkunde 'n integrale deel van

die beroepsonderrigkurrikulum vir handelsonderwys in oorsese lande en word die vak by feitlik alle sakestudiekursusse aanbeveel of verpligtend gemaak (vgl. Musselman *et al.*, 1979:1; SCOTVEC, 1986:5; Pieters, 1987:8; en Lehrplanheft: Baden-Württemberg, 1989:45).

**a) Kurrikulum vir Rekeningkunde in die VSA**

Ongeveer 70 % van die inhoud van die beroepskurrikulum by beroepskolleges in die VSA is volgens die oorsese sending (DOK (AV), 1989:62) afgespits op 'n spesifieke beroep, teenoor 30 % algemene opvoedkundige inhoud. Wat die kurrikulum vir sakestudies betref, word in die verslag van die oorsese sending van die Departement van Nasionale Opvoeding (DNO, 1983:234) aangetoon dat handelsonderwys hoofsaaklik in twee studierigtings, naamlik business education en distributive education aangebied word. Verskeie studierigtings word in hierdie twee hoofrigtings onderskei, naamlik Rekeningkunde, Besigheids- en Kantoortegnologie, Handels- en Besigheidsadministrasie, Ekonomie, Finansies, Bestuursonderwys, Bemarking en Kleinhandelbestuur.

Musselman *et al.* (1979:1) wys daarop dat die gemeenskapskolleges ("community colleges") en ander kolleges vir beroepsonderwys in die VSA daarop gerig is om die student in staat te stel om na afhandeling van 'n onderwerp 'n bepaalde rekeningkundige funksie te bemeester en in die praktyk te kan uitvoer. Daar word dus 'n duidelike onderskeid getref tussen die vaardighede wat slegs in meer rekeningkundige klerklike werk vereis word en vaardighede wat met rekeningkundige of finansiële ontledings gepaardgaan en wat dus 'n meer intensiewe akademiese agtergrond van Rekeningkunde vereis.

Hierdie benadering bring mee dat die kurrikulum vir Rekeningkunde in beroepskolleges in die VSA vir die aanvangsvlakke van onderrig baie sterk op vaardigheidsgebaseerde en toegepaste Rekeningkunde konsentreer. Dit beteken dat daar binne die onderrigsituasie baie sterk op praktyktoepassing in die onderriglokaal gekonsentreer word en dat studente deurlopend aan die toepassing van die teorie in die praktyk blootgestel word. Derhalwe word daar in die eerste jaar saam met die rekeningkundige take ook baie

sterk op klerklike funksies in Rekeningkunde gekonsentreer, soos die invul van bron- en stawende dokumente, soorte liasseerstelsels en die gebruik daarvan vir rekeningkundige liassering, en die ontleding van rekeningkundige inligting wat op dokumente voorkom. Die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan die gemeenskapskolleges gevolg word, dui ook deurlopend aan watter kennis en vaardighede die studente na elke afdeling moes bemeester het en doelwitte vir die student word deurgaans uitgespel (vgl. Musselman *et al.*, 1979:1; Welzenbach & Heywood, 1982:383).

Ten slotte wys Musselman *et al.* (1979:1) daarop dat ondernemings se rekeningkundige stelsels in vorm heelwat van mekaar verskil en dat die studente van die begin af van hierdie variasies bewus gemaak moet word. By die onderrig van Rekeningkunde moet studente deurgaans deur middel van simulasies en oefeninge met werklike dokumente daaraan gewoond gemaak word om met verskillende ondernemings se boeke te kan werk.

**b) Kurrikulum vir Rekeningkunde in Skotland**

Beroepsonderwys in Skotland word behartig deur 'n groot aantal beroepsonderwysinstellings wat volgens Van Graan en Joubert (1992:46) onder beheer van die Scottish Vocational Education Council (SCOTVEC) staan.

SCOTVEC (1986:2-3) se hoofdoel is om beroepskwalifikasies te ontwikkel, beheer oor die akkreditering van sertifikate en diplomas uit te oefen en om behulpsaam te wees met die kurrikulering van beroepsonderwysmodules in samewerking met die handel en nywerheid.

Die indeling van beroepsonderwysprogramme kan min of meer vergelyk word met die N1- tot N3-onderrigprogramme, sowel as die N4- tot N6-onderrigprogramme wat tans by kolleges vir beroepsonderwys in Suid-Afrika aangebied word.

Wat Rekeningkunde betref, word die vak voorgeskryf in die program vir Sake- en Administratiewe studies (Business and Administration) en word die volgende breë

onderwerpskedule vir Rekeningkunde aangebied vir klein- tot middelslagondernemings (SCOTVEC, 1986:11):

**Rekeningkunde vir die algemene program**

Die inhoud word in Engels aangedui om enige verwarring met betrekking tot vakterme te voorkom.

* "Financial Recordkeeping I
* Cash Handling
* Employment and Payroll
* Personal Financial Services
* Financial Recordkeeping in a Small Business I"

**Rekeningkunde vir die spesialiteitsprogram**

* "Financial Recordkeeping II
* Financial Recordkeeping III
* Accounting I
* Accounting II
* Financial Recordkeeping in a Small Business II
* Small Business Accounting I
* Small Business Performance Evaluation
* Small Business Control
* Taxation for Small Businesses
* Investment in a Small Business"

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit dat daar in die SCOTVEC-onderrigprogramme vir Rekeningkunde, soos ook in die Amerikaanse beroepsonderwysinstellings, onderskeid getref word tussen die meer praktiese rekeningkundige funksies wat deel van die algemene onderrigprogramme uitmaak, terwyl die meer gespesialiseerde rekeningkundige funksies in die spesialiteitsprogram aangebied word. In die onderrigprogramme

word daar ook onderskeid getref tussen die meer praktiese boekhouding of rekordhoudingsfunksies ("financial recordkeeping") en rekeningkundige funksies ("accounting"). Die rekeningkundige beginsels en begrippe wat op die rekordhoudingsfunksies van toepassing is, geniet veral in die algemene onderrigprogram baie aandag terwyl daar in hierdie program ook op basiese rekeningkundige beginsels, soos die dubbelinskrywingsbeginsel en die aanleer van rekeningkundige beginsels vanuit die rekeningkundige vergelyking, gekonsentreer word. Daar word ook veral op die finansiële rekordhouding van kleinsakeondernemings gekonsentreer terwyl minder aandag aan gevorderde rekeningkundige funksies soos finansiële state van maatskappye en die ontleding en vertolking van finansiële state gegee word (SCOTVEC, 1986:11-12).

c) **Kurrikulum vir Rekeningkunde in die Federale Republiek van Duitsland**

Volgens Van Graan en Joubert (1992:8) is die stelsel van beroepsonderwys in die Federale Republiek van Duitsland baie gevorderd, veral ten opsigte van samewerking met die handel en nywerheid wat die samestelling van onderrigprogramme, kurrikulering en hulp met die verskaffing van praktykgerigte ervaring aan studente betref. Beroepsonderwys word aangebied in verskeie soorte beroepskole, soos die gewone beroepskole (Berufschule), beroepsvakskole (Berufsfachschule), aanvullende skole tot die beroepskole (Berufsaufbauschule), gevorderde vakskole (Fachoberschule), beroeps- en tegniese gimnasiums (berufliches und technisches Gymnasium) en voltydse beroeps- of tegniese kolleges (Fachschule) (Van Graan & Joubert, 1992:10).

Die snelle tegnologiese ontwikkeling en verandering wat in die handel en nywerheid in Duitsland ervaar word, stel hoë eise aan die kurrikulum en daar word voortdurend aanpassings gedoen om 'n relevante kurrikulum vir beroepsonderwys te verseker. Volgens 'n verslag van die **German Adult Education Association** (1979:17) word daar in beroepskole sterk klem op leer deur doen gelê en word daar in samewerking met die handel en nywerheid sekere praktykgerigte leeruitkomste in die vorm van opleidingsregulasies gestel waaraan studente moet voldoen voordat 'n beroepsertifikaat uitgereik kan word.

Die kurrikulum vir Sakestudies maak voorsiening vir 'n groot aantal beroepe wat strek vanaf klerklike beroepe in 'n handels- en administratiewe rigting tot meer gespesialiseerde beroepe in die sakewêreld waarin hoër eise ten opsigte van teoretiese inhoud en die praktiese toepassing gestel word (DOK (AV), 1989:140).

Volgens die beroepskurrikulum wat aan die beroepskool te Badem Würtemberg gevolg word (Lehrplanheft: Baden-Württemberg, 1989:45), neem Rekeningkunde 'n prominente plek in die kurrikulum vir Sakestudies in en word daar veral in die aanvangsonderrig sterk op die grondbeginsels en praktiese toepassing van die vak gekonsentreer. Die totale kringloop van handelsbedrywighede word in die onderrigprogram voorgeskryf en daar word veral gekonsentreer op die boekstawing van transaksies in hulpjoernale direk vanaf gesimuleerde transaksies wat op werklike brondokumente aangeteken is. In die verduideliking van die grondbeginsels van Rekeningkunde word gekonsentreer op die rekeningkundige vergelyking, en die totale kringloop van rekeningkundige bedrywighede word in die eerste jaar aan die diens- en handelsonderneming oorgedra. Dit sluit alle transaksies in wat in hulpjoernale aangeteken is sowel as oorboeking na die grootboek, winsbepaling en die opstel van 'n balansstaat (Lehrplanheft: Baden-Württemberg, 1989:45-49).

Die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan Baden-Württemberg gevolg word, maak ook voorsiening vir 'n afdeling vir rekenaarboekhouding. Hierin maak die student kennis met die beginsels van Rekeningkunde op die rekenaar en moet hy in staat wees om 'n eenvoudige rekeningstel deur middel van die rekenaar te kan opstel. Daar word in hierdie afdeling meer daarop gekonsentreer om die ooreenkomste tussen die handmetode van Rekeningkunde en die rekenaarmetode aan die student te demonstreer en hom vertroud te maak met rekenaarboekhouding (Lehrplanheft: Baden-Württemberg, 1989:44).

**d) Kurrikulum vir Rekeningkunde in die Republiek van China (Taiwan)**

Die onderwysstelsel in die Republiek van China maak na nege jaar se algemeen vormende onderwys voorsiening vir drie moontlike bane wat leerlinge kan volg, naamlik

dié van die sekondêre skool, die senior beroepskool en die junior kollege. Leerlinge wat verder wil studeer en 'n akademiese graad wil behaal, volg hoofsaaklik die sekondêre rigting en kan daarna 'n beroeps- of ander akademiese rigting aan 'n universiteit, vierjaarkollege of junior kollege volg. Grade word deur universiteite sowel as die vierjaarkolleges uitgereik terwyl die junior kolleges diplomas uitreik wat verdere deurvloeimoontlikhede na die vierjaarkolleges of universiteite bied (VTK, 1990:8).

Die kurrikulum vir onderrigprogramme by junior kolleges word deur die Departement van Onderwys opgestel in samewerking met 'n komitee wat bestaan uit lektore, prinsipale, professore van universiteite en verteenwoordigers van die handel en nywerheid. Die minimum vakinhoud word bepaal, maar dit staan kolleges vry om die kurrikulum uit te brei of byvoegings te maak (Loots, 1987:8).

Loots (1987:6) wys daarop dat junior kolleges se funksie hoofsaaklik is om studente vir die arbeidsmark voor te berei. Heelwat van hierdie kolleges maak egter ook voorsiening vir fisiese, estetiese en sosiale ontwikkeling en konsentreer nie net daarop om die student beroepsgereed te maak nie.

Volgens Loots (1987:13) is dit die junior kolleges se strewe om studente in beide die teoretiese en praktiese vaardighede van die sakewêreld op te lei en daarom word studente verplig om dele van hul opleiding in sakeondernemings te ondergaan. Goed toegeruste praktiese fasiliteite kom ook in die meeste junior kolleges voor waar praktiese opleiding binne die kollege self gedoen kan word (Loots, 1987:17).

Volgens 'n sillabus van die **Nasional Taipei College of Business** (1985:1) word die vakkurrikulum vir Rekeningkunde in verskillende afdelings ingedeel wat elk 'n afsonderlike module vorm. Die vakkurrikulum maak onder andere vir die volgende onderrigaanbiedinge voorsiening:

* **Inleiding tot Rekeningkunde**

In hierdie module wat in die eerste jaar gevolg word en oor een jaar strek, word voorsiening gemaak vir die volgende onderwerpe:

Inleiding tot Rekeningkunde
Beginsels van Rekeningkunde
Rekeningkundige kringloop
Hulpjoernale en Algemene Joernaal
Oorboeking na die grootboek
Proefbalans
Aansuiwerings
Sluitingsprosedure
Finale state
Boekhouding van vervaardigingsondernemings
Vennootskappe
Koöperatiewe en maatskappyrekeningkunde
Beleggings
Ontleding en vertolking van finansiële state

* **Intermediêre Rekeningkunde**

In die tweede jaar volg studente hierdie module wat uit die volgende inhoud bestaan:

Ontwikkeling van rekeningkundige beginsels en praktyk
Kontantvloei
Beleggings
Regstelling van foute en state vanaf onvoltooide rekords
Rekeningkunde vir lenings en pensioenplanne
Verdere onderwerpe met betrekking tot maatskappye
Ontleding en vertolking van finansiële state

* **Rekeningkunde vir banke en finansiële instellings**

Hierdie module word geneem nadat die eerste twee jaarkursusse in Rekeningkunde voltooi is, en word oor een semester aangebied. Die doel is om aan die studente agtergrond te gee oor die rekeningkundige stelsels wat in die bankwese vereis word. Die inhoud van hierdie vak is kortliks die volgende:

Agtergrond oor die bankwese
Beginsels van Rekeningkunde in die bankwese
Rekeningkundige transaksies met betrekking tot bankdienste
Daaglikse en maandelikse saldo's op renteberekenings

* **Rekeningkundige praktyk en belasting**

Hierdie module word deur studente wat in 'n rekeningkundige rigting spesialiseer, gevolg. Die module word oor twee semesters (1 jaar) geneem, en behels kortliks die volgende onderwerpe:

Rekeningkundige stelsels
Registrasie en vestiging van besighede
Gekonsolideerde inkomstebelasting
Aftrekkings en betaling van verskillende soorte belasting
Vereistes van die Belastingwet
Koste van verkope
Bedryfsuitgawes
Rekordhouding van winste vir belastingdoeleindes
Waardasie van bates en besigheidseiendomme
Beleggings en vermindering van belasting deur middel van belegging
Administratiewe verpligtinge

* **Ontleding van finansiële state**

Hierdie module wat ook op 'n semestergrondslag aangebied word vir studente wat Rekeningkunde as 'n spesialiteitsrigting neem, behels die volgende:

Konseptuele raamwerk van finansiële state
Metodes van finansiële ontleding
Finansiële vooruitskattings: Kontant- en bedryfskapitaalvooruitskatting
Ontleding van solvabiliteit op die kort termyn
Ontleding van solvabiliteit op die lang termyn
Ontleding van winsmarges en gelykbreekanalises
Ontleding van kapitale opbrengste
Beoordeling van verdienste en begrotingsverdienste
Kosteberekening met betrekking tot buitelandse valuta
Finansiële verslagdoening

Studente wat in 'n rekeningkundige rigting spesialiseer, kan ook ander keuse-onderrigaanbiedinge neem, onder meer Kosterekeningkunde, Bestuursrekeningkunde, Rekeningkunde vir die Openbare Sektor, Openbare Finansies en Ouditkunde.

Loots (1987:15) wys egter daarop dat die kurrikulum vir Rekeningkunde wat deur die Taipei Business College aangebied word, baie gevorderd is, en dat die indruk gelaat word dat studente baie vinnig beweeg na 'n vlak wat ongeveer gelyk is aan 'n 2de of 3de jaar universiteitstandaard. Die hoë standaard wat gehandhaaf word, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat beroepsonderwys baie gespesialiseerd aangebied word en die grootste gedeelte van alle naskoolse opleiding in Taiwan deur beroepsonderwysinstellings aangebied word.

Daar is ten slotte ook gekyk na die onderrigaanbiedinge wat aan die Ming Chuan College (1986-1988) aangebied word. Die onderrigaanbiedinge stem grootliks ooreen met dié van die Taipei College of Business en daar word in dieselfde mate van praktiese toepassing in die onderrig en opleiding gebruik gemaak.

**e) Enkele nuwe standpunte oor rekeningkundige temas**

Uit die literatuurstudie wat onderneem is, het geblyk dat die aanbieding van Rekeningkunde deur middel van die handstelsel alleen, besig is om verouderd te raak en dat sakelui en werkgewers van mening is dat leerlinge in sekondêre skole en studente aan kolleges vir beroepsonderwys en technikons te min rekenaarblootstelling kry.

Rossouw (1984:3) wys daarop dat daar reeds in 1984 'n verskuiwing "van onderrig met behulp van die rekenaar na onderrig oor die rekenaar" plaasgevind het. Pieters (1987:8) beklemtoon die feit dat die onderrig van Rekeningkunde in die toekoms baie meer rekenaargerig sal moet wees en dat die onderrig spesifiek op ontwerp, instandhouding en kontroles gerig moet word om te verseker dat verwerking deur die rekenaar akkuraat en volledig geskied. Henry (1989:106) is egter van mening dat die handmetode van Rekeningkunde in die onderrigsituasie altyd voorkeur behoort te geniet omdat die basiese beginsels daardeur aangeleer, gesimuleer en verstaan kan word. Hy glo dat integrering van die rekenaar op 'n later stadium moet plaasvind en dat die student eers na 'n tydperk van onderrig volgens die handmetode, met die verwerking van transaksies op die rekenaar moet begin.

In aansluiting hierby beweer Dickens en Harper (1986:131) dat navorsing in die gebruik van die rekenaar in Rekeningkunde getoon het dat studente na 'n jaar se blootstelling aan die teorie van Rekeningkunde en die toepassing daarvan met die hand, gereed is om oor te gaan na rekenaartoepassings sodat rekeningkundige beginsels ook op die rekenaar toegepas kan word. Hulle wys egter daarop (1986:133) dat die gebruik van die rekenaar in Rekeningkunde ook nadelig kan wees indien die werknemer bloot die rekenaar as 'n werktuig aanwend sonder om vooraf die beginsels van Rekeningkunde te verstaan, veral wanneer die werknemer die verantwoordelikheid vir die volle rekeningkundige funksies moet aanvaar. Transaksies wat in die algemene joernaal gedoen moet word, byvoorbeeld die regstelling van foute of aansuiwerings, kan nie deur 'n persoon gedoen word wat nie 'n deeglike agtergrond van die beginsels van Rekeningkunde het nie.

Ook Dirksen en Ostbye (1989:137) wys daarop dat navorsing wat deur die School of Business at Dalhousie University gedoen is, bewys het dat 'n onderrigprogram gebaseer op die handmetode van Rekeningkunde ná 'n tydperk baie effektief deur 'n rekeningkundige pakket op die rekenaar opgevolg kan word.

Guerrieri (1990:13), wat hierdie gedagte ondersteun, is van mening dat die rekenaar nie in die vakkurrikulum ingevoer behoort te word om die handmetode van Rekeningkunde te vervang nie, maar dat dit aanvullend tot die handmetode moet wees. Die student moet volgens Guerrieri (1990:14) in staat wees om dieselfde prosedures op die rekenaar toe te pas as wat met die hand uitgevoer word. Dit kan alleenlik gedoen word nadat die student ten minste een jaar se rekeningkundige onderrig ontvang en praktiese toepassing volgens die handmetode gedoen het. Guerrieri (1990:14) wys ook daarop dat 'n afdeling vir Rekeningkunde met behulp van die rekenaar 'n tweevoudige doelstelling behoort te hê. Eerstens moet dit studente tot die besef bring hoe vinnig die verwerking van rekeningkundige inligting met behulp van die rekenaar gedoen kan word; en tweedens moet dit die beginsels wat reeds met die hand aangeleer en toegepas is, versterk deur 'n voortdurende vergelyking van die handstelsel en die rekenaarstelsel. Waar moontlik, moet ooreenkomste en verskille aan studente uitgewys word.

Hierdie aspek is ook in die vraelys aan werkgewers opgeneem en daarom sal daar ook in Hoofstuk 5 aan die resultate van die vraelysstudie in hierdie verband aandag gegee word.

**f) Gevolgtrekking**

Uit die literatuurstudie oor die wyse waarop die bestaande kurrikulum geïmplementeer word, word dit duidelik dat die kurrikulum vir Rekeningkunde in beroepsonderwysinrigtings vir die aanvangsvlakke van onderrig baie sterk op vaardigheidsgebaseerde en toegepaste Rekeningkunde moet konsentreer. Die kurrikulum sal derhalwe baie sterk op praktyktoepassing moet konsentreer, en aandag sal gegee moet word aan die wyse waarop teoretiese leerinhoud met die praktyk geïntegreer kan word.

Daar sal ook in die identifisering van leerinhoud gekyk moet word na die hantering van rekeningkundige funksies op 'n klerklike en administratiewe vlak aangesien dit blyk dat heelwat studente wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys studeer, juis op hierdie vlakke in die praktyk werksaam sal wees. Die invul van bron- en stawende dokumente en die liassering van rekeningkundige dokumente sal dus sterker beklemtoon moet word. Aandag sal ook gegee moet word aan die wyse waarop studente deur middel van simulasies en oefeninge die leerinhoud ooreenkomstig praktykvereistes kan integreer.

By die identifisering van leerinhoud sal daar ook sterk op die kleiner tot middelslag-onderneming gekonsentreer moet word aangesien die grondslag van rekeningkundige stelsels makliker uit die beginsels soos van toepassing op 'n eenmansaak of 'n klein onderneming aangeleer kan word.

Ten slotte blyk dit dat daar tydens die daarstelling van 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde aandag gegee sal moet word aan rekenaartoepassings en die wyse waarop die rekenaar by die aanbieding van die handstelsel van Rekeningkunde geïntegreer kan word.

Hierdie gevolgtrekkings uit die literatuurstudie sal in Hoofstuk 4 met die empiriese data daarvan geverifieer word.

#### 3.3.3.3 Die gemeenskap/sakesektor as determinant van die situasie-analise vir Rekeningkunde N1 tot N3

**i) Inleiding**

Soos reeds in par 1.2.1 aangetoon, is een van die belangrikste kriteria vir die seleksie van leerinhoud die betrokkenheid van die gemeenskap of sektor vir wie gekurrikuleer word. Volgens Steyn (1988:7) moet die kurrikulum ook op 'n deurlopende grondslag verbeter of uitgebrei word om die veranderde en ontwikkelende werklikheid te kan beheers. Dit bring mee dat die behoeftes van die belanghebbendes aan die kurrikuleerder bekend moet wees. Dit is daarom noodsaaklik dat daar van 'n kurrikulerings-

metode gebruik gemaak word wat die kurrikuleerder in staat stel om op 'n deurlopende grondslag met werkgewers te skakel sodat hul behoeftes hierdeur of deur middel van persoonlike gesprek bepaal kan word. Evans en Herr (1978:226) meld dat kolleges in die VSA wat studente vir die wêreld van werk voorberei, nie enige bestaansreg sal hê sonder die deurlopende betrokkenheid van die gemeenskap in die ontwikkeling en opdatering van die kurrikulum van hierdie kolleges nie. Norton (1985:3), wat ook hierdie standpunt ondersteun, meld dat 'n kurrikulum vir gemeenskapskolleges in samewerking met die gemeenskap en plaaslike nywerheidsleiers nuut saamgestel of gewysig moet word. Ook Boyer (1987:27), Welzenbach (1982:20) en Chickering (1981:333) wys daarop dat die gemeenskap 'n onontbeerlike vennoot is in die bepaling van die Amerikaanse kolleges se kurrikulum. (In hierdie verband word ook verwys na ander bronne soos reeds in Hoofstuk 1 aangehaal.)

Volgens die studie van die gemeenskapskolleges wat deur 'n groep Suid-Afrikaanse onderwyskundiges in die VSA onderneem is (DOK (AV), 1989:59), is deurgaans bevind dat daar effektiewe strukture bestaan waardeur die kolleges met die handel en nywerheid skakel. Daar dien op feitlik alle advieskomitees lede van die gemeenskap sowel as lede van die handel en nywerheid om te verseker dat die kurrikulum beroepsrelevant en aktueel bly (DOK (AV), 1989:63).

Die insette van die beroepsgemeenskap in die bepaling van leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 word volledig in Hoofstuk 4 behandel, en daarom sal daar in hierdie afdeling slegs aandag gegee word aan dié deel van die situasie-analise wat die empiriese ondersoek voorafgegaan het.

Die versameling van data vanuit die werkgewersektor is derhalwe onontbeerlik vir die bepaling van leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir beroepsonderwys. Die vraag is op watter wyse die data in samewerking met die werkgewersektor verkry moet word, en wie binne die werkgewersektor by die insameling van data betrokke moet wees.

Norton (1985:4) wys daarop dat data deur die volgende metodes versamel kan word: onderhoude met werkgewers en werknemers, persoonlike werkservaring van die kurri-

kuleerder en persone binne die sakesektor in die bepaalde werk, vraelysstudies en ontleding van dokumente wat in die uitvoering van 'n bepaalde taak gebruik word. 'n Paneel van kundiges kan ook saamgestel word uit beroepspesialiste, sake- of nywerheidsleiers, gemeenskapsleiers of enige ander persone wat oor gespesialiseerde opvoedkundige of beroepskennis beskik om met die bepaling van leerinhoud behulpsaam te wees.

Volgens Norton (1985:4) kan die voorgestelde leerinhoud eers in 'n vakkurrikulum opgeneem word ná voldoende analisering van die werkstake van werknemers en nadat breë konsensus binne die beroepsveld bereik is. Hierdie stelling word ook deur Landman (1990:11) onderskryf.

In die empiriese navorsing wat in Hoofstuk 4 bespreek word, is gebruik gemaak van 'n vraelys vir die insameling van relevante inligting oor leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3. Die temas wat in die vraelys opgeneem is, is verkry uit onderhoude met werkgewers en werknemers, insette deur rekenmeesters en ouditeursfirmas, persoonlike werkservaring en 'n ontleding van die probleemareas wat deur Rekeningkundelektore van kolleges vir beroepsonderwys geïdentifiseer is. Daar is tydens die werkswinkel wat met verteenwoordigers van ouditeursfirmas en die werkgewersektor gehou is, ook sterk op hulle praktykervaring gesteun om afleiers vir die empiriese vraelys te bepaal. Daar is ook deur middel van gesprekvoering oor moontlike leerinhoud, konsensus tussen die onderskeie verteenwoordigers verkry oor relevante leerinhoud wat in 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit behoort te word (kyk Hoofstuk 4).

Tydens die werkswinkel is daar ook van die DACUM-stelsel gebruik gemaak om 'n ontleding te doen van take wat werknemers in 'n rekeningkundige rigting binne 'n klein onderneming uitvoer. Dit sal derhalwe nodig wees om kortliks te kyk na wat die DACUM-stelsel behels.

**ii) Die aanwending van die DACUM-stelsel vir die bepaling van leerinhoud vir 'n vakkurrikulum**

Norton (1985:1) is van mening dat die DACUM-stelsel met sukses aangewend kan word om saam met werkgewers relevante vakinhoude vir 'n kurrikulum te bepaal. Die woord DACUM is saamgestel uit die begrip " Developing A Curriculum" en is ontwikkel met die doel om teen 'n relatief lae koste 'n ontleding van vaardighede en take deur werknemers op bepaalde vlakke van die onderneming te doen (Norton, 1985:1). DACUM is spesifiek ontwikkel om die onderskeie vakkurrikula vir beroepsonderwys-instellings in Kanada en die VSA op 'n deurlopende grondslag te evalueer en aan te pas sodat daar te alle tye beroepsrelevante vakkurrikula in hierdie instellings aangebied kan word (Norton, 1985:vii).

Die DACUM-stelsel is gebaseer op die identifisering van alle kennis en vaardighede waaroor werknemers op die verskillende vlakke van die bepaalde pos behoort te beskik, om daaruit te bepaal watter onderwerpe in die vakkurrikulum opgeneem behoort te word. Hieruit vloei die volgende werkswyse vir die DACUM-stelsel voort:

* 'n Groep van agt tot twaalf werknemers wat reeds oor goeie ervaring in 'n spesifieke werksterrein beskik, word geselekteer om op 'n DACUM-komitee te dien. Hierdie werknemers moet almal in diens wees van bepaalde ondernemings waarop die beroepsonderrig gemik is, en moet so verteenwoordigend moontlik wees van alle ander ondernemings wat soortgelyke werknemers in diens het (Norton, 1985:11).

* Die komitee werk vir twee tot drie dae onder leiding van 'n fasiliteerder. In hierdie tyd word 'n DACUM-kaart saamgestel waarin die komitee alle kennis en vaardighede wat in die bepaalde werk vereis word, noukeurig identifiseer. Die werksaamhede van die komitee kan kortliks soos volg saamgevat word:

  1. Oriëntering van die DACUM-komitee vir hul pligte gedurende die sittingstydperk.

2. Oorsig oor en vasstelling van die beroepsarea waarvoor die kennis en vaardigheidsvlakke bepaal gaan word.

3. Identifisering van die algemene terrein van pligte en verantwoordelikhede van die werknemers.

4. Identifisering op mikrovlak van bepaalde pligte en verantwoordelikhede waarin die werknemers aangewend word.

5. Opstel van 'n volledige pligstaat wat alle kennis en vaardigheidsvlakke wat vir die bepaalde werk benodig word, omvat.

6. Verfyning van die pligstaat van die werknemer deur gesprekvoering om te verseker dat alle kennis en vaardigheidsvlakke beskryf is.

7. Identifisering van die vaardighede wat op die intreevlak tot die bepaalde werk of beroep vereis word.

8. Finale afronding van die DACUM-kaart en -werkswinkel.

* Gedurende die DACUM-werkswinkel word daar voortdurend onder leiding van die fasiliteerder in groepe oor die verskillende kennis- en vaardigheidsaspekte wat vereis word, gesprek gevoer om te verseker dat alle kennis en vaardighede geïdentifiseer is. Daar word ook voortdurend 'n konsensusstrategie gevolg om te verseker dat take en verantwoordelikhede wat in werklikheid in 'n ander beroepsveld hoort, nie ingesluit word nie.

* Die verskillende take word in volgorde van afhandeling op 'n DACUM-kaart aangeteken.

* Baie aandag word gegee aan kennis en vaardigheidsvlakke wat op die intreevlak tot die beroep vereis word, maar ook aan algemene vaardighede wat deurlopend

gebruik gaan word en wat reeds voor indiensneming bemeester behoort te word.

* Na afhandeling van die werksaamhede van die DACUM-komitee word die DACUM-kaart eers aan ander werkgewers voorgelê vir finale verifiëring voordat dit as hulpmiddel vir die kurrikulering van die vakkurrikulum aangewend word.

* Die DACUM-kaart (kyk Bylae B) word hierna deur 'n kurrikuleringskomitee as hoofbron vir die bepaling van inhoud of vir die verbetering van die bepaalde vakkurrikulum gebruik.

Die DACUM-stelsel is volgens Norton (1985:75) hoofsaaklik ontwikkel vir die bepaling van die kennis en vaardighede wat benodig word vir die ontwikkeling van die kurrikulum vir beroepsonderwys deur die Departement van Mannekrag en Immigrasie in Kanada, sowel as vir die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir 'n beroepsopleidingsprogram in Clinton, Iowa. Die resultate wat daarmee behaal is, was egter so belowend dat dit daarna ook by verskeie beroepsgerigte en beroepskolleges in die VSA en Kanada as hulp by kurrikulumontwikkeling aangewend is.

Die DACUM-stelsel word vandag ook in verskeie Wes-Europese state sowel as in Venezuela, Pakistan, Jakarta en Indonesië deur kurrikuleerders aangewend vir die ontwikkeling en verbetering van beroepsonderwysprogramme (Norton, 1985:76).

Die stelsel is ideaal vir die bepaling van kennis en vaardigheidsvlakke wat in nuwe beroepsgebaseerde onderrigprogramme gebruik kan word; die opdatering van verouderde onderrigprogramme; en die bepaling van die relevansie van bestaande onderrigprogramme en vakkurrikula (Norton, 1985:4).

Volgens Norton (1985:74) is die voordele van DACUM hoofsaaklik daarin geleë dat die kurrikulum gebaseer word op 'n beroepsrelevante ontleding van alle kennis en vaardighede wat 'n student sal benodig in die beroep waarvoor hy hom voorberei. Die proses wat aangewend word om sodanige kennis en vaardighede te bepaal, is vinnig en kan teen 'n relatief lae koste in 'n kort tydperk afgehandel word. Dit bring mee dat

die proses op 'n deurlopende grondslag met intervalle van twee tot drie jaar, of selfs minder, herhaal kan word sonder dat dit groot koste vir die kurrikuleerder of werkgewer meebring (Norton, 1985:3). Norton toon aan dat die skakeling wat deur middel van die DACUM-proses met werkgewers bewerkstellig word, meebring dat die kurrikulum wat daaruit voortvloei baie meer aanvaarbaar vir werkgewers is, veral omdat hulle besef dat die kurrikulum saamgestel is op grond van hulle insette en dus in werklikheid hulle eie beroepsrelevante produk is. Die gevolg hiervan is ook uiteraard dat die werkgewersektor meer geneë is om afgestudeerde studente wat die bepaalde DACUM-gebaseerde kurrikula gevolg het, in diens te neem (Norton, 1985:4).

Nog 'n voordeel wat sekondêr tot die kurrikuleringsproses is maar tog van groot belang is, is die feit dat die gebruik van die DACUM-stelsel daartoe bydra dat beroepsonderwysinstellings wat van die DACUM gebruik maak, ook die voordeel geniet van bykomende hulp van die werkgewersektor in die vorm van finansiële bydraes, opvoedkundige en praktykgerigte toerusting, hulp met praktykgerigte projekte en meer steun wanneer dit by die plasing van studente vir verdere indiensopleiding kom.

**iii) Gevolgtrekking**

Dit wil voorkom of die DACUM-stelsel ontwikkel is vir gebruik op 'n meer plaaslike vlak en dat die kennis en vaardighede wat deur 'n DACUM-komitee geïdentifiseer is, nie noodwendig verteenwoordigend is van die breë werkgewergroep wat daardie spesifieke soort werknemers in diens het nie. Indien die steekproef waaruit 'n DACUM-komitee saamgestel is, nie wetenskaplik bepaal is nie, kan die kurrikulum wat daaruit voortvloei nie as 'n produk van die breë werkgewersektor gesien word en dienooreenkomstig bemark word nie. Om volwaardige legitimiteit aan die geïdentifiseerde vakinhoude wat volgens dié stelsel bepaal is, te verleen, sal verdere gesprekke met werkgewers, lektore en alle onderwysinstansies betrokke by beroepsonderwys op 'n breë grondslag gevoer moet word.

Waar 'n vakkurrikulum vir onderrig en opleiding binne 'n beroepsveld reeds bestaan, kan die DACUM-stelsel op sy beste slegs aangewend word as gedeeltelike identifi-

sering van moontlike probleme wat in 'n vakkurrikulum voorkom. Dit is egter noodsaaklik dat werkgewers daarna ook insae in die bestaande vakkurrikulum het en dat onderwysers of lektore wat reeds ervaring in die onderrig van die vakkurrikulum het, ook by die ondersoek of die identifisering van probleme betrek moet word.

Die DACUM-stelsel blyk egter baie bruikbaar te wees as hulpmiddel by die deurlopende evaluering van die relevansie van kurrikuluminhoud wat reeds geïmplementeer word, aangesien dit vinnig en goedkoop gedoen kan word. Dit is dus moontlik om die stelsel aan te wend om op kort kennisgewing klein en noodsaaklike veranderings aan 'n vakkurrikulum aan te bring.

DACUM kan ook van groot waarde wees vir die bepaling van voorlopige kennis en vaardighede wat ná identifisering verder gevoer kan word na die breë werkgewersektor in 'n bepaalde beroepsveld, veral waar dit nodig is om 'n nuwe vakkurrikulum saam te stel of 'n bestaande vakkurrikulum in die geheel op te dateer. Die resultaat van die DACUM-werkswinkel behoort egter nie net by 'n klein aantal ondernemings geverifieer te word nie, maar kan moontlik aangewend word vir verdere navorsing om die finale vlakke van kennis of vaardighede vir 'n vakkurrikulum te bepaal. Dit kan gedoen word deur die samestelling van, byvoorbeeld, 'n vraelys waarin kennis en vaardigheidsonderwerpe wat in die DACUM-werkswinkel geïdentifiseer is, opgeneem is en aan 'n verteenwoordigende groep werkgewers versprei word. In die bepaling van die kennis en vaardighede wat vir die onderskeie vakkurrikula vir Rekeningkunde aangewend kan word, is juis hierdie metode gevolg en is die DACUM-stelsel gedeeltelik aangewend om in samewerking met 'n aantal sakeondernemings en verteenwoordigers van die rekenmeestersberoep die belangrikste kennis en vaardighede vir finansiële rekordhouding en die rekeningkundige funksies te bepaal. Die resultaat van hierdie werkswinkel is in 'n vraelys vervat wat deel van die verdere empiriese navorsing vorm (kyk Hoofstuk 4 in hierdie verband).

## 3.4 DIE FORMULERING VAN DOELSTELLINGS VIR 'N VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3

### 3.4.1 Inleiding

Verskeie kurrikulumnavorsers wys daarop dat daar nie tot die bepaling van leerinhoud oorgegaan kan word voordat daar vasgestel is wat met 'n bepaalde vakkurrikulum bereik wil word nie. Tyler (1949:44) het in sy kurrikulummodel die belangrikheid van die identifisering van doelstellings vir die skool in die algemeen beklemtoon en stel die volgende vraag oor die doel van die skool: "What educational purposes should the school seek to attain?" Hy definieer dan die doelstelling van die skool soos volg: "Education is a means toward ends."

Soos in paragraaf 3.3 genoem, meld Mostert (1986:106) dat die vertrekpunt vir kurrikulumontwikkeling die formulering van doelstellings moet wees, wat weer uit die situasie-analise voortvloei. Sy (1986:111) noem verder dat die doel met die samestelling van 'n kurrikulum is "dat aan die hand daarvan die onderwyser/opleier onderrig sal word en dat die leerder aan die hand daarvan sal leer sodat die leerder deur die bemeestering van die kurrikuluminhoud sal vorder op sy weg na volwassenheid/opgeleidheid". Om hierdie rede moet die kurrikulum noodwendig doelgerig wees. Aucamp (1986:151) sluit hierby aan wanneer hy beweer dat sinvolle inhoudseleksie altyd op "gegronde doelstellings" gebaseer is.

### 3.4.2 Doelstellings vir 'n vakkurrikulum

Voordat die vakkurrikulum vir Rekeningkunde aandag geniet, is dit nodig om kortliks na die begrippe "doelstellings" en "doelwitte" te kyk.

In die literatuur wat bestudeer is, blyk dit dat daar soms verwarring tussen hierdie begrippe bestaan. In die Engelse literatuur word daar dikwels verwys na begrippe soos "aims," "objectives", "goals", en "purposes" sonder dat die verskil tussen dié begrippe duidelik uiteengesit word.

Saylor *et al.* (1981:162-163) tref egter 'n duidelike onderskeid tussen die onderskeie begrippe en definieer elkeen soos volg:

> "**Purpose** is used here in a broad sense to refer to a described result; it is the most inclusive of the terms defined here and is used generically to mean the reason for which something exists or is done. The term aims is generally used interchangeably with purposes.
>
> **General goals** mean the end, the result, or the achievement toward which effort is directed. The term is used [....] to designate the broad significant outcomes desired from an educational program.
>
> **Objectives** state the specific, overt changes in the student behavior that are expected to result from participation in a unit of learning activities. Obviously, they develop more explicitly the general goals and their respective subgoals for the purpose of planning instruction."

Olivia (1992:181) gee die volgende omskrywings vir doelstelling en doelwitte wat op 'n kurrikulum sowel as 'n vakkurrikulum van toepassing kan wees:

> "**Aims** are equated with 'ends,' purposes,' functions,' and 'universal goals.' The aims of education are the very broad, general statements of the purposes of education; they are meant to give general direction to education throughout the country.
>
> **Curriculum goals** are defined as general, programmatic expectations without criteria of achievement or mastery.

> **Curriculum objectives** are specific programmatic targets with criteria of achievement and therefore are measurable. The curriculum objectives stem from the curriculum goals."

Bosman *et al.* (1988) omskryf bogenoemde begrippe soos volg in Afrikaans:

"**Purposes**" word vertaal as beoog, van plan, van voorneme of doeleinde (Bosman *et al.*, 1988:1118). Hieruit blyk dit dat die begrip as 'n "plan van aksie" gesien kan word.

Die term "**aims**" word deur Bosman *et al.* (1988:684) vertaal as doelwit, oogmerk of mikpunt.

'n "**Goal**" word vertaal as doel, doelpunt of wenpaal (Bosman *et al.*, 1988:896), wat aandui dat hiermee die eindpunt van dít wat bereik wil word, bedoel word.

"**Objectives**" word ook deur Bosman *et al.* (1988:1049) gesien as 'n mikpunt, oogmerk of doelwit. Dit kan derhalwe as 'n sinoniem van "**aims**" gesien word.

Mostert (1986:106) tref 'n duidelike onderskeid tussen **doelstellings** en **doelwitte**:

> "**Doelstellings** word breër, vaer gestel as doelwitte en word deur 'n "verderliggende verwagting" uiteindelik deur 'n verskeidenheid doelwitte bereik.
>
> 'n **Doelwit** is "meer onmiddellik realiseerbaar, meer spesifiek en omsluit beide 'n handeling en 'n inhoudskomponent."

Aucamp (1986:152) onderskryf ook die omskrywings soos hierbo gegee en meld dat die doelstellings wat vir 'n vakkurrikulum geformuleer is, verwesenlik word deur die "bereiking van meer as een doelwit". Hy noem dat doelwitte in die onderrig-leersitu-

asie self sal realiseer.

Uit hierdie omskrywings kan die afleiding gemaak word dat doelstellings ("curriculum goals" of "aims") 'n breë en allesomvattende beskrywing is van dit wat uiteindelik bereik moet word deur die verwesenliking van verskeie, afsonderlike en meetbare leer-doelwitte. Doelwitte ("objectives"), daarenteen, word in die kort termyn bereik deur die meetbare uitkomste van die leerhandeling.

Dit is dus van kardinale belang dat die kurrikuleerder, aldus Aucamp (1986:151), van die samehang tussen doelstellings en doelwitte kennis moet neem sodat dit uiteindelik binne die "geïntegreerde lesverloopfases sal figureer."

### 3.4.3 'n Raamwerk vir die daarstelling van doelstellings en doelwitte

Landman (1985:70) maak die stelling dat doelwitte aangewend moet word om 'n raamwerk vir die kurrikulumstruktuur te konstitueer. "Doelwitte moet sê wat gedoen moet word, onder welke voorwaardes dit gedoen moet word en hoe goed dit gedoen moet word." Hieruit kan afgelei word dat daar nie sonder meer doelwitte gestel kan word sonder dat daar 'n duidelike raamwerk en kriteria vir doelwitstelling is nie.

Steyn (1992:21) gebruik 'n aantal kriteria van Shubert (1986) om doelstellings vir 'n kurrikulum/vakkurrikulum te identifiseer. Volgens Shubert, soos uiteengesit in Steyn (1992:21), kan die volgende kriteria effektief vir hierdie doel aangewend word:

* Verteenwoordiging (representation)

  Hiervolgens behoort die identifisering van doelstellings aan 'n adviesraad, bestaande uit kundiges op die vakgebied, voorgelê te word vir insette en kommentaar. Dit is daarna die taak van die kundige samesteller van die kurrikulum om 'n gebalanseerde kurrikulum uit die geïdentifiseerde doelstellings saam te stel.

* Helderheid (clarity)

Doelstellings behoort helder geïnterpreteer te word terwyl die interpretasie van begrippe binne die kurrikulum deurgaans eenvormig hanteer moet word.

* Verdedigbaarheid (defensibility)

Die opvoedingsfilosofie wat in die kurrikulum na vore kom, moet verdedigbaar wees wanneer vrae daaroor opduik. In hierdie verband noem Steyn dat die verwysingsraamwerk waarbinne gekurrikuleer word, met die onderwysinstelling en huis waaruit die leerder kom in ooreenstemming behoort te wees.


* Konsekwentheid (consistency)

Die samesteller(s) van die kurrikulum moet let op deurlopende konsekwentheid in kurrikulumdoelstellings, veral met betrekking tot doelstellings vir 'n onderrigprogram waarvoor daar meer as een kurrikulum bestaan. Doelstellings moet derhalwe in harmonie met mekaar wees.

Malan en Du Toit (1991:33) kom tot die gevolgtrekking dat die doel van 'n onderwys-inrigting uit die missie daarvan afgelei moet word. Volgens hulle sal doelstellings daaruit voortvloei terwyl doelwitte weer uit die geïdentifseerde doelstellings bepaal sal word. Figuur 3.5 gee 'n skematiese voorstelling van hoe doelverwesenliking kan realiseer (Malan & Du Toit, 1991:33):

**Figuur 3.5**

**SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DOELVERWESENLIKING**




Uit die voorafgaande blyk dit dat die missie, doelstellings en doelwitte nie los van mekaar kan staan nie maar interafhanklik van mekaar opgestel moet word. Figuur 3.5 dui ook aan dat die doelstellings en doelwitte uit die missie sal voortspruit en dat "omgekeerde terugkoppeling", soos Malan en Du Toit (1991:33) dit stel, plaasvind. Gevolglik sal alle gestelde doelstellings ook bereik wees as die doelwitte bereik is.

### 3.4.4 Gevolgtrekking

Soos uit die literatuurstudie afgelei kan word, is doelformulering 'n uitvloeisel van die situasie-analise en derhalwe die skriftelike vertrekpunt vir die daarstelling van 'n kurrikulum. Dit is daarom noodsaaklik dat alle fasette van die situasie-analise, wat ook alle fasette van die bestaande kurrikulum sal insluit, in aanmerking geneem word. Sinvolle inhoudseleksie sal dus eers gedoen kan word nadat doelstellings vir die kurrikulum geformuleer is; algemene en besondere doelstellings geformuleer is en nadat daar op grond van insette van belanghebbendes uit die onderwys- en sakesektor na temadoelstellings gekyk is. Ten einde doelstellings en doelwitte sinvol te formuleer, sal dit dus nodig wees om die kriteria, soos deur Steyn (1992:21) omskryf, in die oog te hou en die skriftelike formulering daarvolgens te doen.

Ten slotte blyk dit ook nodig te wees om die missie van die onderwysinstellings wat die kurrikulum gaan implementeer, asook nasionale onderwysdoelstellings te ondersoek om te verseker dat die formulering van doelstellings vir 'n vakkurrikulum wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied gaan word, in ooreenstemming is daarmee.

Die identifisering van doelstellings vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 sal vervolgens aandag geniet.

### 3.4.5 Die voorlopige formulering van doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3

#### 3.4.5.1 Inleiding

Ten einde te verseker dat die seleksie van leerinhoud teen die agtergrond van geïdentifiseerde doelstellings plaasvind, is dit nodig om uit die inligting wat tot op hierdie stadium uit die situasie-analise en literatuurstudie ingewin is, voorlopige doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 te formuleer.

In hierdie afdeling sal daar gekonsentreer word om, op grond van die inligting wat reeds beskikbaar is, algemene en besondere doelstellings te formuleer. Hierdie doelstellings kan egter op hierdie stadium net as konsepte beskou word en kan moontlik gewysig word nadat inligting uit die empiriese navorsing in oënskou geneem is. Daar word ook op hierdie stadium geen bepaalde volgorde aan die doelstellings toegeken nie.

Om bogenoemde te verwesenlik, sal die volgende beskikbare inligting ontleed word:

- Doelstellings geformuleer uit nasionale beleid vir kolleges vir beroepsonderwys

- Doelstellings geformuleer uit die missie vir kolleges vir beroepsonderwys

- Doelstellings geformuleer uit die huidige doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3

- Doelstellings met betrekking tot die vereistes van werkgewers wat uit die literatuurstudie na vore kom.

### 3.4.5.2 Doelstellings geformuleer uit nasionale beleid vir kolleges vir beroepsonderwys

Ingevolge die Wet op Tegniese Kolleges (104/1981), is kolleges vir beroepsonderwys in die lewe geroep met die doel om beroepsonderwys te verskaf en nie om slegs opleiding te verskaf nie. Soos in paragraaf 2.3.3.2 verduidelik, bepaal departementele beleid dat naskoolse onderwys deurlopende praktykgerigte kontak moet behels, en dat daar ook 'n mate van spesialisasie binne die onderrigsituasie in die klaskamer moet plaasvind. Dit moet egter nooit ten koste van die uiters belangrike algemeen vormende onderwys wees nie. Verder word ook beklemtoon dat daar 'n strewe in die naskoolse onderwys moet wees om, naas die teoretiese onderrig in die klaskamer, ook die werkgewer en die student in die onderrigproses by mekaar uit te bring.

In die lig van bogenoemde is die volgende algemene onderwysdoelstellings vir kolleges vir beroepsonderwys geformuleer (kyk par. 2.3.3.2):

* Die aanbieding van formele en nie-formele onderwys aan nie-skoolpligtige en skoolpligtige persone - asook aan nie-skoolpligtige persone wat nog leerpligtig is

* Die gebruikmaking van 'n wetenskaplik verantwoordbare kurrikulum waarin met die eise en behoeftes van die handel en nywerheid rekening gehou word en wat kan lei tot betekenisvolle leerervarings waarin 'n balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf word

* Die aanbieding van onderwys met die klem op gesindhede en vaardighede wat vir spesifieke beroepe of beroepsgroepe vereis word, maar op so 'n wyse oorgedra word dat die student hom steeds op alle terreine binne sy sosiale en fisiese omgewing sal kan handhaaf.

#### 3.4.5.3 Doelstellings geformuleer uit die missie vir kolleges vir beroepsonderwys

Soos reeds in par. 2.2 gestel, word die missie van kolleges vir beroepsonderwys soos volg omskryf (DOK (AV), 1987:3):

> "Die missie van tegniese kolleges is om relevante beroepsonderwys van gehalte op naskoolse vlak aan die breë massa van die ekonomies bedrywige bevolking te verskaf, wat 'n positiewe verskil aan die beroepsprestasies, vordering en persoonlike ontwikkeling van studente maak."

'n Doelstelling vir beroepsonderwys wat hieruit voortvloei, is die volgende:

* "Om relevante beroepsonderwys van gehalte op naskoolse vlak aan die breë massa van die ekonomies bedrywige bevolking te verskaf."

Na aanleiding van Terblanche (1990:14) se verklaring dat beroepsonderwys wat by tegniese kolleges aangebied word, in ooreenstemming met die De Lange-verslag se aanbeveling oor die onderwys is, en dat daar in die lig van die mannekragbehoeftes van die land na 'n balans tussen "algemeen vormende voorbereidende akademiese onderwys" en "algemeen vormende voorbereidende loopbaanonderwys" gestrewe moet word, kan die volgende doelstelling ook hiertoe bygevoeg word:

* "Om formele beroepsonderwys te verskaf aan

  - persone wat op grond van hul aanleg en belangstelling reeds ná voltooiing van standerd 7 beroepsonderwys wil bekom;

  - studente wat ná standerd 10 'n beroepskursus wil volg in die ingenieurstudierigting, die sakestudierigting of die algemene studierigting; en

- die volwasse werknemer wat deur indiensopleiding 'n kursus wil volg wat op sy huidige beroep of die beroep waarin hy hom verder wil kwalifiseer, afgespits is."

**3.4.5.4 Doelstellings geformuleer uit die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3**

In par. 2.4 word gemeld dat die kurrikulum vir Rekeningkunde aan sekondêre skole nie direk op die beroep afgespits is nie en dat daar in die onderskeie vakkurrikulums vir Rekeningkunde N1 tot N3 meer klem op beroepsrelevansie, asook op praktykskakeling en -opleiding moet wees.

Aangesien kolleges vir beroepsonderwys tot dusver hoofsaaklik van die kernsillabusse wat vir standerd 8-, 9- en 10-vakkurrikulums vir sekondêre skole saamgestel is, gebruik gemaak het (kyk par. 2.4), sal daar ook na die doelstellings hierin vervat, gekyk word.

In die kernsillabus vir Rekeningkunde Standerd 8 tot 10 (DOK (AV), 1991:1) het die Departement van Onderwys en Kultuur die volgende algemene doelstellings vir die onderrig van Rekeningkunde geformuleer:

* "Om die logiese denkprosesse en analitiese vermoëns van die leerlinge te ontwikkel; sodat hulle bevoeg behoort te wees om die grondbeginsels van Rekeningkunde op nuwe en vreemde situasies toe te pas

* Om 'n sistematiese en oordeelkundige benadering tot die oplossing van probleme aan te moedig

* Om by te dra tot die vorming en opvoeding van leerlinge deur die kenmerkende rekeningkundige vereistes soos netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel en verantwoordelikheid te ontwikkel

* Om by te dra tot die vorming en opvoeding van leerlinge deur die kenmerkende rekeningkundige vereistes soos netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel en verantwoordelikheid te ontwikkel

* Om die leerlinge se begrip van en inskakeling by hul sosiale milieu te bevorder, deur die sinvolle interpretasie van rekeningkundige inligting waarmee hulle in die toekoms te doen sal kry

* Om leerlinge toe te rus met kennis van rekeningkundige begrippe, beginsels en prosedures wat versoenbaar is met algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk

* Om by te dra tot die breë algemene opvoeding van leerlinge deur bevordering van insig, en waardering vir die waarde en belangrikheid van Rekeningkunde vir persoonlike doeleindes, as voorbereiding vir hulle plek in 'n ekonomiese samelewing en as aansporing tot enige verdere studie

* Om leerlinge se insig in rekeningkundige en bestuursbeginsels te verskerp."

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die algemene doelstellings wat vir die onderrig van Rekeningkunde in die kernsillabus vir sekondêre skole gestel is, in 'n mate ooreenstem met dít wat vir beroepsonderwys beoog word. Daar is egter een belangrike verskil, naamlik dat bogenoemde algemene doelstellings duidelik op algemeengerigte en beroepsgerigte onderwys afgespits is (kyk par. 2.4.2) terwyl dit nie duidelik na beroepsonderwys verwys nie. Die opmerking kan derhalwe gemaak word dat die algemene doelstellings vir 'n kernsillabus vir beroepsonderwys meer behoort te behels as die vermelde algemene doelstellings in die kernsillabus vir skole, en dat daar op grond van die eise van die sakesektor ook sekere doelstellings bygevoeg behoort te word.

Uit die voorgaande paragrawe met betrekking tot die formulering van algemene doelstellings vir beroepsonderwys, kan die algemene doelstellings wat op 'n vakkurrikulum

i) Uit die doelstellings wat as deel van die nasionale beleid vir kolleges vir beroepsonderwys geformuleer is (vgl. par. 3.4.5.2), word dit duidelik dat 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ook die volgende algemene doelstellings behoort te reflekteer:

* *Om wetenskaplik verantwoordbare leerinhoud wat aan die eise van die handel en nywerheid voldoen, aan studente oor te dra*

* *Om studente toe te rus met rekeningkundige kennis en vaardighede waarin 'n balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf word*

* *Om rekeningkundige beginsels en praktyk aan te bied met die klem op gesindhede en vaardighede wat spesifiek vir 'n rekeningkundige beroep vereis word, maar dit op so 'n wyse oor te dra dat die student hom steeds op alle terreine binne sy sosiale en fisiese omgewing sal kan handhaaf.*

ii) Uit die doelstellings wat uit die missie vir kolleges vir beroepsonderwys voortspruit (vgl. par. 3.4.5.3), kan die volgende algemene doelstelling vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde geformuleer word:

* *Om studente wat op grond van hulle belangstelling 'n beroepskursus in 'n rekeningkundige rigting wil volg, toe te rus met kennis en vaardighede wat direk op 'n rekeningkundige beroep afgespits is.*

iii) 'n Belangrike verskil wat tussen die skole en kolleges vir beroepsonderwys geblyk het (kyk par. 2.3.3) is die beginsel dat kolleges vir beroepsonderwys nie soseer op die oordrag van rekeningkundige beginsels met die oog op verdere studie gerig is nie, maar klem plaas op die oordrag van rekeningkundige beginsels én toepassings van beginsels, met die oog op direkte toetrede tot 'n rekeningkundige beroep. Hieruit kan die algemene doelstelling met betrekking tot die oordrag van rekeningkundige beginsels as voorbereiding vir die ekonomiese samelewing en as aansporing tot verdere studie, soos volg vir 'n beroepsrelevante vakkurri-

kulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 gewysig word:

* *Om by te dra tot die breë algemene opvoeding van studente deur die bevordering van insig in, en begrip van die waarde en belangrikheid van rekeningkunde vir persoonlike doeleindes, as voorbereiding vir toetrede tot 'n rekeningkundige beroep en vir die ekonomiese samelewing.*

**3.4.5.5 Besondere doelstellings met betrekking tot vereistes van werkgewers en die sakesektor, wat uit die literatuurstudie na vore kom**

Soos in die vorige paragraaf genoem, kan doelstellings vir die onderrig van Rekeningkunde slegs geformuleer word nadat die behoeftes van die werkgewer- en sakesektor ontleed is. Uit die inligting wat tydens die literatuurstudie na vore gekom het, kan bykomende doelstellings tot dié wat in die vorige paragrawe geformuleer is, gestel word.

Tydens 'n studie na die identifisering van werksvaardighede en gesindhede van studente wat tot 'n rekeningkundige beroepswêreld wil toetree, is gevind dat die vereiste van rekenvaardigheid ook as 'n prioriteit gestel moet word (kyk par. 3.3.3 (i) c). In die verslag van Hirschowitz *et al.* (1989:66) is rekenvaardigheid ook as 'n prioriteit gestel.

Derhalwe kan die volgende meer besondere doelstelling as dié wat reeds in die kernsillabus vir Rekeningkunde (DOK (AV), 1991:1) gestel is, vir beroepsonderwys afgelei word:

* *Om die rekenkundige en syfervaardigheid van studente wat direk tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree, te ontwikkel; sodat hulle in staat sal wees om alle rekeningkundige situasies deur die beroepswêreld gestel, te hanteer.*

Daar is ook reeds vermeld dat die behoefte aan opleiding met betrekking tot rekeningkundige aangeleenthede wat binne 'n klein sakeonderneming vereis word, baie hoog geag word (kyk par. 3.3.3.2 (ii) b). In die SCOTVEC-onderrigprogram vir Rekening-

kunde word daar onder meer verwys na die belangrikheid van basiese rekeningkundige beginsels en finansiële rekordhouding van klein sakeondernemings (SCOTVEC, 1986:11-12).

Hieruit kan die volgende besondere doelstelling geformuleer word:

* *Om studente in staat te stel om tydens die aanvangsonderrig in Rekeningkunde, kennis en vaardighede op te doen van dié rekeningkundige stelsels wat algemeen op klein sakeondernemings van toepassing is.*

Wat die toepassing van teoretiese beginsels in die praktyk betref, is daar ook heelwat literatuurverwysings na 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat meer op die toepassing van teoretiese kennis moet konsentreer en minder klem op die blote memorisering van kennis moet plaas. Derhalwe behoort die toepassing van kennis en vaardighede in die praktyk duideliker in die doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys na vore te kom. Musselman *et al.* (1979:1) wys daarop dat gemeenskapskolleges in die VSA daarop gerig is om die student in staat te stel om ná afhandeling van 'n onderwerp, 'n bepaalde rekeningkundige funksie te bemeester en in die praktyk te kan uitvoer. Malan en Du Toit (1991:8) meld dat die "aard van die kundighede, vaardighede en gesindhede wat van die afgestudeerde verlang word," ook in aanmerking geneem moet word, wat impliseer dat praktiese kennis en vaardighede wat hand aan hand met beroepsonderwys gaan, prioriteit moet geniet.

Hierdie benadering bring mee dat daar in die doelstellings vir die vakkurrikulum ook 'n duidelike verwysing na vaardigheidsgebaseerde of "toegepaste Rekeningkunde" behoort te wees. Dit kan soos volg geformuleer word:

* *Om studente die geleentheid te gee om tydens die leersituasie hul teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures in die praktyk toe te pas deur hul voldoende blootstelling te bied aan praktykverwante toepassings soos die invul van bron- en stawende dokumente, die doen*

*van oefeninge direk van bron- en stawende dokumente en die simulering van praktyksituasies wat aan die rekeningkundige beroepswêreld verwant is.*

In die literatuur wat bestudeer is, word daar heelwat klem geplaas op onderwerpe wat nie direk deel van die rekeningkundige funksie vorm nie, maar wat wel daaraan verwant is en dus as aanvullend tot rekeningkundige funksies beskou kan word. Heelwat verwysings na die belangrikheid van kosteberekening, finansiële rekordhouding, die bestudering van beleggingsmoontlikhede en finansiering vir die werknemer wat 'n rekeningkundige beroep volg, kom voor. Daar word ook vereistes gestel met betrekking tot administratiewe vaardighede, wat tog as rekeningkundige klerklike werk gesien moet word (kyk par. 3.3.3.2 ii).

By die onderrig van Rekeningkunde moet daar derhalwe ook op hierdie aspekte gekonsentreer word. Dit kan as die volgende besondere doelstelling geformuleer word:

* *Om studente in staat te stel om voldoende kennis en vaardighede op te bou in administratiewe rekeningkundige take en aangeleenthede wat daaraan verwant is, byvoorbeeld die invul en hantering van besigheidsdokumente, liassering, kosteberekening, beleggingsmoontlikhede en finansiering.*

Ten slotte is daar in die literatuurstudie vasgestel dat daar by die sakesektor 'n behoefte aan rekenaarvaardigheid in 'n rekeningkundige rigting bestaan. Rossouw (1984:3) wys daarop dat hierdie behoefte reeds sedert 1984 bestaan, maar dat daar tot op hierdie stadium baie min aandag daaraan gegee is. Pieters (1987:8), Dickens en Harper (1986:131), Henry (1989:106) en Guerrieri (1990:13) ondersteun almal hierdie gedagte, terwyl die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan Badem Würtemberg gevolg word, reeds voorsiening maak vir 'n afdeling vir rekenaarboekhouding waarin 'n eenvoudige rekeningstel deur middel van die rekenaar aangeleer word (Lehrplanheft: Baden-Württemberg, 1989:44).

Die volgende besondere doelstelling kan derhalwe hieruit geformuleer word:

* *Om studente in staat te stel om die handstelsel van Rekeningkunde ook op 'n relevante rekeningkundige rekenaarprogram toe te pas.*

### 3.4.5.6 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde inligting kan afgelei word dat die algemene doelstellings wat vir die onderrig van Rekeningkunde in die kernsillabus vir skole opgeneem is, ook as doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys ingesluit kan word. Aangesien daar egter bykomende vereistes met betrekking tot beroepsrelevansie vir die vakkurrikulums vir kolleges vir beroepsonderwys gestel word, is dit nodig om die doelstellings verder uit te brei om vir hierdie vereiste voorsiening te maak.

Samevattend kan die algemene en besondere doelstellings dus soos volg vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde gestel word:

ALGEMENE DOELSTELLINGS

* Om wetenskaplik verantwoordbare leerinhoud wat aan die eise van die handel en nywerheid voldoen, aan studente oor te dra

* Om studente toe te rus met rekeningkundige kennis en vaardighede waarin 'n balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf word

* Om rekeningkundige beginsels en praktyk aan te bied met die klem op gesindhede en vaardighede wat spesifiek vir 'n rekeningkundige beroep vereis word, maar dit op so 'n wyse oor te dra dat die student hom steeds op alle terreine binne sy sosiale en fisiese omgewing sal kan handhaaf

* Om studente wat op grond van hulle belangstelling 'n beroepskursus in 'n

rekeningkundige rigting wil volg, toe te rus met kennis en vaardighede wat direk op 'n rekeningkundige beroep afgespits is

* Om die logiese denkprosesse en analitiese vermoëns van die studente te ontwikkel, sodat hulle bevoeg behoort te wees om die grondbeginsels van Rekeningkunde op nuwe en vreemde situasies toe te pas

* Om 'n sistematiese en oordeelkundige benadering tot die oplossing van probleme aan te moedig

* Om by te dra tot die vorming en opvoeding van studente deur die kenmerkende rekeningkundige vereistes soos netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel en verantwoordelikheid te ontwikkel

* Om studente se begrip van en inskakeling by hul sosiale milieu te bevorder deur die sinvolle interpretasie van rekeningkundige inligting waarmee hulle in die toekoms te doen sal kry

* Om by te dra tot die breë algemene opvoeding van studente deur die bevordering van insig in, en begrip van die waarde en belangrikheid van rekeningkunde vir persoonlike doeleindes, as voorbereiding vir toetrede tot 'n rekeningkundige beroep en vir die ekonomiese samelewing.

BESONDERE DOELSTELLINGS

* Om die rekenkundige en syfervaardigheid van studente wat direk tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree, te ontwikkel sodat hulle in staat sal wees om alle rekeningkundige situasies wat deur die beroepswêreld gestel word, te hanteer

* Om studente se insig in rekeningkundige en bestuursbeginsels te verskerp

* Om studente in staat te stel om tydens die aanvangsonderrig in Rekeningkunde

kennis en vaardighede op te doen van dié rekeningkundige stelsels wat algemeen op klein tot middelslagondernemings van toepassing is

* Om studente die geleentheid te gee om tydens die leersituasie hul teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures in die praktyk toe te pas deur aan hul voldoende blootstelling te bied aan praktykverwante toepassings soos die invul van bron- en stawende dokumente, die doen van oefeninge direk vanaf bron- en stawende dokumente en die simulering van praktyksituasies wat aan die rekeningkundige beroepswêreld verwant is

* Om studente in staat te stel om voldoende kennis en vaardighede op te bou in administratiewe rekeningkundige take en aangeleenthede wat daaraan verwant is, byvoorbeeld die invul en hantering van besigheidsdokumente, liassering, kosteberekening, beleggingsmoontlikhede en finansiering

* Om studente in staat te stel om die handstelsel van Rekeningkunde ook op 'n relevante rekeningkundige rekenaarprogram toe te pas

* Om studente toe te rus met kennis van rekeningkundige begrippe, beginsels en prosedures wat versoenbaar is met algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie Hoofstuk is daar aandag gegee aan 'n literatuurstudie wat met die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 verband hou. Daar is ook gekonsentreer op die onderskeie modelle vir kurrikulumontwikkeling, asook dié stappe wat die identifisering van leerinhoud vir die onderskeie vakkurrikulums voorafgaan.

Die eerste stap wat aandag geniet het, is 'n situasie-analise en die determinante van die situasie-analise wat op Rekeningkunde N1 tot N3 van toepassing wees. Die onderskeie determinante van die situasie-analise met betrekking tot die vakkurrikulum vir

Rekeningkunde is ontleed om te bepaal in welke mate hierdie determinante die identifisering van leerinhoud sal beïnvloed.

Ten slotte is daar op grond van die situasie-analise en literatuurstudie 'n aantal doelstellings geformuleer wat in 'n praktykgerigte kurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit behoort te word.

In Hoofstuk 4 sal die empiriese ondersoek wat gedoen is om beroepsrelevante leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde te bepaal, aandag geniet.

# HOOFSTUK 4

## DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die beplanning, uitvoering en interpretasie van die empiriese gedeelte van die ondersoek, wat daarop gemik is om relevante leerinhoud vir 'n Rekeningkundevakkurrikulum (N1 tot N3) aan kolleges vir beroepsonderwys te identifiseer, gerapporteer.

Die eerste fase van die ondersoek het bestaan uit 'n vraelys wat aan alle Rekeningkundelektore aan kolleges vir beroepsonderwys gestuur is om die bestaande leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 te evalueer en moontlike leemtes te identifiseer. In die tweede fase van die empiriese ondersoek is 'n werkseminaar vir 'n aantal rekenmeesters en verteenwoordigers van die handel en nywerheid aangebied, waartydens daar gedeeltelik van die beginsels van DACUM (kyk par. 3.3.3.3 ii) gebruik gemaak is om te bepaal watter rekeningkundige take persone wat binne 'n rekeningkundige beroepskonteks in diens is, onder normale omstandighede uitvoer. Tydens hierdie seminaar is daar 'n vraelys oor die huidige onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1 tot N3 versprei en is daar deur middel van gesprekvoering en die uitkoms van die vraelysondersoek bepaal watter wysigings aan die leerinhoud van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 aangebring behoort te word.

Derdens is 'n vraelys saamgestel wat aan 'n aantal sakeondernemings en rekenmeestersfirmas versprei is om te bepaal watter leerinhoud in 'n beroepsrelevante vakkurrikulum opgeneem behoort te word.

Op grond van die genoemde empiriese ondersoek, sowel as die literatuurstudie wat vooraf onderneem is, is aanbeveel dat meer beroepsrelevante leerinhoud by die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys ingesluit word.

In hierdie hoofstuk sal daar derhalwe gekyk word na die siening van kollegelektore oor die relevansie van die huidige leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3. Daar sal ook gekyk word na die seleksie van beroepsrelevante leerinhoud, soos geïdentifiseer tydens die aanbieding van 'n werkseminaar met rekenmeesters en ander kundiges van beroepsinstellings wat nóú betrokke is by die rekeningkundige praktyk. Ten slotte sal die resultate van die empiriese ondersoek by kleinsakeondernemings en rekenmeestersfirmas ontleed word en afleidings daaruit gemaak word.

## 4.2 ONDERSOEK AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS OOR DIE RELEVANSIE VAN DIE HUIDIGE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3

### 4.2.1 Doel van die ondersoek

Die eerste fase van die ondersoek het ten doel gehad om die huidige probleme met betrekking tot die leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 te identifiseer. Dit is gedoen deur vraelyste aan lektore wat Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys aanbied, te stuur en van hulle kundigheid en ervaring gebruik te maak om hierdie probleme te identifiseer. Daar is op sodanige ondersoek besluit omdat daar reeds beduidende terugvoering van onderrigpersoneel aan kolleges vir beroepsonderwys ontvang is dat die bestaande vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 nie voldoende beroepsgerig is nie en dat dit derhalwe nie aan die vereistes van die praktyk met betrekking tot rekeningkundige leerinhoud voldoen nie. Daar sou ook met sodanige vraelysondersoek verseker kon word dat aanbevelings van ervare lektore oor die samestelling van 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde in aanmerking geneem word. Kollegelektore is ook op hoogte van die persoonsprofiel van studente wat Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys neem en kon derhalwe waardevolle inligting oor die vlak van die onderrigaanbiedinge verskaf.

### 4.2.2 Metode van ondersoek

#### 4.2.2.1 Opstel van 'n vraelys aan kollegelektore

Die volgende stap was om 'n vraelys op te stel wat gebruik kon word om elke afsonderlike leertema in die bestaande onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1 tot N3 te evalueer. Drie afsonderlike vraelyste is vir die evaluering van die onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1, N2, en N3 opgestel (kyk Bylae C).

Omdat hierdie vraelyste opgestel is om die leerinhoud van die huidige onderrigaanbiedinge te evalueer, is die onderwerpe net soos dit in die huidige vakkurrikulums voorkom, opgeneem. Na elke afdeling is ruimte gelaat vir kommentaar en aanbevelings deur lektore.

Die vraelysstudie is by alle kolleges vir beroepsonderwys onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Ex Administrasie: Volksraad wat Rekeningkunde aanbied, onderneem. Die navorsing is onderneem om die belangrikheid van elke onderwerp wat in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde opgeneem is, uit die oogpunt van die onderrigpersoneel te bepaal. Daar is ook van lektore verwag om in die vraelys aan te dui wat die moeilikheidsgraad van elke onderwerp op grond van hulle ervaring met studente is.

Prinsipale is versoek om die vraelyste aan die vakhoof vir Rekeningkunde te oorhandig, waarna 'n vakvergadering oor die doel van die vraelys gehou moes word. 'n Inligtingsblad waarin die invulprosedure van die vraelys verduidelik is, moes ook met die betrokke onderrigpersoneel bespreek word. Die voltooide vraelyste moes binne twee weke aan die Departement teruggestuur word.

Alhoewel daar net een vraelys per onderrigaanbieding aan elke kollege versprei is, is daar in die bekendstellingsbrief versoek dat alle lektore wat 'n bepaalde onderrigaanbieding gesamentlik aanbied, die geleentheid moes kry om hulle insette afsonderlik te gee.

Nadat die vraelyste terugontvang is, is die inligting verwerk om te bepaal watter onderwerpe steeds deur onderrigpersoneel as relevant beskou word en watter onderwerpe lektore na ander onderrigaanbiedinge wil verskuif of heeltemal wil weglaat. Uit die kommentaar wat lektore na elke onderwerp gelewer het, kon ook afgelei word watter bykomende onderwerpe moontlik by 'n onderrigaanbieding gevoeg kon word. Die aanbevelings ten opsigte van die moeilikheidsgraad van elke onderwerp is ook onder die soeklig geplaas om te bepaal op watter vlak 'n onderwerp aangebied behoort te word.

#### 4.2.2.2 Populasie

Die vraelyste is as 'n amptelike dokument van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad aan al 55 kolleges wat Rekeningkunde N1 tot N3 aanbied, gestuur. Aangesien slegs een kollege se vraelyste nie terugontvang is nie, is 'n reaksie van 98 % op die vraelysondersoek verkry.

#### 4.2.2.3 Gevolgtrekkings, wenke en voorstelle verkry uit die ondersoek by kollegelektore

Daar is reeds daarvan melding gemaak dat hierdie gedeelte van die ondersoek slegs deel uitmaak van die empiriese navorsing wat daarop gemik is om insette van die kollegelektore vir die bepaling van beroepsrelevante leerinhoud te verkry. Inligting wat op grond van die vraelysondersoek by kolleges vir beroepsonderwys ingewin is, is derhalwe met die resultate en gevolgtrekkings van die ondersoek as geheel geïntegreer. Derhalwe word hierdie resultate en gevolgtrekkings vanaf paragraaf 4.5, waar van toepassing, weergegee. 'n Gesamentlike gevolgtrekking sal dan na die resultaat van elke onderwerp gegee word.

## 4.3 WERKSEMINAAR WAT DEUR REKENMEESTERS EN VERTEENWOORDIGERS VAN BEROEPSINSTELLINGS BYGEWOON IS

### 4.3.1 Doel en beplanning van die werkseminaar

Ná die vraelysondersoek vir onderrigpersoneel is 'n werkseminaar vir 'n aantal rekenmeesters en ander persone wat uitgebreide ervaring van die rekeningkundige behoeftes van sakeondernemings het, aangebied. Die doel van hierdie werkseminaar was om te bepaal wat die standpunt van belanghebbendes in die rekeningkundige praktyk oor die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys is, en watter rekeningkundige take 'n student wat op 'n N1- tot N3-vlak die kollege verlaat, reeds moet kan bemeester. Met hierdie werkseminaar sou ook vasgestel kon word wat die betrokke persone as beroepsrelevante onderwerpe vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou om dit meer praktykgerig te maak. Aanbevelings in hierdie verband sou ook as basis vir die opstel van die vraelys aan klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas kon dien om dié ondernemings se mening oor beroepsrelevante leerinhoud te verkry.

Die volgende persone wat tans op rekeningkundige gebied in Pretoria en omgewing werksaam is, is genooi om die werkseminaar by te woon:

* Twee geoktrooieerde rekenmeesters van rekenmeestersfirmas in Pretoria

* Een geoktrooieerde rekenmeester wat as finansiële konsultant van 'n groot onderneming optree

* Twee geoktrooieerde rekenmeesters wat by die hoofkantoor van die Ontvanger van Inkomste in Pretoria werksaam is

* Een verteenwoordiger van ESKOM

* Een verteenwoordiger van die Kleinsakeontwikkelingskorporasie

* Een eienaar van 'n klein sakeonderneming.

Alhoewel hierdie groep persone nie beskou kan word as totaal verteenwoordigend van alle werkgewers deur wie studente uit kolleges vir beroepsonderwys in diens geneem word nie, is hulle aangewys deur professionele en beroepsrade wat genader is om kundiges te stuur wat insette vir die seleksie van beroepsrelevante leerinhoud vir Rekeningkunde (N1 tot N3) kan lewer. Die inligting wat tydens hierdie werkseminaar verkry is, word egter aangevul met die resultate van 'n volwaardige vraelysstudie wat by 'n verteenwoordigende groep kleinsakeondernemings en rekenmeestersfirmas onderneem is.

Tydens die werkseminaar is hierdie persone versoek om 'n vraelys in te vul wat spesifiek vir hierdie doel voorberei is (Bylae D). Elke punt op die vraelys is indringend bespreek en lede van die werkseminaar moes dan hul eie opinie gee oor elke onderwerp van die bestaande vakkurrikulum, soos op die vraelys uiteengesit. Daar is ook aandag gegee aan die moontlike verskuiwing van onderwerpe van een onderrigaanbieding na 'n ander waar dit moontlik meer relevant sou kon wees. Die kommentaar en aanbevelings van elke verteenwoordiger is in groepsverband ontleed en persone kon ook op die vraelys kommentaar lewer.

Soos reeds aangedui, was een van die hooftake van hierdie werkseminaar om moontlike temas vir 'n vraelys te identifiseer waardeur insette van klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas verkry kon word met betrekking tot relevante rekeningkundige werkstake binne hierdie ondernemings. Lede van die werkseminaar is derhalwe versoek om in 'n groep alle take te identifiseer wat deur rekeningkundige personeel in sakeondernemings uitgevoer word. Hierdie inligting is gebruik ter voorbereiding van die finale vraelys wat aan klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas uitgestuur is (vgl. par. 4.4).

### 4.3.2 Gevolgtrekkings, wenke en voorstelle wat uit die werkseminaar voortgespruit het

Inligting wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is, sal net soos in die geval van die vraelysondersoek wat vir lektore van kolleges vir beroepsonderwys onderneem is, met gegewens uit die ander vraelysstudies vergelyk word, sodat 'n gesamentlike gevolgtrekking oor elke onderwerp gemaak kan word.

## 4.4 ONDERSOEK BY KLEINSAKEONDERNEMINGS EN REKENMEESTERSFIRMAS

### 4.4.1 Doel van die ondersoek

In hoofstuk 1 is daarvan melding gemaak dat die belangrikste aspek in die seleksie van leerinhoud vir 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde die betrokkenheid van die sektor waarvoor gekurrikuleer word, moet wees. Hierdie gedeelte van die ondersoek, wat as die hoof- empiriese ondersoek beskou kan word, is derhalwe onderneem om te bepaal wat die verwagte kennis en vaardighede van afgestudeerde studente wat tot rekeningkundige beroepe toegetree het, behoort te wees. Derhalwe word in hierdie afdeling gekyk na die resultate soos beskou uit die oogpunt van die klein- tot middelslagondernemings wat rekeningkundige personeel in diens het, asook na die menings van verteenwoordigers van rekenmeestersfirmas oor die huidige en verwagte rekeningkundige kennis en vaardighede wat deur klein- tot middelslagondernemings vereis word. Alhoewel studente wat in 'n Sakestudierigting by kolleges vir beroepsonderwys afgestudeer het, tot 'n wye verskeidenheid rekeningkundige en verwante beroepe in alle sektore toetree, is klein- tot middelslagondernemings spesifiek vir die ondersoek gekies omdat hierdie sektor se rekeningkundige stelsels hoofsaaklik op eenvoudige rekeningkundige stelsels gerig is (Hirschowitz *et al.*, 1989:95). Aangesien studente wat met 'n N3-kwalifikasie tot 'n rekeningkundige beroep toetree, nog nie oor enige gespesialiseerde kennis van rekeningkundige stelsels beskik nie, is daar aanvaar dat klein- tot middelslagondernemings die grootste bydrae tot die seleksie van leerinhoud tot 'n vakkurrikulm vir Rekeningkunde N1 tot N3 kan lewer. Tydens die werkseminaar (kyk par. 4.3) wat aangebied is vóór die uitstuur van vraelyste aan

hierdie sektor, het die verteenwoordigers bevestig dat hierdie sektor 'n wesenlike bydrae tot die seleksie van leerinhoud vir die betrokke vakkurrikulum sal kan lewer. Na konsultering met verteenwoordigers op die werkseminaar, asook met 'n groep rekenmeesters tydens die loodsondersoek (kyk par. 4.4.5) is daar egter besluit om alle rekenmeestersfirmas in Pretoria en omgewing by die ondersoek in te sluit. Hierdie stap is gedoen omdat rekenmeesters- en ouditeursfirmas vertroud is met die rekeningkundige stelsels van alle ekonomiese sektore en derhalwe in staat behoort te wees om selfs 'n groter bydrae tot die seleksie van rekeningkundige leerinhoud te lewer as die sakesektor.

### 4.4.2 Metode van ondersoek

#### 4.4.2.1 Opstel van vraelys

Soos reeds aangedui, is 'n vraelys in samewerking met kundiges wat by die werkseminaar betrokke was, asook op grond van inligting verkry uit die literatuurstudie, opgestel. Hierdie vraelys sou gebruik kon word om 'n ontleding te doen van die verwagte kennis en vaardighede wat klein- tot middelslagondernemings van studente vereis wat met 'n N1- tot N3-kwalifikasie direk tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree. Daar sou deur middel van die vraelysondersoek ook bepaal kon word wat die normale rekeningkundige werksaamhede is wat daagliks deur hierdie ondernemings uitgevoer word, in watter mate daar tans van die handstelsel of rekenaarstelsel vir die daaglikse rekeningkundige werksaamhede gebruik gemaak word, wat die huidige stand van kennis en vaardighede is van persone wat in hierdie ondernemings werksaam is, en wat werkgewers in werklikheid van werknemers ten opsigte van rekeningkundige werksaamhede verwag.

Die inligting wat uit die vraelysondersoek verkry is, sou saam met die ander gedeeltes van die ondersoek (kyk par. 4.2 en 4.3) tot gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot meer relevante leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 kon lei.

Met die opstel van die vraelys is daar eerstens bepaal watter algemene ondernemings-

inligting van die respondente verkry moes word. Daar is besluit om alle onderwerpe wat met die ondernemingsvorms en die kwalifikasies van die rekeningkundige werknemers verband hou, onder Afdeling A van die vraelys te groepeer. Afdeling B sou onderwerpe oor die aard van die onderneming se rekeningkundige stelsel bevat, terwyl Afdeling C saamgestel is om inligting te verkry uit die huidige en verwagte kennis en vaardighede waaroor 'n werknemer beskik of behoort te beskik.

Tydens die werkseminaar vir verteenwoordigers van die handel en nywerheid het geblyk dat heelwat persone nie presies weet wat die N-sertifikate wat studente aan kolleges vir beroepsonderwys kan verwerf, behels nie. Daarom is by sekere vrae die skoolkwalifikasies wat gelykstaande aan die N-kwalifikasies is, aangetoon om meer duidelikheid aan respondente te verskaf.

Sommige van die onderwerpe wat in die vraelys opgeneem is, kom ook in die bestaande vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 en selfs in die N4- tot N6-vakkurrikulum voor. Daar is egter in die opstel van die vraelys nie op die huidige vakkurrikulum gekonsentreer nie, maar spesifiek op aspekte wat deur werkgewers tydens die werkseminaar, kollegelektore en literatuurbronne as beroepsrelevante onderwerpe aangetoon word.

#### 4.4.2.2 Onderwerpe wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is

Uit gesprekke met verteenwoordigers tydens die werkseminaar, asook met 'n aantal rekenmeesters tydens die loodsondersoek, het dit geblyk dat daar in die N1- tot N3-onderrigprogram by kolleges vir beroepsonderwys meer op kleiner tot middelslagondernemings se rekeningkundige funksies gekonsentreer behoort te word. Die rekeningkundige funksies wat meer gespesialiseerde kennis vereis, veral met betrekking tot maatskappyrekeningkunde, behoort vir die N4- tot N6-onderrigprogram gelaat te word (vgl. par. 5.2 en 5.3.1). Die volgende onderwerpe vir die vraelys is tydens die werkseminaar geïdentifiseer:

* Om die respondente se antwoorde op die vrae vanuit die regte perspektief te

ontleed, sou dit nodig wees om te bepaal watter soort onderneming bedryf word en watter ondernemingsvorm op die besigheid van toepassing is.

* Verteenwoordigers was eenstemmig oor die feit dat 'n vraag om te bepaal van watter soort ondernemingsvorm gebruik gemaak word, ingesluit moes word.

* Die aard en intensiteit van die rekeningkundige werksaamhede wat binne 'n onderneming uitgevoer word, is bepalend vir die opstel van 'n vakkurrikulum. 'n Vraag in hierdie verband is derhalwe ingesluit.

* Heelwat ondernemings maak van boekhouers en rekenmeesters buite die onderneming gebruik vir die hantering van die onderneming se rekeningkundige proses. 'n Vraag om te bepaal watter deel van die rekeningkundige funksies deur werknemers binne die onderneming en watter deel deur persone buite die onderneming uitgevoer word, is ook ingesluit.

* Sommige ondernemings benodig slegs werknemers met beperkte rekeningkundige kennis. Daar is in die gesprekke onder meer genoem dat sommige ondernemings slegs op 'n kontantbasis handel dryf en dus minder rekeningkundige kennis en vaardighede ten opsigte van kredietransaksies van die werknemers vereis as 'n onderneming wat oor 'n uitgebreide debiteurestelsel beskik. 'n Vraag in hierdie verband sou derhalwe in die vraelysstudie van belang wees.

* Sommige ondernemings is gerekenariseerd terwyl ander ondernemings se rekeningkundige stelsel met die hand bygehou word. 'n Vraag in hierdie verband sou ook bepalend wees vir die aard van werknemers se rekeningkundige vaardighede op die rekenaar.

Verteenwoordigers het saamgestem dat die rekenarisering van ondernemings se rekeningkundige stelsels toenemend belangrik word, veral met die implementering van die BTW-stelsel. Daar is ook in hierdie verband 'n vraag ingesluit om te bepaal hoe gevorderd die rekenaarstelsel is indien een gebruik word, en van watter pakkette gebruik

gemaak word.

* Daar is in gesprekvoering met die verteenwoordigers ook gekonsentreer op die werklike kennis en vaardighede waaroor studente wat tot die wêreld van werk toetree, behoort te beskik. Verteenwoordigers was egter van mening dat, alhoewel heelwat van hierdie kennis en vaardighede uiters noodsaaklik vir 'n rekeningkundige werknemer is, hul vaardigheidsvlak daarin baie laag is. Om hierdie rede is die vraelys só opgestel dat werkgewers kon aandui oor watter kennis en vaardighede hul rekeningkundige werknemers tans beskik en ook watter vlak van kennis en vaardigheid by elke onderwerp vereis word.

Agtien van die dertig kennis- en vaardigheidsonderwerpe wat in die vraelys opgeneem is en waaroor studente behoort te beskik, is tydens die werkseminaar geïdentifiseer en in die vraelys ingesluit. Dié items word hieronder in die volgorde waarin hulle in die vraelys ingesluit is, aangedui.

- Om berekeninge met of sonder 'n sakrekenaartjie te doen

- Om brondokumente in bondels en in die korrekte volgorde te rangskik

- Om gegewens op brondokumente te ontleed en te interpreteer

- Om die finansiële state van 'n maatskappy op te stel

- Om tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting waar te neem

- Om 'n debiteurestelsel as 'n afsonderlike eenheid te hanteer

- Om 'n loon- en salarisjoernaal na die hulpjoernale en grootboekrekeninge oor te boek

- Om vervaardigingsrekeninge en 'n produksiekostestaat op te stel

- Om regstellings van beginselfoute en foutiewe inskrywings te doen

- Om hulp te verleen by die opstel en beheer van die onderneming se begroting

- Om 'n kontantvloeistaat op te stel

- Om 'n rekenaarstelsel te kan gebruik met bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette

- Om 'n groot aantal transaksies op een slag te kan hanteer

- Om hulp te verleen by die belastingberekening van die onderneming.

**4.4.2.3 Onderwerpe geïdentifiseer op grond van die ondersoek by kollegelektore**

Ses van die dertig kennis- en vaardigheidsonderwerpe wat in die vraelys ingesluit is, is op grond van hierdie ondersoek geïdentifiseer en in die vraelys opgeneem. Daar moet egter beklemtoon word dat baie van hierdie kennis- en vaardigheidsonderwerpe wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is, ook deur lektore geïdentifiseer is.

Die onderwerpe wat tydens die ondersoek by kolleges geïdentifiseer en in die vraelys opgeneem is, is die volgende:

- Om hulpjoernale na die onderskeie grootboekrekeninge oor te boek

- Om 'n proefbalans op te stel

- Om finale rekeninge/state op te stel

- Om rekeningkundige inskrywings volgens die deurlopende voorraadstelsel te doen

- Om rekeningkundige inskrywings volgens die periodieke voorraadstelsel te doen

- Om die boeke van 'n onderneming met meer as een verkoopsafdeling te doen

Die onderwerpe wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is en ook deur kollegelektore as relevant aangedui is, is die volgende:

- Om gegewens op brondokumente te kan interpreteer

- Om brondokumente te rangskik

- Om rekeningkundige gegewens te kan ontleed en te vertolk

- Om loon- en salarisjoernale op te stel en oor te pos

- Om regstellings van beginselfoute en foutiewe inskrywings te doen

- Om 'n groot aantal transaksies op 'n slag te kan hanteer.

**4.4.2.4 Onderwerpe wat uit die literatuurstudie geïdentifiseer is**

Negentien van die dertig kennis- en vaardigheidsonderwerpe wat in die vraelys opgeneem is, is ook as relevante onderwerpe in die literatuurstudie geïdentifiseer (kyk par. 3.3.3.2). Aangesien die meeste van hierdie onderwerpe ook deur lede van die werkseminaar én deur kollegelektore as relevant geïdentifiseer is, sal slegs dié ses onderwerpe wat bykomend uit die literatuurstudie geïdentifiseer is, hier genoem word.

- Om tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting waar te neem

- Om rekeningkundige inligting te ontleed en te vertolk

- Om hulp te verleen by die opstel en beheer van die onderneming se begroting

- Om 'n rekenaarsleutelbord teen 'n redelike spoed te kan hanteer

- Om statistiese gegewens in te samel en te verwerk

- Om grafiese voorstellings met behulp van of sonder 'n rekenaar te kan maak

### 4.4.3 Populasie

In par. 4.4.2.1 is reeds aangetoon dat verteenwoordigers tydens die werkseminaar aangedui het dat daar soms baie gevorderde en gespesialiseerde rekeningkundige kennis van personeel wat by die hantering van groot ondernemings of maatskappye se rekeningkundige stelsels betrokke is, vereis word. Derhalwe is besluit om hierdie gedeelte van die vraelysondersoek te rig op kleiner tot middelslagondernemings, asook op rekenmeestersfirmas waar die nodige kennis van rekeningkundige vaardighede wat in sakeondernemings vereis word, gevestig is (vgl. ook par 4.4.1). Aangesien rekenmeesters en ouditeursfirmas deurlopend op hoogte bly met die behoeftes van die praktyk, word hulle terugvoering as uiters belangrik beskou en derhalwe sal die resultate van hierdie vraelyste afsonderlik weergegee word.

Personeel van ondernemings in die sentrale stadsgebied van Pretoria is as populasie gekies op grond van die feit dat die navorser in Pretoria werksaam is en dit derhalwe tydsgewys makliker en meer ekonomies sou wees om die ondersoek in hierdie gebied te doen. Versigtige ekstrapolering van die resultate van die ondersoek na soortgelyke ondernemings in die land is weens die gemeenskaplike aard van die rekeningkundige funksies wat deur ondernemings uitgevoer word, egter wel moontlik.

### 4.4.4 Steekproef

Na 'n ontleding van die populasie van klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas, is daar van die 1991-alfabetiese inhoudsopgawe van die Braby's-gids

van die Pretoriase Stadsraad gebruik gemaak om 'n steekproef te neem. Die steekproef van 150 klein- tot middelslagondernemings is op 'n ewekansige wyse uit die 15 000 gelyste ondernemings geneem. Elke honderdste gelyste onderneming is vir die steekproef gebruik. Indien die bepaalde onderneming wat getrek is, geblyk het 'n openbare maatskappy of groot onderneming te wees, is die daaropvolgende onderneming in die steekproef ingesluit.

Daar is verder besluit om al 26 rekenmeesters en ouditeursfirmas wat in die Braby's-gids gelys is, in die navorsing op te neem. 'n Steekproef is derhalwe nie uit hierdie firmas geneem nie.

### 4.4.5 Loodsondersoek

Om vas te stel of die vraelys aan sy doel sou beantwoord, is vyf vraelyste aan 'n groot rekenmeestersfirma in Pretoria oorhandig om onder vyf gekwalifiseerde rekenmeesters versprei te word. Die doel van die vraelys is in 'n inligtingsblad verduidelik, en die firma is versoek om die vraelys te evalueer en aanbevelings ter verbetering daarvan te doen. Daar is ook versoek dat verdere items met betrekking tot moontlike kennis en vaardighede waaroor 'n student op N3-vlak moet beskik, bygevoeg word, of dat enige ander leemtes in die vraelys geïdentifiseer word.

Drie van hierdie vraelyste is terugontvang, en aangesien die reaksie daarop positief was en geen verdere kennis- of vaardigheidsitems bygevoeg of geïdentifiseer is nie, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die vraelys aan sy doel beantwoord. Die vraelys is derhalwe in sy oorspronklike formaat aan die klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas uitgestuur.

### 4.4.6 Vraelysondersoek en terugsendings

Vraelyste en 'n begeleidingsbrief is aan alle klein- tot middelslagondernemings wat by die steekproef ingesluit is, gepos. Dieselfde vraelys is ook aan al 26 rekenmeesters- en ouditeursfirmas wat in die gids gelys was, gestuur.

'n Totaal van 67 ondernemings het hul vraelyste teruggestuur, wat 44,7 % van die totale aantal firmas wat genader is, verteenwoordig. Derhalwe is versigtige veralgemening na die res van die populasie wel moontlik (De Wet *et al.*, 1981:112). 'n Reaksie van 76,9 % (20 van die 26 uitgestuurde vraelyste) is van die rekenmeesters en ouditeursfirmas verkry.

## 4.5 RESULTAAT VAN DIE VRAELYSONDERSOEK

### 4.5.1 Inleiding

Vervolgens sal aandag gegee word aan die resultaat van die ondersoek deur gebruik te maak van tabelle wat elk van die genoemde vraelysondersoeke aandui. Onder elke onderwerp sal daar, waar van toepassing, afsonderlik gekyk word na die resultate van

a) die vraelysondersoek vir lektore van kolleges vir beroepsonderwys

b) die vraelysondersoek uitgevoer en insette verkry tydens die werkseminaar met verteenwoordigers van die handel en nywerheid

c) die vraelysondersoek uitgevoer by klein- tot middelslagondernemings.

By elk van die onderwerpe word, waar van toepassing, 'n samevattende gevolgtrekking met betrekking tot die bepaalde onderwerp gegee.

Die volgorde waarin die resultate ontleed sal word, sal dieselfde wees as die volgorde van onderwerpe in die hoofvraelys wat aan klein- tot middelslagondernemings en aan rekenmeestersfirmas gestuur is aangesien hierdie gedeelte as die belangrikste komponent van die ondersoek beskou word.

### 4.5.2 Algemene besonderhede van respondente

Afdeling A van die vraelys aan klein- tot middelslagondernemings het vrae bevat met

betrekking tot die soort onderneming wat bedryf word, die ondernemingsvorm waarvan gebruik gemaak word, getal rekeningkundige werknemers wat in diens van respondente is, asook hul kwalifikasies (vgl. Afdeling A, Bylae E).

#### 4.5.2.1 Soort onderneming

In die eerste vraag (vgl. vraag 1, Afdeling A, Bylae E) moes respondente aandui watter soort onderneming bedryf word. Die resultaat van hierdie vraag is soos volg:

**Tabel 4.1**

**SOORT ONDERNEMING WAT DEUR RESPONDENTE BEDRYF WORD**

| SOORT ONDERNEMING | GETAL | % |
|---|---|---|
| Handelsonderneming | 19 | 28,4 |
| Diensonderneming | 26 | 38,8 |
| Vervaardigingsonderneming | 2 | 3 |
| Kombinasie: Handels-/Diensonderneming | 9 | 13,4 |
| Kombinasie: Vervaardigings-/Diensonderneming | 8 | 11,9 |
| Ander | 3 | 4,5 |
| | 67 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Van die 67 respondente was 38,8 % (26 uit 67) van diensondernemings terwyl 28,4 % (19 uit 67) van handelsondernemings was. As die kombinasie van diens- en handelsondernemings, naamlik 13,4 % (9 uit 67), asook die kombinasie van vervaardigings- en handelsondernemings daarby gevoeg word, was 92,5 % (62 uit 67) van die respondente betrokke by dienslewering of handelsbedrywighede.

* Slegs 14,9 % van die respondente was ook by die vervaardiging van goedere betrokke. Hierdie lae persentasie kan moontlik daaraan toegeskryf word dat slegs klein- tot middelslagondernemings deel van die teikenpopulasie gevorm het en ver-

vaardiging meestal groot kapitaalinsette vereis en derhalwe meer dikwels by die groter ondernemingsvorme aangetref word. Daar sal tydens die ontleding van die vereiste kennis en vaardighede meer indringend na hierdie aspek gekyk word.

#### 4.5.2.2 Ondernemingsvorm

In vraag 2 (vgl. vraag 2 van Afdeling A, Bylae E) moes respondente aandui van watter ondernemingsvorm hulle gebruik maak.

**Tabel 4.2**

**DIE ONDERNEMINGVORM WAARVAN RESPONDENTE GEBRUIK MAAK**

| ONDERNEMINGSVORM | GETAL | % |
|---|---|---|
| Eenmansaak | 21 | 31,3 |
| Vennootskap | 23 | 34,3 |
| Beslote korporasie | 13 | 19,4 |
| Maatskappy met beperkte aanspreeklikheid | 9 | 13,4 |
| Ander | 1 | 1,5 |
| | 67 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* 85 % (57 uit 67) van klein- tot middelslagondernemings maak hoofsaaklik van die eenmansaak, vennootskap en beslote korporasie as ondernemingsvorm gebruik. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hierdie ondernemingsvorms met 'n kleiner kapitaalinset bedryf kan word, en dié drie ondernemingsvorme dit moontlik maak.

* Aangesien slegs 13,4 % (9 uit 67) respondente die maatskappyvorm as ondernemingsvorm gebruik het, blyk dit dat hierdie soort ondernemingsvorm nie baie aftrek by klein- tot middelslagondernemings kry nie.

#### 4.5.2.3 Akademiese besonderhede van rekeningkundige werknemers

Vervolgens moes respondente die kwalifikasies van rekeningkundige werknemers wat in diens van die respondentondernemings is, aantoon (vgl. vraag 3 van Afdeling A, Bylae E). Respondente moes die getal personeellede wat onder elk van die genoemde kwalifikasievlakke ressorteer, aandui (vgl. Tabel 4.3).

Aangesien daar op grond van die werkseminaar wat vir rekeningkundige personeel aangebied is, afgelei kon word dat 'n groot aantal ondernemings wat rekeningkundige personeel in diens neem, nie kennis dra van die ooreenkomste en verskille tussen die gewone skoolkwalifikasies en die N-sertifikate wat aan kolleges vir beroepsonderwys behaal kan word nie, is daar in hierdie vraag geen onderskeid tussen die N-vlakke en die gewone skoolstanderds getref nie.

**Tabel 4.3**

**KWALIFIKASIES VAN REKENINGKUNDIGE PERSONEEL IN DIENS VAN RESPONDENTE**

| KWALIFIKASIES | GETAL | % |
|---|---|---|
| St. 8 (N1) sonder Rekeningkunde | 0 | 0 |
| St. 8 (N1) met Rekeningkunde | 9 | 6,7 |
| St. 10 (N3) sonder Rekeningkunde | 17 | 12,7 |
| St. 10 (N3) met Rekeningkunde | 41 | 31 |
| 'n Naskoolse of tersiêre kwalifikasie sonder Rekeningkunde as vak | 28 | 20,9 |
| 'n Naskoolse of tersiêre kwalifikasie met Rekeningkunde as vak | 39 | 29,1 |
| | 134 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Slegs 6,7 % (9 uit 134) van die rekeningkundige werknemers in diens van die re-

spondente het slegs oor st. 8- of N1-kwalifikasies beskik. Dit dui daarop dat ondernemings traag is om personeel met slegs 'n st. 8- of N1-kwalifikasie in diens te neem.

* Die grootste enkele groep, naamlik 31 % (41 uit 134), van die werknemers het 'n st. 10- of 'n N3-sertifikaat met Rekeningkunde as vak gehad, wat daarop dui dat hierdie kwalifikasievlak deur 'n beduidende persentasie werkgewers as voldoende vir hul ondernemings se rekeningkundige werksaamhede beskou word.

* 29,1 % (39 uit 134) van die rekeningkundige werknemers het reeds oor 'n naskoolse of tersiêre kwalifikasie met Rekeningkunde as vak beskik, terwyl 'n verdere 20,9 % (28 uit 134) 'n naskoolse of tersiêre kwalifikasie sonder Rekeningkunde gehad het. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat klein- tot middelslagondernemings ook groot waarde heg aan personeel wat reeds oor tersiêre kwalifikasies beskik, maar nie slegs van werknemers wat oor amptelike rekeningkundige kwalifikasies beskik, vir hul rekeningkundige werksaamhede gebruik maak nie.

* Die feit dat min werknemers, naamlik 6,7 % (9 uit 134), oor slegs 'n st. 8- of N1-kwalifikasie beskik het, dui daarop dat N1 nie as 'n beduidende uittreepunt beskou kan word vir studente wat 'n rekeningkundige beroep wil volg nie. Derhalwe kan daar op die N1-vlak gekonsentreer word op basiese rekeningkundige beginsels eerder as om die leerinhoud op die direkte praktyk toe te spits.

### 4.5.3 Die aard van die rekeningkundige stelsels deur respondente gebruik

Respondente moes in hierdie afdeling aandui wat die aard van die rekeningkundige stelsel is wat in die onderneming gebruik word (vgl. Afdeling B, Bylae E).

#### 4.5.3.1 Wie die rekeningkundige stelsel in die onderneming hanteer

Op die eerste vraag van hierdie afdeling (vgl. vraag 1 van Afdeling B, Bylae E) moes respondente aandui of daar van rekenmeesters binne of buite die onderneming gebruik

gemaak word om die onderneming se rekeningkundige stelsel te hanteer. Hierdie vraag is ingesluit om 'n aanduiding te verkry van die getal rekeningkundige werknemers wat direk in diens van klein- tot middelslagondernemings is, aangesien hierdie tipe ondernemings soms van rekeningkundige personeel op 'n deeltydse grondslag gebruik maak.

**Tabel 4.4**

**INTERNE OF EKSTERNE REKENINGKUNDIGE PERSONEEL BETROKKE BY RESPONDENTE SE REKENINGKUNDIGE STELSELS**

| REKENINGKUNDIGE PERSONEEL | GETAL | % |
|---|---|---|
| Boekhouers of rekenmeesters permanent in diens van die onderneming | 34 | 51,5 |
| Boekhouers of rekenmeesters buite die onderneming | 13 | 19,7 |
| Boekhouers of rekenmeesters binne sowel as buite die onderneming | 19 | 28,8 |
| | 66 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Van die 66 respondente wat hierdie vraag beantwoord het, maak die meerderheid, naamlik 51,5 % (34 uit 66) gebruik van rekeningkundige personeel wat permanent in diens van die onderneming is, terwyl 'n verdere 19 % (18 uit 66) van personeel binne sowel as buite die onderneming gebruik maak om die rekeningkundige stelsel te hanteer. Hieruit volg dat 70,5 % van die respondente rekeningkundige personeel op 'n permanente grondslag in diens het.

* Derhalwe kan die gevolgtrekking gemaak word dat klein- tot middelslagondernemings 'n belangrike werkverskaffer van rekeningkundige personeel is en dus ook 'n belangrike inset te lewer het in die samestelling van die kurrikulum vir Rekeningkunde.

### 4.5.3.2 In watter mate rekeningkundige funksies binne die onderneming hanteer word

In die tweede vraag (vgl. vraag 2 van Afdeling B, Bylae E) moes dié respondente wat van personeel van binne sowel as buite die onderneming vir die hantering van die rekeningkundige stelsel gebruik maak, aandui watter rekeningkundige funksies wel deur rekeningkundige personeel binne die onderneming hanteer word.

**Tabel 4.5**

**REKENINGKUNDIGE FUNKSIES WAT BINNE DIE ONDERNEMING HANTEER WORD**

| REKENINGKUNDIGE FUNKSIES (INTERNE PERSONEEL) | GETAL | % |
|---|---|---|
| Opstel van hulpjoernale | 11 | 21,6 |
| Hulpjoernale sowel as debiteure en krediteure | 4 | 7,8 |
| Hulpjoernale, debiteure, krediteure en algemene grootboek | 3 | 5,9 |
| Alle boekhouding tot op proefbalansstadium | 11 | 21,6 |
| Alle boekhouding tot op balansstaatstadium | 22 | 43,1 |
| | 51 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Van die 51 respondente wat hierdie vraag beantwoord het, het 22 (43,1 %) aangedui dat die onderneming se rekeningkundige stelsel tot op balansstaatstadium deur interne personeel hanteer word. 'n Verdere 11 (21,6 %) respondente het aangedui dat die rekeningkundige stelsel tot op proefbalansvlak deur interne personeel hanteer word.

* Hieruit kan afgelei word dat daar by die meerderheid respondente 'n behoefte is aan rekeningkundige personeel wat die rekeningkundige stelsel volledig kan hanteer en nie net van sekere aspekte daarvan kennis dra nie. Hierdie gevolgtrek-

king behoort ook van groot belang te wees vir Rekeningkundekurrikuleerders, aangesien hierdie resultaat bevestig dat daar by klein- tot middelslagondernemings min behoefte bestaan aan werknemers wat slegs oor kennis van sekere aspekte, byvoorbeeld debiteure of krediteure alleen, beskik.

#### 4.5.3.4 Soort hulpboeke/hulpjoernale in gebruik

Die volgende vraag (vgl. vraag 3 van Afdeling B, Bylae E) is gestel om te bepaal watter hulpjoernale algemeen in die rekeningkundige stelsels van die respondente gebruik word. Aangesien hierdie aspek ook aandag geniet het in die vraelysondersoek waarby lektore van kolleges vir beroepsonderwys betrek is (vgl. par. 1 tot 3 van die N1-vraelys, Bylae C), asook tydens die werkseminaar wat vir kundiges van die handel en nywerheid aangebied is (vgl. bladsy 1 tot 3, Bylae D), sal vergelykende tabelle van hierdie resultate ook hierby gegee word.

**Tabel 4.6**

**REAKSIE VAN RESPONDENTE OP DIE GEBRUIK VAN HULPJOERNALE**

| HULPJOERNALE | GETAL | % |
|---|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal | 37 | 56,1 |
| Kontantbetalingsjoernaal | 36 | 54,5 |
| Ontledingkasboek | 41 | 62,1 |
| Kleinkasjoernaal | 32 | 49,2 |
| Kleinkasboek | 36 | 55,4 |
| Debiteurejoernaal | 35 | 54,7 |
| Verkoopboek | 34 | 53,1 |
| Krediteurejoernaal | 29 | 45,3 |
| Inkoopboek | 25 | 39,7 |
| Debiteureafslagjoernaal | 18 | 28,6 |
| Verkoopretoereboek | 12 | 19 |
| Krediteureafslagjoernaal | 17 | 27 |
| Inkoopretoereboek | 11 | 17,5 |
| Algemene joernaal | 57 | 90,5 |
| | 63 | 100 |

**Tabel 4.7**

**REAKSIE VAN KOLLEGELEKTORE OP DIE GEBRUIK VAN HULPJOERNALE**

| HULPJOERNALE | BELANGRIK | | NODIG | | ONNODIG | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % |
| Kontantontvangstejoernaal | 26 | 96,3 | 1 | 3,7 | | | 27 | 100 |
| Kontantbetalingsjoernaal | 26 | 96,3 | 1 | 3,7 | | | 27 | 100 |
| Ontledingkasboek | 10 | 37 | 12 | 44,5 | 5 | 18,5 | 27 | 100 |
| Kleinkasjoernaal | 21 | 77,8 | 6 | 22,2 | | | 27 | 100 |
| Debiteurejoernaal | 26 | 96,3 | 1 | 3,7 | | | 27 | 100 |
| Krediteurejoernaal | 26 | 96,3 | 1 | 3,7 | | | 27 | 100 |
| Debiteureafslagjoernaal | 19 | 70,4 | 7 | 25,9 | 1 | 3,7 | 27 | 100 |
| Krediteureafslagjoernaal | 19 | 70,4 | 7 | 25,9 | 1 | 3,7 | 27 | 100 |
| Algemene joernaal | 26 | 96,3 | 1 | 3,7 | | | 27 | 100 |

Tabel 4.8

REAKSIE VAN LEDE VAN DIE WERKSEMINAAR OP DIE GEBRUIK VAN HULPJOERNALE

| HULPJOERNALE | BELANGRIK | | NODIG | | ONNODIG | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % |
| Kontantontvangstejoernaal | 6 | 75 | 2 | 25 | | | 8 | 100 |
| Kontantbetalingsjoernaal | 6 | 75 | 2 | 25 | | | 8 | 100 |
| Ontledingkasboek | 6 | 75 | 2 | 25 | | | 8 | 100 |
| Kleinkasjoernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |
| Debiteurejoernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |
| Krediteurejoernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |
| Debiteureafslagjoernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |
| Krediteureafslagjoernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |
| Algemene joernaal | 8 | 100 | | | | | 8 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Uit Tabel 4.6 blyk dit dat hulpjoernale steeds by 'n groot aantal klein- tot middelslagondernemings deel van hul rekeningkundige stelsel vorm en dienooreenkomstig aangewend word, naamlik die kontantontvangstejoernaal (56,1 %), kontantbetalingsjoernaal (54,5%), ontledingkasboek (62,1 %), kleinkasboek (55,4%), debiteurejoernaal (54,7 %), krediteurejoernaal (53,1 %), en algemene joernaal (90,5%).

* Uit hierdie interpretasie blyk duidelik dat die meerderheid respondente van die ondersoek by klein- tot middelslagondernemings hulpjoernale as algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk beskou en derhalwe as belangrike leerinhoud vir rekeningkundige stelsels geïdentifiseer het. Dieselfde afleiding kan gemaak word uit gegewens verkry van lektore van kolleges vir beroepsonderwys (Tabel 4.7) waar 96,3 % (26 uit 27) kollegelektore wat op die N1-vraelys gereageer het, aangedui het dat die kontantontvangstejoernaal, kontantbetalingsjoernaal, debiteurejoernaal, krediteurejoernaal en algemene joernaal as belangrik in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou word. Die orige 3,7% (1 uit 27) het wel hierdie hulpjoernale as "nodige" leerinhoud in die vakkurrikulum beskou. 70,4 % (19 uit

27) lektore het ook aangedui dat hulle die debiteureafslagjoernaal en krediteureafslagjoernaal as belangrike leerinhoud beskou, terwyl 'n verdere 25,9% (7 uit 27) dié onderwerpe as nodige leerinhoud beskou het. Wat die insluiting van die ontledingkasboek as leerinhoud in die vakkurrikulum betref, het 44,5 % (10 uit 27) dié betrokke onderwerp as belangrike leerinhoud geïdentifiseer, terwyl 'n verdere 18,5 % (5 uit 27) dit as onnodig in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou. Ook by lede van die werkseminaar is dieselfde tendens ten opsigte van die insluiting van hulpjoernale geïdentifiseer, aangesien 75 % (6 uit 8) die kontantontvangstejoernaal, kontantbetalingsjoernaal en ontledingkasboek as belangrik beskou het, terwyl 100 % van dié groep aangedui het dat hulle die debiteure-, krediteure-, debiteureafslag-, krediteureafslag- en algemene joernaal as belangrike leerinhoud beskou (kyk Tabel 4.8).

* Die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal is onderskeidelik deur 56,1 % (37 uit 63) en 54,5 % (36 uit 63) respondente as dié hulpjoernale aangedui wat vir die aantekening van kontantontvangste en -betalings gebruik word, terwyl 62,1 % (41 uit 63) van die respondente aangedui het dat hulle nog van 'n ontledingkasboek gebruik maak. Enkele respondente het by hierdie vraag die kontantjoernale sowel as die ontledingkasboek aangetoon, wat moontlik 'n aanduiding daarvan kan wees dat hulle nie die verskil tussen die drie soorte hulpboeke ken nie. Aangesien dit egter 'n onbeduidende getal respondente was, kan dit geïgnoreer word.

* Uit die interpretasie van Tabel 4.6 kan die afleiding egter ook gemaak word dat sommige soorte hulpjoernale nie meer algemeen in die rekeningkundige stelsels van klein- tot middelslagondernemings gebruik word nie, naamlik die inkoopboek (39,7 %), debiteureafslagjoernaal (28,6 %) verkoopboekretoereboek (19 %), krediteureafslagjoernaal (27 %) en inkoopboek (17,5 %). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat ander joernale wat 'n soortgelyke funksie in die rekeningkundige stelsels van dié ondernemings verrig, die betrokke hulpjoernale se funksies oorgeneem het. Die gebruik van sekere hulpboeke soos die inkoop- en verkoopboek is ook sedert 1985 nie meer in skool- of kollegesillabusse ingesluit nie aangesien die inkoop- en verkoopjoernale dié boeke in die sillabusse vervang het

(TOD, 1985:3; DOK (AV), 1985:5).

* Uit die gegewens met betrekking tot die gebruik van die ontledingkasboek kan die afleiding gemaak word dat daar steeds 'n beduidende getal ondernemings is (62,1 %) wat van die ontledingkasboek gebruik maak as boek van eerste inskrywing. Hierdie aspek is van belang omdat lektore by kolleges vir beroepsonderwys soos volg op die gebruik van die ontledingkasboek gereageer het:

**Tabel 4.9**

**REAKSIE VAN LEKTORE OP DIE BELANGRIKHEID VAN DIE GEBRUIK VAN DIE ONTLEDINGKASBOEK**

| HULPJOERNAAL | BELANGRIK | | NODIG | | ONNODIG | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % | GETAL | % |
| Ontledingkasboek | 10 | 37 | 12 | 44,4 | 5 | 18,5 | 27 | 100 |

Hieruit kan afgelei word dat slegs 37 % (10 uit 27 ) lektore aan kolleges vir beroepsonderwys die ontledingkasboek as belangrik vir insluiting in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou, terwyl 12 uit 27 (44,4 %) dit as "nodig" vir die kurrikulum beskou. Heelwat lektore het egter by hierdie onderwerp in die vraelys kommentaar gelewer dat hulle sou verkies dat die ontledingkasboek in 'n nuwe vakkurrikulum as onderwerp uitgelaat word omdat studente die afsluiting daarvan moeilik vind as gevolg van die verskil in afsluiting van die ontledingkasboek en die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal. Nog 'n rede wat aangevoer is, is dat studente die kasboek en kontantjoernale verwarrend vind aangesien baie aspekte daarvan oorvleuel. Uit die gegewens verkry uit Tabel 4.6 en 4.8, wil dit egter voorkom asof die ontledingkasboek steeds algemeen in klein- tot middelslagondernemings gebruik word (62,1 %). Hierdie feit sal by latere gevolgtrekkings (kyk par. 5.2.2) deeglik in ag geneem moet word.

### 4.5.3.5 Gebruik van rekenaars vir die byhou van rekeningkundige stelsels

Op grond van die literatuurstudie wat onderneem is, asook van aanbevelings van kun-

diges wat die werkseminaar bygewoon het, is vraag 4 ingesluit om te bepaal in watter mate daar in klein- tot middelslagondernemings van rekenaars gebruik gemaak word vir die byhou van hul rekeningkundige stelsels (vgl. vraag 4 van Afdeling B, Bylae E). Respondente moes ook aandui watter rekeningkundige funksies met die hand, en watter met behulp van 'n rekenaar uitgevoer word. 65 respondente het soos volg gereageer:

**Tabel 4.10**

**UITVOERING VAN REKENINGKUNDIGE FUNKSIES PER HAND OF PER REKENAAR**

| REKENINGKUNDIGE FUNKSIES | GETAL PER HAND | % | GETAL PER REKENAAR | % |
|---|---|---|---|---|
| Voltooiing van brondokumente | 62 | 95,4 | 3 | 4,6 |
| Voltooiing van hulpjoernale | 31 | 48,4 | 33 | 51,6 |
| Voltooiing van debiteure- en krediteurerekeninge | 24 | 37,5 | 40 | 62,5 |
| Voltooiing van die algemene grootboek | 23 | 35,4 | 42 | 64,6 |
| Voltooiing van maandstate | 15 | 24,6 | 46 | 75,4 |
| Rekonsiliasie van die bankrekening en bankstaat | 40 | 61,5 | 25 | 38,5 |
| Opstel van die proefbalans | 21 | 34,4 | 40 | 65,6 |
| Opstel van inkomstestaat en balansstaat | 22 | 37,3 | 37 | 62,7 |
| Opstel van loon-/salarisstate | 44 | 68,8 | 20 | 31,3 |
| Opstel van begroting | 36 | 59 | 25 | 41 |
| Voorraadhouding | 33 | 57,9 | 24 | 42,1 |
| Totaal | 351 | 51,2 | 335 | 48,8 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Van die 65 respondente wat hierdie vraag beantwoord het, het slegs 4,6 % (3 uit 65) aangedui dat die onderneming se brondokumente per rekenaar voltooi word. Aangesien dié vraag egter nie voorsiening gemaak het vir 'n aanduiding van watter soort dokumente met 'n rekenaar voltooi word nie, kan aanvaar word dat daar in die algemeen in klein- tot middelslagondernemings van handgeskrewe faktuurboeke, kwitansieboeke, tjekboeke ens. gebruik gemaak word. Die rekenaar speel derhalwe nie so 'n belangrike rol in hierdie verband nie. Terugvoering van persone betrokke by die werkseminaar het egter aangedui dat waar daar by ondernemings van rekeningkundige rekenaarprogramme gebruik gemaak word vir die hantering

van die rekeningkundige stelsel, daar ook toenemend van 'n gerekenariseerde faktuurstelsel by kredietverkope, asook 'n kwitansiestelsel vir die ontvangste van geld gebruik gemaak word. Derhalwe kan aanvaar word dat die rekenaar wel 'n belangrike rol kan speel in die daarstelling van brondokumente.

* 51,6 % (33 van 65) respondente het aangedui dat daar van gerekenariseerde hulpjoernale in die onderneming se rekeningkundige stelsel gebruik gemaak word. Hieruit kan afgelei word dat ongeveer dieselfde persentasie van die ondernemings in geheel of gedeeltelik van rekenaarprogramme gebruik maak vir die byhou van die rekeningkundige stelsel. As daar in ag geneem word dat die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 geen leerinhoud met betrekking tot gerekenariseerde rekeningkundige stelsels bevat nie, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie aspek dringend aandag behoort te geniet.

* 62,5 % (40 van 65) van die respondente het aangedui dat hul ondernemings se debiteure-/krediteurestelsels reeds gerekenariseerd is. Hierdie hoë syfer kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sommige ondernemings slegs hulle debiteurestelsels deur buite-ondernemings wat hierin spesialiseer, laat doen. Die respons met betrekking tot die rekenarisering van maandstate aan debiteure was 75,4 % (46 uit 65). Alhoewel hierdie persentasie min of meer met die vorige persentasie ten opsigte van die gerekenariseerde debiteurestelsel behoort te korreleer, kan die hoër persentasie by maandstate moontlik daarop dui dat meer ondernemings se debiteurestelsels ook gerekenariseerd is.

* Verdere terugvoering in hierdie verband dui ook daarop dat grootboekrekeninge (64,6 %), die opstel van 'n proefbalans (65,6 %) en die finansiële stand van die onderneming deur middel van finansiële jaarstate (62,7 %) reeds gerekenariseerd weergegee word.

* Die hoë persentasies by dié afdeling dui op die belangrikheid van die insluiting van leerinhoud wat op gerekenariseerde rekeningkundige stelsels gerig is sodat studente in beroepsonderwysinstellings hulle toereikend vir die eise van die ge-

rekenariseerde beroepsmilieu gereed kan maak.

#### 4.5.3.6 Tipe rekenaarprogramme in gebruik

Om inligting te verkry oor die soort rekenaarpakkette wat die algemeenste in klein- tot middelslagondernemings gebruik word, is 'n vraag ingesluit waarin respondente wie se rekeningkundige stelsels op rekenaar gedoen word, moes aandui of daar van 'n spesiaal ontwerpte pakket, of 'n pakket wat vryelik in die handel beskikbaar is, gebruik gemaak word (vgl. vraag 4 van Afdeling B, Bylae E). Die reaksie hierop was soos volg:

**Tabel 4.11**

**TIPE REKENAARPROGRAMME IN GEBRUIK**

| SOORT REKENINGKUNDIGE PAKKET | GETAL | % |
|---|---|---|
| Spesiaal ontwerpte pakket | 10 | 22,2 |
| Pakket in die handel beskikbaar | 35 | 77,8 |
| Totaal | 45 | 100 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Van die 45 respondente wat hierdie vraag beantwoord het, het 35 uit 45 (77,8 %) respondente aangedui dat hulle van pakkette wat vryelik in die handel beskikbaar is, gebruik maak. Respondente wat positief op hierdie afleier geantwoord het, is ook gevra om die naam van die pakket neer te skryf. Aangesien slegs 13 van die 35 respondente dit gedoen het, kan die resultate hiervan nie wyer veralgemeen word nie. Die 13 respondente het nogtans 'n groot verskeidenheid handelsname opgenoem, waarvan Accpacc, Brilliant, Pastel en TurboCash deur meer as een respondent genoem is. Hierdie inligting dui daarop dat dit noodsaaklik sal wees om studente 'n basiese agtergrond van die gebruik van 'n gerekenariseerde pakket te gee, en dat die moontlikheid sterk is dat studente later die kennis wat in die aanleer van 'n bepaalde rekenaarpakket verwerf is, op 'n ander soort pakket in die praktyk sal moet toepas.

### 4.5.4 Geïdentifiseerde kennis en vaardighede waaroor 'n persoon wat tot 'n rekeningkundige beroep toetree, moet beskik

#### 4.5.4.1 Inleiding

Respondente moes in hierdie afdeling aandui wat die huidige rekeningkundige kennis en vaardighede is waaroor werknemers wat vanuit die skool/kollege tot 'n rekeningkundige beroep by die bepaalde onderneming toetree, beskik, asook wat die verwagte kennis en vaardighede is wat die bepaalde werkgewer van hulle vereis (vgl. Afdeling C, Bylae E).

In par. 4.4.2 is daar reeds 'n verduideliking gegee van die samestelling van die rekeningkundige kennis en vaardighede wat geïdentifiseer is vir opname in die vraelys.

#### 4.5.4.2 Evalueringskaal

Respondente moes vir elke geïdentifiseerde kennis- en vaardigheidsafleier die huidige vlak van kennis en vaardigheid aandui waaroor die onderneming se rekeningkundige werknemers beskik, asook die verwagte kennis- of vaardigheidsvlak waaroor 'n persoon na hul mening behoort te beskik voordat hy/sy tot 'n beroep in 'n rekeningkundige rigting toetree. Vir die evaluering van die huidige sowel as die verwagte kennis- en vaardigheidsvlakke, is 'n vyfpuntskaal gebruik, waarvan die kriteria soos volg uiteengesit is:

1 - Kennis of vaardigheid is onbevredigend.
2 - Kennis of vaardigheid is redelik bevredigend maar daar is nog tekortkominge.
3 - Kennis of vaardigheid is redelik goed tot goed.
4 - Kennis of vaardigheid is baie goed.
5 - Kennis of vaardigheid is uitstekend.

#### 4.5.4.3 Mening van respondente

Benewens die 30 geïdentifiseerde kennis- of vaardigheidsitems, is daar ook vyf spasies oopgelaat waar respondente hul eie kennis- en vaardigheidsitems kon inskryf en die huidige en verwagte kennis van hierdie items kon aandui.

### 4.5.5 Resultaat van die terugvoering oor die huidige en verwagte kennis

#### 4.5.5.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal die evaluering van die rekenmeestersfirmas en sakeondernemings afsonderlik asook gesamentlik weergegee word. Daar sal ook gekyk word na die korrelasie tussen die twee groepe wat die huidige en verwagte kennis en vaardigheid van elke rekeningkundige onderwerp betref. Waar van toepassing, sal die mening van onderrigpersoneel by kolleges vir beroepsonderwys, asook die menings van die verteenwoordigers by die werkseminaar by die gevolgtrekkings ingesluit word.

#### 4.5.5.2 Diagrammatiese voorstellings van huidige en verwagte kennis en vaardighede

Tabel 4.12 tot 4.41 dui die resultate van die evaluering van elke kennis- en vaardigheidsitem aan. Die resultate van hierdie tabelle is soos volg uiteengesit:

* Die linkerkantste tabel dui die werklike tellings van die respondente op die vyfpuntskaal aan. In hierdie tabel is daar vier kolomme wat die tellings aandui ten opsigte van

  - huidige kennis/vaardighede deur <u>sakeondernemings</u> geïdentifiseer;
  - huidige kennis/vaardighede deur <u>rekenmeestersfirmas</u> geïdentifiseer;
  - verwagte kennis/vaardighede deur <u>sakeondernemings</u> geïdentifiseer;
  - verwagte kennis/vaardighede deur <u>rekenmeestersfirmas</u> geïdentifiseer.

* Direk daaronder word die gemiddelde telling uit vyf, asook die gemiddelde persentasie aangedui. Die gemiddelde telling is gebaseer op die volgende formule vir die bepaling van die rekenkundige gemiddelde van al die tellings wat op elk van die vyf vlakke van die vyfpuntskaal behaal is.

* Daarna word die gesamentlike gemiddeld van die sakeondernemings en van die rekenmeesters ten opsigte van die huidige sowel as die verwagte kennis en vaardigheid uit vyf asook volgens persentasie aangedui.

* In die regterkantste tabel word 'n grafiese voorstelling van die rekenkundige gemiddeld ten opsigte van huidige en verwagte kennis en vaardighede gegee. Die staafdiagramme dui die volgende in persentasie aan:

Huidige 1: Gemiddelde huidige kennis van rekeningkundige werknemers soos deur sakeondernemings geïdentifiseer.

Huidige 2: Gemiddelde huidige kennis van rekeningkundige werknemers soos deur rekenmeestersfirmas geïdentifiseer.

Verwagte 1: Gemiddelde verwagte kennis van rekeningkundige werknemers soos deur sakeondernemings geïdentifiseer.


Verwagte 2: Gemiddelde verwagte kennis van rekeningkundige werknemers soos deur rekenmeestersfirmas geïdentifiseer.

Die grafiese voorstellings gee 'n goeie aanduiding van die korrelasie tussen die huidige en verwagte kennis en vaardighede soos deur sakeondernemings en rekenmeesters geëvalueer. Dit dui ook duidelik aan dat daar deurgaans hoër kennis- en vaardigheidsvlakke as die huidige verwag word.

## 4.12 BEREKENING VAN BEDRAE SONDER HULP VAN 'N SAKREKENAAR

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 2 | 1 | 0 |
| 2 | 8 | 12 | 1 | 0 |
| 3 | 20 | 3 | 7 | 0 |
| 4 | 9 | 1 | 13 | 6 |
| 5 | 1 | 1 | 18 | 11 |
| | 40 | 19 | 40 | 19 |
| REKENKUNDIGE GEMIDDELD | | | | |
| Skaal | 2,97 | 2,316 | 4,15 | 4,474 |
| % | 57,4 | 46,3 | 83,2 | 89,5 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,643 | 4,317 |
| % | 56,9 | 86,3 |




## 4.13 BEREKENING VAN BEDRAE MET BEHULP VAN 'N SAKREKENAAR

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | 3 | 1 | | |
| 3 | 13 | 9 | 3 | |
| 4 | 20 | 5 | 15 | 5 |
| 5 | 5 | 4 | 23 | 14 |
| | 41 | 19 | 41 | 19 |
| REKENKUNDIGE GEMIDDELD | | | | |
| Skaal | 3,65 | 3,631 | 4,46 | 4,737 |
| % | 73 | 72,6 | 89,6 | 94,74 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,641 | 4,609 |
| % | 72,28 | 92.17 |




## 4.14 INTERPRETERING VAN GEGEWENS OP BRONDOKUMENTE

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | 9 | 5 | 1 | |
| 3 | 16 | 6 | 6 | 1 |
| 4 | 16 | 6 | 14 | 4 |
| 5 | 3 | 3 | 23 | 15 |
| | 41 | 19 | 41 | 19 |
| REKENKUNDIGE GEMIDDELD | | | | |
| Skaal | 3,29 | 3,35 | 4,34 | 4,7 |
| % | 65,8 | 67 | 86,8 | 94 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,32 | 4,52 |
| % | 66,4 | 90,4 |



## 4.15 RANGSKIKKING VAN BRONDOKUMENTE

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | 4 | 1 | 3 | |
| 3 | 17 | 4 | 6 | 4 |
| 4 | 18 | 11 | 14 | 3 |
| 5 | 5 | 4 | 21 | 13 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 3,5 | 3,9 | 4,2 | 4,45 |
| % | 70 | 78 | 84 | 89 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,7 | 4,325 |
| % | 74 | 86,5 |




## 4.16 OPSKRYF VAN BRONDOKUMENTE IN HULPJOERNALE

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 1 | | |
| 2 | 6 | 2 | 2 | |
| 3 | 12 | 5 | 6 | 1 |
| 4 | 23 | 9 | 16 | 3 |
| 5 | 2 | 3 | 20 | 16 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 3,43 | 3,55 | 4,22 | 4,75 |
| % | 68,8 | 71 | 84,4 | 95 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,49 | 4,485 |
| % | 69,8 | 89,7 |




## 4.17 OORBOEKING VAN HULPJOERNALE NA DIE GROOTBOEK

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 1 | | |
| 2 | 7 | 4 | 2 | |
| 3 | 21 | 7 | 5 | 1 |
| 4 | 13 | 5 | 14 | 3 |
| 5 | 2 | 3 | 23 | 16 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 3,18 | 3,25 | 4,31 | 4,75 |
| % | 63,6 | 65 | 86,2 | 95 |

| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,215 | 4,53 |
| % | 64,3 | 90,6 |



## 4.18 OPSTEL VAN 'N PROEFBALANS


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 3 | 1 | |
| 2 | 7 | 1 | 0 | |
| 3 | 17 | 7 | 7 | 1 |
| 4 | 15 | 5 | 17 | 4 |
| 5 | 2 | 4 | 19 | 15 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 3,13 | 3,3 | 4,2 | 4,7 |
| % | 62,5 | 66 | 84 | 94 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,215 | 4,45 |
| % | 64,3 | 89 |




## 4.19 OPSTEL VAN FINALE REKENINGE EN STATE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 3 | 2 | |
| 2 | 7 | 6 | 1 | 1 |
| 3 | 21 | 6 | 6 | 3 |
| 4 | 6 | 3 | 18 | 5 |
| 5 | 2 | 2 | 15 | 11 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,70 | 2,75 | 3,97 | 4,3 |
| % | 54 | 55 | 79,4 | 86 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,725 | 4,135 |
| % | 54,5 | 82,7 |




## 4.20 OPSTEL VAN FINANSIËLE STATE VAN MAATSKAPPYE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 12 | 5 | 2 | |
| 2 | 14 | 5 | 2 | 2 |
| 3 | 12 | 6 | 13 | 5 |
| 4 | 4 | 2 | 17 | 4 |
| 5 | 2 | 1 | 10 | 8 |
| | 44 | 19 | 44 | 19 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,31 | 2,421 | 3,7 | 3,947 |
| % | 46,2 | 48,4 | 74 | 78,9 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,366 | 3,824 |
| % | 47,3 | 76,5 |



## 4.21 WAARNEMING VAN BESIGHEIDSTENDENSE OP GROND VAN REKENINGKUNDIGE INLIGTING


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 5 | 1 | |
| 2 | 17 | 8 | 2 | 2 |
| 3 | 13 | 6 | 13 | 5 |
| 4 | 2 | 6 | 17 | 7 |
| 5 | 2 | 1 | 11 | 6 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,29 | 2,2 | 3,79 | 3,85 |
| % | 45,8 | 44 | 75,8 | 77 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,245 | 3,82 |
| % | 44,9 | 76,4 |




## 4.22 ONTLEDING EN VERTOLKING VAN REKENING-KUNDIGE GEGEWENS


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 12 | 7 | | 1 |
| 2 | 18 | 6 | 2 | 2 |
| 3 | 12 | 6 | 14 | 4 |
| 4 | 2 | 0 | 19 | 7 |
| 5 | 1 | 1 | 6 | 6 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,16 | 2,1 | 3,76 | 3,75 |
| % | 43,2 | 42 | 75,2 | 75 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,13 | 3,755 |
| % | 42,6 | 75,1 |




## 4.23 SKRYF VAN FINANSIËLE VERSLAE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 6 | 2 | 2 |
| 2 | 17 | 6 | 3 | 3 |
| 3 | 7 | 4 | 19 | 4 |
| 4 | 1 | 1 | 14 | 1 |
| 5 | 2 | 1 | 6 | 10 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 1,95 | 2,05 | 3,43 | 3,7 |
| % | 39 | 41 | 48,6 | 74 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD


| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2 | 3,565 |
| % | 40 | 71,3 |



## 4.24 HANTERING VAN 'N DEBITEURESTELSEL AS AFSONDERLIKE EENHEID

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 5 | 1 | 1 |
| 2 | 10 | 4 | 1 | 0 |
| 3 | 22 | 6 | 8 | 1 |
| 4 | 5 | 3 | 14 | 6 |
| 5 | 2 | 2 | 18 | 12 |
| | 42 | 20 | 42 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,83 | 2,65 | 4,11 | 4,4 |
| % | 56,6 | 53 | 82,2 | 88 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,74 | 4,255 |
| % | 54,8 | 85,1 |




## 4.25 DIE OPSKRYF VAN REKENINGKUNDIGE TRANSAKSIES VIR LONE EN SALARISSE

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 1 | 0 | 0 |
| 2 | 5 | 5 | 0 | 0 |
| 3 | 17 | 3 | 8 | 0 |
| 4 | 18 | 7 | 17 | 5 |
| 5 | 2 | 4 | 19 | 15 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 3,29 | 3,05 | 4,25 | 4,75 |
| % | 65,8 | 61 | 85 | 95 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,17 | 4,5 |
| % | 63,4 | 90 |




## 4.26 HANTERING VAN REKENINGKUNDIGE INSKRYWINGS VOLGENS DIE DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 0 | 1 | 0 |
| 2 | 5 | 7 | 1 | 0 |
| 3 | 23 | 6 | 7 | 1 |
| 4 | 7 | 5 | 23 | 6 |
| 5 | 2 | 1 | 10 | 12 |
| | 42 | 19 | 42 | 19 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,9 | 3 | 3,95 | 4,579 |
| % | 58 | 60 | 79 | 91,6 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,95 | 4,265 |
| % | 59 | 85,3 |



## 4.27 HANTERING VAN REKENINGKUNDIGE INSKRYWINGS VOLGENS DIE PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 0 | 1 | 0 |
| 2 | 6 | 7 | 0 | 0 |
| 3 | 19 | 6 | 11 | 2 |
| 4 | 12 | 5 | 16 | 7 |
| 5 | 2 | 2 | 14 | 11 |
| | 42 | 20 | 42 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 3,09 | 3,1 | 4 | 4,45 |
| % | 61,8 | 62 | 75 | 89 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 3,095 | 4,225 |
| % | 61,9 | 84,5 |




## 4.28 OPSTEL VAN VERVAARDIGINGSREKENINGE EN 'N PRODUKSIEKOSTESTAAT

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 5 | 1 | 0 |
| 2 | 13 | 7 | 5 | 1 |
| 3 | 16 | 5 | 10 | 5 |
| 4 | 1 | 2 | 12 | 7 |
| 5 | 2 | 0 | 11 | 6 |
| | 39 | 19 | 39 | 19 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,43 | 2,21 | 3,69 | 3,947 |
| % | 48,6 | 44,2 | 73,8 | 78,9 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,32 | 3,819 |
| % | 46,4 | 76,4 |




## 4.29 REGSTELLING VAN FOUTIEWE INSKRYWINGS EN BEGINSELFOUTE

| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 5 | 0 | 0 |
| 2 | 17 | 5 | 1 | 1 |
| 3 | 14 | 3 | 6 | 2 |
| 4 | 6 | 6 | 20 | 5 |
| 5 | 3 | 1 | 17 | 12 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,7 | 2,65 | 4,2 | 4,4 |
| % | 54 | 53 | 84 | 88 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,675 | 4,3 |
| % | 53,5 | 86 |



## 4.30 OPSTEL VAN DEPARTEMENTELE REKENINGE

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2 | 0 | 0 |
| 2 | 15 | 8 | 4 | 1 |
| 3 | 17 | 5 | 13 | 4 |
| 4 | 1 | 4 | 9 | 6 |
| 5 | 1 | 1 | 11 | 9 |
| | 37 | 20 | 37 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,51 | 2,7 | 3,72 | 4,15 |
| % | 50,2 | 54 | 74,4 | 83 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,605 | 3,935 |
| % | 52,1 | 78,7 |




## 4.31 HULPVERLENING BY DIE OPSTEL VAN DIE ONDERNEMING SE BEGROTING

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 2 | 0 | 0 |
| 2 | 13 | 11 | 0 | 1 |
| 3 | 19 | 2 | 7 | 8 |
| 4 | 5 | 4 | 19 | 6 |
| 5 | 2 | 1 | 15 | 5 |
| | 41 | 20 | 41 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,8 | 2,55 | 4,19 | 3,75 |
| % | 56 | 51 | 83,8 | 75 |


| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,675 | 3,97 |
| % | 53,5 | 79,4 |




## 4.32 OPSTEL VAN 'N KONTANTVLOEISTAAT

| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 7 | 0 | 0 |
| 2 | 17 | 5 | 3 | 2 |
| 3 | 12 | 2 | 11 | 5 |
| 4 | 2 | 4 | 21 | 5 |
| 5 | 3 | 2 | 8 | 8 |
| | 43 | 20 | 43 | 20 |
| **REKENKUNDIGE GEMIDDELD** | | | | |
| Skaal | 2,37 | 2,45 | 3,79 | 3,95 |
| % | 47,4 | 49 | 75,8 | 79 |

| GESAMENTLIKE GEMIDDELD | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,41 | 3,87 |
| % | 48,2 | 77,4 |



## 4.33 HANTERING VAN 'N REKENAARSTELSEL SONDER SPESIFIEKE KENNIS VAN REKENINGKUNDIGE PAKKETTE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 7 | 0 | 1 |
| 2 | 19 | 5 | 2 | 2 |
| 3 | 10 | 6 | 14 | 4 |
| 4 | 3 | 2 | 17 | 7 |
| 5 | 1 | 0 | 8 | 6 |
| | 41 | 20 | 41 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,26 | 2,15 | 3,75 | 3,75 |
| % | 45,2 | 43 | 75 | 75 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,205 | 3,75 |
| % | 44,1 | 75 |




## 4.34 HANTERING VAN 'N REKENAARSTELSEL MET SPESIFIEKE KENNIS VAN REKENINGKUNDIGE PAKKETTE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 7 | 0 | 0 |
| 2 | 20 | 5 | 2 | 1 |
| 3 | 10 | 2 | 13 | 2 |
| 4 | 2 | 4 | 17 | 9 |
| 5 | 2 | 2 | 8 | 8 |
| | 40 | 20 | 40 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,35 | 2,45 | 3,77 | 4,2 |
| % | 47 | 49 | 75,4 | 84 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,4 | 3,985 |
| % | 48 | 79,7 |




## 4.35 HANTERING VAN 'N REKENAARSLEUTELBORD TEEN 'N REDELIKE TEMPO


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 13 | 7 | 0 | 0 |
| 2 | 20 | 4 | 3 | 0 |
| 3 | 6 | 4 | 15 | 8 |
| 4 | 1 | 4 | 19 | 6 |
| 5 | 2 | 1 | 5 | 6 |
| | 42 | 20 | 42 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,02 | 2,4 | 3,81 | 3,9 |
| % | 40,4 | 48 | 72,2 | 78 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,21 | 3,755 |
| % | 44,2 | 75,1 |



## 4.36 DIE DOEN VAN REKENINGKUNDIGE BEREKENINGE SOOS KOSPRYS, WINS EN RENTE


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 4 | 1 | 0 |
| 2 | 18 | 8 | 1 | 0 |
| 3 | 16 | 2 | 7 | 3 |
| 4 | 2 | 2 | 20 | 6 |
| 5 | 2 | 4 | 14 | 11 |
| | 43 | 20 | 43 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,48 | 2,7 | 4,04 | 4,4 |
| % | 49,6 | 54 | 80,8 | 88 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,59 | 4,22 |
| % | 51,8 | 84,4 |




## 4.37 HANTERING VAN 'N GROOT AANTAL TRANSAKSIES OP EEN SLAG


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2 | 1 | 0 |
| 2 | 13 | 3 | 0 | 1 |
| 3 | 20 | 9 | 7 | 3 |
| 4 | 4 | 5 | 14 | 5 |
| 5 | 4 | 1 | 22 | 11 |
| | 44 | 20 | 44 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,84 | 3 | 4,27 | 4,3 |
| % | 56,8 | 60 | 85,4 | 86 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,92 | 4,285 |
| % | 58,4 | 85,7 |




## 4.38 INSAMELING EN VERWERKING VAN STATISTIESE GEGEWENS


| | HUIDIGE ONDERNE-MINGS | HUIDIGE REKEN-MEESTERS | VERWAGTE ONDERNE-MINGS | VERWAGTE REKEN-MEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 4 | 0 | 0 |
| 2 | 20 | 11 | 5 | 1 |
| 3 | 7 | 4 | 25 | 12 |
| 4 | 3 | 0 | 5 | 1 |
| 5 | 2 | 1 | 7 | 6 |
| | 42 | 20 | 42 | 20 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,21 | 3 | 3,33 | 3,6 |
| % | 44,2 | 29 | 66,6 | 72 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 1,83 | 3,465 |
| % | 36,6 | 69,3 |



## 4.39 DIE MAAK VAN GRAFIESE VOORSTELLINGS SONDER DIE HULP VAN 'N REKENAAR


| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 12 | 6 | 1 | 1 |
| 2 | 22 | 6 | 9 | 3 |
| 3 | 5 | 4 | 20 | 8 |
| 4 | 0 | 3 | 4 | 3 |
| 5 | 2 | 0 | 7 | 4 |
| | 41 | 19 | 41 | 19 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 1.97 | 2,21 | 3,17 | 3,31 |
| % | 39,4 | 44,2 | 63,4 | 66,2 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,09 | 3,24 |
| % | 41,8 | 64,8 |




## 4.40 DIE MAAK VAN GRAFIESE VOORSTELLINGS MET BEHULP VAN 'N REKENAAR


| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 14 | 6 | 0 | 1 |
| 2 | 20 | 4 | 8 | 4 |
| 3 | 4 | 4 | 19 | 5 |
| 4 | 2 | 4 | 9 | 6 |
| 5 | 1 | 1 | 5 | 3 |
| | 41 | 19 | 41 | 19 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 1,92 | 2,47 | 3,26 | 3,31 |
| % | 38,4 | 49,4 | 65,2 | 66,2 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,195 | 3,265 |
| % | 43,9 | 65,7 |




## 4.41 HULPVERLENING BY DIE BEREKENING VAN ONDERNEMINGSBELASTING


| | HUIDIGE ONDERNEMINGS | HUIDIGE REKENMEESTERS | VERWAGTE ONDERNEMINGS | VERWAGTE REKENMEESTERS |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 3 | 1 | 1 |
| 2 | 9 | 8 | 3 | 0 |
| 3 | 22 | 3 | 8 | 7 |
| 4 | 0 | 4 | 17 | 4 |
| 5 | 1 | 2 | 10 | 6 |
| | 39 | 18 | 39 | 18 |

REKENKUNDIGE GEMIDDELD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skaal | 2,46 | 2,77 | 3.82 | 3,77 |
| % | 49,2 | 55,4 | 76,4 | 75,4 |

GESAMENTLIKE GEMIDDELD

| | Huidige | Verwagte |
|---|---|---|
| Skaal | 2,615 | 3,795 |
| % | 52,3 | 75,9 |



**Interpretasie van data en afleidings uit die grafiese voorstellings**

Die volgende gevolgtrekkings kan uit die grafiese voorstellings in Tabel 4.12 tot 4.41 gemaak word:

* Die eerste twee staafdiagramme van elke grafiek dui die huidige kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers aan soos geëvalueer deur die sakeondernemings en rekenmeestersfirmas onderskeidelik. Hieruit blyk dit dat daar 'n goeie korrelasie tussen die huidige kennis en vaardighede is soos deur die sakeondernemings en rekenmeestersfirmas geëvalueer is, met slegs 'n gemiddelde standaardafwyking van 0,211 of 4,2 %. Dit dui daarop dat sakeondernemings en rekenmeesters in ooreenstemming is oor die vaardighede waaroor werknemers in 'n rekeningkundige rigting tans beskik by toetrede tot 'n rekeningkundige beroep.

* As die gemiddelde van die gemiddeldes vir die huidige kennis en vaardighede van die twee respondentegroepe bereken word, word 'n huidige kennis- en vaardigheidsgemiddeld van 2,68 verkry, wat daarop dui dat rekeningkundige werknemers oor 53,8 % van die huidige kennis en vaardighede beskik wat deur die twee respondentegroepe vereis word.

* Die derde en vierde staafdiagram van elke grafiek dui die verwagte kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers aan, soos onderskeidelik deur die sakeondernemings en rekenmeestersfirmas geëvalueer. Uit hierdie staafdiagramme kan weereens 'n goeie korrelasie tussen die twee respondentegroepe waargeneem word aangesien albei staafdiagramme op elke grafiek in 'n groot mate ooreenstem en persentasiegewyse na aan mekaar is. Die gemiddelde standaardafwyking tussen die twee groepe is in hierdie geval slegs 0,27 of 5,4 %.

* Die gemiddelde van gemiddeldes ten opsigte van die verwagte kennis en vaardighede van die twee respondentegroepe kom op 4,04 (80,8%) te staan, wat daarop dui dat werkgewers verwag dat hul werknemers in 'n rekeningkundige rigting tot die beroep behoort toe te tree met ongeveer 'n 80 %-kennis of vaardigheid op

rekeningkundige gebied.

**4.5.5.3 Huidige kennis/vaardighede gerangskik in volgorde van belangrikheid**

Tabel 4.42 bevat die gesamentlike gemiddelde telling asook die standaardafwyking van rekenmeestersfirmas en sakeondernemings in dalende volgorde van belangrikheid. Die gemiddelde telling is bereken deur die gemiddelde telling per item van die sakeondernemings en rekenmeestersfirmas bymekaar te tel en deur twee te deel. Hoe groter die gemiddelde, hoe hoër is die huidige kennis- en vaardigheidsvlakke van die rekeningkundige werknemers aangeslaan. Die standaardafwyking gee 'n aanduiding van die eenstemmigheid tussen sakeondernemings en rekenmeestersfirmas oor die evaluering. Hoe kleiner die standaardafwyking, hoe groter is die eenstemmigheid oor die huidige kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers.

**Tabel 4.42**

**HUIDIGE KENNIS EN VAARDIGHEDE WAAROOR REKENINGKUNDIGE WERKNEMERS BESKIK**

| ORDE | ONDERWERP | GEM. | ST. AFW. |
|---|---|---|---|
| 1 | Rangskikking van brondokumente in bondels en in die korrekte volgorde | 3,7 | 0,65 |
| 2 | Opskryf van brondokumente in hulpjoernale | 3,7 | 0,12 |
| 3 | Maak van berekeninge met behulp van 'n sakrekenaar | 3,641 | 0,02 |
| 4 | Ontleding en interpretering van inligting op brondokumente | 3,32 | 0,06 |
| 5 | Oorboeking van hulpjoernale na die grootboeke | 3,215 | 0,07 |
| 6 | Opstel van 'n proefbalans | 3,215 | 0,17 |
| 7 | Opstel en oorboeking van loon- en salarisjoernale | 3,17 | 0,24 |
| 8 | Hantering van rekeningkundige transaksies volgens die periodieke voorraadstelsel | 3,095 | 0,01 |
| 9 | Hantering van rekeningkundige transaksies volgens die deurlopende voorraadstelsel | 2,95 | 0,1 |
| 10 | Hantering van 'n groot aantal transaksies op een slag | 2,92 | 0,16 |
| 11 | Hantering van 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid | 2,74 | 0,18 |
| 12 | Opstel van finale rekeninge/state | 2,725 | 0,05 |
| 13 | Maak van regstellings van beginselfoute en foutiewe inskrywings | 2,7 | 0,05 |
| 14 | Hulpverlening by die opstel en beheer van die onderneming se begroting | 2,675 | 0,25 |
| 15 | Die maak van berekeninge sonder hulp van 'n sakrekenaar | 2,643 | 0,66 |
| 16 | Hulpverlening by die belastingberekening van die onderneming | 2,615 | 0,31 |
| 17 | Opstel van boeke van 'n onderneming met meer as een verkoopsafdeling | 2,605 | 0,19 |
| 18 | Die maak van rekeningkundige berekeninge soos kosprys-, wins- en renteberekeninge | 2,59 | 0,22 |
| 19 | Opstel van 'n kontantvloeistaat | 2,41 | 0,08 |
| 20 | Gebruik van 'n rekenaarstelsel <u>met</u> bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette | 2,4 | 0,1 |
| 21 | Opstel van finansiële state van maatskappye | 2,366 | 0,11 |
| 22 | Opstel van vervaardigingsrekeninge en 'n produksiekostestaat | 2,32 | 0,22 |
| 23 | Waarneming van tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting | 2,245 | 0,09 |
| 24 | Hantering van 'n rekenaarsleutelbord teen 'n redelike tempo | 2,21 | 0,38 |
| 25 | Gebruik van 'n rekenaarstelsel <u>sonder</u> bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette | 2,205 | 0,11 |
| 26 | Maak van grafiese voorstellings met behulp van 'n rekenaar | 2,195 | 0,55 |
| 27 | Ontleding en vertolking van rekeningkundige gegewens | 2,130 | 0,06 |
| 28 | Maak van grafiese voorstellings sonder hulp van 'n rekenaar | 2,09 | 0,24 |
| 29 | Skryf van finansiële verslae | 2 | 0,1 |
| 30 | Insameling en verwerking van statistiese gegewens | 1,83 | 0,79 |

**Interpretasie van data en afleidings**

* Uit Tabel 4.42 is dit duidelik dat onderwerpe wat met basiese rekeningkundige beginsels verband hou, relatief hoog deur respondente geëvalueer is (verwys na

onderwerpe in die ordegroep 1 tot 18). Daarenteen is onderwerpe wat tans nog nie deel van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 uitmaak nie, onder die gemiddeld geëvalueer (verwys na onderwerpe in die ordegroep 19 tot 30). Dit dien egter vermeld te word dat hierdie onderwerpe nie noodwendig as noodsaaklik vir insluiting in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou moet word nie en dat daar vir die bepaling van die onderwerpe wat as noodsaaklike kennis- en vaardigheidsonderwerpe beskou word, veral na die volgorde in Tabel 4.43 gekyk moet word.

#### 4.5.5.4 Verwagte kennis en vaardighede gerangskik in volgorde van belangrikheid

In Tabel 4.43 word die gesamentlike gemiddelde telling, asook die standaardafwyking van rekenmeestersfirmas en sakeondernemings aangedui in dalende volgorde van belangrikheid met betrekking tot die verwagte kennis of vaardighede wat rekeningkundige werknemers wat tot 'n beroep toetree, behoort te hê. Soos in die geval van die berekening van die huidige kennis en vaardighede, is daar ook gebruik gemaak van die gesamentlike gemiddelde telling van die sakeondernemings en rekenmeestersfirmas. Die standaardafwyking gee weereens 'n aanduiding van die eenstemmigheid onder sakeondernemings en rekenmeestersfirmas oor die evaluering ten opsigte van die verwagte kennis en vaardighede van elke afleier. Hoe kleiner die standaardafwyking, hoe groter is die eenstemmigheid oor die verwagte kennis en vaardighede waaroor rekeningkundige werknemers wat tot 'n beroep toetree, behoort te beskik.

## Tabel 4.43

## VERWAGTE KENNIS EN VAARDIGHEDE WAAROOR REKENINGKUNDIGE WERKNEMERS BEHOORT TE BESKIK

| ORDE | ONDERWERP | GEM. | ST. AFW. |
|---|---|---|---|
| 1 | Maak van berekeninge met behulp van 'n sakrekenaar | 4,609 | 0,26 |
| 2 | Ontleding en interpretering van gegewens op brondokumente | 4,52 | 0,36 |
| 3 | Oorboeking van hulpjoernale na die grootboek | 4,52 | 0,44 |
| 4 | Opstel en oorboeking van loon- en salarisjoernale | 4,5 | 0,5 |
| 5 | Inskryf van brondokumente in hulpjoernale | 4,485 | 0,53 |
| 6 | Opstel van 'n proefbalans | 4,45 | 0,5 |
| 7 | Rangkikking van brondokumente in bondels en in die korrekte volgorde | 4,325 | 0,25 |
| 8 | Maak van berekeninge sonder 'n sakrekenaar | 4,317 | 0,32 |
| 9 | Maak van regstellings van beginselfoute en foutiewe inskrywings | 4,3 | 0,2 |
| 10 | Hantering van 'n groot aantal transaksies op een slag | 4,285 | 0,03 |
| 11 | Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die deurlopende voorraadstelsel | 4,265 | 0,63 |
| 12 | Hantering van 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid | 4,255 | 0,29 |
| 13 | Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die periodieke voorraadstelsel | 4,225 | 0,45 |
| 14 | Maak van rekeningkundige berekeninge soos kosprys-, wins- en rentebe-rekeninge | 4,22 | 0,36 |
| 15 | Opstel van finale rekeninge en state | 4,135 | 0,33 |
| 16 | Gebruik van 'n rekenaarstelsel met bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette | 3,985 | 0,43 |
| 17 | Hulpverlening by die opstel en beheer van die onderneming se begroting | 3,97 | 0,44 |
| 18 | Opstel van boeke van 'n onderneming met meer as een verkoopsafdeling | 3,935 | 0,43 |
| 19 | Opstel van 'n kontantvloeistaat | 3,87 | 0,16 |
| 20 | Opstel van finansiële state van maatskappye | 3,824 | 0,25 |
| 21 | Waarneming van tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting | 3,82 | 0,06 |
| 22 | Opstel van vervaardigingsrekeninge en 'n produksiekostestaat | 3,819 | 0,26 |
| 23 | Hulpverlening by die belastingberekening van die onderneming | 3,795 | 0,05 |
| 24 | Hantering van 'n rekenaarsleutelbord teen 'n redelike tempo | 3,755 | 0,29 |
| 25 | Ontleding en vertolking van rekeningkundige gegewens | 3,755 | 0,01 |
| 26 | Gebruik van 'n rekenaarstelsel sonder bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette | 3,75 | 0 |
| 27 | Skryf van finansiële verslae | 3,565 | 0,27 |
| 28 | Insameling en verwerking van statistiese gegewens | 3,465 | 0,27 |
| 29 | Maak van grafiese voorstellings met behulp van 'n rekenaar | 3 ,285 | 0,05 |
| 30 | Maak van grafiese voorstelling sonder hulp van 'n rekenaar | 3,24 | 0,14 |

## Interpretasie van data en afleidings

* By 15 van die 30 kennis- en vaardigheidsonderwerpe (onderwerpe met die orde-

groep 1 tot 15), is 'n gemiddelde waarde van meer as 4 toegeken, wat daarop dui dat 'n deeglike en selfs uitstekende kennis van of vaardigheid in hierdie onderwerpe vereis word. Al hierdie onderwerpe maak tans ook deel uit van die kennis- of vaardigheidsonderwerpe wat in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is en kan derhalwe steeds as relevant vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 beskou word.

* Die onderwerpe in die ordegroep 16 tot 30 is tussen die gemiddeld 3,985 tot 3,24 geëvalueer, wat daarop dui dat respondente 'n goeie kennis en vaardigheid van hul werknemers in hierdie onderwerpe vereis. In hierdie ordegroep is die volgende onderwerpe tans nie in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem nie:

  - Gebruik van 'n rekenaarstelsel <u>met</u> bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette
  - Hulpverlening by die opstel en beheer van die onderneming se begroting
  - Opstel van boeke van 'n onderneming met meer as een verkoopsafdeling
  - Opstel van 'n kontantvloeistaat
  - Opstel van finansiële state
  - Waarneming van tendense binne die onderneming op grond van beskikbare rekeningkundige inligting
  - Opstel van vervaardigingsrekeninge en 'n produksiekostestaat
  - Hulpverlening by die belastingberekening van die onderneming
  - Hantering van 'n rekenaarsleutelbord teen 'n redelik1 1e tempo
  - Ontleding en vertolking van rekeningkundige gegewens
  - Gebruik van 'n rekenaarstelsel <u>sonder</u> bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette
  - Skryf van finansiële verslae
  - Insameling en verwerking van statistiese gegewens
  - Maak van grafiese voorstellings met behulp van 'n rekenaar
  - Maak van grafiese voorstellings sonder hulp van 'n rekenaar

* Bogenoemde orde sal derhalwe in ag geneem word by die aanbevelings vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 (kyk par. 5.2.2 en 5.2.3).

## 4.6 SAMEVATTING

Die empiriese gegewens wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, is versamel uit vraelyste wat aan Rekeningkundelektore van kolleges vir beroepsonderwys gestuur is. Gegewens is ook verkry tydens 'n werkseminaar wat vir kundiges op rekeningkundige gebied aangebied is. Verder is 'n vraelys wat op 'n steekproefgrondslag aan klein- tot middelslagondernemings in Pretoria en omgewing gestuur is, gebruik om inligting oor die huidige en verwagte rekeningkundige kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers te versamel.

Tydens die eerste fase van die ondersoek is gepoog om deur middel van 'n vraelysstudie insette van kollegelektore in verband met die huidige probleme wat in die vakkurrikulum bestaan, te verkry. Vraelyste is aan 55 kolleges wat Rekeningkunde N1 tot N3 aanbied, gestuur en die resultate en gevolgtrekkings van die totale ondersoek is geïntegreer.

Die werkseminaar vir belanghebbendes in die rekeningkundige praktyk is aangebied om inligting in te samel waaruit die vraelys oor die huidige en verwagte kennis en vaardighede van rekeningkundige personeel by sakeondernemings saamgestel kon word. Inligting wat tydens die werkseminaar geïdentifiseer is, is ook met die vraelysstudie oor die huidige en verwagte vaardighede waaroor rekeningkundige werknemers moet beskik, geïntegreer.

Die vraelys wat aan klein- tot middelslagondernemings asook aan rekenmeestersfirmas gestuur is, het inligting verskaf oor die soort ondernemings wat respondente bedryf, die aard en intensiteit van die rekeningkundige werksaamhede wat binne die onderneming plaasvind, asook die aard van die rekeningkundige stelsel wat in die onderskeie ondernemings gebruik word.

In dié vraelys is daar veral gekonsentreer op die werklike kennis en vaardighede waaroor studente wat tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree, behoort te beskik, en wat die huidige kennis en vaardighede is waaroor werknemers vanuit die skool of kollege behoort te beskik.

Die grafiese voorstellings is gebruik om 'n aanduiding te gee van die huidige en verwagte vaardighede van werknemers asook die korrelasie hiervan tussen die onderskeie respondentegroepe. Staafdiagramme is ook gebruik om die huidige kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers aan te dui.

Ten slotte is tabelle opgestel wat die volgorde aandui van die belangrikste rekeningkundige take, en die mate van kennis of vaardigheid wat in dié take vereis word.

In Hoofstuk 5 sal die geïdentifiseerde rekeningkundige behoeftes van klein- tot middelslagondernemings verder ondersoek word en sal daar gevolgtrekkings uit die empiriese studie gemaak word wat kan lei tot die seleksie van beroepsrelevante leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3.

# HOOFSTUK 5

# DIE EISE WAT OP GROND VAN DIE NAVORSING GEÏDENTIFISEER IS MET BETREKKING TOT DIE SELEKSIE VAN PRAKTYKGERIGTE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS: RESULTATE VAN DIE LITERATUUR- EN EMPIRIESE ONDERSOEK EN GEVOLGTREKKINGS DAARUIT

## 5.1 INLEIDING

Om 'n duidelike beeld te verkry van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word, en wat aan die geïdentifiseerde rekeningkundige behoeftes van die klein- tot middelslagondernemings sal voldoen, word daar in hierdie hoofstuk 'n uiteensetting gegee van die resultate en gevolgtrekkings van die empiriese ondersoek. Daar sal ook gekyk word na geïdentifiseerde aspekte uit die literatuurstudie wat 'n bydrae kan lewer tot die identifisering van beroepsrelevante leerinhoud vir die betrokke vakkurrikulum. Daar word in hierdie hoofstuk aandag gegee aan dié leerinhoud wat in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde opgeneem behoort te word en wat derhalwe daartoe kan meehelp om die algemene en besondere doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 te verwesenlik (vgl. par. 3.4.5.6).

'n Kort ontleding word ook gedoen van die bestaande leerinhoud wat wél voldoen aan die vereistes van die sakesektor, soos geïdentifiseer in die empiriese ondersoek en literatuurstudie, en wat dus in die huidige vakkurrikulum behou behoort te word.

Hierna word aandag gegee aan geïdentifiseerde leerinhoud wat in die vakkurrikulum bygevoeg behoort te word. In hierdie verband word 'n uiteensetting gegee van leerinhoud wat tans in die vakkurrikulum opgeneem is, maar wat volgens die empiriese ondersoek en literatuurstudie irrelevant is vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 en derhalwe weggelaat behoort te word.

Ten slotte sal daar gepoog word om op grond van die inligting wat tydens die navorsing ingesamel is, aanbevelings te doen om die leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 meer praktykgerig te maak sodat dit aan die eise van die sakesektor kan voldoen.

Om te verseker dat die voorstelle met betrekking tot relevante leerinhoud vir die onderskeie vakkurrikulums wel in die klaskamerpraktyk uitvoerbaar is, word daar ten slotte oor die implementering van die praktykgerigte leerinhoud in 'n proefondervindelike vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys gerapporteer. Terugvoering wat van 'n aantal rekenmeesters- en ouditeursfirmas verkry is om vas te stel of die voorgestelde leerinhoud wel aan die vereistes van algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk (AARP) voldoen, word ontleed en uiteengesit.

## 5.2 UITBREIDING VAN GEFORMULEERDE BESONDERE DOELSTELLINGS OP GROND VAN INLIGTING WAT UIT DIE EMPIRIESE NAVORSING VERKRY IS

In hierdie navorsing is reeds van die standpunt uitgegaan dat die seleksie van leerinhoud teen die agtergrond van geïdentifiseerde doelstellings vir die vak moet plaasvind (vgl. par. 3.4.5). Daar is ook tydens die situasie-analise voorlopige doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 geformuleer op grond waarvan die seleksie van leerinhoud kan plaasvind. Daar is ook aangetoon dat hierdie doelstellings, wat gegrond is op inligting verkry uit die nasionale beleid en missie vir kolleges vir beroepsonderwys, asook die bestaande doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3, en doelstellings uit die literatuurstudie geïdentifiseer, aangevul behoort te word indien daar uit die empiriese ondersoek verdere inligting met betrekking tot die formulering van relevante doelstellings voortspruit. Aangesien die empiriese ondersoek egter op die identifisering van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde gerig is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat slegs die *besondere doelstellings* vir Rekeningkunde N1 tot N3 deur die inligting hieruit bekom, verder uitgebrei behoort te word. Die uitbreiding en finalisering van die besondere doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 gegrond op inligting verkry uit die empiriese data wat in hoofstuk 4 opgeneem is, word derhalwe in hierdie afdeling gedoen.

Inligting word ook verstrek oor die soort onderneming wat bedryf word, die ondernemingsvorm waarvan gebruik gemaak word, getal rekeningkundige werknemers wat in diens van respondente is, asook die kwalifikasies van werknemers in diens van klein- tot middelslagondernemings (vgl. par. 4.5.2.1 en 4.5.2.3).
Inligting wat hieruit na vore gekom het en wat 'n invloed op die formulering van doelstellings kan hê, is die volgende:

a) Van die 67 klein- tot middelslagondernemings wat as teikenpopulasie vir die vraelysondersoek gedien het, was 92,5 % (62 uit 67) by dienslewering of handelsaktiwiteite betrokke (vgl. par. 4.5.2.1). Hieruit kan die gevolgtrekking derhalwe gemaak word dat die leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 ook hoofsaaklik op hierdie aktiwiteite gerig behoort te wees. Uit hierdie gegewens was dit verder duidelik dat die grootste enkele groep van die rekeningkundige werknemers wat in diens van die respondentondernemings was, naamlik 31 % (41 uit 134), se hoogste rekeningkundige kwalifikasie by indiensneming st. 10 of N3 was. Dit dui daarop dat daar in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 sterk op leerinhoud met betrekking tot dienslewering en handelsaktiwiteite gekonsentreer behoort te word, omdat studente wat met 'n N3-kwalifikasie tot 'n rekeningkundige beroep in hierdie sektor toetree, goeie kennis van die genoemde rekeningkundige aktiwiteite behoort te hê. Derhalwe kan die gevolgtrekking gemaak word dat die leerinhoud in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorsiening behoort te maak vir dié geïdentifiseerde rekeningkundige behoeftes van die klein- tot middelslag-werkgewersektor. Die besondere doelstellings vir hierdie vakkurrikulum, soos geformuleer met inagneming van die literatuurstudie, behoort dus verder uitgebrei te word om aan te dui dat die vakkurrikulum ten doel het om spesifiek vir die rekeningkundige behoeftes van hierdie werkgewersteikengroep voorsiening te maak.

Die derde besondere doelstelling wat gerig is op die verwerwing van kennis en vaardighede vir klein- tot middelslagondernemings kan derhalwe soos volg uitgebrei word (vgl. par. 3.4.5.6).

**Tabel 5.1**

**UITGEBREIDE BESONDERE DOELSTELLINGS VIR 'N VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3**

| DOELSTELLINGS UIT LITERATUURSTUDIE GEFORMULEER | VOORGESTELDE DOELSTELLINGS MET INAGNEMING VAN EMPIRIESE GEGEWENS |
|---|---|
| Om studente in staat te stel om tydens die aanvangsonderrig in Rekeningkunde, kennis en vaardighede op te doen van dié rekeningkundige stelsels wat algemeen op klein- tot middelslagondernemings van toepassing is. | Om studente in staat te stel om tydens die aanvangsonderrig in Rekeningkunde, kennis en vaardighede te verwerf van dié rekeningkundige stelsels wat algemeen van toepassing is op klein- tot middelslagondernemings wat hoofsaaklik gerig is op winsneming deur middel van handelsaktiwiteite en/of dienslewering. |

Die doelstellings, soos geformuleer ná inagneming van die literatuurstudie, maar vóór inagneming van die empiriese ondersoek, word in die eerste kolom weergegee. Die tweede kolom dui die doelstelling aan ná inagneming van die empiriese gegewens wat uit die navorsing verkry is.

b) In die tweede plek word die mate waarin die rekeningkundige funksies binne die respondentondernemings hanteer word, uiteengesit (vgl. par. 4.5.3.2). Hieruit blyk dat die grootste groep respondente, naamlik 43,1 % (kyk Tabel 4.5), verkies dat hul werknemers die rekeningkundige funksies tot op balansstaatstadium moet kan uitvoer. Dié besondere doelstelling met betrekking tot die verwerwing van rekeningkundige kennis en vaardighede (vgl. par. 3.4.5.6) kan derhalwe soos volg uitgebrei word:

Tabel 5.2

UITGEBREIDE BESONDERE DOELSTELLINGS VIR 'N VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3

| DOELSTELLINGS UIT LITERATUURSTUDIE GEFORMULEER | VOORGESTELDE DOELSTELLINGS MET INAGNEMING VAN EMPIRIESE GEGEWENS |
|---|---|
| Om studente die geleentheid te gee om tydens die leersituasie hul teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures in die praktyk toe te pas deur hul voldoende blootstelling te bied aan praktykverwante toepassings, soos die invul van bron- en stawende dokumente, die doen van oefeninge direk van bron- en stawende dokumente af en die simulering van praktyksituasies wat aan die rekeningkundige beroepswêreld verwant is. | Om studente die geleentheid te bied om tydens die leersituasie hul teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures tot op balansstaatvlak in die praktyk toe te pas deur hul voldoende bloot te stel aan praktykverwante toepassings, soos die invul van bron- en stawende dokumente, die voltooiing van oefeninge direk van bron- en stawende dokumente af en die simulering van -situasies wat aan rekeningkundige praktyk verwant is. |

c) Uit die empiriese gegewens is verder afgelei dat respondentondernemings spesifieke voorkeure het met betrekking tot dié rekeningkundige funksies wat studente op 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel behoort te kan uitvoer (vgl. par. 4.5.3.5). Dit het ook geblyk dat respondente bepaalde kennis van gerekenariseerde rekeningkundige stelsels van studente vereis met betrekking tot die volgende (kyk Tabel 4.10):

- Voltooiing van hulpjoernale (51,6 %)
- Voltooiing van debiteure- en krediteurerekeninge (62,5 %)
- Voltooiing van die algemene grootboek (64,6 %)
- Voltooiing van maandstate (75,4 %)
- Opstel van die proefbalans (65,6 %)
- Opstel van inkomstestaat en balansstaat (62,7 %)
- Voorraadhouding (42,1 %)

Die besondere doelstelling met betrekking tot die aanwending van 'n rekenaarpakket vir rekeningkundige doeleindes (vgl. par. 3.4.5.6) kan derhalwe uitgebrei word om soos volg te lui:

**Tabel 5.3**

**UITGEBREIDE BESONDERE DOELSTELLINGS VIR 'N VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3**

| DOELSTELLINGS UIT LITERATUURSTUDIE GEFORMULEER | VOORGESTELDE DOELSTELLINGS MET INAGNEMING VAN EMPIRIESE GEGEWENS |
|---|---|
| Om studente in staat te stel om die handstelsel van Rekeningkunde ook op 'n relevante rekeningkundige rekenaarprogram toe te pas. | Om studente in staat te stel om die handstelsel van Rekeningkunde op 'n relevante rekenaarpakket toe te pas, waardeur hulle kennis opdoen van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel tot op balansstaatvlak, met spesifieke aandag aan 'n debiteure- en krediteurestelsel, die voltooiing van maandstate vir debiteure en voorraadhouding deur middel van die rekenaar. |

Vervolgens kan die volledige nuut geformuleerde *besondere doelstellings* op grond waarvan die identifisering van leerinhoud kan plaasvind, soos volg uiteengesit word. Volledigheidshalwe word die algemene doelstellings soos reeds in Hoofstuk 3 geformuleer, ook hierby herhaal, terwyl die doelstellings soos dit in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is (DOK (AV), 1985:1-2), vir vergelykende doeleindes as 'n bylae uiteengesit word (vgl. Bylae F).

## ALGEMENE DOELSTELLINGS

* Om wetenskaplik verantwoordbare leerinhoud wat aan die eise van die handel en nywerheid voldoen, aan studente oor te dra

* Om studente toe te rus met rekeningkundige kennis en vaardighede waarin 'n balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf word

* Om rekeningkundige beginsels en praktyk aan te bied met die klem op gesindhede en vaardighede wat spesifiek vir 'n rekeningkundige beroep vereis word, maar dit op so 'n wyse oor te dra dat die student hom steeds op alle terreine binne sy sosiale en fisiese omgewing sal kan handhaaf

* Om studente wat op grond van hulle belangstelling 'n beroepskursus in 'n rekeningkundige rigting wil volg, toe te rus met kennis en vaardighede wat direk op 'n rekeningkundige beroep afgespits is

* Om die logiese denkprosesse en analitiese vermoëns van die studente te ontwikkel, sodat hulle bevoeg behoort te wees om die grondbeginsels van Rekeningkunde op nuwe en vreemde situasies toe te pas

* Om 'n sistematiese en oordeelkundige benadering tot die oplossing van probleme aan te moedig

* Om by te dra tot die vorming en opvoeding van studente deur die kenmerkende rekeningkundige vereistes soos netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel en verantwoordelikheid te ontwikkel

* Om studente se begrip van en inskakeling by hul sosiale milieu te bevorder deur die sinvolle interpretasie van rekeningkundige inligting waarmee hulle in die toekoms te doen sal kry

* Om by te dra tot die breë algemene opvoeding van studente deur die bevordering van insig in en begrip van die waarde en belangrikheid van rekeningkunde vir persoonlike doeleindes as voorbereiding vir toetrede tot 'n rekeningkundige beroep en vir die ekonomiese samelewing.

**BESONDERE DOELSTELLINGS**

* Om die rekenkundige en syfervaardighede van studente wat direk tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree, te ontwikkel sodat hulle in staat sal wees om alle rekeningkundige situasies wat in die beroepswêreld voorkom, te hanteer

* Om studente se insig in rekeningkundige en bestuursbeginsels te verskerp

* Om studente in staat te stel om tydens die aanvangsonderrig in Rekeningkunde kennis en vaardighede te verwerf van dié rekeningkundige stelsels wat algemeen van toepassing is op klein- tot middelslag-sakeondernemings wat hoofsaaklik gerig is op winsneming deur middel van handelsaktiwiteite en/of dienslewering

* Om studente die geleentheid te bied om tydens die leersituasie hul teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures tot op balansstaatvlak in die praktyk toe te pas deur hul bloot te stel aan praktykgerigte toepassings, soos die invul van bron- en stawende dokumente, die voltooiing van oefeninge direk van bron- en stawende dokumente af en die simulering van situasies wat aan rekeningkundige praktyk verwant is

* Om studente in staat te stel om voldoende kennis van en vaardighede in administratiewe rekeningkundige take en aangeleenthede wat daaraan verwant is, te verwerf, byvoorbeeld die invul en hantering van sakedokumente, liassering, kosteberekening, beleggingsmoontlikhede en finansiering

* Om studente in staat te stel om die handstelsel van Rekeningkunde op 'n relevante rekenaarpakket toe te pas waardeur hulle kennis opdoen van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel tot op balansstaatvlak, met spesifieke aandag aan 'n debiteure- en krediteurestelsel, die voltooiing van maandstate vir debiteure en voorraadhouding deur middel van die rekenaar

* Om studente toe te rus met kennis van rekeningkundige begrippe, beginsels en

prosedures wat versoenbaar is met algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk

* Om die gewoonte by studente te kweek om op datum te bly met nuwe ontwikkelinge op rekeningkundige gebied.

Teen die agtergrond van die geïdentifseerde doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3, sal die leerinhoud vir die onderskeie onderrigaanbiedinge op N1- tot N3-vlak nou geïdentifiseer word.

## 5.3 DIE KEUSE VAN LEERINHOUD OM AAN DIE DOELSTELLINGS VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 TE VOLDOEN

Vervolgens word aandag geskenk aan die identifisering van leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3, soos dit uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek geblyk het.

### 5.3.1 Bestaande inhoud wat behou behoort te word

Om te bepaal watter van die huidige rekeningkundige leerinhoud in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 behou behoort te word, word alle hoofonderwerpe in die onderskeie onderrigaanbiedinge soos dit tans in die vakkurrikulum (DOK (AV), 1985) voorkom, ingesluit sodat dit met die geïdentifiseerde onderwerpe uit die literatuur- en empiriese ondersoek vergelyk kan word (vgl. Bylae G).

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek kon gevolgtrekkings gemaak word wat as motivering kan dien om die volgende bestaande onderwerpe wat tans in die vakkurrikulum voorkom, in 'n meer praktykgerigte kurrikulum te behou.

**N1-ONDERRIGAANBIEDING**

Om te voldoen aan die algemene en besondere doelstellings soos gestel vir 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3, kan die volgende as noodsaak-

lik onderwerpe vir die N1-onderrigaanbieding geïdentifiseer word. Hierdie onderwerpe kan ook direk verband hou met die besondere doelstellings van die toerus van studente met kennis van en vaardigheid in dié rekeningkundige stelsels wat algemeen van toepassing is op klein- tot middelslag-sakeondernemings, en wat hoofsaaklik gerig is op winsneming deur middel van handelsaktiwiteite en/of dienslewering (vgl. par. 5.2).

*1. Relevante sake- en rekeningkundige terminologie*

Hierdie onderwerp behoort in die vakkurrikulum behou te word aangesien sake- en rekeningkundige terminologie volgens die terugvoering van Rekeningkundelektore verbonde aan kolleges vir beroepsonderwys asook die sakelui (kyk par. 4.2.2.1) baie relevant en belangrik vir die vakkurrikulum is. Verteenwoordigers van beroepsinstellings wat die werkseminaar bygewoon het (kyk par. 4.3), was ook van mening dat daar op die pretersiêre vlak meer op die grondbeginsels van Rekeningkunde gekonsentreer moet word. Hierdie gegewens korreleer ook met die literatuurbevindings soos nagevors in verskillende oorsese sillabusse (vgl. par. 3.3.3.2 (ii) b, c en d). In hierdie verband is voorgestel dat daar veral in die N1-onderrigaanbieding vir Rekeningkunde baie aandag aan rekeningkundige beginsels vir 'n eenmansaak gegee behoort te word omdat dit die aangewese ondernemingsvorm sou wees vir die bemeestering van rekeningkundige grondbeginsels en basiese vaardighede.

*2. Kringloop van handelsbedrywighede met betrekking tot rekeningkundige stelsels, rekeningkundige kontroles, dokumentasie en magtiging van transaksies*

Die kringloop van handelsbedrywighede vorm die raamwerk vir die interpretasie van rekeningkundige bedrywighede. Literatuurgegewens dui deurgaans daarop dat studente bogenoemde onderwerpe onder die knie moet hê voordat daar oorgegaan kan word tot rekeningkundige toepassings in hulpjoernale en grootboekrekeninge (vgl. par. 3.3.3.2 (ii) a, b, c en d). Volgens die data verstrek deur kollegelektore, verteenwoordigers, respondente van klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas word hierdie onderwerp ook as noodsaaklik vir

Rekeningkunde op 'n pretersiêre vlak beskou (kyk par. 4.5.3.2, par 4.5.3.3 en geïdentifiseerde kennis- en vaardigheidsonderwerpe in Tabel 4.43). Hierdie onderwerp voldoen ook aan die vereistes gestel in die besondere doelstelling met betrekking tot die invul en hantering van bron- en stawende dokumente en die simulering van situasies wat aan rekeningkundige praktyk verwant is (vgl. par. 5.2).

3. *Ontleding van transaksies soos opgeteken in brondokumente, die invloed van transaksies op die rekeningkundige vergelyking, die aantekening van transaksies in die boeke van eerste inskrywing en die oorboeking na die grootboek*

Hierdie onderwerp behoort weer ingesluit te word aangesien die ontleding van transaksies, soos opgeteken in brondokumente, volgens die kennis- en vaardigheidsonderwerpe wat vir die empiriese navorsing aangewend is, steeds die kern van alle daaglikse rekeningkundige transaksies van 'n onderneming vorm (kyk par. 4.5.3.2, asook Tabel 4.10, par. 4.5.3.5). Hiervolgens word hierdie funksie steeds deur 95,4 % van die respondentondernemings per hand uitgevoer terwyl die ontleding en interpretering van brondokumente vierde in volgorde van belangrikheid van kennis- en vaardigheidsonderwerpe aangedui word (kyk Tabel 4.43). Ook hierdie gegewens korreleer met literatuurgegewens (vgl. par. 3.3.3.2 (ii) a, b, c en d). Hierdie onderwerp kan direk aan die bereiking van die besondere doelstellings met betrekking tot praktykgerigtheid en die hantering van brondokumente gekoppel word (vgl. par. 5.2).

4. *Kolomvormige boeke van eerste inskrywing van toepassing op die diens- en handelsonderneming (eenmansaak) wat brutowinsberekening volgens die deurlopende voorraadstelsel doen:*

- *Kontantontvangstejoernaal*
- *Kontantbetalingsjoernaal*
- *Kolomvormige kasboek*

- *Debiteurejoernaal*
- *Debiteure-afslagjoernaal*
- *Krediteurejoernaal*
- *Krediteure-afslagjoernaal*
- *Kleinkasjoernaal*
- *Algemene joernaal*

Hierdie onderwerp word deurgaans as essensieel vir Rekeningkundestudente aangedui (kyk par. 4.5.3.2, par. 4.5.3.5, asook Tabel 4.43). Daar word ook deurgaans in literatuur oor rekeningkundige leerinhoud aanbeveel dat hulpjoernale of boeke van eerste inskrywing nooit uitgeskakel word in 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde nie, aangesien dit as "kronologiese rekord van transaksies wat deur die onderneming aangegaan is, dien" (Faul *et al.*, 1981:89; Van Wyk, 1988:83 en *et al.*, 1993:128). Genoemde hulpjoernale is ook in die meeste buitelandse vakkurrikulums wat bestudeer is, aangedui (kyk par. 3.3.3.2 (ii) a, c en d).

5. *Oorboeking van transaksies uit hulpjoernale na relevante grootboekrekeninge*

Volgens die resultate van die onderskeie vraelysondersoeke bly hierdie aspek onontbeerlik vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 (kyk Tabel 4.43).

6. *Regstelling van foute ten opsigte van die korrekte bedrae aan die verkeerde kant van rekeninge* (kyk par. 4.5.5.5, Tabel 4.43).

7. *Jaareindaansuiwerings met betrekking tot die volgende:*
   - *Oninbare skuld*
   - *Waardevermindering van bates (op kosprys en verminderde saldometode)*
   - *Uitgawes betaalbaar*
   - *Inkomste ontvangbaar*
   - *Vooraansuiweringsproefbalans*
   - *Na-aansuiweringsproefbalans*
   - *Sluitingsoordragte*

Alhoewel daar nie in die empiriese navorsing op afsonderlike aansuiwerings gekonsentreer is nie, word die jaareindaansuiwerings, soos opgeneem in die huidige N2-vakkurrikulum, ook deurgaans in ander rekeningkundige vakkurrikulums in die RSA en in die buiteland aangetref (vgl. DOK (AV), 1985:3; DOK (AV), 1991:4; asook par. 3.3.3.2 (ii) a, b, c en d). Derhalwe behoort hierdie onderwerp in die huidige N2-vakkurrikulum behou te word.

*8. Finale rekeninge, waaronder die volgende:*

- *Handelsrekening (opgestel volgens deurlopende voorraadstelsel)*
- *Wins-en-verlies-rekening (T-vorm en vertikale staatvorm)*
- *Balansstaat (T-vorm en vertikale of beskrywende vorm)*

Hierdie onderwerp is ook as 'n noodsaaklike kennis- en vaardigheidsonderwerp deur respondente aangedui (kyk Tabel 4.43). terwyl 43,1 % van alle respondentondernemings aangedui het dat hul rekeningkundige stelsels deur hul eie werknemers tot op balansstaatstadium gedoen word (kyk par. 4.5.3.2, Tabel 4.5).

*9. Rekonsiliasie*

- *Rekeningstate ontvang met krediteuregrootboek*
- *Bankrekonsiliasie met kasboeke (KOJ en KBJ)*

Ooreenkomstig die resultate in Tabel 4.10 (kyk par. 4.5.3.5) uiteengesit, behoort hierdie onderwerp weer ingesluit te word.

N2-ONDERRIGAANBIEDING

Om te voldoen aan die besondere doelstellings met betrekking tot die uitbreiding van studente se rekeningkundige kennis van en vaardigheid in klein- tot middelslag-sakeondernemings se rekeningkundige stelsels, asook die vereiste in die besondere doelstellings gestel met betrekking tot die toerusting van studente met kennis van rekeningkundige begrippe, beginsels en prosedures wat versoenbaar is met algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk (vgl. par. 5.2), behoort die volgende onderwerpe in

die N2-onderrigaanbieding ingesluit te word:

1. *Boeke van oorspronklike inskrywing met betrekking tot die volgende bykomende transaksies:*
   * *Verkoop van vaste bates aan die begin of einde van 'n boekjaar*
   * *Oninbare skulde ingevorder*

2. *Finale rekeninge en finansiële state van 'n diens- en handelsonderneming waarby die volgende bykomende aansuiwerings ingesluit is:*
   * *Vooruitbetaalde uitgawes*
   * *Vooruitontvange inkomste*
   * *Voorsiening vir oninbare skulde*
   * *Aansuiwering van voorraadbedrag waar fisiese voorraadopname 'n tekort op die boekwaarde van handelsvoorraad toon*

3. *Bankrekonsiliasie - bykomend tot wat in die N1-onderrigaanbieding behandel is:*
   * *Vooruitgedateerde tjeks*
   * *Foutiewe inskrywings op die bankstaat*

Bogenoemde drie onderwerpe behoort behou te word ooreenkomstig die resultate bespreek by die onderwerpe vir die N1-onderrigaanbieding (kyk ook par. 4.5.3.2 en 4.5.3.5).

4. *Debiteure- en krediteuregrootboek asook kontrolerekeninge*

Volgens die navorsingsresultate (kyk par. 4.5.3.5) vorm hierdie onderwerp 'n belangrike deel van studente se basiese rekeningkundige kennis en behoort derhalwe weer ingesluit te word. Verdere aanbevelings met betrekking tot die uitbreiding van dié onderwerp word ook in par. 5.2.3 gedoen.

N3-ONDERRIGAANBIEDING

*1. Opstel van 'n loon- en salarisjoernaal*

Volgens die empiriese ondersoek vorm dit steeds 'n relevante deel van 'n basiese rekeningkundige stelsel (kyk par. 4.5.3.2 en 4.5.3.5). Hierdie gevolgtrekking word ook deur die bestudeerde literatuur gestaaf (SCOTVEC, 1985:11; Van Wyk, 1988:237; Groenewald *et al.*, 1994:243).

**5.3.2 Leerinhoud wat bygevoeg behoort te word**

As die gesamentlike gemiddelde telling, asook die standaardafwyking wat vir rekenmeestersfirmas en sakeondernemings in die empiriese navorsing opgeneem is, in oënskou geneem word (vgl. Tabel 4.43, par. 4.5.5.5), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gemiddelde telling 'n aanduiding gee van die werklike of geweegde waarde soos deur klein- tot middelslagondernemings, asook rekenmeestersfirmas gesamentlik geïdentifiseer. Daar is na deeglike oorweging besluit om die 15 vaardigheidsonderwerpe met die hoogste tellings as basis vir die seleksie van leerinhoud te gebruik. Hierdie getal is gebaseer op die terugvoering van die ondernemings en rekenmeestersfirmas, asook terugvoering van lektore oor die relevantheid van die huidige leerinhoud (kyk par. 4.5.5.5). Uit inligting verkry uit die literatuurstudie (kyk par. 3.3.2 (ii) a) is 'n sestiende onderwerp wat op die gebruik van die rekenaar in Rekeningkunde gerig is, ook bygevoeg.

'n Praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 behoort derhalwe die volgende onderwerpe te dek (kyk par. 4.5.5.5):

- Maak van berekeninge met behulp van 'n sakrekenaar
- Ontleding en interpretering van gegewens op brondokumente
- Oorboeking van hulpjoernale na die grootboek
- Opstel en oorboeking van loon- en salarisjoernale
- Inskryf van brondokumente in hulpjoernale

- Opstel van 'n proefbalans
- Rangskikking van brondokumente in bondels en in die korrekte volgorde
- Maak van berekeninge sonder 'n sakrekenaar
- Maak van regstellings van beginselfoute en foutiewe inskrywings
- Gelyktydige hantering van 'n groot aantal transaksies
- Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die deurlopende voorraadstelsel
- Hantering van 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid
- Hantering van rekeningkundige inskrywings volgens die periodieke voorraadstelsel
- Maak van rekeningkundige berekeninge soos kosprys-, wins- en renteberekeninge
- Opstel van finale rekeninge en state
- Gebruik van 'n rekenaarstelsel met bepaalde kennis van rekeningkundige pakkette

As die bogenoemde kennis- en vaardigheidsonderwerpe in ag geneem word, kan die afleiding gemaak word dat alle onderwerpe wat hiermee verband hou, maar wat nie in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is nie, ook daarby ingesluit behoort te word. Daar kan dus aanbeveel word dat die volgende onderwerpe in die vakkurrikulum ingesluit word sodat die kurrikulum aan die geïdentifiseerde behoeftes van die klein- tot middelslagsakesektor kan voldoen:

- *Maak van rekeningkundige berekeninge deur middel van en sonder die hulp van 'n sakrekenaar*
- *Ontleding en interpretering van gegewens op brondokumente*
- *Inskryf van rekeningkundige transaksies direk van brondokumente*
- *Rangskikking van brondokumente in bondels en in die korrekte volgorde*
- *Gelyktydige hantering van 'n groot aantal transaksies*
- *Maak van regstellings van beginselfoute en van foutiewe inskrywings*
- *Hantering van 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid*
- *Hantering van rekeningkundige transaksies volgens die periodieke voorraadstelsel*
- *Hantering van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel van 'n klein- tot middelslageenmansaak.*

### 5.3.3 Praktykgerigtheid van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3

In Hoofstuk 3 is melding gemaak daarvan dat die bestudeerde literatuur daarop dui dat die aanbieding van Rekeningkunde as vak soms baie teoreties gerig is en dat die teorie van die vak nie by die praktyk van Rekeningkunde aansluiting vind nie (kyk par. 3.3.3). In hierdie afdeling sal daar op grond van inligting verkry uit die literatuurstudie, asook resultate uit die empiriese ondersoek, aanbevelings gedoen word wat die leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 meer praktykgerig kan maak.

Uit die literatuurstudie het verder geblyk dat werkgewers van hul rekeningkundige werknemers met senior sertifikaat- of N3-kwalifikasies verwag om bykomend tot rekeningkundige take ook klerklike of administratiewe rekeningkundige take te verrig (kyk par. 3.3.3.2 (ii) a). Uit die resultate van die empiriese ondersoek blyk dit ook dat respondentondernemings klem lê op administratiewe rekeningkundige take soos die uitskryf van rekeningkundige dokumente, die interpretering van gegewens op brondokumente en die rangskikking en liassering van brondokumente in bondels en in die korrekte orde (kyk par. 4.5.5.5).

Om studente toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om aan hierdie vereistes te voldoen, stel Hawkins (1989:9) voor dat die opleiding van studente wat in 'n rekeningkundige rigting studeer, deur middel van simulasies en dokumentwerkstukke nader aan die praktyk gebring word. Hy dui aan dat dít impliseer dat studente na die afhandeling van sekere teoretiese werkstukke en bevoegdheidsgerigte oefeninge, 'n volledig gesimuleerde rekeningkundige werkstuk ontvang wat hulle onder toesig afhandel op dieselfde wyse as wat dit in die praktyk sal plaasvind. Hierdie standpunt word ondersteun deur Hirschowitz *et al.*, (1989:106), wat voorstel dat die opleiding van entrepreneurs vir die kleinsakesektor behoort te bestaan uit klaskameronderrig sowel as gevallestudies, groepbesprekings, simulasies, besoeke aan ondernemings en rolspel. Lochhead (1988:14) wys ook daarop dat rekeningkundige vaardighede slegs in die onderrigsituasie vasgelê kan word indien die uitvoering van praktykgerigte opdragte, wat ook soms deur rekeningkundige praktisyns in die klaskamer aan studente verduidelik

word, deel van die onderrigsituasie vorm.

Volgens Hawkins (1989:10) kan praktykgerigte werkstukke in die vorm van los dokumentestelle opgestel word, wat deur studente voltooi, in bondels bymekaargevoeg, geïnterpreteer, gejoernaliseer en geliasseer kan word. Hierdie praktykgerigte klaskamermetodiek word ook sterk deur Bayes en Morgan (1990:305) ondersteun, wat hul soos volg hieroor uitdruk:

> "The selection of particular cases or projects provides the instructor with an opportunity to emphasize selected topic areas and provides the students with opportunities to reach higher level learning objectives than those attainable by a strictly textbook approach."

Ook Lauffer en Crosser (1990:83) beklemtoon die belangrikheid van taakopdragte en projekte as bevoegdheidsgerigte aanvulling tot die teorie van Rekeningkunde, en stel voor dat daar ook in die klaskamer van werkopdragte gebruik gemaak word waarin studente self kennis en agtergrond moet inwin oor aspekte soos die opening van 'n onderneming, wyses van finansiering, heersende rentekoerse en die opstel van stelseldiagramme wat rekeningkundige prosedures uitbeeld.

Uit bogenoemde inligting kan daar derhalwe tot die gevolgtrekking gekom word dat die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, nader aan die rekeningkundige praktyk gebring kan word deur die insluiting van leerinhoud waarin die klem spesifiek op praktykgerigte inoefening geplaas word. Daar kan dus aanbeveel word dat die volgende onderwerpe by die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit word:

* Rekeningkundige opdragte met betrekking tot die opening van 'n klein- tot middelslagonderneming, waarvoor studente self deur praktykskakeling die nodige inligting moet inwin

* Die voltooiing van stelselvloeikaarte oor rekeningkundige prosedures

* Die voltooiing van dokumenteprojekte waardeur die rekeningkundige funksies van 'n onderneming gesimuleer word, en studente self verantwoordelikheid aanvaar vir die totale klerklik-administratiewe funksie van voltooiing en liassering van die dokumente, asook die rekeningkundige funksies wat met die interpretering en joernalisering daarvan gepaardgaan.

Deur bogenoemde leerinhoud by die vakkurrikulum in te sluit, word daar ook aan die besondere doelstellings met betrekking tot die simulering van praktykgerigte rekeningkundige stelsels voldoen (vgl. par. 5.2).

### 5.3.4 Praktykgerigte rekenaartoepassings

In Hoofstuk 3 is daarna verwys dat die rekeningkundige literatuur wat bestudeer is, sterk klem lê op die noodsaaklikheid daarvan dat die handstelsel van Rekeningkunde deur praktykgerigte rekenaartoepassings aangevul behoort te word. Hierdie standpunt word gemotiveer deur die toenemende en al hoe noodsaakliker rol wat die rekenaar in die uitvoering van die rekeningkundige proses speel (kyk par. 3.3.3.2 (ii) e). Om hierdie rede is daar ook by die vraelyste aan respondente vrae ingesluit om te bepaal watter gerekenariseerde rekeningkundige funksies as belangrik vir die rekeningkundige praktyk beskou word en moontlik in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit kan word (kyk par. 4.5.3.5).

Alhoewel die gesamentlike navorsingsresultate van die respondentondernemings en rekenmeestersfirmas aandui dat gerekenariseerde rekeningkundige stelsels tans nog nie 'n belangrike plek op die lys van verwagte rekeningkundige kennis en vaardighede beklee nie (kyk Tabel 4.43), ken rekenmeestersfirmas 'n punt van 4,75 op 'n vyfpuntskaal daaraan toe. Dit dui daarop dat rekenmeesters reeds die belangrikheid van hierdie onderwerp in die uitvoering van rekeningkundige funksies besef en dit as 'n hoë prioriteit in die vakkurrikulum beskou. Uit die resultate in par. 4.5.3.5 uiteengesit (kyk Tabel 4.10) met betrekking tot rekeningkundige funksies wat deur respondent-

ondernemings met die hand en met die rekenaar uitgevoer word, blyk duidelik dat ondernemings reeds sekere rekeningkundige funksies grotendeels met die rekenaar uitvoer, terwyl ander funksies steeds met die hand uitgevoer word. Hierdie feit word ook deur navorsing wat deur Guerrieri (1990:13) onderneem is, gestaaf. Hierdie outeur beklemtoon dat die rekenaar hom daartoe leen om sekere rekeningkundige inligting in massa te verwerk en in hulpjoernale aan te toon, maar dat die handstelsel van Rekeningkunde steeds as grondslag dien vir die uitvoering van rekeningkundige funksies op die rekenaar. Guerrieri meld ook dat *"the microcomputer is not meant to replace the manual system of accounting. Basic concepts, theories and procedures must be taught manually first and then by an automated system"*.

Heelwat voorstelle vir die uitbreiding van 'n meer rekenaargerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde is reeds in die literatuur aangeteken en rekenaargerigte leerinhoud word oor hierdie aspek aanbeveel. Hoyt en All (1989:12) wys byvoorbeeld daarop dat rekeningkundige dokumente wat deur middel van rekenaarstelsels daargestel word, al hoe meer algemeen gebruik word. *"Accounting software, such as spreadsheet programs, payroll systems, and general ledger packages, are used extensively in many business operations."* Ook Van der Laan en Storm (1993:18) beklemtoon die feit dat studente eers 'n goeie kennis van die handstelsel van Rekeningkunde moet hê voordat daar oorgegaan word tot die aanleer van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel, aangesien gerekenariseerde stelsels op die handstelsel en teoretiese rekeningkundige beginsels gebaseer is.

Om hieraan te voldoen, is 'n besondere doelstelling geformuleer wat die noodsaaklikheid van rekenaartoepassings in 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde beklemtoon (vgl. par.5.2). Dit is derhalwe noodsaaklik om in die vakkurrikulum leerinhoud in te sluit wat aan hierdie behoefte sal voldoen.

Uit bogenoemde kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 steeds op die handstelsel gebaseer behoort te word, maar dat dit opgevolg behoort te word deur 'n afdeling waarin rekenaargerigte leerinhoud ingesluit word om studente in staat te stel om ná voltooiing van die

N3-onderrrigaanbieding albei stelsels in die praktyk te kan toepas. Derhalwe kan die volgende rekenaargerigte leerinhoud wat uit die genoemde literatuur en resultate soos uit die empiriese ondersoek geïdentifiseer is (kyk par. 4.5.3.5 en 4.5.5.4), vir insluiting in die vakkurrikulum oorweeg word ná afhandeling van die teoretiese beginsels en die handstelsel van Rekeningkunde:

- *Die gebruik van die mikrorekenaar in Rekeningkunde*

- *Die verwantskap tussen boekstawing met die hand en boekstawing op mikrorekenaar*

- *Oorwegings by die aankoop en gebruik van 'n rekenaarpakket vir rekeningkundige doeleindes*

- *Beplanning en opening van 'n rekeningstel van 'n klein- tot middelslagonderneming op rekenaar soos tydens die handstelsel behandel*

- *Basiese rekeningkundige prosedures deur middel van 'n rekenaarpakket*
    - *Skep van brondokumente op rekenaar*
    - *Data-invoer vanaf brondokumente na hulpjoernale soos tydens die handstelsel behandel*
    - *Byhou van 'n debiteure- en krediteurestelsel*
    - *Rekonsiliasie van krediteure*
    - *Bankrekonsiliasie*
    - *Daarstelling van maandeindresultate deur middel van 'n gerekenariseerde proefbalans*
    - *Daarstelling van jaareindresultate deur middel van 'n gerekenariseerde inkomstestaat en balansstaat*

- *Byhou van 'n loon- en salarisstelsel*

- *Voorraadhouding deur middel van 'n gerekenariseerde stelsel*

- *Die voltooiing van dokumenteprojekte waardeur die rekeningkundige funksies van 'n onderneming gesimuleer kan word en studente self verantwoordelikheid aanvaar vir die totale klerklik-administratiewe funksie van voltooiing en liassering daarvan, asook die uitvoering van alle rekeningkundige funksies op 'n rekenaarpakket, sodat dit ook voldoen aan die vereistes van 'n interne kontrolestelsel.*

## 5.4 EVALUERING VAN DIE VOORSTELLE

In hierdie afdeling word gepoog om die voorgestelde leerinhoud te evalueer aan die hand van die navorsingsresultate om vas te stel of dit wel verantwoordbaar ingesluit kan word in 'n praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word. Daar sal ook vasgestel word of die voorgestelde leerinhoud voldoen aan die vereistes van algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk (AARP).

### 5.4.1 Evaluering van voorstelle uit inligting beskikbaar uit die literatuur

Uit die literatuurstudie wat gedoen is, blyk dit duidelik dat die voorstelle vir die insluiting van bykomende beroepsrelevante leerinhoud in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat in par. 5.6 aan die hand gedoen word, reeds suksesvol in vakkurrikulums vir Rekeningkunde by beroepsinstellings in die VSA, Skotland, die Federale Republiek van Duitsland en in die Republiek van China geïmplementeer is (kyk par. 3.3.3.2). Dit blyk ook dat die voorstelle met betrekking tot die insluiting van gerekenariseerde leerinhoud deur navorsing ondersteun word (kyk par. 3.3.3.2. ii e).

### 5.4.2 Evaluering van die voorstelle op grond van inligting verkry uit die empiriese ondersoek

Die leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 is voorgestel met inagneming van die empiriese gegewens verkry uit vraelyste wat aan lektore van kolleges vir beroepsonderwys, asook deur 'n ewekansige steekproef aan rekenmeestersfirmas en klein- tot middelslagondernemings versprei is (kyk par. 4.2 en 4.4). 'n

Werkswinkel is ook vir kundiges op die gebied van Rekeningkunde aangebied om te verseker dat insette met betrekking tot beroepsrelevante leerinhoud wel aan die eise van die praktyk voldoen (kyk par. 4.3).

### 5.4.3 Evaluering van die voorstelle deur rekenmeestersfirmas

Voorstelle met betrekking tot leerinhoud soos aanbeveel in hierdie hoofstuk is ná identifisering aan vyf geoktrooieerde rekenmeesters in Pretoria voorgelê om vas te stel of die voorstelle met betrekking tot meer praktykgerigte leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wél aan die vereistes van algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP) voldoen. Die persone wat geraadpleeg is, was eenparig van mening dat alle voorgestelde leerinhoud wel aan die vereistes van AARP voldoen.

### 5.4.4 Evaluering van die voorstelle deur lektore aan kolleges vir beroepsonderwys

Die voorstelle, soos vervat in hierdie hoofstuk, is aan die begin van 1993 in 'n proefondervindelike vakkurrikulum vir die Nasionale Intemediêre Sertifikaat (gelykwaardig aan N1 en N2), asook in 'n vakkurrikulum vir die Nasionale Senior Sertifikaat (gelykwaardig aan N3) geakkommodeer. Aan die einde van 1993 is terugvoering van 24 kolleges wat die proefondervindelike kurrikulum geïmplementeer het, verkry waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word dat die leerinhoud wat voorgestel is, wel tot 'n meer beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys kan bydra. Lektore wat by die evaluering van die proefondervindelike leerinhoud betrokke was, het die volgende as sterk punte in die voorgestelde leerinhoud aangedui:

* Meer tyd is beskikbaar vir die onderrig en inoefening van basiese rekeningkundige beginsels aangesien daar 'n beter verspreiding van die voorgestelde leerinhoud is, en daar meer op die rekeningkundige stelsels van eenmansake gekonsentreer kan word.

* Die voorgestelde leerinhoud is meer bevoegdheidsgerig as gevolg van die

rekeningkundige projekte wat direk van los brondokumente af gedoen word. Studente het dus aan die einde van 1993 beter insig getoon in die toepassing van teoretiese rekeningkundige beginsels as dié van vorige jare.

* Studente was ook in staat om die rekeningkundige beginsels wat met die handmetode van Rekeningkunde aangeleer is, op 'n rekenaarpakket toe te pas. Hierdie afdeling, wat vir die eerste keer op hierdie vlak in die klaskamer aangebied is, is deur lektore as baie suksesvol beskryf.

Lektore het ook die volgende wenke en aanbevelings aan die hand gedoen:

* Die hantering van leerinhoud om te voldoen aan die bevoegdheidsgerigte vereistes, soos gestel in die proefondervindelike vakkurrikulum, bring mee dat die leerinhoud ondersteun moet word deur praktykgerigte projekte en dokumentoefeninge wat <u>vooraf</u> opgestel en beskikbaar gestel word. Indien daar nie deeglike voorafbeplanning gedoen word van die praktykgerigte oefeninge wat op die teoretiese aanbieding van die leerinhoud moet volg nie, kan dit meebring dat die vakkurrikulum steeds nie aan die praktykgerigte vereistes voldoen nie.

* Die afdelings in die vakkurikulum wat oor die rekenaargerigte leerinhoud handel, kan slegs suksesvol afgehandel word indien lektore self goeie opleiding hierin ontvang. Dit is derhalwe noodsaaklik dat lektore opleidingskursusse oor gerekenariseerde rekeningkundige stelsels bywoon, wat verkieslik deur kundiges uit die praktyk aangebied word.

* Minder klem behoort op die opstel van parameters vir die opening van 'n gerekenariseerde rekeningstel gelê te word, aangesien studente hierdie onderwerp tydrowend en moeilik vind. Lektore was van mening dat dit noodsaakliker is vir studente om die rekeningkundige funksies korrek uit te voer as om tyd te spandeer aan die opstel van rekenaarparameters, wat in baie gevalle deur 'n tegnikus wat die program installeer of 'n ander kundige op rekeningkundige gebied gedoen kan word.

* Lektore was van mening dat die rekenaargerigte leerinhoud slegs suksesvol afgehandel kan word indien dié onderwerpe in rekenaarlokale aangebied word waar elke student alle funksies prakties op sy/haar eie rekenaar kan uitvoer. Eksaminering en evaluering behoort ook op rekenaar gedoen te word onder dieselfde omstandighede as wat studente die rekeningkundige funksies in die praktyk sal uitvoer.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die eise met betrekking tot die identifisering van relevante en bevoegdheidsgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word, en wat aan die geïdentifiseerde rekeningkundige behoeftes van die klein- tot middelslagondernemings sal voldoen.

Daar is derhalwe aandag gegee aan die identifisering van leerinhoud wat aan die algemene en besondere doelstellings van 'n beroepsrelevante Rekeningkundekurrikulum voldoen en in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde ingesluit kan word.

Om te verseker dat die leerinhoud ooreenkomstig die vermelde doelstellings uiteengesit word, is die doelstellings op grond waarvan die identifisering van leerinhoud kan plaasvind, volledig beskryf. Daarna is leerinhoud in die bestaande vakkurrikulum wat behou behoort te word, asook beroepsrelevante leerinhoud wat bygevoeg behoort te word, gemeet aan die geïdentifiseerde doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3.

Om beroepsrelevante leerinhoud in die vakkurrikulum te verseker, is aanbevelings gedoen met betrekking tot die byvoeging van leerinhoud wat die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 meer bevoegdheidsgerig kan maak. In hierdie verband is daar aanbevelings gedoen met betrekking tot die byvoeging van taakopdragte, dokumenteprojekte en 'n afdeling waarin studente ook rekeningkundige toepassings op 'n rekenaar kan doen.

Ten slotte word verslag gelewer oor die wyse waarop die voorstelle met betrekking tot die identifisering van leerinhoud reeds by 'n groep rekenmeesters geëvalueer is om vas te stel of dit voldoen aan die vereistes van algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk. Die resultate van 'n voorlopige evaluering, gedoen deur lektore van vyf kolleges vir beroepsonderwys wat 'n proefondervindelike vakkurrikulum aanbied waarin die geïdentifiseerde leerinhoud reeds opgeneem is, is ook in oënskou geneem.

In Hoofstuk 6 sal aandag gegee word aan die oorkoepelende gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing. Moontlike leemtes in die navorsing sal uitgewys word en aanbevelings vir verdere navorsing wat uit hierdie navorsing mag voortspruit, sal aan die hand gedoen word.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n kort samevatting van die navorsing te gee asook om 'n kort opsomming te verskaf van alle bevindinge soos dit in die voorgafaande hoofstukke uiteengesit is.

Na die samevatting en opsomming word daar enkele aanbevelings gedoen wat kan lei tot die daarstelling van 'n volledige praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3. Daar sal ten slotte ook aanbevelings gedoen word oor verdere navorsing op hierdie gebied.

### 6.2 SAMEVATTING

#### 6.2.1 Die doel en beplanning van die ondersoek

'n Ondersoek na praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word, is onderneem nadat die voormalige Superintendent-generaal van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (DOK (AV)), tans bekend as die Onderwys- en Kultuurdiens (Ex Administrasie: Volksraad), in 1988 opdrag gegee het dat ondersoek ingestel word na die relevansie van die huidige stelsel van beroepsonderwys wat deur kolleges vir beroepsonderwys aangebied word (kyk par. 1.1). Die ondersoek sou veral daarop toegespits wees om voorstelle te doen om meer praktykgerigte leerinhoud te verseker wat deur klein- tot middelslagondernemings as relevant vir 'n beroepskurrikulum vir Rekeningkunde beskou word. Op grond van navorsing wat onderneem is, sou dit derhalwe moontlik wees om meer praktykgerigte leerinhoud te identifiseer vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word (par. 1.1).

Om hieraan te voldoen, is die volgende doelstellings vir die navorsing gestel (kyk par. 1.4):

* Om die samehang tussen die missie van kolleges vir beroepsonderwys en die algemene en spesifieke opleidingsdoelstellings vir Rekeningkunde van dié instellings te bepaal

* Om die plek van kolleges vir beroepsonderwys in die onderwysstelsel van die RSA aan te toon en die implikasies hiervan vir die aard en gerigtheid van Rekeningkunde in die skool en kollege vir beroepsonderwys te bepaal

* Om die plek wat Rekeningkunde binne die totale programstruktuur of kurrikulum vir sakestudies inneem, te bepaal

* Om die kurrikulumteoretiese konteks vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 aan te dui

* Om die eise wat die rekeningkundige beroepsmilieu met betrekking tot kennis, vaardighede en gesindhede aan die beroepstoetreder uit 'n kollege vir beroepsonderwys stel, te identifiseer en te sistematiseer

* Om die geïdentifiseerde behoeftes van die handel en nywerheid en die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP) as riglyn te gebruik vir die bepaling van doelstellings en die seleksie van leerinhoud vir die onderskeie kurrikula vir Rekeningkunde N1 tot N3.

Omdat 'n ondersoek na die praktykgerigte aanbieding van die vak in sy geheel 'n omvangryke taak is, is daar besluit om te konsentreer op die voorstelle uit die handel en nywerheid in verband met die rekeningkundige kennis en vaardighede waaroor 'n kollegeverlater op N1- tot N3-vlak behoort te beskik om suksesvol tot die wêreld van werk toe te tree. Die wyse waarop dié eise kurrikulêr in die leerinhoud van die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 verreken kan word, het ook deel van die navorsing

gevorm (kyk par.1.5).

Om aan die ondersoek uitvoering te gee, is 'n literatuurstudie onderneem om 'n kurrikulumteoretiese konteks vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 te verkry (kyk par. 1.4). Dit is opgevolg met 'n empiriese ondersoek onder lektore van kolleges vir beroepsonderwys, klein- tot middelslagondernemings en rekenmeestersfirmas om daardeur praktykgerigte leerinhoud vir die genoemde kurrikulum te bepaal (kyk par. 1.6).

### 6.2.2 Die plek van Rekeningkunde in die totale programstruktuur van kolleges vir beroepsonderwys en hoe die huidige doelstellings en leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 uitvoering kan gee aan die missie van kolleges vir beroepsonderwys

In Hoofstuk 2 is aandag gegee aan die missie van kolleges vir beroepsonderwys en aan die wyse waarop die doelstellings vir Rekeningkunde daardeur gerig word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die huidige doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 aangepas sou moes word sodat dit sou voldoen aan die beroepsgerigte missie van kolleges vir beroepsonderwys (kyk par. 2.2).

'n Ontleding van die missie van kolleges vir beroepsonderwys het aangetoon dat hierdie instellings 'n eiesoortige plek in die totale onderwysstelsel van die land inneem en spesialiseer in die aanbieding van beroepsrelevante naskoolse onderwys op formele sowel as nie-formele vlak (par. 2.3). In 'n vergelyking wat hierna met beroepsgerigte onderwys wat aan sekondêre skole aangebied word, getref is, is raakpunte met skole geïdentifiseer. Daar is egter aangetoon dat daar nie van enige oorvleueling sprake is nie omdat die doelstellings wat in die onderskeie beroepskurrikulums gestel is, gerig is op die beantwoording aan spesifieke beroepsonderwysbehoeftes van die gemeenskap wat deur kolleges vir beroepsonderwys bedien word (kyk par. 2.3).

Hierna is die leemtes wat in die totale leerinhoud van Rekeningkunde voorkom soos dit aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, bestudeer. Daar is ook daarop gewys dat kolleges vir beroepsonderwys sedert 1983 die standaardgraadsillabusse vir

Rekeningkunde van provinsiale skole met enkele wysigings aanbied sonder dat daar enige aandag aan die vereistes van praktykgerigtheid wat deur die sakesektor aan 'n beroepsrelevante kurrikulum gestel word, gegee is. Daar is ook klem gelê op die feit dat die sakesektor sekere eise aan die vakkurrikulum stel, veral waar studente na die verwerwing van 'n N3-sertifikaat direk tot 'n rekeningkundige beroep wil toetree (kyk par. 2.4). Hieruit volg die identifisering van die volgende probleme met betrekking tot die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3:

* 'n Meer akademiesgerigte skoolkurrikulum vir Rekeningkunde is feitlik onveranderd by kolleges vir beroepsonderwys geïmplementeer.

* Leerinhoud wat in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorgeskryf word, moet binne 'n totale tydperk van 100 uur voltooi word, terwyl dieselfde leerinhoud saamgestel is om in 'n tydsbestek van ongeveer 200 uur by sekondêre skole aangebied te word.

* Daar is nie voldoende insette van die kant van die handel en nywerheid verkry om praktykgerigte leerinhoud vir die Rekeningkundekurrikulum vir beroepsonderwys te bepaal nie.

* Die teoretiese leerinhoud van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, word oorbeklemtoon terwyl te min klem op beroeps- en praktykgerigte vaardighede gelê word.

* Daar is te min kontak tussen studente en hul toekomstige werkgewers gedurende hul studie, wat meebring dat min of geen van die leerinhoud wat aangebied word, prakties toegepas word nie.

### 6.2.3 Die bestudering van die kurrikulumteoretiese konteks vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3

Vervolgens is daar aandag geskenk aan die kurrikulumteoretiese begronding vir die se-

leksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3. Dit het bestaan uit die bestudering van literatuur waaruit leerinhoud vir 'n vakkurrikulum geïdentifiseer kon word. 'n Paar relevante modelle vir die ontwikkeling van 'n vakkurrikulum vir beroepsonderwys is ontleed en daar is gekyk na die huidige samestelling van beroepsrelevante onderrigprogramme vir Rekeningkunde, plaaslik en in 'n paar oorsese lande. Hieruit is die nodige agtergrond verkry vir die daarstelling van 'n situasie-analise en die bepaling van algemene en besondere en doelstellings waarop die identifisering van leerinhoud vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde gerig kan word.

### 6.2.3.1 Modelle vir kurrikulumontwikkeling

Die kurrikulummodelle van Tyler (1949) (par. 3.2.1), Taba (1962) (par. 3.2.2), Wheeler (1967) (par 3.2.3), Nicholls en Nicholls (1972) (par. 3.2.4), Jansen (1984) (par. 3.2.5), Malan en Du Toit (1991) (par. 3.2.6) en Steyn (1992) (par. 3.2.8), is bestudeer waarna tot die gevolgtrekking gekom is dat die leerinhoud nie na behore geïdentifiseer kan word tensy 'n volledige situasie-analise die seleksie van leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 vooraf gaan nie. Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat dít opgevolg moet word met die identifisering en formulering van relevante doelstellings vir die betrokke kurrikulum.

### 6.2.3.2 'n Situasie-analise vir 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3

In die situasie-analise is 'n geheeloorsig verkry oor die rekeningkundige terrein wat ondersoek moet word en die voorneme met die onderrig van Rekeningkunde N1 tot N3 wat daaruit voortspruit. In die situasie-analise is drie determinante, naamlik die leerder, leerinhoud en gemeenskap (sakesektor) ontleed, wat weer gelei het tot verdere gevolgtrekkings wat van belang is vir die bepaling van praktykgerigte vakleerinhoud vir die kurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 (par. 3.3).

In die bestudering van die eerste determinant, naamlik die leerders, is die teikenpopulasie van kolleges vir beroepsonderwys geïdentifiseer as studente wat vir studieprogramme inskryf waarby Rekeningkunde ingesluit is. Daar is aangetoon dat studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys in 'n rekeningkundige rigting op N1- tot N3-vlak studeer, reeds die eerste fase van hul sekondêreskoolloopbaan voltooi het en ten minste 'n standerd 7-kwalifikasie behaal het (kyk par. 3.3.3.1).

Daar is ook aangetoon dat daar 'n aantal raakpunte tussen studente aan kolleges vir beroepsonderwys en leerlinge in sekondêre skole is, maar dat die persoonsprofiel van die kollegestudente nie noodwendig dieselfde is as dié van leerlinge aan sekondêre skole nie (kyk par. 3.3.3.1 (i)(d)). Verder is bepaal dat meer dame- as manstudente vir die sakestudierigtings inskryf en derhalwe word daar meer op die sekretariële onderrigprogramme gekonsentreer. Die verband tussen rekeningkundige kennis en vaardighede wat studente in hierdie onderrigprogramme benodig, en kennis en vaardighede wat vir die bedryf van 'n sakeonderneming as geheel benodig word, is dus van wesenlike belang vir die bepaling van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3. Daar is ook verwys na die toelatingsvereistes vir die N1-studierigtings, naamlik 'n standerd 7-sertifikaat, wat meebring dat daar binne die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorsiening gemaak behoort te word vir die aanbieding van die vak vanaf die grondbeginsels (kyk par. 3.3.3.1 (i)(b)).

Ten slotte is aangetoon dat leerders op die N1- tot N3-vlak in die algemeen nie aan die vereistes wat werkgewers aan hulle stel, voldoen nie en derhalwe sal daar meer op die toepassing van teoretiese kennis gekonsentreer moet word terwyl minder klem op die blote memorisering daarvan gelê behoort te word.

In die ontleding van die vakwetenskap/makroleerinhoud (kyk par. 3.3.3.2), is aangetoon dat daar in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 in besonder op vaardigheidsgebaseerde Rekeningkunde gekonsentreer moet word. (kyk par. 3.3.3.2 (ii)(f)). Klem word ook daarop gelê dat daar in die identifisering van leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 gekyk moet word na die hantering van rekeningkundige funksies op 'n klerklik-administratiewe vlak aangesien dit blyk dat heelwat studente wat tans

aan kolleges vir beroepsonderwys studeer, juis op hierdie vlakke in die praktyk in diens geneem sal word. Daar is derhalwe aangedui dat die invul van bron- en stawende dokumente en die liassering van rekeningkundige dokumente sterker beklemtoon behoort te word en aandag gegee sal moet word aan die wyse waarop studente deur middel van simulasies en oefeninge die leerinhoud ooreenkomstig praktykvereistes kan integreer. By die identifisering van leerinhoud sal daar ook in die besonder op die kleiner tot middelslagonderneming gekonsentreer moet word aangesien die grondslag van rekeningkundige stelsels makliker uit die beginsels soos van toepassing op 'n eenmansaak of 'n klein onderneming aangeleer kan word. Ten slotte het dit uit die ontleding van die vakwetenskap geblyk dat daar in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 aandag gegee sal moet word aan rekenaartoepassings, asook aan die wyse waarop die rekenaar by die aanbieding van die handstelsel van Rekeningkunde geïntegreer kan word.

In die bestudering van die derde determinant van die situasie-analise, naamlik die gemeenskap/sakesektor (kyk par. 3.3.3.3), is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die gemeenskap of sektor waarvoor gekurrikuleer word, op 'n deurlopende grondslag as belanghebbendes in die kurrikuleringsproses betrek behoort te word. Dit is daarom noodsaaklik dat daar van 'n kurrikuleringsmetode gebruik gemaak word wat die kurrikuleerder in staat sal stel om op 'n deurlopende grondslag met werkgewers te skakel om hulle behoeftes te bepaal. Daar is aangedui dat die DACUM-stelsel baie bruikbaar kan wees in die versameling van data vanuit die werkgewersektor aangesien dit op dié wyse vinnig en goedkoop gedoen kan word. Dit is ook moontlik om deur middel van die DACUM-stelsel op kort kennisgewing klein en noodsaaklike veranderings aan 'n vakkurrikulum aan te bring (vgl. par. 3.3.3.3 (ii)).

### 6.2.3.3 Die formulering van doelstellings vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3

Vervolgens is aandag gegee aan die bestudering van die huidige doelstellings en die identifisering van nuwe doelstellings vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ten einde te verseker dat die seleksie van leerinhoud teen die agtergrond van

relevante doelstellings kan plaasvind (kyk par. 3.4). Om sinvolle doelstellings vir die genoemde vakkurrikulum daar te stel, is doelstellings geformuleer met inagneming van

- nasionale beleid vir kolleges vir beroepsonderwys (par. 3.4.5.2);
- die missie vir kolleges vir beroepsonderwys (par. 3.4.5.3);
- die huidige doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 (par. 3.4.5.4); en
- die vereistes wat werkgewers stel en wat uit die literatuurstudie na vore gekom het (par. 3.4.5.5).

Hierna is meer praktykgerigte doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 uit die relevante literatuurstudie bepaal, waaruit die die leerinhoud vir die vakkurrikulum geselekteer kan word (vgl. par. 3.4.5.6).

### 6.2.4 Die empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek was om die eise wat die rekeningkundige beroepsmilieu aan die werkstoetreder vanuit die kollege vir beroepsonderwys stel met betrekking tot kennis, vaardighede en gesindhede te identifiseer en te sistematiseer. Op grond van hierdie gesistematiseerde behoeftes, sou die doelstellings vir Rekeningkunde N1 tot N3 finaal bepaal kon word en sou dit moontlik wees om relevante en praktykgerigte leerinhoud vir die onderskeie kurrikula te identifiseer.

Die eerste fase van die ondersoek het bestaan uit 'n vraelys wat aan alle Rekeningkundelektore by kolleges vir beroepsonderwys gestuur is om die bestaande leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 te evalueer en moontlike leemtes te identifiseer (kyk par. 4.2). Tydens hierdie ondersoek is insette van kollegelektore verkry wat gebruik kon word in die identifisering van meer praktykgerigte leerinhoud vir die Rekeningkundekurrikulum. In die tweede fase van die empiriese ondersoek is 'n werkseminaar vir 'n aantal rekenmeesters en verteenwoordigers van die handel en nywerheid aangebied, waartydens daar gedeeltelik van die beginsels van DACUM (kyk par. 3.3.3.3 ii) gebruik gemaak is om te bepaal watter rekeningkundige take persone wat rekeningkundige werk verrig, onder normale omstandighede uitvoer. Tydens hierdie seminaar

is 'n vraelys oor die huidige onderrigaanbiedinge vir Rekeningkunde N1 tot N3 versprei en is daar deur middel van gesprekvoering en die uitkoms van die vraelysondersoek bepaal watter wysigings aan die leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 aangebring behoort te word. Hierna is 'n vraelys saamgestel wat aan 'n aantal sakeondernemings en rekenmeestersfirmas versprei is om te bepaal watter leerinhoud aan hul rekeningkundige behoeftes sal voldoen.

Op grond van die empiriese navorsing, sowel as die literatuurstudie wat vooraf onderneem is, is beroepsrelevante leerinhoud geïdentifiseer wat voldoen aan die vereistes gestel in die doelstellings wat in Hoofstuk 3 geformuleer is. Die grafiese voorstellings wat ná die empiriese ondersoek saamgestel is, is gebruik om 'n aanduiding te gee van die huidige en verwagte vaardighede van werknemers asook die korrelasie hiervan tussen die onderskeie respondentegroepe. Staafdiagramme is ook gebruik om die <u>huidige</u> kennis en vaardighede van rekeningkundige werknemers aan te dui. Ten slotte is tabelle opgestel wat die prioriteitsvolgorde aandui van die belangrikste rekeningkundige take, en die mate van kennis of vaardigheid wat in die uitvoering van rekeningkundige take vereis word.

### 6.2.5 Die eise wat op grond van die navorsing geïdentifiseer is met betrekking tot die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 aan kolleges vir beroepsonderwys: resultate van die literatuur- en empiriese ondersoek en gevolgtrekkings

In Hoofstuk 5 is alle relevante inligting uit die literatuurstudie wat 'n bydrae kon lewer tot die identifisering van beroepsrelevante leerinhoud vir die betrokke vakkurrikulum, by die empiriese data gevoeg. Die doel hiervan is eerstens om die uitgebreide doelstellings wat reeds in Hoofstuk 3 van die ondersoek geformuleer is, verder uit te brei ná inagneming van alle empiriese gegewens (par. 5.2). Daar is ook gepoog om op grond van die inligting wat tydens die navorsing ingesamel is, meer praktykgerigte leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 te identifiseer (kyk par. 5.3) en om aanbevelings te doen oor die behoud of weglating van bestaande leerinhoud uit die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 (par. 5.3.2). Besondere aandag is

gegee aan die insluiting van simulasies, taakopdragte en projekte wat kan meehelp om die aanbieding van die Rekeningkundekurrikulum op 'n meer praktykgerigte wyse in die klaskamer aan te bied (kyk par. 5.3.3). Voorstelle is ook aan die hand gedoen om leerinhoud wat op beroepsrelevante rekenaartoepassings gerig is, in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 in te sluit (kyk par. 5.3.4).

Die voorstelle met betrekking tot meer praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde is in 'n gewysigde vakkurrikulum vir die Nasionale Intermediêre Sertifikaat (gelykstaande aan die Nasionale N2-Sertifikaat) (DOK (AV), 1992), asook in 'n vakkurrikulum vir die Nasionale Senior Sertifikaat (gelykstaande aan die Nasionale N3-Sertifikaat) (DOK (AV), 1993) vervat en onderskeidelik aan die begin van 1992 en 1993 op 'n proefondervindelike grondslag by 25 kolleges vir beroepsonderwys onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Ex Administrasie: Volksraaad geïmplementeer.

### 6.2.6 Evaluering van die voorstelle

Om vas te stel of die voorgestelde leerinhoud aan die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP) voldoen, is die voorstelle eerstens aan vyf rekenmeesters voorgelê vir evaluering (kyk par. 5.4). Die aanbeveling van hierdie persone was eenparig dat die implementering van die voorstelle sou lei tot 'n meer praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 en ook sou voldoen aan die rekeningkundige behoeftes van klein- tot middelslagondernemings (kyk par. 5.4.3).

Verskeie vakseminare is aan die einde van 1992 en 1993, ná die proefondervindelike implementering van die gewysigde vakkurrikulums vir Toegepaste Rekeningkunde aan kolleges vir beroepsonderwys (kyk par. 6.2.5), gehou waarin die voorgestelde leerinhoud in diepte met kollegelektore bespreek en geëvalueer is. Uit die terugvoering is die gevolgtrekking gemaak dat die leerinhoud wat voorgestel is, wel tot 'n meer praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde kan bydra.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende oorkoepelende gevolgtrekkings kan uit die navorsing vir die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 gemaak word:

* Die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 wat tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word, is gebaseer op die vakkurrikulum vir Rekeningkunde wat vir die sekondêre skool gekurrikuleer is. Alhoewel 'n groot aantal van die leerders aan kolleges vir beroepsonderwys in dieselfde ouderdomsgroep as leerlinge in sekondêre skole val en daar ook 'n aantal raakpunte tussen hulle is, kom die persoonsprofiel van studente wat aan kolleges vir beroepsonderwys studeer, nie noodwendig ooreen met dié van leerlinge aan sekondêre skole nie (kyk par. 3.3.3.1). Die vakkurrikulum vir sekondêre skole kan derhalwe nie sonder meer op kolleges vir beroepsonderwys van toepassing gemaak word nie omdat die betrokke vakkurrikulum geskoei is op doelstellings wat nie noodwendig verband hou met dít wat in kolleges vir beroepsonderwys nagestreef word nie (vgl. ook par. 2.4.4).

* Die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voldoen nie aan die praktykgerigte eise wat die sakesektor stel aan 'n vakkurrikulum wat gevolg word deur studente wat in kolleges vir beroepsonderwys voorberei word vir toetrede tot 'n rekeningkundige beroep nie. In hierdie verband was daar te min kontak tussen werkgewers wat deel aan die kurrikuleringsproses behoort te hê en kurrikuleerders wat die huidige leerinhoud geselekteer het. Dit het meegebring dat die teoretiese leerinhoud van die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 oorbeklemtoon word, terwyl te min klem op beroeps- en praktykgerigte vaardighede gelê word. Te min kontak word ook tydens die onderrig-leerproses tussen studente en hul toekomstige werkgewers gemaak, wat meebring dat min of geen praktiese toepassing van die leerinhoud wat aangebied word, plaasvind nie.

* Studente op die N1- tot N3-vlak voldoen nie aan die vereistes met betrekking tot rekeningkundige kennis en vaardighede wat werkgewers aan hulle stel nie (kyk par. 3.3.3.1). Dit bring mee dat 'n beroepsrelevante vakkurrikulum vir Rekeningkunde meer op die toepassing van teoretiese kennis sal moet konsentreer en dat daar minder klem op die blote memorisering van kennis gelê moet word.

* Die toelatingsvereiste vir die N1-studierigtings aan kolleges vir beroepsonderwys is 'n standerd 7-sertifikaat, wat meebring dat die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 voorsiening moet maak vir die aanbieding van die vak vanaf die aanvangsvlak en met die klem op grondbeginsels.

* Tans skryf meer dame- as manstudente vir die sakestudierigtings in. Dit bring mee dat daar meer op die sekretariële onderrigprogramme op N1- tot N3-vlak gekonsentreer word. Die verband tussen rekeningkundige kennis en vaardighede wat uit 'n sekretariële oogpunt benodig word, sal dus in aanmerking geneem moet word by die seleksie van leerinhoud vir 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 (vgl. ook par. 3.3.3.1). Klerklik-administratiewe rekeningkundige funksies behoort derhalwe ook 'n deel van die geselekteerde leerinhoud uit te maak.

* Die doelstellings wat tans in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is, kan aansienlik aangepas word om vir meer praktykgerigte en beroepsrelevante algemene en besondere doelstellings voorsiening te maak (vgl. par. 5.2).

* 85,1 % van die klein- tot middelslagondernemings maak van die eenmansaak, vennootskap en beslote korporasie as ondernemingsvorme gebruik. Die rekeningkundige leerinhoud wat vir die bedryf van hierdie ondernemingsvorme benodig word, behoort dus in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem te word.

* Aangesien slegs 13,4 % van die respondente in die empiriese ondersoek aangedui

het dat die maatskappyvorm deur hulle as ondernemingsvorm gebruik word, behoort rekeningkundige leerinhoud met betrekking tot hierdie ondernemingsvorm nie in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit te word nie.

* 51,5 % van die klein- tot middelslagondernemings wat by die empiriese ondersoek betrek is, maak gebruik van personeel wat permanent in diens van die ondernemings is vir die byhou van hul rekeningkundige stelsels. Dit dui daarop dat klein- tot middelslagondernemings 'n belangrike werkverskaffer van rekeningkundige personeel is.

* Geselekteerde leerinhoud vir Rekeningkunde N1 tot N3 kan slegs suksesvol aangebied word indien dit hand aan hand met die gebruik van dokumenteprojekte, simulasies en praktykverwante rekeningkundige opdragte gedoen word. Studente kan op hierdie wyse meer in die onderrig-leerproses deur selfstudie betrek word en meer praktykgerigte inoefening van teoretiese beginsels kan derhalwe gedoen word.

* 'n Praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 behoort steeds, soos tans ook die geval is, op die handstelsel gebaseer te word, maar moet opgevolg word deur 'n afdeling waarin rekenaargerigte leerinhoud ingesluit is. Hierdie inhoud moet studente in staat stel om ná voltooiing van die N3-onderrrigaanbieding die hand- sowel as die rekenaarstelsel in die praktyk te kan toepas. Rekenaargerigte leerinhoud wat regstreeks deur 'n rekenaarprogram aangebied word, behoort derhalwe in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 ingesluit te word.

## 6.4 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan uit die navorsing gemaak word:

* Die algemene en besondere doelstellings wat in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 gestel is, behoort aangepas te word sodat dit op die

aanbieding van relevante (praktykgerigte) beroepsonderwys gerig sal wees.

* Die huidige leerinhoud wat tans in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is, behoort ook aangepas te word om te voldoen aan die rekeningkundige kennis- en vaardigheidsvereistes wat deur die handel en nywerheid aan 'n beroepsrelevante vakkurrikulum gestel word.

* Om hieraan te voldoen, behoort die seleksie van leerinhoud vir 'n praktykgerigte kurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 op 'n deurlopende grondslag in samewerking met werkgewers hersien te word sodat die rekeningkundige behoeftes van die sakesektor deur die geselekteerde rekeningkundige leerinhoud bevredig kan word.

* Die aanpassing van die huidige N1- tot N3-leerinhoud in die vakkurrikulum vir Rekeningkunde, behoort die volgende in te sluit (vgl. ook par. 5.3):

  - Rekeningkunde N1 moet moet vanaf 'n aanvangsvlak aangebied word sodat die grondbeginsels van Rekeningkunde op 'n praktykgerigte wyse aangeleer kan word.

  - Meer klem moet op die <u>toepassing</u> van teoretiese kennis geplaas word. Die toepassing van teoretiese kennis met betrekking tot rekeningkundige beginsels en prosedures behoort tot op balansstaatvlak toegepas te word en studente behoort voldoende blootstelling te kry aan praktykgerigte toepassings, soos die invul van bron- en stawende dokumente, die voltooiing van oefeninge van bron- en stawende dokumente en die simulering van situasies wat aan rekeningkundige praktyke verwant is. Hiermee saam word die voltooiing van dokumenteprojekte, waardeur die rekeningkundige funksies van 'n onderneming gesimuleer kan word, aanbeveel. Studente moet ook die klerklik-administratiewe funksies van die voltooiing en liassering van brondokumente en verwante rekeningkundig-administratiewe funksies uitvoer.

- Relevante rekenaartoepassings moet ingesluit word waardeur studente kennis van 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan opdoen.

* Leerinhoud wat in die vakkurrikulum ingesluit word, moet in alle gevalle versoenbaar is met algemeen aanvaarbare rekeningkundige praktyk (AARP) en moet voldoen aan die vereistes neergelê vir doeltreffende interne kontrole.

## 6.5 MOONTLIKE LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Alhoewel hierdie navorsing van groot waarde vir kurrikulumnavorsing op rekeningkundige gebied aan kolleges vir beroepsonderwys kan wees, kan daar tog moontlike leemtes in die navorsing geïdentifiseer word.

Ten eerste was dit nie moontlik om alle ondernemings by die ondersoek te betrek nie en is die ondersoek slegs beperk tot klein- tot middelslagondernemings. Derhalwe is die insette wat groot handels- en vervaardigingsmaatskappye, versekeringsmaatskappye, handelsbanke en ander finansiële instellings moontlik kon lewer, nie by die navorsing ingesluit nie. Dit bring mee dat die ondersoek baie beperk was en slegs versigtige veralgemenings gemaak kan word.

Ten tweede is uit die vraelysondersoek wat onder klein- tot middelslagondernemings gedoen is, gevind dat sommige ondernemings se eienaars/bestuurders se kennis van rekeningkundige stelsels baie beperk was. Alhoewel daar in die vraelys duidelike voorskrifte was dat die hoof van die rekeningkundige afdeling in die onderneming of die persoon wat vir die rekeningkundige stelsel verantwoordelik is, die vraelys moes invul, kon daar op grond van sekere response tot die gevolgtrekking gekom word dat sommige respondente nie oor voldoende rekeningkundige kennis beskik het om die vraelyste na behore in te vul nie. Daar moes derhalwe sterk op die vraelyste wat aan rekenmeestersfirmas uitgestuur is, gesteun word om die seleksie van die praktykgerigte leerinhoud te doen. Na die evalueringsfase afgehandel is, het dit egter geblyk dat die insette van die rekenmeestersfirmas, wat saam met dié van sakeondernemings verwerk is, voldoende response verskaf het om relevante afleidings in hierdie verband

te kon maak.

Weens die omvang van die ondersoek om voldoende praktykgerigte leerinhoud vir die vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 te identifiseer, kon daar nie 'n geheeloorsig oor die seleksie van die totale leerinhoud vir Rekeningkunde van N1- tot N6-vlak verkry word nie. Aanbevelings oor die plasing van leerinhoud op 'n bepaalde onderrigvlak sou baie meer akkuraat gedoen kon word indien die seleksie van leerinhoud oor al ses onderrigvlakke gedoen sou kon word.

## 6.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Na aanleiding van hierdie navorsing is die volgende temas vir verdere navorsing geïdentifiseer:

- Die seleksie van praktykgerigte leerinhoud vir Rekeningkunde N4 tot N6 wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied kan word

- Die modulêre aanbieding en evaluering van rekeningkundige kennis en vaardighede aan kolleges vir beroepsonderwys

- Die aanbieding en evaluering van gerekenariseerde rekeningkundige stelsels aan kolleges vir beroepsonderwys

- Die wyse waarop studente deur werkgewers betrek kan word om gedurende hul voltydse studietydperk praktykervaring in 'n rekeningkundige rigting op te doen.

## 6.7 SLOTWOORD

In hierdie navorsing is aangetoon dat daar leemtes is in die leerinhoud wat in die huidige vakkurrikulum vir Rekeningkunde N1 tot N3 opgeneem is en tans aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word. Daar is ook aangetoon dat die leerinhoud vir 'n

praktykgerigte vakkurrikulum vir Rekeningkunde slegs geselekteer kan word ná die daarstelling van 'n behoorlike situasie-analise en die formulering van duidelike beroepsrelevante doelstellings. Die seleksie van die betrokke leerinhoud kan ook slegs gedoen word in samewerking met alle belanghebbendes - in hierdie geval die rekeningkundige werkgewers (sakeondernemings), kollegelektore en rekenmeestersfirmas - wat 'n aandeel in die uitkoms van die rekeningkundige vakkurrikulum het.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie navorsing sal lei tot die aanbieding van Rekeningkunde op 'n meer praktykgerigte wyse, waardeur meer legitimiteit verleen sal word aan die onderrig en opleiding wat aan kolleges vir beroepsonderwys aangebied word.

BRONNELYS

AUCAMP, J.H. 1986. Riglyne vir die ontwikkeling van werkverwante vakkurrikula vir tegniese loopbaanonderwys. Pretoria: UP. (Proefskrif - D.Ed.) 221 p.

BAYES, P.E. & MORGAN, R.G. 1990. Accounting information systems: Which supplement is preferable? *Journal of education for business*, 65(7):305-308, Dec.

BEAUCHAMP, G.A. 1981. Curriculum theory. 4th ed. Itasca : Peacock. 221 p.

BEKKER, M.A. 1975. Voorstelle ten opsigte van enkele aspekte van 'n vakkurrikulum vir Rekeningkunde standerd 6 tot 10. Johannesburg : RAU. (Verhandeling - M.Ed.) 136 p.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA. L.W. 1988. Tweetalige woordeboek. Kaapstad : Tafelberg. 1351 p.

BOYER, E. L. 1987. College: the undergraduate experience in America. New York : Harpur & Row. 328 p.

BREDENKAMP, P.H. & BOOYSE, F.A. 1984. 'n Ondersoek na die praktyk en tendense in enkele oorsese lande ten opsigte van onderwysbestuur en onderwysvoorsiening met inagneming van die leerbehoeftes van die gemeenskap asook die behoefte aan die aansluiting van beroepsopleiding by algemeenvormende loopbaangerigte skoolse onderwys. Deel 1. Pretoria : Departement van Onderwys en Kultuur.

CALITZ, L.P., DU PLESSIS, S.J.P. & STEYN, I.N. 1982. Die kurrikulum: 'n Handleiding vir dosente en onderwysers. Pretoria : Butterworth. 85 p.

CHICKERING, A.W. 1981. The modern American college. San Francisco : Jossey-Bass. 810 p.

COETZEE, J.H., MALAN, M.M. & STEYN, I.N. 1985. Onderrig-leer in fokus. Durban : Butterworth. 239 p.

DARKENWALD, G.G. & MERRIAM, S.B. 1982. Adult education: Foundations of practice. New York : Harper & Row. 260 p.

DE WET, J.J., DE K MONTEITH, J.L., VENTER, P. A. & STEYN H. S. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Durban : Butterworth. 348 p.

DICKENS, T., & HARPER, R. 1986. The use of microcomputers in intermediate accounting: Effects on students' achievement and attitudes. *Journal of accounting education*, 127-146, Nov.

DIRKSEN, C.J. & OSTBYE, T. 1989. Computer conferencing: A case study in teaching accounting information systems. *Journal of education for business*, 65(3):137-140, Dec.

DOK (AV)
*kyk*
SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.

DONALD, J.G. 1990. Challenge for exellence in accounting education. *Business education forum*, 13-14, Feb.

DNO
*kyk*
SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding.

EVANS, N.R., HERR, L.E. 1978. Foundations of vocational education. 2nd ed. London : C.E. Merill. 334 p.

FAUL, M.A., EVERINGHAM, G.K., REDELINGHUYS, H.F. & VAN VUUREN, L.M. 1985. Finansiële rekeningkunde. 2de uitg. Durban : Butterworth. 930 p.

FAUL, M.A., PISTORIUS, C.W.I. & VAN VUUREN, L.M. 1981. Rekeningkunde: 'n Inleiding. 2de uitg. Pretoria : Butterworth. 629 p.

GERMAN ADULT EDUCATION ASSOCIATION. 1979. The German Volkshochschule - Its position and function. Bonn : Deutscher Volkshochshul-Verband. 42 p.

GOODSON, I.F. 1983. School subjects and curriculum change. London : Croom Helm. 212 p.

GRAY, K. 1991. Vocational education in high school: A modern phoenix? *Phi delta kappan*, 72(6):437-445, Feb.

GROENEWALD, S., STORM, G. & STRYDOM H. 1993. Toegepaste Rekeningkunde NIS/N2. Babsfontein : Seyfferdt. 479 p.

GROENEWALD, S., STORM, G. & STRYDOM H. 1994. Toegepaste Rekeningkunde NSS/N3. Babsfontein : Seyfferdt. 313 p.

GUERRIERI, D.J. 1990. Challenge for exellence in accounting education. *Business education forum*, 13-14, Feb.

HAT
*kyk*
ODENDAL, F.F., *red.*

HAWKINS, L. P. 1989. Successful strategies for teaching accounting. *Business education forum*, 43(4):9-10, Jan.

HENRY, L. 1989. Manual versus computerized practice sets in accounting: The students' perspective. *Journal of education for business*, 65(3):106-109, Dec.

HILL, J.S. 1975. Kriteria vir die seleksie en ordening van kurrikuluminhoud. Pretoria : UP. (Werkgemeenskap ter bevordering van Pedagogiek. Pedagogiese studies nr. 85.)

HILL, J.S. 1980. Syllabus research as an aspect of curriculum development. (Paper presented at Instructa 80 held at the 'Randse Afrikaanse Universiteit' on 18 July 1980.) (Unpublished.)

HIRSCHOWITZ, R., SLABBERT, I., CLARK, I. & VAN DER WALT, S. 1989. Skills training for small business development. Pretoria : RGN. 142 p.

HOYT, W.B. & ALL, L.A. 1989. Using software to master accounting vocabulary. *Business education forum*, 12-14, Dec.

JALLADE, F.P. 1989. Recent trends in vocational education and training. *European journal of education*, 24(2):116-121.

JANSEN, C.P. 1984. 'n Model van 'n kurrikulumsentrum vir die R.S.A. Pretoria : UP. (Proefskrif - D. Ed.) 238 p.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1988. Die oorgang van rekeningkunde in die senior sekondêre skoolfase na die universiteit. Pretoria : UP. (Verhandeling - M.Ed.) 158 p.

KELLY, A.V. 1989. The curriculum: Theory and practice. London : Paul Chapman. 274 p.

KRüGER, R.A. 1980. Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp. Pretoria : HAUM. 165 p.

LANDMAN, W.A. 1985. Fundamentele pedagogiek en kurrikulumstudie. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 182 p.

LANDMAN, W.A. 1990. Die tegniese kollege as model vir raakvlakrealisering ten aansien van formele en nie-formele onderwys. Instituut vir Opvoedkundige Navorsing. Pretoria : UNISA. 26 p.

LAUFFER, D. & CROSSER, R. 1990. The "writing-across-the-curriculum" concept in accounting and tax courses. *Journal of education for business*, 65(3):83-97, Nov-Dec.

LEHRPLANHEFT: BADEN-WüRTTEMBERG. 1989. Lehrplanheft 32/1989. (Neckar-Verslag: 24 April 1989). 89 p.

LOCHHEAD, L.P. 1988. Teaching "people" skills along with accounting. *Business education forum*, 43(2):14-15, Nov.

LOOTS, P.C.J. 1987. Verslag van 'n studiebesoek aan junior kolleges in die Republiek van China (Taiwan). Oos-Londen. 25 p.

LOUW, W.J. 1982. Sosiodidaktiese pedagogiek - 'n eerste oriëntering. Pretoria : Academica. 84 p.

MALAN, S.P.T & DU TOIT, P.H., *red.* 1991. Suksesvolle onderrig: Riglyne vir dosente, onderwysers en opleiers. Pretoria : Academica. 253 p.

MING CHUAN COLLEGE CATALOG. 1986-1988. Taipei. 87 p.

MOSTERT
*kyk*
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

MUSSELMAN, V.A., HANNA, M.J., WEAVER, D.H. & KALUZA, H.J. 1979. Methods of teaching accounting. New York : McGrawHill. 329 p.

NATIONAL TAIPEI COLLEGE OF BUSINESS. 1985. Syllabuses of professional courses of studies. Taipei : Taipei College of Business. 39 p.

NEUMAN, S. & ZIDERMAN, A. 1989. Vocational secondary schools can be more cost-effective than academic schools: the case of Israel. *Comparative education*, 25(2):151-163, Feb.

NICHOLLS, A. & NICHOLLS, S.H. 1978. Developing a curriculum. A practical guide. London : George Allen and Unwin. 116 p.

NIEBUHR, G.A. 1986. 'n Kurrikulumontwikkelingsmodel vir onderwysvoorsiening aan die leerpligtige in die RSA wat skoolplig voltooi het. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - D. Ed.) 276 p.

NILSEN, J. 1980. 'n Ondersoek na die inhoud en gebruikswaarde van rekeningkunde as skoolvak. Pretoria : UP. (Verhandeling - M. Com.) 213 p.

NORTON, R.E. 1985. DACUM-handbook. Columbus, Ohio : Ohio State University. 204 p.

ODENDAL, F.F., *red.* 1988. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor. 1378 p.

OLIVIA, P.F. 1992. Developing the curriculum. New York : Harper Collins. 626 p.

PELLETIER, L. & BURTON, S.K. 1990. A structured approach to elementary accounting. *Business education forum*, 13-14, March.

PIETERS, H.N. 1987. Rekeningkunde in Perspektief: 'n Historiese oorsig en fundamentele evaluering. Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp van Hoogleraar in Rekeningkunde aan die RAU. Johannesburg : RAU. 11 p.

PRINSLOO, W.N. 1977. 'n Ondersoek na enkele didakties-pedagogiese aspekte van Rekeningkunde-onderrig in sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - D.Ed.) 302 p.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA: Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys. Pretoria. 223 p. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 1) Voorsitter: J.P. de Lange.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981b. Verslag van die werkkomitee: Onderrig in die natuurwetenskappe, wiskunde en tegniese vakke. Pretoria. 116 p.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1986. Riglyne vir kurrikulumontwikkeling. Pretoria. 270 p. (Redaktrise: J.M. Mostert.)

RGN
*kyk*
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

ROSSOUW, D.J. 1984. Verslag van 'n oorsese studiereis oor die gebruik van die rekenaar in die onderwys in die VSA en Kanada. Pretoria : Onderwysburo. 41 p.

ROSSOUW, D.J. 1989. Maatskaplike relevansie van die vakkurrikulum vir natuur- en skeikunde met spesiale verwysing na die nywerheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Ed.) 160 p.

RUDOLPH, W. 1989. The transition from school to the world of work in the German Democratic Republic. *Prospects*, 19(1):93-102.

SAYLOR, J.G., ALEXANDER, W.M. & LEWIS, A.J. 1981. Curriculum planning for better teaching and learning. New York : Holt, Rinehart and Winston. 419 p.

SCOTTISH VOCATIONAL EDUCATION COUNCIL. 1986. The National Certificate: Session 1986-1987. Glasgow. 55 p.

SCOTVEC
*kyk*
SCOTTISH VOCATIONAL EDUCATION COUNCIL

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die wysgerige pedagogiek. Bloemfontein : Sacum 230 p.

STEYN, I.N. 1983. Kurrikulumteorie: 'n Leer- en werkboek. Potchefstroom : Mediapublikasies. 184 p.

STEYN, I.N. 1985. Onderrig-leer as wyse van opvoeding. Durban : Butterwwordth. 125 p.

STEYN, I.N. 1988. Die daarstel van 'n kurrikulumontwikkelingsplan vir die RSA: Kurrikulumontwerp as ontwikkelingstaak. Potchefstroom : PU vir CHO. 41 p.

STEYN, I.N. 1992. Curriculum design and evaluation: A study and workbook. Vanderbijl Park : PU for CHE. 47 p.

STONE, H.J.S. 1981. Die aard en struktuur van die skool. *Educantulus no. 1.* Pretoria : Academica. 35 p.

SUID-AFRIKA. 1981. Wet op Tegniese Kolleges, no. 104 van 1981. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1983. Verslag van 'n sending na die Verenigde State van Amerika, Engeland en die Federale Republiek van Duitsland insake onderwysbestuur, beplanning, finansiering, inligtingstelsels en hulpdienste; en die buitengewone kind. Pretoria. 372 p.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1991a. Onderwysvernuwingstrategie: Besprekingsdokument. Pretoria : UNISA.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1991b. 'n Kurrikulummodel vir onderwys in Suid-Afrika: Besprekingsdokument. Pretoria : UNISA.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1992. Inligtingsopnamehandleiding (Tegniesekollege-onderwys). Verslag SANOB-051. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1984a. Herstrukturering van kursus: Intensiewe Handelskursus. Eksameninstruksie 48 van 1984. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1984b. Nasionale sertifikaatkursus N1 tot N3 (Handel). Omsendskrywe no. C5/1/1. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1984c. Nasionale tegniese kollege-kursusse (N-kursusse): Hersiening van die algemene voorskrifte. Eksameninstruksie 56 van 1984. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1985. Sillabus vir Rekeningkunde N1, N2 en N3 soos gewysig deur Eksameninstruksie no. 8 van 1985. Pretoria : Direktoraat Eksamens.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1987. Handleiding vir die hantering van naskoolse onderwys by tegniese kolleges. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1989. Enkele perspektiewe op naskoolse beroepsonderwys: Verslag van 'n sending na die Verenigde State van Amerika, Skotland, België, Switserland en die Federale Republiek van Duitsland. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1990a. Die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys. Pretoria. (Hoofverslag van die komitee insake die evaluering en bevordering van Loopbaanonderwys in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.) (Voorsitter: Walters, S.W.)

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1990b. Die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys. Pretoria. (Subverslag 1: Verslag van die Werkkomitee: Begripsomskrywing van die komitee insake die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.)

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1990c. Die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys. Pretoria. (Subverslag 2: Verslag van die Werkkomitee: Literatuurnavorsing van die komitee insake die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.)

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1990d. Die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys. Pretoria. (Subverslag 4: Verslag van die Werkkomitee: Vereistes van werkgewers van die komitee insake die evaluering en bevordering van loopbaanonderwys in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.)

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1991. Kernsillabus vir Rekeningkunde Standerd 8 - 10. Eksameninstruksie no. 12 van 1991. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1992. Sillabus vir proefondervindelike implementering: Toegepaste Rekeningkunde vir die Nasionale Intermediêre Sertifikaat. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1993. Sillabus vir proefondervindelike implementering: Toegepaste Rekeningkunde vir die Nasionale Senior Sertifikaat. Pretoria.

TABA, Hilda. 1962. Curriculum development. New York : Harcourt. 526 p.

TERBLANCHE, J.D.V. 1990. Fyngoud van die Ekonomie. *Opvoeding en kultuur*, 13(3):14-15, Sept.

TOD
*kyk*
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Sillabus vir Rekeningkunde standaardgraad; Standerd 8, 9 en 10. Pretoria.

TYLER, R.W. 1949. Basic principles of curriculum instruction. Chicago : University of Chicago Press. 128 p.

VAN DER LAAN, A. & STORM, G.J. 1993. Toegepaste rekeningkunde vir die mikrorekenaargebruiker: Gebaseer op Pastel Accounting. Pretoria : HAUM-Tersiêr. 327 p.

VAN DER STOEP, F. & LOUW, W.J. 1984. Inleiding tot die didaktiese pedagogiek. Pretoria : Academica. 277 p.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark : Mediapublikasies. 89 p.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1985. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. 273 p.

VAN GRAAN, E.V. & JOUBERT, A.P. 1992. Naskoolse beroepsonderwys in die Federale Republiek van Duitsland, België, en Skotland met spesiale verwysing na die Dualstelsel van Onderwys, Middelstandonderwys en Die Scottish Vocational Council. (Verslag van 'n studiebesoek deur mnre E.V van Graan, Senior Adjunkhoofonderwyskundige, Direktoraat Naskoolse Onderwys, Departement Onderwys en Kultuur Administrasie: Volksraad, en A.P. Joubert, Prinsipaal van die Tegniese Kollege Kempton Park). 63 p.

VAN WYK, A.C. 1988. Elementêre Finansiële Rekeningkunde. Durban : Butterworths. 245 p.

VERENIGING VAN TEGNIESE KOLLEGES. 1990. Verslag van 'n studiebesoek van junior kolleges in die Republiek van China (Taiwan) gedurende April/Mei 1990 deur lede van die Vereniging van Tegniese Kollege Prinsipale. Oos-Londen. 37 p.

VTK
*kyk*
VERENINGING VAN TEGNIESE KOLLEGES.

WELZENBACH, L. & HEYWOOD, R.E. 1982. College & university business administration. Washington : National Association of College and University Business Officers. 527 p.

WETTE
*kyk*
SUID-AFRIKA.

WHEELER, D.K. 1983. Curriculum process. London : Hodder & Stoughton. 319 p.

WHITEHEAD, D.J. 1989. Curriculum: Liberal or vocational? *Economics, winter and summer*, 33-38, March.

**BYLAE A**

**REKENVAARDIGHEDE VAN SKOOLVERLATERS GEMEET AAN WERKGEWERS SE VER-EISTES (TABEL 3.8 VAN SUBVERSLAG 4 (DOK,1990c:15))**

| REKENVAARDIGHEDE | WERKGEWER SE VEREISTE | | SKOOLVERLATER SE VERMOë | |
|---|---|---|---|---|
| | GEMIDDELDE | s** | GEMIDDELDE | s** |
| Vermoë om eenvoudige berekeninge te doen | 3.50 | 0.77 | 2.29 | 0.74 |
| Basiese kennis van Wiskunde | 2.97 | 1.09 | 2.64 | 0.92 |
| Basiese kennis van statistiese metodes | 2.29 | 1.15 | 2.21 | 1.15 |

DIE VERSKIL TUSSEN DIE GEMIDDELDE TELLING VAN WERKGEWER SE VEREISTE MINUS DIE GEMIDDELDE TELLING VAN SKOOLVERLATER SE VERMOë

- dui daarop dat skoolverlaters nie aan die gestelde vereiste voldoen nie
+ dui daarop dat skoolverlaters aan die gestelde vereiste voldoen

| | |
|---|---|
| Vermoë om eenvoudige berekeninge te doen | -0.58 |
| Basiese kennis van Wiskunde | -0.33 |
| Basiese kennis van statistiese metodes | -0.08 |

** s = standaardafwyking

BYLAE B

VOORBEELD VAN 'N DACUM-KAART

## DACUM CHART: ACCOUNTING PROCEDURES

| Duty | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 OPERATE ACCOUNTING SYSTEMS | 1A Identify and verify source documents | 1B Maintain various books of original entry | 1C Post and balance subsidiary ledgers | 1D Post and balance general ledgers |
| | 1E Prepare trial balance and worksheet | 1F Prepare end of period adjustments | 1G Prepare closing and post closing entries | |
| 2 BANK RECONCILIATION | 2A Collect source documents for reconciliation e.g. bank statement | 2B Compare cashbook with bank statement to identify differences | 2C Enter supplementary entries on debit side of cash book | 2D Enter supplementary entries on credit side of cash book |
| | 2E Enter outstanding entries in bank reconciliation statement | 2F Enter outstanding entries on previous bank reconciliation statement in bank recon statement | 2G Post cash book and balance bank account | 2H Compare balance of bank account with balance on bank recon statement |
| 3 FINANCIAL REPORTS | 3A Prepare income statement | 3B Prepare balance sheet | 3C Prepare statement of changes in financial position | 3D Prepare notes for financial statement |
| | 3E Prepare statement of receipts and disbursements | 3F Prepare sheet for analyzation and interpretation of fin statement | | |

**BYLAE C**

**VRAELYS OM DIE ONDERSKEIE ONDERRIGAANBIEDINGE VIR REKENINGKUNDE N1-N3 TE EVALUEER EN MOONTLIKE PROBLEME TE IDENTIFISEER**

ALGEMENE INLIGTING

1. Die vraelys is in ses afdelings verdeel. In elkeen word 'n afsonderlike onderrigaanbieding van die totale vakkurrikulum vir Rekeningkunde ondersoek.

2. Elke afdeling van die vraelys moet deur die mees senior lektor wat gemoeid is met die onderrig van die spesifieke onderrigaanbieding ingevul word.

3. Dit sou raadsaam wees om eers 'n vakvergadering te hou en ook insette van ander Rekeningkundelektore te verkry voordat die onderskeie afdelings van die vraelys ingevul word.

4. Dit is noodsaaklik dat die persoon/persone wat die vraelys invul steeds gemoeid moet wees met die aanbieding van die onderskeie onderrigaanbieding(e), asook op hoogte moet wees met die inhoud van die sillabus. Raadpleeg asseblief die sillabus waar daar onduidelikhede in die vraelys is.

5. Die naam van die kollege of die name van lektore moet nie op die vraelys ingevul word nie. Alle inligting is vertroulik en die nommer wat op die vraelys verskyn, is slegs vir kontroledoeleindes en is nie bedoel vir die identifisering van tegniese kolleges nie.

ONDERRIGAANBIEDINGE: REKENINGKUNDE N1-N3

EVALUERING VAN DIE N1 TOT N3-SILLABUSINHOUD TEN OPSIGTE VAN BELANGRIKHEID, MOEILIKHEIDSGRAAD EN AANTAL PERIODES WAT BENODIG WORD VIR DIE AFHANDELING VAN DIE ONDERSKEIE ONDERWERPE.

L.W. Hierdie afdeling moet deur die mees senior lektor wat gemoeid is met die aanbieding van die onderrigaanbieding ingevul word.

1. Voordat u verder gaan, moet u eers par. 1 tot 5 van die algemene inligting lees.

2. Hierdie afdeling word soos volg geëvalueer:

2.1 In die kolom vir **belangrikheid** van die onderwerp, moet u die huidige relevansie van die onderwerp aandui deur 'n kruisie in die toepaslike kolom te trek. Maak ook gebruik van kennis wat u reeds in gesprekvoering met persone vanuit 'n handels- en nywerheidsomgewing verwerf het.

2.2 In die kolom vir **moeilikheidsgraad** moet u aandui wat die moeilikheidsgraad van elke onderwerp is. Hier moet u gebruik maak van ondervinding wat u reeds in die onderrig van die onderrigaanbieding opgedoen het.

2.3 In die kolom gemerk **tydfaktor** moet u aandui hoeveel periodes (40 minute elk) u as voldoende beskou om die onderwerp te behandel. U kan dus die feit ignoreer dat daar tans net 17 weke beskikbaar is vir die afhandeling van 'n onderrigaanbieding. Neem ook in ag dat daar tyd vir aspekte soos studenteaktiwiteite, die bespreking van oefeninge en evaluering van die onderwerp toegelaat behoort te word.

REKENINGKUNDE N1

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 1. INLEIDING:<br>1.1 Relevante sake- en rekeningkundige terminologie, begrippe en beginsels. | | | | | | | |
| 1.2 Kringlope van rekeningkundige bedrywighede wat verband hou met kringlope van sakebedrywighede met betrekking tot<br>* rekeningkundige stelsels<br>* rekeningkundige kontroles<br>* dokumentasie en magtiging van transaksies. | | | | | | | |
| 1.3 Opskryf van kolomvormige joernale vanaf brondokumente en gegewe transaksies, asook horisontale en vertikale optelling:<br>* Kontantontvangstejoernaal | | | | | | | |
| * Kontantbetalingsjoernaal | | | | | | | |
| * Debiteurejoernaal | | | | | | | |
| * Krediteurejoernaal | | | | | | | |
| * Algemene Joernaal | | | | | | | |
| 1.4 Oorboeking na hulpgrootboeke, (DG) en (KG), met behulp van driekolomgrootboekrekeninge. | | | | | | | |
| 1.5 Oorboeking na die algemene grootboek in T-vorm. | | | | | | | |
| 1.6 Saldering van die bankrekening en potloodtotale by nominale rekeninge. | | | | | | | |
| 1.7 Opstel van 'n vooraansuiwerings-, na-aansuiwerings- en na-afsluitingsproefbalans. | | | | | | | |
| 1.8 Opstel van finale grootboekrekeninge, inkomstestaat (ten opsigte van diensondernemings), handelstaat en wins-en-verliesstaat (ten opsigte van kleinhandelaar) en balansstaat vanaf gegewe proefbalanse slegs in T-vorm, op hierdie stadium). | | | | | | | |

1.9 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 2. ONTLEDING VAN TRANSAKSIES: | | | | | | | |
| 2.1 Die ontleding van alle transaksies uit die sillabus ten opsigte van: * Invloed op die rekeningkundige vergelyking | | | | | | | ---- |
| * Die betrokke brondokumente en hulpdokumente | | | | | | | ---- |
| * Die betrokke boeke van oorspronklike inskrywing | | | | | | | ---- |
| * Die betrokke inskrywings in grootboekrekeninge | | | | | | | ---- |
| * Die betrokke finansiële state (L.W. BY DIE ONDERWERPE IN 2.1 GENOEM, MOET U NIE DIE TYDFAKTOR (PERIODES) INVUL NIE AANGESIEN HIERDIE ONDERWERPE DEURLOPEND EN GELYKTYDIG MET DIE ANDER ONDERWERPE BEHANDEL WORD) | | | | | | | ---- |

2.2 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 3. KOLOMVORMIGE BOEKHOUDING, BOEKE VAN OORSPRONKLIKE INSKRYWING, HULPGROOTBOEKE EN PROEFBALANSE: | | | | | | | |
| 3.1 Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal (dokumentasie, inskrywing, optelling en oorboeking). | | | | | | | |
| 3.2 Korting toegestaan by vereffening van debiteurerekeninge. | | | | | | | |
| 3.3 Korting ontvang by vereffening van krediteurerekeninge. | | | | | | | |
| 3.4 Addisionele banktransaksies: geweierde tjeks, diensgelde, bankoortrekking, vaste deposito's (ontvangs en verval van vaste deposito's). | | | | | | | |
| 3.5 Ontvangs van ander inkomste soos rente op vaste deposito. | | | | | | | |
| 3.6 Lenings ontvang (bedrag ontvang, terugbetaling, rente op lenings). | | | | | | | |
| 3.7 Vraggeld op inkope. | | | | | | | |
| 3.8 Oorboeking van hulpgrootboeke en die algemene grootboek met besondere aandag aan die oorboeking van die kortingkolomme. | | | | | | | |
| 3.9 Kolomvormige kasboek. | | | | | | | |
| 3.10 Debiteurejoernaal. | | | | | | | |
| 3.11 Debiteure-afslagjoernaal. | | | | | | | |
| 3.12 Krediteurejoernaal. | | | | | | | |
| 3.13 Krediteure-afslagjoernaal. | | | | | | | |
| 3.14 Kleinkasjoernaal (opskryf en oorboeking). | | | | | | | |
| 3.15 Joernaal: | | | | | | | |
| * Doel en uiteensetting | | | | | | | |
| * Oninbare skuld | | | | | | | |
| * Onttrekking van goedere teen kosprys | | | | | | | |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| * Rente op agterstallige rekeninge van debiteure | | | | | | | |
| * Regstelling van foute (korrekte bedrag na verkeerde kant van rekening) | | | | | | | |

3.16 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.......................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4. JAAREIND-AANSUIWERINGS, SLUITINGSOORDRAGTE, NA-AANSUIWERINGS EN NA-AFSLUITINGSPROEFBALANSE:<br><br>4.1 Terminologie. | | | | | | | |
| 4.2 Jaareindaansuiwerings:<br><br>* Oninbare skuld | | | | | | | |
| * Waardevermindering van bates (vaste bedrag en verminderde saldometode) | | | | | | | |
| * Uitgawes betaalbaar | | | | | | | |
| * Inkomste ontvangbaar | | | | | | | |
| 4.3 Vooraansuiweringsproefbalans (ook uitkenning van foute). | | | | | | | |
| 4.4 Na-aansuiweringsproefbalans. | | | | | | | |
| 4.5 Finale rekeninge en sluitingsoordragte: | | | | | | | |
| Ook die volgende hierby:<br><br>* Afsluiting van verkope en koste van verkoperekeninge na handelsrekening | | | | | | | |
| * Afsluiting van handelsrekening/inkomsterekening na wins-en-verlies-rekening | | | | | | | |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| * Afsluiting van wins-en-verlies-rekening (netto wins) na kapitaalrekening | | | | | | | |
| * Afsluiting van onttrekkings na kapitaalrekening | | | | | | | |
| 4.6 Na-afsluitingsproefbalans. | | | | | | | |

4.7 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5. OPSTEL VAN FINALE REKENINGE EN FINANSIëLE STATE VAN EENMANSAKE VANAF PROEFBALANSE:<br>5.1 Opstel van finale rekeninge en kapitaalrekening van 'n alleenhandelaar uit 'n na-aansuiweringsproefbalans. | | | | | | | |
| 5.2 Opstel van 'n balansstaat in vertikale/ beskrywende vorm uit 'n na-afsluitingsproefbalans. | | | | | | | |
| 5.3 Opstel van 'n inkomstestaat in vertikale vorm uit 'n na-aansuiweringsproefbalans om, onder andere, die volgende inligting aan te toon: kosprys van verkope, bruto wins, totale bedryfsuitgawes, netto wins vir die jaar. | | | | | | | |
| 5.4 Opstel van finansiële state van handelsondernemings en diensondernemings in vertikale vorm vanaf 'n gegewe voor-aansuiweringsproefbalans en addisionele gegewens ten opsigte van aansuiwerings wat gedoen moet word:<br>* Inkomstestaat van 'n diensonderneming vir 'n gegewe tydperk | | | | | | | |
| * Balansstaat van 'n diensonderneming op 'n bepaalde datum | | | | | | | |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| * Inkomste van 'n alleenhandelaar van 'n gegewe tydperk | | | | | | | |
| * Balansstaat van 'n alleenhandelaar op 'n bepaalde datum | | | | | | | |

5.5 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.................................................................................

.................................................................................

.................................................................................

.................................................................................

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6. VERSOENINGSTATE:<br>6.1 Versoening van rekeningstaat ontvang met krediteur se rekening in grootboek en die regstelling van foute. | | | | | | | |
| 6.2 Voltooiing van kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal en opstel van die bankversoeningstaat. | | | | | | | |

6.3 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.................................................................................

.................................................................................

.................................................................................

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7. ONTLEDING EN VERTOLKING VAN GROOTBOEKREKENINGE:<br>7.1 Debiteure- en krediteurerekeninge<br>7.2 Eiendomsrekeninge | | | | | | | |

7.3 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 8. MODERNE REKENINGKUNDIGE METODES: (Let asb. daarop dat hierdie afdeling net vir oorsigtelike behandeling voorgeskryf word en nie noodwendig vir eksamendoeleindes is nie). | | | | | | | |
| 8.1 Hand-, masjien- en rekenaarmetodes. | | | | | | | |
| 8.2 Die elemente van dataverwerking eie aan alle rekeningkundige metodes. | | | | | | | |
| 8.3 Die verskille in rekeningkundige metodes ten opsigte van die volgende: Toerusting; rekeningkundige prosedures; data-invoer en -uitvoer; bewaring en herwinning van data; vermoë om 'n groot aantal transaksies te hanteer; kontrolering van akkuraatheid, volledigheid en veilige bewaring van inligting; behoeftes aan gespesialiseerde opleiding; kapitale en bedryfskoste; huidige toepassings. | | | | | | | |
| (L.W. U kan slegs die totale aantal periodes wat u as voldoende vir hierdie onderwerp beskou, aandui). | | | | | | | |

8.4 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

## REKENINGKUNDE N2

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 1. INLEIDING | | | | | | | |
| 1.1 Relevante komponente van voorgaande sillabusse: | | | | | | | |
| * Sake- en rekeningkundige terminologie, begrippe en beginsels | | | | | | | |
| * Kringlope van rekeningkundige bedrywighede | | | | | | | |
| * Rekeningkundige prosedure met betrekking tot transaksies van 'n diens- en handelsonderneming | | | | | | | |

1.2 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2. ONTLEDING VAN TRANSAKSIES: | | | | | | | |
| 2.1 Die ontleding van alle transaksies uit die sillabus ten opsigte van: | | | | | | | |
| * Invloed op die rekeningkundige vergelyking | | | | | | | |
| * Die betrokke brondokumente en hulpdokumente | | | | | | | |
| * Die betrokke boeke van oorspronklike inskrywing | | | | | | | |
| * Die betrokke finansiële state | | | | | | | |

2.2 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 3. BOEKE VAN OORSPRONKLIKE INSKRYWING, ALGEMENE GROOTBOEK, HULPGROOTBOEKE EN PROEFBALANS: | | | | | | | |
| 3.1 Hersiening van werk gedoen in N1. | | | | | | | |
| 3.2 Verkoop van vaste bates aan die begin of einde van die boekjaar teen 'n wins of 'n verlies. | | | | | | | |
| 3.3 Oninbare skuld ingevorder. | | | | | | | |

3.4 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4. SLOTREKENINGE EN FINANSIëLE STATE VAN 'N EENMANSAAK | | | | | | | |
| 4.1 Hersiening van alle N1-onderwerpe | | | | | | | |
| 4.2 Addisionele joernaalinskrywings: | | | | | | | |
| * Vooruitbetaalde uitgawes | | | | | | | |
| * Vooruitontvange inkomste | | | | | | | |
| * Voorsiening vir oninbare skuld | | | | | | | |
| * Voorsiening vir waardevermindering | | | | | | | |
| * Aansuiwering van voorraadbedrag (fisiese voorraadopname toon verskil) | | | | | | | |
| 4.3 Inkomstestaat (vertikale vorm) | | | | | | | |
| 4.4 Balansstaat (vertikale vorm) | | | | | | | |

4.5 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

....................................................................................

....................................................................................

....................................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid: Belangrik | Belangrikheid: Nodig | Belangrikheid: Onnodig | Moeilikheidsgraad: Moeilik | Moeilikheidsgraad: Gemiddeld | Moeilikheidsgraad: Maklik | Tydfaktor: Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5. VENNOOTSKAPPE: | | | | | | | |
| 5.1 Soorte vennote, die voor- en nadele van vennootskappe en noodsaakliheid van vennootskapsooreenkomste. | | | | | | | |
| 5.2 Uitbreiding van grootboekrekeninge: Vennote se kapitaalrekeninge, salarisrekeninge, rente op kapitaalrekeninge, ontrekkingsrekeninge en privaat rekeninge. | | | | | | | |
| 5.3 Addisionele aansuiwerings: | | | | | | | |
| * Rente op kapitaal | | | | | | | |
| * Bonusse van vennote | | | | | | | |
| 5.4 Finale rekeninge en finansiële state van 'n vennootskap: | | | | | | | |
| * Handels-, wins-en-verlies- en verdelingsrekening (grootboek) | | | | | | | |
| * Inkomstestaat (Vertikale vorm) | | | | | | | |
| * Balansstaat (Verikale vorm) | | | | | | | |

5.5 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6. BANKVERSOENING: | | | | | | | |
| 6.1 Hersiening van werk gedoen in N1. | | | | | | | |
| 6.2 Voltooiing van die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernale en opstel van 'n bankversoeningstaat. | | | | | | | |
| 6.3 Verskille en bykomende transaksies: | | | | | | | |
| * Soos voorgeskryf vir N1 | | | | | | | |
| * Vooruitgedateerde tjeks ontvang | | | | | | | |
| * Foutiewe inskrywings op die bankstaat | | | | | | | |

6.4 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 7. DEBITEURE- EN KREDITEUREGROOTBOEKE EN KONTROLEREKENINGE IN DIE ALGEMENE GROOTBOEK: | | | | | | | |
| 7.1 Doel, nut en grondbeginsels van kontrolerekeninge. | | | | | | | |
| 7.2 Verkryging van gegewens uit boeke van oorspronklike inskrywing. | | | | | | | |
| 7.3 Oorboeking van besonderhede na die debiteure- en krediteuregrootboeke en van totale na die algemene grootboek. | | | | | | | |
| 7.4 Die opstel van debiteure- en krediteurekontrolerekeninge. | | | | | | | |
| 7.5 Kontrolering van kontrolerekeningsaldo's met totale van saldo's van rekeninge in die debiteure- en krediteuregrootboeke. | | | | | | | |

7.6 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8. DEPARTEMENTELE REKENINGE: | | | | | | | |
| 8.1 Begrippe, gebruike, organisasie en beheeraspekte. | | | | | | | |
| 8.2 Opskryf van transaksies vanaf betrokke dokumente of gegewe transaksies in boeke van eerste inskrywing volgens eindvoorraadstelsel vir bepaling van kosprys van verkope:<br>* Kolomvormige inkoopjoernaal<br>* Kolomvormige verkoopjoernaal<br>* Jaareindaansuiwerings ten opsigte van departementele eindvoorrade en aanvangsvoorrade asook sluitingsoordragte soos wat dit in die joernaal gedoen sal word. | | | | | | | |
| 8.3 Oorboeking na die hulpgrootboeke en betrokke kolomvormige grootboekrekeninge. | | | | | | | |
| 8.4 Opstel van kolomvormige departementele handelstaat vanaf betrokke kolomvormige grootboekrekeninge en/of gegewe inligting. | | | | | | | |

8.5 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periodes |
| 9. MODERNE TENDENSE IN REKENINGKUNDE: (Slegs vir agtergrondinligting en nie vir eksamendoeleindes nie). | | | | | | | |

Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

REKENINGKUNDE N3

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
| 1. INLEIDING: | | | | | | | |
| 1.1 Relevante komponente van voorgaande sillabusse. | | | | | | | |
| 1.2 Rekeningkunde as beroep. | | | | | | | |
| 1.3 Rekeningkundige beginsels. | | | | | | | |
| 1.4 Invloed van transaksies op die rekeningkundige vergelyking. | | | | | | | |
| 1.5 Balansstaat van handels- en diensorganisasies. | | | | | | | |
| 1.6 Finansiële state en die gebruik daarvan. | | | | | | | |

1.7 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

.....................................................................

.....................................................................

.....................................................................

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2. DIE OPTEKENING VAN REKENINGKUNDIGE TRANSAKSIES: | | | | | | | |
| 2.1 Die optekening van rekeningkundige transaksies. | | | | | | | |
| 2.2 Brondokumente. | | | | | | | |
| 2.3 Boeke van eerste inskrywing: | | | | | | | |
| * Kontantontvangstejoernaal | | | | | | | |
| * Kontantbetalingsjoernaal | | | | | | | |
| * Debiteurejoernaal | | | | | | | |
| * Krediteurejoernaal | | | | | | | |
| * Debiteure-afslagjoernaal | | | | | | | |
| * Krediteure-afslagjoernaal | | | | | | | |
| * Kleinkasjoernaal | | | | | | | |
| * Algemene joernaal | | | | | | | |
| * Loon- en salarisjoernaal | | | | | | | |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
| 2.4 Oorboeking na grootboek:<br>* T-vormige rekeninge<br>* Debiteure- en krediteurerekeninge in driekolomvorm.<br>2.5 Proefbalans. | | | | | | | |

2.6 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3. FINALE REKENINGE EN FINANSIËLE STATE VAN EENMANSAKE:<br>3.1 Handels- en wins-en-verlies-rekeninge met inagneming van die volgende:<br>* Agterstallige en vooruitbetaalde uitgawes<br>* Agterstallige en vooruitontvange inkomste<br>* Onverbruikte verbruiksgoedere<br>* Voorsiening vir waardevermindering op vaste bates (met insluiting van vaste paaiementmetode; som van syfermetode; verminderde syfermetode; masjienuurmetode)<br>* Voorsiening vir oninbare skulde<br>* Voorsiening vir korting toegestaan<br>* Voorsiening vir onvoorsiene uitgawes<br>* Regstelling van foute en weglatings<br>* Sluitingsoordragte<br>* Alle nominale rekeninge wat op bogenoemde van toepassing is<br>* Handelsrekening<br>* Wins-en-verlies-rekening | | | | | | | |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
| 3.2 Balansstaat (verhalende vorm) | | | | | | | |
| 3.3 Inkomstestaat (verhalende vorm) | | | | | | | |

3.4 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

...............................................................................

...............................................................................

...............................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4. VERSOENINGSTATE: | | | | | | | |
| 4.1 Bankversoeningstate: | | | | | | | |
| * Voltooiing van KOJ en KBJ | | | | | | | |
| * Opstel van bankversoeningstate | | | | | | | |
| * Vergelyking met vorige maand se bankversoeningstate | | | | | | | |
| 4.2 Krediteursversoeningstate. | | | | | | | |

4.3 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

...............................................................................

...............................................................................

...............................................................................

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5. KONTROLEREKENINGS: | | | | | | | |
| 5.1 Aanpassing van boeke van eerste inskrywing. | | | | | | | |
| 5.2 Oorboeking na debiteure- en krediteuregrootboeke en van totale na die algemene grootboek. | | | | | | | |
| 5.3 Debiteurekontrolerekening. | | | | | | | |
| 5.4 Krediteurekontrolerekening. | | | | | | | |
| 5.5 Opstel van debiteureskedule en versoening met debiteurekontrolerekening. | | | | | | | |
| 5.6 Opstel van krediteureskedule en versoening met krediteurekontrolerekening. | | | | | | | |
| 5.7 Oordragte tussen debiteure- en krediteuregrootboeke. | | | | | | | |

5.8 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

........................................................................

........................................................................

........................................................................

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Moeilikheidsgraad | | | Tydfaktor |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | Moeilik | Gemiddeld | Maklik | Periods |
| 6. DEPARTEMENTELE REKENINGE: | | | | | | | |
| 6.1 Aanpassing van boeke van eerste inskrywing. | | | | | | | |
| 6.2 Interdepartementele oordragte teen kosprys. | | | | | | | |
| 6.3 Kostetoedelingstaat. | | | | | | | |
| 6.4 Departementele inkomstestaat. | | | | | | | |

6.5 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

........................................................................

........................................................................

........................................................................

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7. ONDERNEMINGS MET GEEN WINSBEJAG: | | | | | | | |
| 7.1 Kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernaal. | | | | | | | |
| 7.2 Staat van ontvangste en betalings. | | | | | | | |
| 7.3 Kroeg- en verversingsrekening. | | | | | | | |
| 7.5 Inkomstestaat. | | | | | | | |
| 7.6 Aansuiwerings: | | | | | | | |
| * Lopende inkomste vooruitontvang en agterstallig | | | | | | | |
| * Lopende uitgawes vooruitbetaal en agterstallig | | | | | | | |
| * Voorsiening vir waardevermindering | | | | | | | |
| * Aansuiwering van fondsrekening. | | | | | | | |
| 7.7 Balansstaat. | | | | | | | |

7.8 Kommentaar en aanbevelings oor hierdie afdeling:

........................................................................

........................................................................

**BYLAE D**

**VRAELYS OM DIE HUIDIGE LEERINHOUD VIR REKENINGKUNDE N1-N3 TYDENS DIE WERKSEMINAAR MET WERKGEWERS TE EVALUEER EN MOONTLIKE PROBLEME TE IDENTIFISEER**

ALGEMENE INLIGTING

1. Die vraelys is in drie afdelings verdeel. In elk word 'n afsonderlike onderrigaanbieding van die totale vakkurrikulum vir Rekeningkunde ondersoek.

2. Elke afdeling sal tydens die werkseminaar sorgvuldig deurgewerk word waarna elke verteenwoordiger sy vraelys kan invul.

3. Dit is noodsaaklik dat die persoon wat die vraelys invul, kennis moet drae van die leerdoelstellings van Rekeningkunde N1 tot N3. 'n Sillabus word derhalwe saam met die vraelys verskaf wat geraadpleeg kan word waar daar onduidelikhede in die vraelys is.

4. Die onderskeie tabelle moet soos volg voltooi word:

4.1 In die kolom vir **belangrikheid** van die rekeningkundige onderwerp of vaardigheid, moet u die huidige relevansie van die onderwerp/vaardigheid in u rekeningkundige werksomgewing, of op grond van u persoonlike ervaring, aandui deur 'n kruisie in die toepaslike kolom te trek.

4.2 In die kolom vir **gebruiksfrekwensie** moet u die frekwensie van gebruik van elke rekeningkundige onderwerp of vaardigheid aandui soos van toepassing binne u onderneming of rekeningkundige werksveld. 'n Frekwensie van 1 dui daarop dat die onderwerp of vaardigheid selde in die werksomgewing gebruik word, terwyl 'n frekwensie van 5 daarop dui dat die onderwerp of vaardigheid baie gereeld gebruik word.

4.3 In die kolom vir **vlak van indiensneming** moet u telkens by elke onderwerp/vaardigheid aandui of die student reeds op N1- tot N3-vlak, of op N4- tot N6-vlak aan die onderwerp/vaardigheid blootgestel behoort te word.

# REKENINGKUNDE N1

| ONDERWERP | Belangrikheid: Belangrik | Belangrikheid: Nodig | Belangrikheid: Onnodig | Gebruiksfrekwensie: 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Vlak van indiensneming: N1 tot N3 | N4 tot N6 | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Relevante sakebegrippe en -beginsels | | | | | | | | | | | (01) | |
| 2. Kringlope van rekeningkundige bedrywighede | | | | | | | | | | | (02) | |
| 3. Dokumentasie en magtiging van transaksies | | | | | | | | | | | (03) | |
| 4. Opskryf van die kolomvormige joernale vanaf brondokumente: Kontantontvangstejoernaal | | | | | | | | | | | (04) | |
| 5. Kontantbetalingsjoernaal | | | | | | | | | | | (05) | |
| 6. Debiteurejoernaal | | | | | | | | | | | (06) | |
| 7. Krediteurejoernaal | | | | | | | | | | | (07) | |
| 8. Debiteure-afslagjoernaal | | | | | | | | | | | (08) | |
| 9. Krediteure-afslagjoernaal | | | | | | | | | | | (09) | |
| 10. Kleinkasjoernaal | | | | | | | | | | | (10) | |
| 11. Algemene joernaal | | | | | | | | | | | (11) | |
| 12. Oorboeking van joernale na: Debiteuregrootboek (3-kolom) | | | | | | | | | | | (12) | |
| 13. Krediteuregrootboek (3-kolom) | | | | | | | | | | | (13) | |
| 14. Algemene grootboek (T-vorm) | | | | | | | | | | | (14) | |
| 15. Saldering van T-rekeninge | | | | | | | | | | | (15) | |

| ONDERWERP | Belangrikheid: Belangrik | Belangrikheid: Nodig | Belangrikheid: Onnodig | Gebruiksfrekwensie: 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Vlak van indiensneming: N1 tot N3 | Vlak van indiensneming: N4 tot N6 | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 16. Korting toegestaan by debiteurerekeninge | | | | | | | | | | | (16) | ........................................ |
| 17. Korting ontvang by krediteurerekeninge | | | | | | | | | | | (17) | ........................................ |
| 18. Banktransaksies | | | | | | | | | | | (18) | ........................................ |
| 19. Diensgelde | | | | | | | | | | | (19) | ........................................ |
| 20. Bankoortrekking | | | | | | | | | | | (20) | ........................................ |
| 21. Vaste deposito | | | | | | | | | | | (21) | ........................................ |
| 22. Lenings ontvang | | | | | | | | | | | (22) | ........................................ |
| 23. Vraggeld op inkope | | | | | | | | | | | (23) | ........................................ |
| 24. Kolomvormige kasboek | | | | | | | | | | | (24) | ........................................ |
| 25. Bykomende joernaalinskrywings: | | | | | | | | | | | | |
| Oninbare skuld | | | | | | | | | | | (25) | ........................................ |
| 26. Onttrekking van goedere teen kosprys | | | | | | | | | | | (26) | ........................................ |
| 27. Rente op agterstallige rekeninge | | | | | | | | | | | (27) | ........................................ |

# REKENINGKUNDE N2

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Gebruiksfrekwensie | | | | | Vlak van indiensneming | | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | N1 tot N3 | N4 tot N6 | | |
| 1. Jaareindaansuiwerings: Vooruitbetaalde uitgawes | | | | | | | | | | | (28) | ........................................ |
| 2. Vooruitontvange inkomste | | | | | | | | | | | (29) | ........................................ |
| 3. Voorsiening vir oninbare skulde | | | | | | | | | | | (30) | ........................................ |
| 4. Voorsiening vir waardevermindering | | | | | | | | | | | (31) | ........................................ |
| 5. Aansuiwering van voorraadtekort | | | | | | | | | | | (32) | ........................................ |
| 6. Inkomstestaat: vertikale vorm | | | | | | | | | | | (33) | ........................................ |
| 7. Balansstaat: vertikale vorm | | | | | | | | | | | (34) | ........................................ |
| 8. Vennootskappe: Bykomende grootboekrekeninge | | | | | | | | | | | (35) | ........................................ |
| 9. Rente op kapitaal van vennote | | | | | | | | | | | (36) | ........................................ |
| 10. Bonusse aan vennote | | | | | | | | | | | (37) | ........................................ |
| 11. Finansiële state van vennootskap | | | | | | | | | | | (38) | ........................................ |
| 12. Addisionele transaksies by bankversoening | | | | | | | | | | | (39) | ........................................ |
| 13. Debiteure- en krediteurekontrolerekeninge | | | | | | | | | | | (40) | ........................................ |

| ONDERWERP | Belangrikheid: Belangrik | Belangrikheid: Nodig | Belangrikheid: Onnodig | Gebruiksfrekwensie: 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Vlak van indiensneming: N1 tot N3 | N4 tot N6 | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14. Departementele rekeninge: Departementele dokumente | | | | | | | | | | | (41) | ........................................ |
| 15. Departementele hulpjoernale | | | | | | | | | | | (42) | ........................................ |
| 16. Kosprysberekening/eindvoorraadstelsel | | | | | | | | | | | (43) | ........................................ |
| 17. Departementele jaareindaansuiwerings | | | | | | | | | | | (44) | ........................................ |
| 18. Kolomvormige grootboekrekeninge | | | | | | | | | | | (45) | ........................................ |
| 19. Departementele handelstaat | | | | | | | | | | | (46) | ........................................ |
| 20. Moderne rekeningkundige stelsels | | | | | | | | | | | (47) | ........................................ |

REKENINGKUNDE N3

| ONDERWERP | Belangrik | Nodig | Onnodig | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | N1 tot N3 | N4 tot N6 | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Loon- en salarisjoernale | | | | | | | | | | | (48) | ........................................ |
| 2. Sportklubs: Staat van ontvangste/betalings | | | | | | | | | | | (49) | ........................................ |
| 3. Sportklubs: Ontledingkasboek | | | | | | | | | | | (50) | ........................................ |
| 4. Sportklubs: Inkomste- en balansstaat | | | | | | | | | | | (51) | ........................................ |
| 5. Maatskappye: Kenmerke, voordele, nadele | | | | | | | | | | | (52) | ........................................ |
| 6. Aandeeluitreiking teen pari (teorie) | | | | | | | | | | | (53) | ........................................ |
| 7. Jaareindaansuiwerings | | | | | | | | | | | (54) | ........................................ |

| ONDERWERP | Belangrikheid | | | Gebruiksfrekwensie | | | | | Vlak van indiensneming | | KANTOORGEBRUIK | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belangrik | Nodig | Onnodig | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | N1 tot N3 | N4 tot N6 | | |
| 8. Voorsiening vir inkomstebelasting | | | | | | | | | | | (55) | ........................................ |
| 9. Dividende verklaar | | | | | | | | | | | (56) | ........................................ |
| 10. Handels-wins-en-verliesstaat | | | | | | | | | | | (57) | ........................................ |
| 11. Moderne rekeningkundige metodes: Gemeganiseerde metodes (boekhoumasjiene) | | | | | | | | | | | (58) | ........................................ |
| 12. Rekenaarmetodes: Hoofraamstamestelling | | | | | | | | | | | (59) | ........................................ |
| 13. Rekenaarapparatuur | | | | | | | | | | | (60) | ........................................ |
| 14. Ponskaartgebruik en toepassings | | | | | | | | | | | (61) | ........................................ |
| 15. Stelselvloeidiagramme: Debiteure, krediteure en lone | | | | | | | | | | | (62) | ........................................ |

**BYLAE E**

**VRAELYS OM DIE PRAKTYKGERIGTHEID VAN DIE VAKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1-N3 AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS TE BEPAAL**

INLIGTINGSBLAD

1. Die vraelys is in drie afdelings verdeel:

1.1 Afdeling A maak voorsiening vir algemene inligting oor die soort onderneming wat bedryf word, asook inligting oor die profiel van die werknemer wat die rekeningkundige stelsel binne die onderneming hanteer.

1.2 Afdeling B maak voorsiening vir inligting om die aard van die onderneming se rekeningkundige stelsel te bepaal.

1.3 Afdeling C maak voorsiening vir die bepaling van kennis- en vaardigheidsvlakke wat werknemers reeds bereik het, of behoort te bereik, om die onderneming se rekeningkundige stelsel suksesvol te hanteer.

2. Indien die rekeningkundige funksie grotendeels of in geheel deur eksterne rekenmeesters of boekhouers behartig word, word u vriendelik versoek om steeds alle vrae wat op u onderneming betrekking het, te beantwoord.

3. Alle inligting is vertroulik. Die nommer wat op die vraelys verskyn, is slegs vir kontroledoeleindes en is nie bedoel vir die identifisering van ondernemings nie.

4. In die vraelys word daar telkens verwys na die N1- tot N3 en N4- tot N6-kwalifikasie. Net die volgende ter verduideliking:

4.1 Vakke geneem op N1- tot N3-vlak is gelykstaande aan st. 8-10 standaardgraadvakke. Studente wat die kursus geslaag het, ontvang 'n Nasionale Senior Sertifikaat.

4.2 Die N4- tot N6-kursusse word deur studente wat reeds 'n Senior- of st. 10-sertifikaat verwerf het, geneem. Verskeie naskoolse N-sertifikate kan in verskillende rigtings verwerf word.

VRAELYS OM DIE PRAKTYKGERIGTHEID VAN DIE VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1-N3 AAN KOLLEGES VIR BEROEPSONDERWYS TE BEPAAL

(English overleaf)

AFDELING A: Algemene besonderhede

1. Watter soort onderneming word deur u bedryf?

| | |
|---|---|
| Handelsonderneming | |
| Diensonderneming | |
| Vervaardigingsonderneming | |
| Kombinasie van handels- en diensonderneming | |
| Kombinasie van vervaardigings- en handelsonderneming | |
| Ander (spesifiseer): ...................... | |

2. Ondernemingsvorm:

| | |
|---|---|
| Eenmansaak | |
| Vennootskap | |
| Beslote korporasie | |
| Maatskappy met beperkte aanspreeklikheid | |
| Ander (spesifiseer): ................................. | |

3. Akademiese besonderhede van rekeningkundige personeel

Dui asseblief die getal werknemers aan op wie die volgende stellings van toepassing is:

3.1 Kwalifikasies:

Dui die akademiese agtergrond van die rekeningkundige werknemers in die onderneming aan:

| | |
|---|---|
| St 8 (N1) sonder Rekeningkunde | |
| St 8 (N1) met Rekeningkunde | |
| St 10 (N3) sonder Rekeningkunde | |
| St 10 (N3) met Rekeningkunde | |
| 'n Naskoolse of tersiêre kwalifikasie sonder Rekeningkunde as vak | |
| 'n Naskoolse of tersiêre kwalifikasie met Rekeningkunde as vak | |

3.2 Dui asseblief die soort inrigting aan waar bogenoemde kwalifikasie verwerf is, asook die aantal werknemers in elke kategorie

| | |
|---|---|
| N4-N6 kwalifikasie aan 'n tegniese kollege verwerf met Rekeningkunde as vak | |
| 'n Kwalifikasie aan 'n technikon verwerf met Rekeningkunde as vak | |
| 'n Kwalifikasie aan 'n universiteit verwerf met Rekeningkunde as vak | |
| 'n Kwalifikasie aan 'n privaat instelling of kollege verwerf met Rekeningkunde as vak | |

AFDELING B: Die aard van die onderneming se rekeningkundige stelsel

1. Wie hanteer die rekeningkundige stelsel van die onderneming?

| | |
|---|---|
| Boekhouers/rekenmeesters in permanente diens van die onderneming | |
| Boekhouers/rekenmeesters buite die onderneming | |
| Boekhouers/rekenmeesters binne sowel as buite die onderneming | |

2. Indien daar van boekhouers/rekenmeesters buite die onderneming gebruik gemaak word, in watter mate word die rekeningkundige funksie <u>binne</u> die onderneming self hanteer?

| | |
|---|---|
| Opstel van hulpjoernale | |
| Bogenoemde sowel as debiteure- en krediteurerekeninge | |
| Bogenoemde sowel as algemene grootboek | |
| Alle boekhouding tot op proefbalansstadium | |
| Alle boekhouding tot op balansstaatstadium | |

3. Dui aan watter tipe boeke van eerste inskrywing (hulpboeke of hulpjoernale) in die onderneming se rekeningkundige stelsel gebruik word:

| | |
|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal | |
| Kontantbetalingsjoernaal | |
| Ontledingkasboek (wat ook dien as bankrekening) | |

| | |
|---|---|
| Kleinkasjoernaal | |
| Kleinkasboek (wat ook dien as kleinkasrekening) | |
| Debiteurejoernaal | |
| Verkoopboek | |
| Krediteurejoernaal | |
| Inkoopboek | |
| Debiteureafslagjoernaal | |
| Verkoopretoereboek | |
| Krediteureafslagjoernaal | |
| Inkoopretoereboek | |
| Algemene joernaal | |

4. Die gebruik van 'n rekenaar in die rekeningkundige stelsel

4.1 Dui by elk van die volgende rekeningkundige funksies aan of die funksie per <u>hand</u> of met die hulp van 'n <u>rekenaar</u> uitgevoer word:

| | Ha | Re |
|---|---|---|
| Voltooiing van brondokumente | | |
| Voltooiing van hulpjoernale/hulpboeke | | |
| Voltooiing van debiteure- en krediteurerekeninge | | |
| Voltooiing van die algemene grootboek | | |
| Opstel van maandstate | | |
| Rekonsiliasie van bankrekening en bankstaat | | |
| Opstel van proefbalans | | |
| Opstel van inkomstestaat en balansstaat | | |
| Opstel van loon- en salarisstate | | |
| Opstel van die ondernemingsbegroting | | |
| Voorraadhouding | | |

4.2 Indien daar van 'n rekenaarpakket gebruik gemaak word, dui aan of die pakket spesiaal vir die onderneming geskryf is en of dit 'n pakket is wat op die mark beskikbaar is.

| | |
|---|---|
| Spesiaal ontwerpte pakket | |
| Pakket op die mark beskikbaar | |

4.3 Indien die pakket(te) wel op die mark beskikbaar is, skryf die naam daarvan neer:

..............................................................

AFDELING C: Kennis en vaardighede waaroor 'n persoon moet beskik voordat hy/sy tot die rekeningkundige wêreld van werk toetree.

In 'n onlangse ondersoek is die volgende kennis- en vaardigheidsonderwerpe geïdentifiseer wat van belang is vir die rekeningkundige wêreld van werk.

* Dui onder "huidige kennis/vaardigheid" op die gegewe 5-puntskaal aan hoe u die vermoë van rekeningkundige werknemers wat pas vanuit die skool/kollege aangestel is, in die ondergenoemde onderwerpe ervaar:

* Dui onder "verwagte kennis/vaardigheid" (op die gegewe 5-puntskaal) aan wat u van 'n persoon verwag wat tot 'n rekeningkundige beroep toetree.

Die kriteria vir die twee 5-puntskale is die volgende:

1 - Kennis of vaardigheid is onbevredigend
2 - Kennis of vaardigheid is redelik bevredigend maar daar is nog tekortkominge
3 - Kennis of vaardigheid is goed tot redelik goed
4 - Kennis of vaardigheid is baie goed
5 - Kennis of vaardigheid is uitstekend

| | | HUIDIGE KENNIS/ VAARDIGHEID | VERWAGTE KENNIS/ VAARDIGHEID |
|---|---|---|---|
| 1. | Om berekeninge sonder 'n sakrekenaartjie te doen | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 2. | Om berekeninge met behulp van 'n sakrekenaartjie te doen | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 3. | Om gegewens op brondokumente te ontleed in te interpreteer | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 4. | Om brondokumente te rangskik | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 5. | Om brondokumente in hulpjoernale in te skryf | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 6. | Om hulpjoernale na die onderskeie grootboeke oor te boek | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |

| | | HUIDIGE KENNIS/ VAARDIGHEID | VERWAGTE KENNIS/ VAARDIGHEID |
|---|---|---|---|
| 7. | Om 'n proefbalans op te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 8. | Om finale/state op te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 9. | Om die finansiële state van 'n maatskappy op te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 10. | Om op grond van 'n onderneming se rekeningkundige inligting tendense waar te neem | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 11. | Om rekeningkundige gegewens te kan ontleed en te vertolk | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 12. | Om finansiële verslae te skryf | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 13. | Om 'n debiteurestelsel as afsonderlike eenheid te hanteer | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 14. | Om loon- en salarisjoernale na die hulpjoernale en grootboekrekeninge oor te boek | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 15. | Om die rekeningkundige inskrywings volgens die deurlopende voorraadstelsel te doen | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 16. | Om die rekeningkundige inskrywings volgens die periodieke voorraadstelsel te doen | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 17. | Om die produksiekostestaat en vervaardigingsrekeninge op te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 18. | Om beginselfoute en foutiewe inskrywings reg te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 19. | Om die boeke van 'n onderneming met meer as een verkoopsafdeling te hanteer | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 20. | Om hulp te verleen by die opstel en beheer van die onderneming se begroting | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 21. | Om 'n kontantvloeistaat op te stel | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |

| | | HUIDIGE KENNIS/ VAARDIGHEID | VERWAGTE KENNIS/ VAARDIGHEID |
|---|---|---|---|
| 22. | Om 'n rekenaarstelsel te kan gebruik sonder bepaalde kennis van rekeningkundepakkette | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 23. | Om 'n rekenaarstelsel te kan gebruik met bepaalde kennis van rekeningkundepakkette | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 24. | Om 'n rekenaartoetsbord teen 'n redelike spoed te hanteer | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 25. | Om rekeningkundige berekeninge (kosprysberekening, winsopslag, renteberekeninge, ens.) te doen | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 26. | Om 'n groot getal transaksies op een slag te hanteer | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 27. | Om statistiese gegewens in te samel en te verwerk | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 28. | Om grafiese voorstellings van gegewens sonder hulp van 'n rekenaar te maak | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 29. | Om grafiese voorstellings van gegewens met behulp van 'n rekenaar te maak | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 30. | Om hulp te verleen by die belastingberekening van die onderneming | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |

DUI ASSEBLIEF ENIGE VERDERE KENNIS/VAARDIGHEDE AAN WAAROOR 'N SKOOLVERLATER NA U MENING MOET BESKIK VOOR TOETREDE TOT DIE REKENINGKUNDIGE WêRELD VAN WERK

(Dui ook hierdie vaardighede soos in afdeling C aan)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 31. | ................................ | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 32. | ................................ | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 33. | ................................ | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 34. | ................................ | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |
| 35. | ................................ | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |

**BYLAE F**

**DOELSTELLINGS VAN DIE HUIDIGE VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 (DOK, 1984b)**

1. ALGEMENE DOELSTELLINGS

1.1 Om die logiese denkprosesse van studente te ontwikkel sodat hulle in plaas van om op vooropgestelde reëls staat te maak, bevoeg sal wees om die grondbeginsels van Rekenkingkunde op nuwe situasies toe te pas.

1.2 Om die analitiese vermoë van die leerlinge te ontwikkel.

1.3 Om 'n sistematiese en oordeelkundige benadering tot die oplossing van probleme aan te moedig.

1.4 Om by te dra tot die vormende opvoeding van leerlinge deur die kenmerkende rekeningkundige vereistes soos netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel, ens., te ontwikkel.

1.5 Om leerlinge se begrip van en inskakeling by hul sosiale milieu te bevorder, deur die sinvolle interpretasie van rekeningkundige inligting waarmee hulle in die latere daaglikse lewe te doen sal kry.

2. BESONDERE DOELSTELLINGS

2.1 Om leerlinge toe te rus met 'n kennis van rekeningkundige, begrippe, beginsels, en prosedures.

2.2 Om leerlinge se insig en waardering te bevorder ten opsigte van die waarde en belangrikheid van rekeningkundige rekords en verslae vir persoonlike doeleindes as voorbereiding vir 'n beroep en as aansporing tot verdere studie.

2.3 Om leerlinge se insig in rekeningkundige en bestuursbeginsels te verskerp.

2.4 Toepassings moet versoenbaar wees met prakties uitvoerbare besigheidsituasies.

2.5 Toepassings moet versoenbaar wees met gesonder interne beheer en besigheidsbestuursbeginsels.

2.6 Toepassings moet versoenbaar wees met eksplisiet of implisiet welomskrewe dataverwerkingstelsels.

2.7 Toepassings moet tred hou met tendense en ontwikkeling op rekeningkundige gebied.

**BYLAE G**

**HOOFONDERWERPE VAN DIE HUIDIGE VAKKURRIKULUM VIR REKENINGKUNDE N1 TOT N3 (DOK, 1984b)**

**N1-ONDERRIGAANBIEDING**

1. Relevante sake- en rekeningkundige terminologie

2. Kringloop van handelsbedrywighede met betrekking tot rekeningkundige stelsels, rekeningkundige kontroles, dokumentasie en magtiging van transaksies

3. Ontleding van transaksies met betrekking tot brondokumente, invloed op rekeningkundige vergelyking, boeke van eerste inskrywing en oorboeking na die grootboek

4. Kolomvormige boeke van eerste inskrywing soos gebruik in die diens- en handelsonderneming (eenmansaak) wat brutowinsberekening volgens die deurlopende voorraadstelsel doen:
    - Kontantontvangstejoernaal
    - Kontantbetalingsjoernaal
    - Kolomvormige kasboek
    - Debiteurejoernaal
    - Debiteure-afslagjoernaal
    - Krediteurejoernaal
    - Krediteure-afslagjoernaal
    - Kleinkasjoernaal
    - Algemene joernaal

5. Oorboeking van die transaksies uit die hulpjoernale na die relevante grootboekrekeninge

6. Regstelling van foute ten opsigte van die korrekte bedrae aan die verkeerde kant van rekeninge

7. Jaareindaansuiwerings met betrekking tot die volgende:
   * Oninbare skuld
   * Waardevermindering van bates (op kosprys en verminderde saldometode)
   * Uitgawes betaalbaar
   * Inkomste ontvangbaar
   * Vooraansuiweringsproefbalans
   * Na-aansuiweringsproefbalans
   * Sluitingsoordragte
   * Finale rekeninge, waaronder die volgende:
     - Handelsrekening (opgestel volgens deurlopende voorraadstelsel)
     - Wins-en-verlies-rekening (T-vorm en vertikale staatvorm)
     - Balansstaat (T-vorm en vertikale of beskrywende vorm)

8. Rekonsiliasie
   * Rekeningstate ontvang met krediteuregrootboek
   * Bankrekonsiliasie met kasboeke (KOJ en KBJ)

9. Ontleding en vertolking van grootboekrekeninge

10. Moderne rekeningkundige metodes

* Hand-, masjien- en rekenaarmetodes (teoreties)
* Die elemente van dataverwerking (teoreties)

## N2-ONDERRIGAANBIEDING

1. Boeke van eerste inskrywing met betrekking tot die volgende bykomende transaksies:

* Verkoop van vaste bates aan die begin of einde van 'n boekjaar
* Oninbare skulde ingevorder

2. Slotrekeninge en finansiële state van 'n diens- en handelsonderneming waarby die volgende bykomende aansuiwerings ingesluit is:

* Vooruitbetaalde uitgawes
* Vooruitontvange inkomste
* Voorsiening vir oninbare skulde
* Aansuiwering van voorraadbedrag waar fisiese voorraadopname 'n tekort op die boekwaarde van handelsvoorraad toon

3. Vennootskappe

* Soorte vennote
* Grootboekrekeninge bykomend tot 'n vennootskap ten opsigte van kapitaal, salarisse van vennote, rente op kapitaal, onttrekkings en privaat rekeninge
* Bykomende aansuiwerings vir rente op kapitaal en bonusse aan vennote
* Finale state van 'n vennootskap, wat 'n verdelingsrekening insluit

4. Bankrekonsiliasie - bykomend tot wat in die N1-onderrigaanbieding behandel is:

* Vooruitgedateerde tjeks
* Foutiewe inskrywings op die bankstaat

5. Debiteure- en krediteuregrootboek en kontrolerekeninge

6. Departementele rekeningstelsel
   * Departementele inkoop- en verkoopjoernaal
   * Jaareindaansuiwerings met betrekking tot departementele voorrade gehou volens die periodieke voorraadstelsel
   * Departementele handelstaat

N3-ONDERRIGAANBIEDING

1. Opstel van 'n loon- en salarisjoernaal
2. Sportklubs
   * Ontledingkasboek
   * Staat van ontvangste en betalings
   * Inkomste- en uitgawestaat
   * Grootboekrekeninge met betrekking tot intreegeld en ledegeld
   * Jaareindaansuiwerings met betrekking tot sportklubs
   * Balansstaat

3. Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid
   * Maatskappy as ondernemingsvorm
   * Uitreiking van gewone en voorkeuraandele
   * Opstel van inkomstestaat en balansstaat met aansuiwerings beperk tot
     - waardevermindering
     - betaalbare en vooruitbetaalde bedrae
     - oninbare skuld
     - voorsiening vir oninbare skuld
     - bepaling van wins/verlies op verkoop van toerusting
     - dividende verklaar maar nog nie betaal nie

4. Moderne rekeningkundige metodes

* Gemeganiseerde en elektroniese metodes
* Opstel van stelselvloeidiagramme vir kredietverkope, kredietaankope en lone en salarisse
* Rekenaartoepassings met betrekking tot
  - ponskaarttoepassings
  - kodering van brondokumente ter voorbereiding van ponswerk
  - interpretasie van ponskaarte
  - dataverwerkingstoerusting (harde- en sagteware)
  - voltooiing van debiteuregrootboekkaarte en ouderdomsanalise met die hand.